# Die Trojaanse Perd in die NG Kerk

– die kanker van evolusie en liberalisme

**Gedruk**
deur
**Shumani Printers**
(021) 951-6391
**Suid-Afrika**
**November 2010**

## Skrywers:

| | |
|---|---|
| Dr. Henrietta Klaasing | Skrywer en boeksamesteller |
| Dr. Hennie Mouton | Skrywer en boeksamesteller |
| Ds. Gideon Aggenbag | Skrywer |
| Daniel Louw | Skrywer |
| Ds. Jan Louw | Skrywer |
| Ds. Hanan Viljoen | Skrywer |
| Dr. Koos Visser | Skrywer |

## Bydraers:

Anna Louw, James Maré, Pieter Pelser, dr. Kobus Stapelberg, Sarel van der Merwe, Ellison Mouton

## Buitebladontwerp:

Hélène Blaauw

# Inhoudsopgawe

Woordelys ................................................................ v

Lys van afkortings........................................................ xi

Voorwoord ...............................................................xii

INLEIDING.................................................................1

HOOFSTUK 1: Die ommekeer in Skrifbeskouing..................3

HOOFSTUK 2: Skrifkritiek en Skrifgebruik ........................15

HOOFSTUK 3: Gevolge van verkeerde besluite aangaande Skrifbeskouing ...........................................................28

HOOFSTUK 4: Homoseksualiteit – 'n voorbeeld van die heersende manier van Skrifuitleg ..................................49

HOOFSTUK 5: Aanslag op die Woord vanuit postmodernistiese denkwyses ......................................75

HOOFSTUK 6: Evolusie en evolusionisme – die vrot appel in die kis! ....................................................................109

HOOFSTUK 7: Die huwelik in die spervuur .....................160

HOOFSTUK 8: Ongelyke speelveld? ...............................177

HOOFSTUK 9: Vorentoe! .............................................199

BYLAAG A: George Claassen hoofspreker by UP se Teologiese Fakulteit ...................................................................206

BYLAAG B: Verklaring van Doornkloof NG Kerk oor “Grense en saambly” ........ 231
BYLAAG C: Geloofsekerheid ........ 236
BYLAAG D: Voorgestelde vrae wanneer ’n predikant beroep word ........ 246
Bronnelys ........ 249
Aanbevole bronne ........ 251

# Woordelys

**Agnostisisme:** (Agnostikus – enkelvoud; agnostici – meervoud; "a" = nie; "gnosis" (Grieks) = kennis) Dit is die leer dat 'n mens niks omtrent God of die hiernamaals kan weet nie. "Dit is onmoontlik om te weet of daar 'n god is en wat sy karakter is. Ek weet nie of daar 'n god is nie. Alles het heel moontlik vanself ontstaan." (Kyk ook die definisie van gnostisisme.)

**Apologetiek:** Die Christelike Apologetiek het ten doel om Christene toe te rus om verantwoording te kan doen vir wat en hoekom hulle glo wat hulle glo, om aan skeptici te demonstreer dat die Christelike geloof nie 'n blinde sprong in die donker is nie, en om soekendes uit te nooi om die waarheidsaansprake daarvan met integriteit te ondersoek.[1]

**Deïsme:** Dit is die oortuiging dat god/gode bestaan, maar nie met die werklikheid inmeng nie. God het geskep en Hom totaal onttrek van die aarde. Hy het die horlosie opgewen en nou loop die horlosie self. Ons kan dus nie 'n verhouding met God hê nie.

**Eskatologie:** Die leer van die voleinding van die wêreld, die wederkoms van Christus, die opstanding van die dode en die gerig van God.

**Evolusie:** Evolusie is die hipotese dat, *deur natuurlike prosesse alleen*, die volgende veranderings oor miljarde jare plaasgevind het:

- Dooie materie het in die eerste lewende sel verander (alhoewel niemand 'n realistiese idee het hoe dit deur natuurlike prosesse sou gebeur het nie).

---

1 Kyk ook "Christian Apologetics Questions and Answers" – http://creation.com/christian-apologetics-questions-and-answers

- Eensellige organismes het in meersellige organismes verander.
- Eenvoudige organismes het in komplekse organismes verander.
- Uiteindelik het al komplekser organismes tot stand gekom, onder andere ook die mens.

**Evolusionisme**: Dit is ’n uitbreiding van die evolusiehipotese om meer velde as die natuurwetenskap in te sluit, soos byvoorbeeld ook die *natuurlike ontwikkeling* van ’n godsbegrip by die mens. Volgens liberale teoloë is dit dan ook die oorsprong van die Judese en Christelike godsdienste.

**Gnostisisme:** ’n Gnostikus is ’n aanhanger, voorstander van die gnostisisme. Gnostisisme is ’n filosofiese en godsdienstige stelsel van die 1ste tot die 6de eeu, wat geleer het dat kennis eerder as geloof die sleutel tot die saligheid is (volgens die HAT). Gnostisisme is ’n mistieke godsdiens en filosofie wat elemente bevat van onder meer die okkultisme, Oosterse mistisisme, astrologie, toorkuns, Judaïsme, Christelike leer, Griekse filosofie en selfs Zoroastrisme. Die term gnostisisme is afgelei van die Griekse woord gnosis wat “kennis” beteken. Gnostici glo dat die mens se siel, wat deel is van die godheid of Gees van God, in die fisieke wêreld vasgevang is en net daaruit kan ontsnap en na sy goddelike oorsprong kan terugkeer deur spesiale kennis (gnosis).[2]

**Hermeneutiek:** Bybelse uitlegkunde (HAT). Dit is die studie om te bepaal hoe die Bybel vertolk moet word.

---

2 Definisie volgens http://af.wikipedia.org/wiki/Gnostisisme:_Leerstellings. Kyk ook die onderhoud wat Jean Oosthuizen met dr. Abel Pienaar gehad het op Kletskerk: “Van NG predikant tot Tai Chi meester” – http://Kletskerk.co.za/articles.php?article_id=20&page=articlesearch. Vir meer oor Abel Pienaar, kyk bl. 141.

**Monoteïsme:** Dit is die siening dat daar slegs een ware God is. Die Christelike godsdiens val hieronder, asook die Islamgeloof.

**Nuwe Era:** Hierdie is die Afrikaans vir "New Age". Dit is daardie godsdiens waar die mens weggedoen het met die persoonlike God aan Wie hy verantwoording verskuldig is; daardie godsdiens waar hy vir hom 'n nuwe god – die god van die panenteïsme – gekry het, met wie hy nou deur meditasie en mistisisme kan kontak maak. Uiteindelik wil hy ook in dié god "opgaan" en so self god word. Die Nuwe Hervorming Netwerk sluit grotendeels hierby aan.

**Ontluikende Kerk:** In Engels is dit "Emerging Church". Dit het postmodernisme as teologiese aanslag (kyk ook die definisie van "Postmodernisme"). Dit is 'n beweging of 'n stroming eerder as 'n gestruktureerde organisasie of kerkverband. Dit is moeilik om te bepaal wat ontluikendes presies voorstaan, want volgens hul eie erkenning is daar baie verskillende strominge in hul geledere. Een van hul kritieke op die gereformeerde kerke is juis die sekerhede soos geformuleer in die belydenisskrifte. Die probleem in Suid-Afrika is dat heelwat ontluikendes van binne die gereformeerde kerke hul gedagtes in die gereformeerde kerke probeer indra.

**Panenteïsme:** ("Pan" = Alles, "en" = in, "teïsme" = God) God is in alles en alles is in god. God is meer as alles, dus god is transendent (bosinnelik; wat die grense van die ervaring oorskry; onkenbaar; onvatbaar) en tog is alles in god, dus immanent (inwonend, byblywend, aanklewend, nie transendent nie); god is hier en is tog meer as alles. "Die aarde versorg my as 'n herder" pas ook by hierdie siening. Dit lyk na 'n tipe kompromie tussen teïsme en panteïsme, maar baie nader aan laasgenoemde as eersgenoemde.

Een van die bekendste beskrywings van die panenteïstiese god is dié van biskop Spong. Let daarop dat selfs ateïste te vinde behoort te wees vir hierdie soort god:

> Thus my definition of a non-theistic God is this: God is Being—the reality underlying everything that is ... If God is the Ground of Being, you worship this divine reality by having the courage to be all that you can be—your deepest, fullest self ... This God is not a supernatural entity who rides into time and space to rescue the distressed. This God is the source of life, the source of love, the Ground of Being. The theistic God of yesteryear is a symbol for the essence, the being of life in which we share. God is life, we say, and we worship this God by living fully.[3]

**Panteïsme:** [4] ("Pan" = Alles, "teïsme" = God) Dit is die on-Bybelse siening dat "alles God is". God is nie 'n persoon nie. Dit is die leer dat god alles is en alles god is. Dit sluit die verering van alle gode in. Alles wat mense aanbid, is god: songod, maangod, karma, towerspreuke, ens. Die god van die Christene, Moslems, Hindoes, Voorvaderaanbidders, Boeddhiste, ensovoorts is dieselfde god. Daar is nie een spesifieke een wat alleen reg is nie. Hindoeïsme val hieronder.

Byvoorbeeld Psalm 23 : "Die Here is my herder" (teïstiese siening) word vervang met "Die aarde versorg my as 'n herder."

---

3 *Why Christianity must Change or Die*, John Shelby Spong. Vir meer oor Spong, kyk bl. 146.

4 Die verskil tussen Panteïsme en Panenteïsme is baie klein en filosofies. Dit herinner 'n mens aan Kol. 2:8: "Pas op dat niemand julle as 'n buit wegvoer deur die wysbegeerte en nietige misleiding nie, volgens die oorlewering van die mense, volgens die eerste beginsels van die wêreld en nie volgens Christus nie." Die King James-vertaling praat van "... philosophy and vain deceit ..." Vir meer oor hierdie terme (-teïsme), kyk:

- "Panentheism and Pantheism" – http://www.websyte.com/alan/pan.htm
- "Panenteïsme Op Die Spektrum Van Gode En Godsbeelde", Pieter F Craffert, 16 September 2007

Panteïste erken God, maar glo ook dat daar niks is behalwe God nie. Dit behels dat daar nie 'n Satan is nie en dat jy nie God lief kan hê of haat nie. Die menslike bestaan is 'n raaisel, alhoewel moderne panteïste sekerlik vir evolusie as meganisme te vinde is.

**Politeïsme:** Dit is die teenoorgestelde van monoteïsme – die siening dat daar meer as een god is, byvoorbeeld Hindoes wat 'n songod, maangod, ensovoorts aanbid.

**Postmodernisme:** Een van die belangrikste filosofiese uitgangspunte hiervan is dat dit 'n deug is om onseker te wees of twyfel te hê oor geloofsake. Dit het ook die siening dat daar geen objektiewe waarheid is nie. Dus is die Bybel ook nie noodwendig waar nie en word jy nie noodwendig alleen deur Jesus Christus gered nie (kyk "HOOFSTUK 5: Aanslag op die Woord vanuit postmodernistiese denkwyses").

**Post-teïsme:** Teïsme (God as 'n Goddelike Persoon – "Die Here is my herder" of "God die Vader") was in die verlede 'n geldige siening van God, maar is nie meer nie. 'n Post-teïs het verby daardie ou siening "gevorder". Prof. Julian Müller is tans 'n selferkende post-teïs.[5]

**Skrifkritiek of historiese kritiek:** Oorkoepelende naam vir verskeie metodes van Skrifhantering waar die teoloog homself die reg toe-eien om die teks self te bevraagteken. Hier gaan dit nie oor 'n soeke na die oorspronklike teks nie, maar oor 'n bevraagtekening van die teks self. Wat byvoorbeeld duidelik in die Bybel as geskiedenis en werklike gebeure beskryf word, se akkuraatheid en waarheid word bevraagteken. Die skrywers van hierdie boek is nie ten gunste daarvan om so met die Bybel om te gaan nie omdat die menslike verstand as hoogste gesag geag word bo die Bybel. (Vergelyk met "Tekskritiek".)

5 Kyk die artikel "Dít wat ons nié dink", voetnota 25 bl. 21.

**Teïsme:** Om aan God te dink as 'n Goddelike Persoon, byvoorbeeld Psalm 23: "Die Here is my herder."

**Tekskritiek:** Die wetenskap wat verskillende metodes aanwend en verskillende manuskripte vergelyk om te soek na die beste oorspronklike teks. Dit het die hoogste waardering vir die oorspronklike teks en sy betekenis (in teenstelling met "Skrifkritiek of historiese kritiek").

# Lys van afkortings

| | |
|---|---|
| ASM: | Algemene Sinodale moderamen |
| Atlas: | Algemene Sinode se taakgroep oor Leer en Aktuele Sake |
| AiG: | Answers in Genesis (www.answersingenesis.org) |
| CMI: | Creation Ministries International (www.creation.com) |
| EI: | Evangeliese Inisiatief |
| NGK: | NG Kerk |
| NT: | Nuwe Testament |
| OT: | Ou Testament |
| UP: | Universiteit van Pretoria |

# Voorwoord

Oor die afgelope ongeveer twintig tot dertig jaar, is daar groeiende kommer by baie NG-predikante en -lidmate oor 'n devaluering van die Bybel en afwykende leerstellige tendense in die Kerk. Hierdie saak het nou krisisafmetings aangeneem. Die kern daarvan is dat daar nie gehou word by die Bybel as die absolute basis en norm vir ons geloof nie.

Die oortuiging het algaande sterker geword dat die huidige teologiese tendense ook onder die aandag van medegelowiges oor die land heen gebring moet word – veral dié vir wie die Bybel nog werklik God se Woord is. In hierdie boek sal u die neerslag vind van gedagtes van mense wat lank en diep oor alles nagedink en heelwat navorsing daaroor gedoen het.

Daar word dus 'n ernstige beroep op alle lidmate gedoen – selfs al word die evangelie suiwer in u eie gemeente verkondig – om kennis te neem en betrokke te raak by wat in die breë kerk besig is om te gebeur. Wees bedag op wat in die NG Kerk se eie media aan die gang is, selfs op hul eie amptelike webblad.[6] Wees ook bedag op wat tans aan studente op teologiese fakulteite geleer word. Neem ook kennis van wat teoloë en kerkleiers in die media publiseer.

Die bedoeling van die skrywers van hierdie boek is nie om lidmate van die NG Kerk af te skrik of ontrou aan die Kerk te maak nie. Inteendeel ons bring graag hulde aan die leraars en lidmate wat die Here in honderde gemeentes met groot toewyding en opregtheid dien, dikwels te midde van krimpende lidmaattalle en onseker tye. Ontsag vir die Here noop ons egter om te wys op wat verkeerd is. Die Here waarsku in

6 Kyk byvoorbeeld “Die Diversiteitsforum” bl. 193.

Op. 2:5 : “As julle julle nie bekeer nie, kom Ek na julle toe en sal ek julle lamp van sy plek af wegvat.”

Ons vertrou dat hierdie boek u sal help om te beoordeel of die NG Kerk in die algemeen, maar ook in die besondere gemeente waarby u inskakel, nog staan by die Bybel as die Woord van God. Lesers word opgeroep daartoe om krities te luister en bedag daarop te wees dat nuwe moderne betekenisse aan bekende tradisionele gereformeerde terminologie gekoppel word. Waak teen die misleiding van vreemde teologieë, wat selfs sover kan gaan as om Jesus van Sy Godheid te probeer stroop en ’n alternatiewe verlossingsplan daar te stel.

Wanneer dit gebeur, is ons geroepe om iets daaromtrent te doen. Hierdie boek sal u moontlik daarmee kan help. Ons het probeer om volledige bronverwysings te gee sodat dié boek ook gebruik kan word as ’n naslaanbron vir die belangrikste kerkkwessies.

Die geloofsbasis van hierdie boek is dat:[7]

- die mens absoluut niks van God af sou kon weet indien God nie die inisiatief geneem het om Homself aan die mens te openbaar nie;
- die skepping/natuur God se algemene openbaring is wat van God se almag en Sy kragtige dade getuig;
- die Skrif die Geesgeïnspireerde spesiale (of besondere) openbaring van God aan die mens is; en
- Jesus Christus die baie spesifieke Openbaring van God se Vaderhart is.

---

7 Geskoei op Emeritus Prof. WA Elwell se Tema “The Doctrine of Scripture”, ’n hoofstuk in “The Portable Seminary” met David Horton as Algemene Redakteur.

Christene word baie keer daarvan beskuldig dat hulle veroordelend is en mense te skerp aanvat.[8] In baie gevalle is dit ongelukkig waar, al het Jesus vir almal kom wys wat die volmaakte voorbeeld van liefde is. Daarom, met die skryf van hierdie boek, is vir Goddelike wysheid gebid om dit te benader soos Jesus dit sou doen. Dit was glad nie 'n maklike taak nie – Jesus het baie duidelik vir ons kom wys wat liefde regtig is en hoe mens lief moet hê, *en dat dit soms teregwysing insluit*. In hierdie boek word mense by name genoem en dit mag lyk of die skrywers hierdie mense probeer teiken en wil diskrediteer. Die vraag is egter hoe 'n mens die waarheid kan ontbloot sonder om spesifieke voorbeelde te gee. Dit is goed om te onthou dat, alhoewel Jesus die sprekende voorbeeld van liefde was, Hy ook kwaad geword en nie die aantasting van God se eer verdra het nie, veral deur mense wat van beter moes geweet het. Sommige voorbeelde is:

- Jesus is baie ernstig oor verkeerde dinge: In Joh. 8:10-11 sê Jesus vir 'n prostituut om nie meer te gaan sondig nie, alhoewel in groot liefde deurdat Hy keer dat sy gestenig word en haar nie daar en dan veroordeel nie.
- In Joh. 2:14-16 dryf Jesus die handelaars uit die tempel. Let daarop dat Hy eers 'n sweep gaan vleg het – dus was dit nie 'n geval dat Hy Sy humeur verloor en mense uitgetrap het sonder om mooi te dink nie. In soverre menslike waarneming van die gebeure aangaan het Hy lank tyd gehad om te dink wat Hy gaan doen.
- In Mark. 11:13-14, 20-21 vervloek Jesus 'n vyeboom omdat dit nie vrugte dra nie terwyl dit nie eens vyetyd was nie. Dit wys hoe

8 Kyk byvoorbeeld die kommentaar onderaan die brief "Forum: Seksuele voorkeur – is dit veranderlik?" – http://www.rapport.co.za/MyRapport/JouStorie/Forum-Seksuele-voorkeur-is-dit-veranderlik-20100520

ernstig Jesus is oor hierdie saak van gelowiges wie se lewens nie geestelike vrugte wys nie.

- In Matt. 23:13-39 vaar Jesus in geen onduidelike terme uit teenoor die Fariseërs. Hy gebruik woorde soos: "Ellende wag vir julle", "huigelaars", "Blinde dwase!", "Julle blindes!" en "Julle slange, addergeslag!"
- In Luk. 13:32 noem Jesus vir Herodes 'n jakkals: "Gaan sê vir daardie jakkals ..."
- In Luk. 13:23-30 is Jesus baie duidelik oor wat met ongereddes in die toekoms sal gebeur. In verse 27 en 28 sê Jesus: "Ek weet nie waar julle vandaan kom nie. Niemand van julle het gedoen wat reg is nie. Maak dat julle van My af wegkom! Daar sal julle huil en op julle tande kners wanneer julle Abraham en Isak en Jakob en al die profete binne-in die koninkryk van God sal sien, terwyl julle self buitentoe weggejaag word."
- Ook volgens Paulus in 2 Kor. 7:8-10 is dit belangrik om nie sonde te doen nie, selfs al bring dit hartseer as mense tereggewys word:

  Al het ek julle ook deur my brief hartseer gemaak, is ek nou nie daaroor jammer nie. Miskien was ek tog jammer toe ek sien dat daardie brief julle hartseer gemaak het, al was dit net vir 'n kort rukkie.

  Nou is ek egter bly, nie omdat ek julle hartseer gemaak het nie, maar omdat ek julle so hartseer gemaak het dat julle tot inkeer gekom het. Julle was immers hartseer soos God dit wou hê. Ons het julle dus in geen opsig benadeel nie, want droefheid volgens die wil van God bring bekering wat tot redding lei, en daaroor was niemand nog ooit jammer nie. Daarteenoor bring droefheid uit wêreldse oorwegings die dood.
- Volgens Eseg. 3:17-21 is dit ook uiters belangrik om dwaling in die kerk uit te wys, nie net ter wille van die kerk, sy lede en nie-lede nie, maar ook jouself:

  Mens, Ek het jou aangestel as 'n wag vir Israel: jy moet luister na wat Ek sê en hulle namens My waarsku.

> Wanneer Ek vir ’n goddelose sê hy gaan sterwe, en jy waarsku hom nie, jy praat nie en jy waarsku nie die goddelose teen sy bose optrede om hom so in die lewe te hou nie, dan sal hy deur sy sonde sterwe, maar Ek sal van jou rekenskap eis vir sy dood.
>
> As jy hom waarsku en hy bekeer hom nie van sy goddeloosheid nie, van sy bose optrede nie, sal hy deur sy sonde sterf, maar jy sal jou eie lewe behou.
>
> En wanneer iemand wat tot dusver reg gelewe het, die regte lewe laat vaar en onreg doen, en Ek bring hom tot ’n val, sal hy sterwe. Omdat jy hom nie gewaarsku het nie, sal hy deur sy sonde sterf en sal die goeie dinge wat hy gedoen het, nie onthou word nie, maar Ek sal van jou rekenskap eis vir sy dood.
>
> As jy hom waarsku om nie te sondig nie, en hy sondig nie, sal hy bly lewe omdat hy hom laat waarsku het, en jy sal jou eie lewe behou.

Ons hoop dat lesers die uitwys van probleemsake in die NG Kerk in hierdie boek, in bogenoemde lig sal sien.

Mag Joh. 17:17b : ”U Woord is die Waarheid” vir elkeen van ons al meer en meer werklik lewensbepalend word, soos God dit bedoel het – alles tot Sy eer.

Besorgde lidmate en leraars van die NG Kerk

# INLEIDING

As iemand sou beweer dat daar nie oor die afgelope twintig of dertig jaar ’n groot “gefladder” in die teologiese duiwehok van die NG Kerk gekom het nie, sou ons só iemand kon beskryf as óf heeltemal oningelig, óf heeltemal uit voeling met die werklikheid! As nóg iemand sou sê dat die heersende roeringe nie ingrypende implikasies vir ons geloof as lidmate, en daarmee ook vir die praktiese lewe van die Kerk het nie, sou ons wou sê dat so ’n persoon regtig nie insig het in die realiteite van die kerklike lewe nie.

Dit is vóór alles belangrik dat ons moet verstaan waaroor die “gefladder” presies gaan. As ons dít nie begryp en ten opsigte van die identifisering van die onrus en die oorsake daarvan met mekaar tot ’n vergelyk kan kom nie, sal die huidige konflik voortduur. Meer nog: Die NG Kerk gaan haarself doodbloei. Onmoontlik? Vergesog? Bangmaak-stories? Só mag meer as een miskien oor die laaste stelling voel. Wie egter weet wat teologies en kerklik oor die afgelope vyftig tot sewentig jaar in oorsese lande plaasgevind het, sal daarvan bewus wees dat die opmerking oor “doodbloei” nie ’n bangmaakstorie is nie, maar ’n baie groot waarskynlikheid. Wie trouens die vinger op die pols het, sal weet dat hier by ons in Suid-Afrika die getal lidmate wat reeds uit die NG Kerk vertrek het – en steeds vertrek – duisende beloop. Baie gemeentes het reeds toegemaak.

In hoofstukke 1 en 2 word die wortel van die roeringe – die aftakeling van die gesag van die Skrif – bespreek, en in hoofstukke 3 tot 8 die belangrikste gevolge van hierdie wortelprobleem. Evolusie en evolusionisme, wat in hoofstuk 6 aandag kry, kan egter ook as ’n *oorsaak* van die Christelike kerk wêreldwyd se krisis beskou word – nie net as nog ’n gevolg van die wortelprobleem nie. Met ander woorde,

evolusie en evolusionisme het, en speel steeds ’n beduidende rol in die bevraagtekening en verwerping van die Bybel as Woord van God. In hoofstuk 9 word voorstelle gemaak oor die pad vorentoe. Die bylae sluit direk en indirek aan by die sake van al nege hoofstukke.

# HOOFSTUK 1: Die ommekeer in Skrifbeskouing

As kerkhistorikus neem prof. Britz die teologiese verwikkelinge binne die NG Kerk oor die afgelope vyftig jaar onder die loep. Sy artikel hieroor het in die gereformeerde internettydskrif *Vox Viva* van Desember 2007 verskyn.[9] Hy kon deeglike verantwoording doen van die feite wat hy op die tafel geplaas het.

Die kerngevolgtrekking waartoe Britz in sy artikel van 14 bladsye kom, is dat daar ’n “ommekeer in die teologiese Skrifbeskouing” van die NG Kerk gekom het. Hy toon ook aan dat hierdie ommekeer aan “die kern van die bestaan” van die NG Kerk lê. Hiermee bedoel prof. Britz waarskynlik dat dood en lewe vir die Kerk saamhang met sy Skrifbeskouing en Skrifhantering.

Britz begin sy betoog by die intreerede agt-en-vyftig jaar gelede van die jong dr. Pieter Verhoef as professor aan die Kweekskool op Stellenbosch. Hy wys met die nodige bronnelysaanhalings as bevestiging dat dr. Verhoef by die gemelde geleentheid “die oortuiging van die NG Kerk geëggo het, dat dit in die Skrif allereers om die openbaring van God gaan”. Vanuit hierdie benadering was die heilshistoriese gebeurtenisse soos die vleeswording van Christus, Sy plaasvervangende sterwe, Sy opstanding, Sy hemelvaart en Sy wederkoms as letterlike gebeurtenisse gesien.

Die heil en die genade van God was ook onlosmaaklik aan hierdie gebeurtenisse gekoppel. In kort, dit was “dié evangelie” wat verkondig

---

9 Kyk http://www.glodiebybel.co.za/images/Leers/vox_viva_62_des_2007.doc.

is. Die historiese verhale rondom die evangelie was nie metafories vertolk of simbolies geïnterpreteer nie. Om die kontras in die teologiese benadering van die huidige tyd volledig aan te dui, is miskien oorbodig. Laat ons met die enkele voorbeeld van die opstanding van Christus volstaan. In die "metaforiese teologie" word die opstanding nie letterlik as historiese gebeurtenis opgeneem nie, maar simbolies vertolk. Die meerderheid persone wat hier lees, is stellig met die feite van die debat vertroud. Die leser sal ook daarvan bewus wees dat die tradisionele manier waarop die evangelie verkondig is, in die jongste tyd beskryf is as "agtergehaald" en gelyk aan 'n "plat-aarde-wêreld-beskouing" [10] waaraan die moderne mens nie meer glo nie. Hierdie veranderde benadering in die evangelieverkondiging is, volgens Britz, onder andere die gevolg van "die ommekeer" wat in die teologiese Skrifbeskouing van die NG Kerk gekom het. Op voetsoolvlak, soos by die teologiese opleiding van studente, beteken die nuwe Skrifbenadering dat vir studente gesê word dat ons nie meer letterlik glo in die wonderwerke van die Bybel nie – Ou én Nuwe Testament. Geen wonder nie dat, volgens 'n skrywe van 'n teologiese student in die *Kerkbode* van 16 November 2001, tientalle studente by Tukkies hulle

---

10 Hierdie word dikwels gebruik om 'n bespotting van Bybelgelowiges te probeer maak, veral ook in die skepping-evolusie-debat. Dit is egter belangrik om op die poëtiese konteks te let waarin dit in die Bybel genoem word. Die eenvoudige reël is: Lees geskiedenis as geskiedenis, poësie as poësie ens. Die historikus Jeffrey Russell het in elk geval aangetoon dat die kerk nooit aan 'n plat aarde geglo het nie, maar slegs 'n paar eksentrieke karakters, yl versprei oor die laaste 20 eeue, het dit verkondig. Kyk "Countering the Critics Questions and Answers" onder "'Does the Bible really teach a flat Earth?'" – http://creation.com/countering-the-critics-questions-and-answers en "Are (biblical) creationists 'cornered'?—a response to Dr J.P. Moreland" – http://creation.com/are-biblical-creationists-cornered-a-response-to-dr-jp-moreland en "The flat-earth myth and creationism" – http://creation.com/the-flat-earth-myth-and-creationism.

geloof verloor het en reeds hulle studies gestaak het![11] Die gemis aan integriteit – wat saamhang met die nuwe benadering tot die Bybel – is iets waarmee hulle klaarblyklik nie kon saamlewe nie.

Terug na die skrywe van prof. Britz oor die teologie in die vyftiger jare: Hy sê dat die Skrifsiening van destyds, soos weerspieël in die benaderings van verskeie professore, bevestig was deur talle artikels, publikasies en standpunte in die *Kerkbode*. Volledige voetnotas en aanhalings wat in die dokument van Britz via *Vox Viva* se artikel gegee word, onderskryf wat hy beweer. Nadat Britz die perspektief oor die Skrifteologie van vyftig jaar gelede gegee het, kom hy by die huidige sienings en noem dit "die ommekeer".

Hy haal weer dieselfde prof. Verhoef aan wat vyftig jaar later, in 2007, skryf dat 'n ander sienswyse en oortuiging as dié wat hierbo weergegee is, in die NG Kerk posgevat het. Volgens hierdie oortuiging het die Bybel 'n boodskap, maar:

> "... die kultuurhistoriese verpakking waarin dit kom, is bloot menslik en daarom onbetroubaar. Die Bybel is 'n blote produk van sy tyd. Ons moet binne die gemeenskap van die gelowiges in 'n positiewe sin 'agterdogtig' wees, selfs oor die voorveronderstellings waarmee die Bybelskrywers gewerk het."

Hierop reageer prof. Britz met die volgende stelling: "Met so 'n verstaan van die Skrif bly die kennis van die sekerheid en waarheid vir die kerk nie meer ongeskonde nie."[12] Heel tereg maak hy hierna die gevolgtrekking dat die huidige benadering tot die Bybel die NG Kerk voor 'n

---

11 "Teologie-studente verloor geloof" *Kerkbode*, 16 Nov. 2001 – http://www.glodiebybel.co.za/component/content/article/172-teologie-studente-verloor-geloof-kerkbode-2001-11-16.html

12 Kyk ook die volgende twee artikels wat handel oor hierdie kwessie: "The Issue of Issues" – http://creation.com/issue-of-issues en "The authority of Scripture" – http://creation.com/the-authority-of-scripture

keuse stel. Hy verduidelik dit soos volg: *"*Die Kerk sal óf sy belydenisgrondslag moet verwerp om ruimte te skep vir die huidige beskouing, óf hy sal dit desnoods met leertug moet handhaaf. Wie vanuit integriteit met die feite van die saak wil omgaan, sal nie anders kan as om een van die gemelde twee alternatiewe te onderskryf nie."

Britz gaan voort en skryf dat, sedert ongeveer 1970, daar 'n klemverskuiwing gekom het "van Gods Woord, na die mensetaal waarin dit gestel is". Hy kies sy woorde noukeurig om die gemelde "verskuiwing" te beskrywe, en sê dat dit dikwels "so genuanseerd gedoen was, dat die Goddelike oorsprong en gesag van die Skrif nie in die gedrang gekom het nie". Sou Britz dalk bedoel dat die voorstanders van die nuwe teologie nie duidelik wou laat blyk waarmee hulle regtig besig was nie?

Sonder om verder die gebeure wat Britz toelig volledig te probeer weergee, word slegs op die gevolgtrekking van sy skrywe gewys. Hy sê naamlik dat die huidige benadering tot die Skrif daarop neerkom dat die Bybel gesien word as "mensewoorde oor God". Dit verg geen geleerde om die konsekwensies van hierdie stelling te verstaan nie! Die implikasie is gewoon dat die "mat van sekerheid" dat God Homself wel geopenbaar het, onder gelowiges se voete uitgeruk word.[13]

Dank die Here dat die Skrif, ondanks die teologie wat hierbo beskryf is, "soos 'n vuur en soos 'n hamer is wat 'n rots vermorsel" (Jer. 23:29), dat dit "lewend en kragtig" bly (Heb. 4:12). Dit bereik die doel waarvoor God dit gestuur het altyd weer en keer nie leeg na Hom terug nie (Jes. 55:11). Geen menslike ongeloof of nuwe teologie kan iets daaraan

---

13 Vir meer oor die geldigheid van hierdie benadering, kyk "Jesus Christ on the infallibility of Scripture" – http://creation.com/jesus-christ-on-the-infallibility-of-scripture

afdoen nie. Al wat ons moet doen, is om die Woord in die krag van die Heilige Gees te bly verkondig (1 Tess. 2:5). "Die wapens van ons stryd" – waarvan die Skrif nommer een is – "bly kragtig deur God om vestings neer te werp" (2 Kor. 10:4).[14]

Britz verduidelik dat die ommekeer waaroor sy skrywe gaan, "nie uit die lug geval het nie, maar dat dit verband hou met die feit dat die historiese kritiek (in die algemene sin van die woord) oor die afgelope 50 jaar 'n fundamentele uitgangspunt in die teologiese opleiding van die NG Kerk geword het". Hierdie is 'n ingrypend belangrike stelling van prof. Britz met betrekking tot die verstaan van die sentrale tema van sy artikel. Om dit te begryp, moet ons die begrip "historiese kritiek" wat hy gebruik, kortliks verduidelik. Dit dui op die Skrifsiening dat die Bybel baie oud is en dat die kultuur en denkwyse van die destydse pre-moderne tyd die boodskap van die Bybel gevorm en bepaal het. Die konteks van die geskiedenis van destyds het dus die deurslag gegee ten opsigte van dít wat ons in die Bybel lees. Om die boodskap van die Bybel vir vandag te verstaan, moet dit vrygemaak word van die "kultuurbepaaldheid" van destyds, en in terme van moderne "insigte" verklaar word. Anders gestel: Die historiese konteks maak dat die boodskap van die Bybel, sóós dit daar staan, nie meer vir ons tyd van toepassing is nie. Dit is 'n ekstreme vorm van hermeneutiek wat die Bybel grootliks ontoepaslik vir ons maak. Hiermee word dit meteens duidelik waar, breedweg gestel, die teologie en standpunte van ons dag vandaan kom. Dit kom uit die postmodernistiese liberale teologie.

---

14 Die gedeelte hierbo kom uit "Roeping en Riglyne", Augustus 2008, onder "Perspektiewe met betrekking tot veranderings in ons Skrifbeskouing" deur ds J.J. (Hanan) Viljoen, bl. 16 (http://www.glodiebybel.co.za/images/Leers/roeping_en_riglyne_2008_08.pdf of http://www.vcho.co.za/publ/RR/RR_2008-08.pdf).

In 2002 is daar ’n landwye konferensie te Bloemfontein gehou oor tendense in die teologie. ’n Sterk stem van protes is by die konferensie gehoor teen dosente wat nie Bybelgetrou en belydenisgebonde hulle teologie doseer nie. Die volgende twee jaar was daar nog twee landwye opvolgkonferensies gehou: een in Stellenbosch en een in Witfield (Boksburg). Laasgenoemde het spesifiek gehandel oor die Skrif en Skrifgesag. By dié geleentheid is daar ook ’n openbare verklaring uitgereik wat geprotesteer het teen moderne dwalinge rondom die Skrif.[15]

’n Volgende belangrike gebeurtenis in die teologie was die verskyning van die boek van Pieter J Pelser *NG Kerk: Reformeer of … Disintegreer?* in 2005. Die kerkleiding het hulle egter nie veel gesteur aan Pelser se protes teen die dwalinge in die NG Kerk nie – hierdie ignorering het die Kerk duur te staan gekom, want meer en meer liberale idees het sedertdien ingesluip.

Die produksie en verspreiding in 2007 van die DVD “Nuwe Strominge in die Teologie” deur WTL Multimedia Produksies het ’n ongekende reaksie landwyd tot gevolg gehad. Dit val nie binne die doel van hierdie boek om die gemelde gebeurtenisse of geskrifte in besonderhede te beoordeel nie. Met wat hier volg, wil ons liewer die belangrikheid van die twee onderliggende benaderings tot die Bybel, wat deur prof. Britz in sy artikel genoem word – die Bybel as woorde ván God of as slegs mensewoorde óór God – onderstreep.

Uiteindelik moet die vraag ook aan die orde kom: Is dit moontlik dat gelowiges wat die Bybel, in terme van die gereformeerde Skrifsiening,

---

15 Kyk by http://www.glodiebybel.co.za/component/content/article/181-ons-glo-god-se-woord-witfield-16-17-september-2003.html

as die Woord van God eerbiedig, nog die pad vorentoe in een Kerk kan saamstap met ander wat ’n onaanvaarbare lae dunk van die Bybel het? Die sake wat in hierdie boek behandel word, is vir ons van baie ernstige aard omdat dit die eenheid wat ons in Christus het, verbreek. Ons eenheid is gesentreer om die Waarheid. Sonder die Waarheid is geen eenheid moontlik nie. Verder is die integriteit van die NG Kerk, die belydenis wat ons saambind en ons boodskap op die spel. Dit is die rede waarom ons glo dat die NG Kerk sal kennis neem van die sake wat in die boek genoem word. Ons hoop van harte dat ons ons van die hoogste vergaderings tot by die kleinste gemeente, hieroor voor die Here sal verootmoedig.

## Sekerhede uit en oor die Bybel

Die gereformeerde benadering tot die Bybel was om dít wat daarin geskryf is, as altyd geldende en blywende maatstaf vir leer en lewe te aanvaar. Vanuit hierdie gesigspunt het die leiers ná die Hervorming onder andere in die Nederlandse Geloofsbelydenis bely dat die leer van die Bybel “... heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is” (kyk Artikels 3 tot 7).

’n Verdere baie belangrike benadering van die gereformeerde hermeneutiek is dat woorde duidelike en voor die hand liggende betekenis het, en dat ons ook vandag nog kan verstaan wat die Heilige Gees deur die Bybelskrywers daarmee bedoel het.[16]

16 Kyk Russell Humphreys se Timoteus-toets:
Kritiek op Humphreys se Timoteus-toets: “D. Russell Humphreys’ Cosmology and the ‘Timothy Test’” – http://creation.com/images/pdfs/tj/j11_2/j11_2_189-194.pdf
Humphreys se reaksie op bogenoemde artikel: “Timothy Tests Theistic Evolutionism” – http://www.trueorigin.org/rh_timothytest2.pdf

In die teologie word hierdie verklaringsbenadering die grammaties historiese benadering genoem. Moderne hermeneutiek, met sy verheerliking van twyfel en onsekerheid, verkies die postmoderne pad van bevraagtekening en twyfel oor dít wat in die Bybel staan. ’n Voorbeeld: Met die jaaropening van die Teologiese Fakulteit Pretoria in 2006, het die damesdominee wat die openingswoord moes waarneem, begin deur te sê dat daar ’n tyd was waarin ons sekerhede gehad het. “Nou,” het sy bygevoeg, “het ons dit nie meer nie”. Met die oog op die gehoor wat die dame toegespreek het, en die “onsekerheid” wat ons nou sou hê oor die waarheid, het sy ons aan die woorde van Christus herinner: “Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele” (Matt. 5:3). Ons meen dat sy deur hierdie Skrifwoord haar toehoorders tot beskeidenheid ten opsigte van hulle eie menings wou oproep. (Of dit die bedoeling van die teks is, daar gelaat.) Aan die einde van die dag se verrigtinge het die dekaan van die Fakulteit sy gehoor verseker dat dit goed gaan met die Teologiese Fakulteit van Pretoria, “behalwe” het hy bygevoeg, “dat die werksaamhede van die Fakulteit bemoeilik word deur die nuk van fundamentalisme”. Mens wonder of die professor dalk gesinspeel het op die pleidooi van Skrifgelowige leraars en lidmate wat aanhou vra dat ons moet terugkeer na die “sekerhede” van die Bybel, en die belydenisskrifte wat daarmee ooreenstem.

Betreffende die “onsekerhede” wat deesdae verheerlik word, kan uitlatings van prof. Julian Müller ook genoem word. Hy skryf byvoorbeeld in 2008 oor sy sogenaamde tussenin-en-duskant-teologie (kyk voetnota 64, bl. 79). Hy definieer sy teologie as duskant sekerheid en tussenin onsekerheid en twyfel.

---

Jonathan Sarfati lewer ook kommentaar: “D. Russell Humphreys’ Cosmology and the ‘Timothy Test’: A Reply” – http://www.trueorigin.org/rh_timothytest3.pdf

Daarteenoor praat die Bybel van heelwat sekerhede – let op die "(so)dat julle kan weet" in al die onderstaande gedeeltes:

**Eks. 10:1-2 :** Verder het die HERE vir Moses gesê: Gaan na Farao toe, want Ék het sy hart verhard, ook die hart van sy dienaars, sodat Ek hierdie tekens van My onder hulle kan verrig, en dat jy voor die ore van jou kind en jou kindskind kan vertel wat Ek Egipte aangedoen het, en my tekens wat Ek onder hulle gedoen het, dat julle kan weet dat Ek die HERE is.

**Mark. 2:10-12 :** "Maar dat julle kan weet dat die Seun van die mens mag het om op die aarde sondes te vergewe", sê Hy vir die verlamde man: "Ek sê vir jou: Staan op, neem jou bed op en gaan na jou huis toe." En dadelik staan hy op en neem sy bed op en gaan voor die oë van almal uit, sodat almal verbaas was en God verheerlik en sê: "So iets het ons nog nooit gesien nie!"

**1 Joh. 5:11-13 :** En dit is die getuienis: Dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun: Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie. Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God.

Oor hoeveel van hierdie sekerhede het prof. Müller en ander dosente wat sy sieninge deel, onsekerheid? Watter verdere effek gaan die nuwe geslag predikante wat deur hierdie manne opgelei is, en hul idees gekoop het, op die NG Kerk se toekoms hê?

## Loëning van Bybelwaarhede en van Christus

As miskien die duidelikste voorbeeld van die loëning van Bybelwaarhede kan die opstanding van Christus genoem word. Dink verder aan Sy maagdelike geboorte, Sy Godheid en selfs Sy plaasvervangende sterwe. Dit noop ons om soos Sarel van der Merwe in sy DVD, ook te vra of die hart van die evangelie uitgeruk word. Sonder om 'n oomblik te twyfel, kan ons sê dat, as Christus nie vir ons sondes gesterwe en opgestaan het nie, daar geen evangelie is nie!

Dr. Ben du Toit is ’n moderamenlid van die NG Kerk se Algemene Sinode, verantwoordelik vir Elektroniese Kommunikasie en Parlementêre Skakeling. Onderstaande gee ’n paar gedagtes oor sy sieninge weer, soos blyk uit sy Andrew Murray-bekroonde boek *God? Geloof in ’n postmoderne tyd*. Dit is belangwekkend dat die internasionale teoloog prof. Wentzel van Huyssteen die geweldig positiewe voorwoord vir die boek geskryf het. Du Toit se hele beskrywing van sy eie geloof is deurspek met twyfel en onsekerheid, maar die enigste sake wat hy bereid is om feite te noem, is die sogenaamde wetenskaplike bevindings betreffende miljarde jare van evolusionêre ontwikkeling (bl. 7).[17]

Sommige van die dwaalleringe wat dr. Du Toit na ons mening verkondig of laat blyk hy aan glo, is die volgende:

- Die Bybel is nie die Woord van God nie, maar woorde oor God en deurdrenk met al die gebrekkige en foutiewe sienings wat die mense van die pre-moderne tyd gehad het (bl. 16-23).
- Jesus self het ook hierdie gebrekkige en foutiewe verstaan van sekere dinge gehad (bl. 15, 16 en 124), omdat hy ook maar net in die pre-moderne tyd op aarde geleef het.
- Die Bose se oorsprong lê slegs in die mens self en hy is nie ’n wese van een of ander aard nie (bl. 123-127).
- Ons moet aanvaar dat Jesus van Nasaret nêrens in die Ou Testament genoem word nie (bl. 131 van sy boek).
- Jesus self het nie die verlossingsboodskap van sy kruisdood en opstanding verkondig nie, maar dis eers lank ná sy “hemelvaart” geformuleer (bl. 156). Jesus het nie vir ons wat in Hom glo, gesterf

17 Oor die werklike sekerheid van hierdie “wetenskap”, kyk “Oorsprong- en historiese wetenskappe”, bl. 113 of lees ‘n kort bespreking en skakels na ander artikels oor die ouderdom van die aarde op bl.227.

> en opgestaan sodat ons die ewige lewe kan hê nie, maar sodat ons die hoop van die ewige lewe kan hê (bl. 183).

Let op die woord “hemelvaart” wat Du Toit in aanhalingstekens sit, en besef waarom hy dit doen. Daar is ook ’n subtiele maar belangrike verskil wat geïmpliseer word deur die woordjie "hoop" wat Du Toit hier invoeg, wat gaan oor die werklikheid al dan nie van die ewige lewe. Waarskynlik daarom skryf Du Toit ook “hemel” in aanhalingstekens as hy na die ewige lewe verwys (bl. 134).

Jesus se Godheid word nêrens pertinent in Du Toit se boek gestel nie, maar op vele wyses afgewater, byvoorbeeld:

- deur die titel “Jesus van Nasaret” regdeur die boek te gebruik;
- Jesus is glo nêrens in die Ou Testament genoem nie (bl. 131);
- Jesus het slegs gebrekkige insig gehad (bl. 15, 16 en 124);
- Sy wonderwerke was nie noodwendig wonderwerke nie (bl. 147 en 153);
- Sy geboorte was nie noodwendig maagdelik nie (bl. 136, 137, 147 en 148);
- Jesus het dalk self nie eers sy twee nature (God en mens) verstaan of van geweet nie (bl. 149);
- Sy verwysing na geloof in die God van Jesus van Nasaret eerder as in Jesus self (bl. 173); en
- Sy verwysing na die “sogenaamde” wederkoms van Christus (bl. 178).

Dwaalleer kan moontlik nog verskoon word, want niemand van ons het alle kennis in pag nie, maar dwaalleer wat die Godheid van Jesus (waarmee ons nie OOK die menslike aard van Jesus met sy eerste koms

ontken nie) aantas, is 'n uiters ernstige saak en val sekerlik in die kategorie van onaanvaarbare liberalisme.[18]

Uit wat tot dusver gesê is, word dit duidelik dat die hedendaagse hermeneutiek wat bedoel was om ons te help om die Skrif beter te verstaan, 'n "hulp" geword het om die Bybel te verduister. Baie sake word gerelativeer om by die tyd en by die mens aan te pas. Hierdie benadering het sy oorsprong onder andere in die sogenaamde Skrifkritiek waaroor ons enkele dinge in die volgende hoofstuk sal sê.

18 Vir weerleggings van baie van Ben du Toit se aantygings in sy boek *God? Geloof in 'n postmoderne tyd*, kyk: "Jesus Christ Questions and Answers" – http://creation.com/jesus-christ-questions-and-answers, "God Questions and Answers" – http://creation.com/god-questions-and-answers, "Bible Questions and Answers" – http://creation.com/bible-questions-and-answers en die boek *'n Saak vir Christus* deur Lee Strobel.

# HOOFSTUK 2: Skrifkritiek en Skrifgebruik

Miskien moet ons eerstens duidelik onderskei tussen Skrifkritiek en tekskritiek. **Tekskritiek** is die wetenskap wat verskillende metodes aanwend en verskillende manuskripte vergelyk om te soek na die oorspronklike teks. Ware tekskritiek respekteer dus die oorspronklike teks. Hierteenoor is **Skrifkritiek** of **historiese kritiek** die oorkoepelende naam vir verskeie metodes van Skrifhantering waar die teoloog homself die reg toe-eien om die teks self te bevraagteken. Hier gaan dit nie oor ’n soeke na die oorspronklike teks nie, maar oor ’n bevraagtekening van die inhoud self. So byvoorbeeld word die duidelike geskiedenis en wonderwerke in die Bybel se akkuraatheid en werklikheid bevraagteken. Basies kan Skrifkritiek dus beskryf word as kritiek op die Bybel. Skrifkritiek is ’n omgang met die Bybel op so ’n manier dat die mens homself as regter oor die Skrif aanstel. Prof. GJC Jordaan van die Teologiese Fakulteit van die Gereformeerde Kerk in Potchefstroom skryf soos volg:

> Skrifkritiek beteken dat die uniekheid en die gesag van die Bybel as Woord van God misken word. Uiteindelik bring dit nie net die gesag van die Bybel in gedrang nie, maar ook die gesag van God self.

In die konteks van hierdie Skrifkritiek, en die moderne godsdienswetenskap, word nie net die uniekheid van die Bybel verwerp en as maar net nog ’n historiese boek beskou nie – ook die uniekheid van die Christelike godsdiens word verwerp! Die Christendom word bestudeer as maar net nog ’n hoofstuk in die “ontwikkeling” van die godsdiensgeskiedenis van die mensdom.[19] Die leser sal opmerk hoe die

19 Kyk Wentzel van Huyssteen op bl.127 en Cornél du Toit op bl. 139.

evolusionisme ook die teologie binnegedring het.[20] 'n Geheeluitsig oor die wêreldteologie van ons dag maak dit gou duidelik dat evolusionisme by die wortel van die modernistiese teologie lê (heelwat meer hieroor in "HOOFSTUK 6: Evolusie en evolusionisme – die vrot appel in die kis!"). Hierdie teologie is uiteindelik op pad na volle verheerliking van die mens in die universele godsdiens van die Nuwe Era of "New Age". Dit is daardie godsdiens waar die mens weggedoen het met die persoonlike God aan Wie hy verantwoording verskuldig is; daardie godsdiens waar hy vir hom 'n nuwe god – onder andere die god van die panenteïsme – gekry het, met wie hy nou deur meditasie en mistisisme kan kontak maak. Uiteindelik wil hy ook in dié god "opgaan" en so self god word.

Hierdie godsdiens sal uiteindelik die godsdiens van die Antichris se ryk wees. Hier sal die "mens" in die tempel sit en voorgee dat hy God is (2 Tess. 2:4).

Daar is nog 'n dwaling – 'n vorm van humanisme – wat vandag ook sy kop al meer uitsteek, naamlik om geen wonderwerke of werklikheid van God te aanvaar nie, maar die nut van godsdiens te verkondig in terme van die voordeel wat dit vir die mens kan inhou deur beter gedrag, oordrewe omgee vir die natuur, ensovoorts. Dit is veral ook 'n poging om die ongelowige wetenskaplikes in te trek – een wêreldgodsdiens wat selfs ongelowiges aanvaar en nie probeer verander nie, is die doel. Mistisiste, realiste, humaniste, ander godsdienstiges deur gemeenskaplike waardes te definieer, en ateïste – almal is welkom sonder enige

---

20 Kyk byvoorbeeld "Jy kan wel geloof én evolusie omhels", 2009-03-05 – http://teo.co.za/artikel/articles/156/1/Jy-kan-wel-geloof-en-evolusie-omhels/Bladsy1.html van Julian Müller.

poging tot verandering van hul basiese geloof.[21] Al mense wat heeltemal uit is, is die sogenaamde fundamentaliste – die mense wat volgens een definisie daarvan net een geloof as die enigste waarheid sien. Daarom word fundamentalisme, ook Bybelgelowiges, gesien as die grootste gevaar vir die mensdom.

Dieselfde prof. Dolf Britz wat in "HOOFSTUK 1: Die ommekeer in Skrif-beskouing" genoem is, verwys na: "verklaringsmetodes waarin 'n totale vermensliking van die Woord van God op die spits gedryf is om die heil vir die moderne mens aanvaarbaar te maak". Wie op hoogte is met wat veral in die onlangse teologiese debatte gesê is, sal weet dat die "aanvaarbaarmaking" van die boodskap van die Bybel vir die moderne mens, as dié metode voorgehou word om die kerk te "red"! Ons dink veral aan opmerkings soos dié van prof. Julian Müller oor die sogenaamde "agterhaalde teologie en wêreldbeskouing" wat die moderne mens nie meer aanspreek nie. Dit is vanuit hierdie "aanvaarbaarmaking", dat die maagdelike geboorte van Christus, Sy liggaamlike opstanding, Sy hemelvaart en – bo alles – Sy plaas-bekledende lyding en hoëpriesterlike werk bevraagteken en selfs lasterlik oor gepraat word! Die teenstelling tussen die Skrifbenadering van destyds en van vandag is hieruit reeds meer as duidelik. Dit gaan in die eerste plek daaroor of ons die Bybel sien en gebruik óf vanuit die teologiese Skrifbeskouing van die Reformasie, óf vanuit dié van die moderne Skrifkritiese benadering.

Britz gaan verder en haal nog 'n teoloog uit daardie tyd aan, naamlik prof. JL de Villiers. De Villiers het geskryf: "... óf jy aanvaar die Woord van God as geïnspireerd deur die Gees van God en dat dit daarom

21 Kyk bl. 144 vir 'n kort bespreking oor die boek *The Case for God* deur Karen Armstrong.

absolute gesag het, óf dit is ’n gewone boek wat volgens gewone hermeneutiese reëls, geldig vir alle boeke, uitgelê moet word”. “Die gereformeerde eksegeet”, sê De Villiers, “gaan uit vanuit die eerste benadering”.

Britz gaan verder en haal ook prof. FJM Potgieter uit die vyftiger jare aan. Potgieter skryf oor die Skrifbeskouing van Barth wat gesê het dat die Bybel mensewoorde “vol foute en feile is, en as sodanig regmatige objek van kritiek moet wees”.[22] Hierteen neem Potgieter stelling in en sê: “Die Skrif bly die Woord van God al is dit ter wille van ons in menslike taalvorm gestel, net soos Christus God gebly het, al het Hy as Middelaar ter wille van ons die menslike natuur aangeneem.” Een ding word uit die skrywes van die gemelde professore van destyds duidelik: Hulle – soos hul kerk destyds – het die Bybel as onfeilbare openbaring en spreke van God gesien.

’n Student aan die Universiteit Pretoria het in 2008 sy besorgdheid teenoor een van die medewerkers van hierdie boek uitgespreek oor prof. Jurie le Roux se studiemateriaal oor Abraham aan die finalejaar-teologiestudente.[23] Prof. Le Roux gaan van die standpunt uit dat Abraham nie noodwendig ’n historiese figuur was nie, met ander woorde daar het nie werklik iemand soos hy bestaan nie. Hy skryf onder andere die volgende (ons onderstreping):

---

22 Oor sogenaamde foute/teenstrydighede in die Bybel, kyk ”Bible ‘contradictions’ and ‘errors’” – http://creation.com/skeptics-bible-errors, “Countering the Critics Questions and Answers” – http://creation.com/countering-the-critics-questions-and-answers onder “Bible ‘contradictions’ and ‘errors’” en die artikel “Errors in the Bible?” – http://creation.com/claimed-bible-errors.

23 Vir prof. Le Roux se studiemateriaal en ’n volledige kommentaar daarop, kyk http://www.glodiebybel.co.za/component/content/article/102-kommentaar-op-jurie-le-roux-se-studienotas-oor-abraham.html.

Hoe sal jy oor Abraham preek terwyl daar soveel historiese probleme in verband met hom is? Hoe kan daar in die kerk nog enigsins oor hom gepraat word terwyl sy historisiteit moeilik bewys kan word? Ons sal so graag Abraham se lewe presies wil ken, maar ons kan nie. Ons sal Abraham so graag meer histories wil verstaan, maar hy bly as't ware die heeltyd buite ons historiese greep. Dit is nie net frustrerend nie, maar dit het ook vir die prediking konsekwensies. Kan ’n mens oor iemand preek wat jy nie histories kan ‘bewys’ nie?

Voordat ons egter hierby kom, let ons eers op ’n interessante manier waarop Abraham in die verlede verstaan is. Dit is die gedagte van ’n ‘sage’. Dit was nogal ’n baie gewilde benadering gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu. Vir die meeste van ons is dit waarskynlik onmoontlik om so oor die Abrahamsverhale te praat.

Tereg sal jy opmerk dat dit 'n gemeentelid se geloof kan skok as alles maar net sages is. Ek stem enersyds met jou saam, maar ons mag nie dat die gemeentelid se nie-weet, se onkunde ons norm word nie. Ons moet dit net mooi pastoraal hanteer. Die wonderlike insigte van die Ou-Testamentiese wetenskap kan ons tog nie ignoreer nie. Jy sal wel weet hoe om dit in die gemeente te hanteer.

Gunkel het dit mooi geskets: in die koue winteraande het die familie rondom die vuur gesit; die oudstes het stories vertel; dit was verhale oor die verlede; oor die begin van die wêreld, die voorvaders (soos Abraham, Isak, Jakob), die ontstaan van die volk Israel en nog baie ander dinge meer. En die kinders het die verhale van die baasvertellers ingedrink en dit ook weer oor en oor vertel. Wat egter oorgedra is, is nie historiese feite nie, maar sages wat die geskiedenis van die wêreld en die eie volk probeer verklaar het; volkskuns wat die diepste denke en gevoelens van ’n bepaalde groep weerspieël het.

En al sou die Abrahamverhale deur en deur geskiedenis wees wat daarvan? Ja, al sou dit niks anders as die allervoortreflikste stuk geskiedswerk gewees het nie, sou dit ook maar net ’n verhaal, ’n perspektief op die Abrahamsfiguur gewees het; sou dit in ’n bepaalde tyd ontstaan het en die ‘tekens’ van die tyd getoon het; sou dit slegs een moontlike perspektief verteenwoordig het; sou dit ook maar (soos alle geskiedenis) ’n gebrekkige en gebroke konstruksie gewees het wat roep om andere se herinterpretasie en verbetering.

Genesis 11:27-25:10 bestaan dus uit sages oor Abraham. Dit handel wel oor die geskiedenis, maar is nie betroubare historiese bronne oor Abraham nie. Dit is sages. En dit was die manier wat Israel gekies het om sy verlede te onthou, oor te vertel en vir elke era relevant te maak. Dit was die manier waarop en waardeur Israel oor Jahwe en sy verhouding met Abraham (en Israel) nagedink het. Belangrik is die voortdurende proses van interpretasie en herinterpretasie.

(Einde van aanhaling)

Met ander woorde, volgens prof. Jurie le Roux is wat in die Bybel oor Abraham geskryf is, maar ’n gebrekkige en gebroke konstruksie indien dit ooit geskiedenis is. Hieruit is dit tog duidelik dat sy dunk van die Bybel geensins is dat dit Goddelike gesag het nie. Die kruks van die probleem van sy siening is dat hy die Bybel bloot sien as mense se opinies en nadenke oor God.

Proff. Wentzel van Huyssteen en Cornél du Toit se uitlatings oor die Joodse en Christelike godsdienste wat glo maar baie laat evolusionistiese ontwikkelings van menslike godsdienste is, kan ook hier genoem word. In “HOOFSTUK 6: Evolusie en evolusionisme – die vrot appel in die kis!” (bl. 126 en bl. 139) word meer daarop uitgebrei.

Op 26 Januarie 2010 op www.teo.co.za skryf prof. Müller, na aanleiding van ’n preek wat hy gegee het (“Christenskap is ’n keuse teen mag” [24]), dat die “sogenaamde” kindermoord van Herodus net ná Jesus se geboorte se feitelikheid op losse skroewe staan. Maar dit maak nie vir hom saak nie, want dit het teologiese betekenis. Dit is dus nie net die Ou Testament se werklikheid wat bevraagteken word nie, maar ook die Nuwe Testament s’n.

---

24 “Christenskap is ’n keuse teen mag”, 2010-01-26 – http://teo.co.za/artikel/articles/275/1/Christenskap-is-n-keuse-teen-mag/Bladsy1.html

Op 12 Maart 2010 is die artikel "Dít wat ons nié dink" van prof. Julian Müller op www.teo.co.za geplaas, nadat dit ook vroeër in die *Beeld* en *Die Burger* verskyn het.[25]

Hy lewer kommentaar op ds. Klaas Hendrikse, die ateïstiese dominee van Nederland, wat sê God bestaan nie, maar is bloot iets wat tussen mense gebeur (kyk ook op bl. 39). Hieronder is sommige van Müller se uitsprake (ons onderstreping, en kommentaar in vierkantige hakies):

Met die ontwikkeling van die wetenskaplike wêreldbeeld waar daar nie meer ʼn bo en onder in die heelal is nie en waar daar bewyse is van ʼn evolusionistiese ontwikkeling oor miljoene jare, word dit vir die denkende mens toenemend moeilik om aan ʼn teïstiese God te glo.

... Die uitweg kan dalk in ʼn ander rigting lê: As ons by ʼn punt kan uitkom waar ons nie a-teïsties dink nie, maar post-teïsties. Gelowig, maar by die teïsme verby en nie in stryd daarmee en in reaksie daarop nie. Miskien bedoel Hendrikse dit so, maar dan is dit jammer dat hy homself as ʼn ateïs bestempel, want dit skep baie verwarring. Ek, aan die ander kant, sou myself ʼn post-teïs wou noem. Dit beteken ek aanvaar doelbewus dat daar ʼn era met denkwyses en taal oor God verbygegaan het. Natuurlik word ek nog daardeur beïnvloed en is dit bykans onmoontlik om nie reste daarvan in my eie denke en taal saam te dra nie. Ek dink nog, praat nog en sing nog in die ou taal en word selfs daardeur aangespreek. Aan die ander kant weet ek dat ek onherroeplik aanbeweeg het en nou gefassineer en geïnspireer word deur nuwe denkraamwerke oor God ....

Vir baie Christene is die panenteïsme [Müller het homself vantevore al ten gunste van panenteïsme uitgespreek], waarvolgens alles in God is en God in alles, ʼn uitweg uit die vasgeloopte teïsme. Dan word God die immer Moontlike, die Een wat is en wat was en wat kom; die Een wat om elke hoek en draai kan verskyn in enige gedaante of gebeure, maar wat nooit voorspel en vasgevang kan word in ons gedagtes en formulerings nie. Die God, oor wie ek

25 Kyk "Dít wat ons nié dink", 2010-03-12 – http://teo.co.za/artikel/articles/293/1/Dit-wat-ons-nie-dink/Bladsy1.html.

nie meer kan praat asof "hy" 'n manlike koning of generaal is nie, maar die God wat nooit verder van my af is nie as my eie gedagtes en woorde.

(Einde van aanhaling)

Kan iemand dit miskyk dat prof. Müller ook by die waarhede in die Bybel "verby beweeg" het?

Op 15 Junie 2009 op www.teo.co.za lewer prof. Gerda de Villiers baie positiewe kommentaar op prof. Willie Esterhuyse se boek *God en die gode van Egipte*.[26] Sy is onder andere gaande oor die volgende:

Dit wat ons 'geloof' noem, kom nie van 'Bo' nie, maar is deurspek van 'menslike woorde, voorkeure, vooroordele, tradisies en die noodlot van interpretasie' (p 92). Religieuse tekste, sê Esterhuyse verder (p 134) ontvang ook nie heiligheid van 'Bo' of het dit vanself nie, dit is mense binne 'n bepaalde geloofstradisie wat buitengewone gesag aan sulke tekste toeken en hulle daarom anders hanteer as ander tekste. Sulke tekste het dus 'n geskiedenis – dit weerspieël mense se nadenke en pogings om sin te maak uit hul omstandighede en die betrokkenheid van hul God of gode daarby. En uiteindelik neem die skrywer finaal afskeid van 'die meganistiese verstaan van die "wil" of die "hand" van God' (p 188), die lang godsdienstige tradisie waarmee hy grootgeword het.

Prof. Gerda de Villiers lewer wel die volgende kritiek:

Verder sou ek hom [Esterhuyse] wel vanuit 'n Bybelwetenskaplike hoek kon kritiseer. Figure soos die Aartsvaders, Josef en Moses hanteer hy as historiese werklikhede en probeer ook hul bestaan min of meer dateer. In Egipte sou hierdie karakters dan in kontak met die 'ander gode' kom, en ten spyte van hul monoteïstiese godsbeskouing, kon hulle die Egiptiese invloed nie ontkom nie. Byvoorbeeld in hoofstuk 6 bespreek hy 'Ander Gode' waarin hy Moses in die tydperk van Raamses II (1304-1237 vC) plaas en aanvaar dat die 'Eksodus-Jode deel van hierdie farao se dwangarbeiders was' (p 95). En net daarna verwys hy

---

26 "God en die Gode van Egipte deur Willie Esterhuyse", 2009-06-15 – http://teo.co.za/artikel/articles/204/1/God-en-die-Gode-van-Egipte-deur-Willie-Esterhuyse/Bladsy1.html

na die besondere simboliek wat die ark vir die 'Jode' gehad het aangesien hulle dit goed leer ken het toe hulle slawe in Egipte was en ooggetuies by baie van hierdie priesterlike prosessies was (p 96). Hy posisioneer dus die Bybelfigure binne die Egiptiese tydlyn, en lê regstreekse verbande. So asof monoteïsme in die Bybel van die begin af 'ingedra' is, maar daarmee saam, die spore van Egipte.

Die lyne kan nie so direk deurgetrek word nie. Die Egiptiese invloed word myns insiens te veel ingelees terwyl die Assiriese polemiek so te sê geïgnoreer word. En Esterhuyse se hantering van die Bybel as 'n historiese betroubare bron, skep die paradoksale indruk dat 'dan is die Bybel tog waar, nie waar nie?' Is dit nie juis waaruit hy vanuit sy benouende benouende geloofstradisie wil ontsnap nie?

(Einde van aanhaling)

Prof. Gerda de Villiers voel skynbaar nog sterker as Esterhuyse daaroor dat, *om die Bybel as waar te aanvaar, heeltemal TE benouend is*. 'n Humanistiese godsdiens is dus klaarblyklik vir haar die antwoord.

Haar opmerking oor die Assiriese polemiek wat Esterhuyse glo feitlik ignoreer, is 'n interessante een met 'n Bybelbevestigende oplossing wat nie sy of Esterhuyse waarskynlik van weet of glo nie. Sommige argeoloë het begin agterkom dat die Egiptiese kronologie (geskiedkundige tydlyn) heelwat korter is as wat die sogenaamde standaard Egiptiese kronologie aanvaar. Die rede is dat sommige Egiptiese regeerders gedeeltelik gelyktydig regeer het, soos byvoorbeeld pa's en hul seuns. Indien dít in ag geneem word, klop die gevolglike hersiene Egiptiese kronologie nie net beter en wonderlik met die Bybelse gegewens oor die Israeliete vóór en tydens die uittog uit Egipte nie, maar ook met die onafhanklike Assiriese kronologie. So byvoorbeeld het die Egiptenare dan dieselfde Hettitiese konings uitgeroei teen wie die Assiriërs vantevore geveg het – nie andersom (dieselfde konings by name wat uitgewis is, het later teen

die Assiriërs geveg) soos foutiewelik uit die standaard Egiptiese kronologie blyk nie.[27]

Sy sluit af met:

God en die gode van Egipte is ’n uiters geslaagde filosofiese, spirituele ontdekkingsreis, en beslis ’n aanwins in die eenogige geloofslewens van die Afrikaanse Christendom.

Dit is nogal betekenisvol dat prof. Gerda de Villiers se enigste kritiek op prof. Esterhuyse se boek is dat hy die Bybel enigsins soort van waar laat lyk. Dat hy die Bybel andersins as sulks grotendeels weerspreek, het sy geen probleem mee nie.

Op 23 Maart 2010 op www.teo.co.za skryf dieselfde prof. Gerda de Villiers oor profete (ons onderstreping): [28]

Baie van hierdie profetiese uitsprake gaan oor die legitimasie van die kroonprins – ’n bevestiging vir die vermoede dat profesie ’n kragtige middel vir politieke propaganda was.

Wanneer ons oor profetiese 'voorspellings' praat, is dit belangrik om te onthou dat die meeste hiervan vaticinia ex eventu is – voorspellings wat uit gebeure self spruit en terug geprojekteer word. Profetiese orakels het sonder uitsondering altyd betrekking op die teenwoordige tyd of hoogstens die imminente toekoms. ’n Profeet bring ’n boodskap aan iemand om hom of haar aan te moedig of te waarsku oor omstandighede binne ’n huidige sosio-politieke klimaat – gebeure wat nog binne die leeftyd van die persoon self sal plaasvind. Profetiese orakels het nooit ooit betrekking op iets wat ’n paar

---

27 Kyk *Skepping & Evolusie – onversoenbaar!*, bl. 272-279, te lese op www.glodiebybel.co.za, en “Searching for Moses” op www.creation.com. Kyk ook voetnota 116 op bl. 132.

28 “Wie is die profeet en waar kom hy vandaan?”, 2010-03-23 – http://teo.co.za/artikel/articles/298/1/Wie-is-die-profeet-en-waar-kom-hy-vandaan/Bladsy1.html

honderd jaar later gaan gebeur nie, hoe belangrik dit ook al mag wees. Dit geld vir Ou Nabye Oosterse sowel as Bybelse profesie.

(Einde van aanhaling)

Met ander woorde, Daniël se profesieë oor koninkryke en gebeure eeue na hom, moes deur iemand anders uitgedink gewees het, en enige profesie wat op Jesus se wederkoms dui, en nou na 2000 jaar nog nie plaasgevind het nie, het nie na Jesus se wederkoms verwys nie, of dit gaan nie gebeur nie? Ons neem aan teoloë soos prof. Gerda De Villiers besef die implikasie van wat hulle skryf. Ons hoop van harte dat gelowiges ook al meer en meer sal besef dat hierdie dosente wat die toekomstige predikante oplei, en selfs sommige van die huidige predikante mislei, besig is om grootskaalse dwaling te saai met dodelike gevolge – ongeloof.

Jesus self het die profesieë uitgelê wat op Hom betrekking het, vergelyk Luk. 24:27, etlike honderde jare later! ’n Boek soos *Die Wonder van Jesus in die Ou testament* deur ds. Danie Haasbroek wys op honderde verwysings na Jesus in die Ou Testament.

Die engel sê self vir Daniël dat die visioene op die verre toekoms wys – nie vir hom in sy tyd nie! Vergelyk byvoorbeeld onderstaande gedeeltes:

**Dan. 8:17 en 19 :** Toe kom hy by my staanplek; en toe hy kom, het ek geskrik en op my aangesig geval. En hy het vir my gesê: “Let op, mensekind, want die gesig sien op die tyd van die einde. ... en gesê: Kyk, ek maak jou bekend wat aan die einde van die strafgerig sal gebeur, want dit sien op die bepaalde tyd van die einde.”
**Dan. 8:26 :** ”En die gesig van die aande en die môres waarvan gespreek is, dit is waarheid; en jy, hou die gesig geheim, want dit sien op ’n verre toekoms.”
**Dan. 10:14 :** “Ek het dan gekom om jou inligting te gee oor wat jou volk aan die einde van die dae te beurt sal val, want die gesig sien nog op die verre toekoms.”

**Dan. 12:4 :** "En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe; baie sal dit deursoek, en die kennis sal vermeerder."
**Dan. 12:9 :** En hy het gesê: "Gaan heen, Daniël, want die woorde bly verborge en verseël tot die tyd van die einde toe."

Prof. Alphonso Groenewald van Universiteit Pretoria se Teologiese Fakulteit skryf op www.teo.co.za in "Die Profete: Godsdienshistoriese posisie" [29] dat profete eintlik eers so 1000 v.C. eers verskyn het, en dat hulle monoteïsme ingevoer het. Met ander woorde die wete dat daar net een God is, het nie by die Jode of hul voorgangers voor daardie tyd bestaan nie. Hy skryf ook dat hulle net oor die hede en nabye toekoms ten opsigte van hulself gepraat het (dieselfde gedagte as dié van prof. Gerda de Villiers).

Ons kommentaar daarop is soos volg:

Moses was een van die grootste profete ooit, en hy het lank voor die tyd van die ander profete geleef (volgens James Ussher, onder andere gebaseer op Bybelse gegewens, 1571 tot 1491 v.C.). Bogenoemde 1000 v.C. is dus onsin. Profete het ook nie net oor die nabye toekoms gepraat nie – soos bevestig deur Jesus self wat in Joh. 5:46 en 47 sê:

Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe. En as julle sy geskrifte nie glo nie, hoe sal julle my woorde glo?

Jesus sluit ook die ander profete in soos opgeteken in Luk. 4:16-21 en hierdie gedeelte in Luk. 24:25-27 :

En Hy sê vir hulle: "O onverstandiges, met harte wat traag is om te glo alles wat die profete gespreek het! Moes die Christus nie hierdie dinge ly en in sy

29 "Die Profete: Godsdienshistoriese posisie", 2009-05-31 – http://teo.co.za/artikel/articles/196/1/Die-Profete-Godsdienshistoriese-posisie/Bladsy1.html

heerlikheid ingaan nie?" En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het.

Jesus bevestig dus dat die profete se skrywes oor gebeure eeue later ook gegaan het en allesbehalwe net hul eie insigte en idees was. Die hele gedagte dat monoteïsme eers by die latere profete ontstaan het, word onder andere weerspreek deur die gebeure van Eksodus, insluitende die Tien Gebooie wat lank voor die latere profete se optredes gegee is. Toe die Israeliete byvoorbeeld in 1491 v.C. in Eks. 32:19 (en vervolg) die goue kalf aanbid het, het God dit alreeds deur Moses baie duidelik gemaak dat Hy geen ander (af)gode duld nie. Dat God Homself nie van die begin af as Een Wese geopenbaar het nie, is 'n verregaande verdraaiing van die Bybelse boodskap van begin tot einde.

Om bogenoemde bewerings van proff. Le Roux, Müller, De Villiers en Groenewald te maak, moet mens duidelik die Bybelse gegewens eenvoudig nie glo nie.

# HOOFSTUK 3: Gevolge van verkeerde besluite aangaande Skrifbeskouing

Daar is waarskynlik geen duideliker bewys dat daar ’n ommekeer in die NG Kerk se Skrifbeskouing gekom het as dit wat in 2000 gebeur het nie. Dit was naamlik die bekroning van die boek van dr. Ben du Toit met die titel *God? Geloof in ’n postmoderne tyd* met die Andrew Murray-prys. Du Toit stel dit blatant dat die benadering dat die Bybel deur God ingegee is “onwetenskaplik en ontdaan is van enige integriteit”. Wat verbaas, is dat Du Toit ondanks artikels 3 tot 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis steeds ’n geordende predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is! Is dít integriteit? Is dit nie dalk ’n bewys daarvan dat die Woord van God nie regtig meer vir die NG Kerk die Woord van God is nie?

Uiteindelik kom die nuwe teologie, soos dit onder andere gestalte vind in Ben Du Toit se siening, daarop neer dat die soewereine werking van die Heilige Gees in die totstandkoming van die Bybel, ontken word. Die historiese Skrifkritiek wat, volgens Britz, “oor die afgelope 50 jaar die fundamentele uitgangspunt in die teologiese opleiding van die NG Kerk geword het”, het vanselfsprekend daartoe meegewerk dat baie van ons predikante in hierdie teologie opgelei is. Só verstaan en preek hulle ook die Skrif! Die boek *NG Kerk: Reformeer of ... Disintegreer* bespreek hierdie saak in diepte.[30]

Lidmate se ore tuit deesdae dikwels oor wat sommige jong dominees verkondig. Die oplossing lê egter nie daarin dat hulle bloot die waar-

30 *NG Kerk: Reformeer of ... Disintegreer*, deur Pieter J Pelser

heid moet probeer predik nie, maar dat hulle eerstens *die waarheid moet glo*.

Om die teologie van die nuwe Skrifbeskouing of historiese kritiek soos Britz dit noem, aan te hang en nogtans te sê dat jy in die Bybel as die Woord van God glo, is om 'n eierdans met woorde te probeer uitvoer. Daar is na ons mening vir diesulkes net een weg en dit is om soos prof. Sakkie Spangenberg as lidmaat van die NG Kerk te bedank.[31] Maar dit gaan nie sommer gebeur nie, want hulle sien hul beskouings as dié nuwe en belangrike waarhede. En om 'n bestaande kerk oor te neem behoort immers makliker te wees as om 'n nuwe kerk tot stand te bring.

Dit sal goed wees om nou meer spesifiek te kyk na die reaksie wat dit in die praktyk van die kerklike lewe tot gevolg gehad het. Ons moet veral daarop let hoe die NG Kerk amptelik deur sy Algemene Sinode daarop gereageer het. Weereens: Hoe ons die Skrif sien en daarmee omgaan, is allesbepalend.

Die Algemene Sinode van 2002 was 'n baie belangrike gebeurtenis. Dit is 'n onweerspreekbare feit dat daar met hierdie Sinode 'n algehele omkeer in die amptelike Skrifbeskouing van die NG Kerk begin het. Dít het gebeur met die aanvaarding van die verslag oor die gesag van die Skrif wat voor die Sinode gedien het.[32] Die bekende dr. Willie Marais het in Mei 2002, vóór die gemelde sinodevergadering wat in November sou volg, 'n brief aan die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake geskryf oor

---

31 Kyk ook die artikel "Broer Julian moet dalk maar soos Flip maak" van prof. JW (Hoffie) Hofmeyr in BY (bylaag van *Beeld*), Saterdag, 20 Maart 2010 waar hy voorstel dat prof. Julian Müller eerder bedank soos prof. Flip Schutte (http://www.glodiebybel.co.za/component/content/article/103-broer-julian-moet-dalk-maar-soos-flip-maak-2010-03-20.html).

32 "NGK besluit oor skrifgesag (2002-10-13)" – http://www.glodiebybel.co.za/component/content/article /104-ngk-besluit-oor-skrifgesag-2002-10-13.html

die verslag wat sou dien. In sy brief van 40 bladsye toon dr. Marais aan dat die verslag, indien dit aanvaar sou word, die (vorige) standpunt van die Sinode van 1986 sou kanselleer! Dit het beteken dat die Kerk amptelik 'n nuwe koers sou inslaan in sy siening van en benadering tot die Skrif. Ten spyte van dr. Marais en ander se pogings het die Sinode die verslag goedgekeur en daarmee die amptelike standpunt van die NG Kerk met betrekking tot Skrifbeskouing en Skrifverklaring radikaal gewysig.

Die volgende belangrike feit moet vooraf uitgewys word: Alhoewel daar by die begin van die 2002-verslag gesê word dat dit nie die Sinode van 1986 se verslag wil vervang nie, maar wil aanvul en verduidelik, het dié verslag tog wel die sinodebesluit van 1986 gekanselleer en vervang.

Die manier waarop in die 2002-verslag oor die Bybel gepraat word, het nie die effek om lidmate of predikante se geloof in die Bybel as Woord van God te versterk nie, maar om dit af te breek. Die "menslike" aandeel in die totstandkoming van die Bybel word op só 'n manier beklemtoon, dat die oorheersende soewereine werk van die Heilige Gees (2 Pet. 1:21) op die agtergrond gedruk word. Hierdie feit word duidelik uit onder andere die volgende sinsnedes wat in die verslag voorkom:

- "menslike karakter van die Skrif",
- "gewone mensewoorde",
- "die Bybel as menslike boek",
- "menslike "foute" in die Bybel",
- "volgens moderne standaarde nie voldoen aan wetenskaplike eksaktheid nie",
- "wetenskaplike "swakheid" ",

- "geen aanspraak op historiese eksaktheid nie",
- "Die voorbeelde [van foute in die Bybel] kan eindeloos vermeerder word",
- "As dit sou gaan om eksakte historiese feitelikheid, kwalifiseer die Bybel klaarblyklik nie as betroubaar nie",
- "Dus is die Bybel self reeds interpretasie wat in elke tyd opnuut vertolk moet word",
- "Selfs "fiksie" en "foute" staan in diens van die Waarheid",
- "Wat in een konteks die waarheid is, is in 'n ander 'n leuen",
- "bedoeling van die Skrif ... nie geleë in wetenskaplik korrekte informasie nie, maar in die heilskarakter daarvan",
- "bedoeling nie geleë in historiese eksaktheid nie",
- "beheptheid met die letter van die Skrif",
- "juis die moderne tyd as gevolg van dramatiese groei in kennis, ons diep onder die indruk gebring het van die feit dat die Bybel geen handboek is vir die wetenskap nie" en
- "die Bybel nie 'n bron van onfeilbare natuurwetenskaplike en historiese informasie is nie".

"Vleeswording van die Woord" beteken volgens hierdie verslag onder andere dat daar foute in die Bybel mag en behoort te wees. Mense wat dit nie wil aanvaar nie, is glo "fundamentalisties". Volgens dié verslag is die "historiese feite vir die Skrif van die allergrootste belang" en "alles in die Skrif draai om hierdie geskiedenis", maar 'n entjie verder in die verslag staan: "As dit sou gaan om eksakte historiese feitelikheid, kwalifiseer die Bybel klaarblyklik nie as betroubaar nie"! Hoe sinvol is sulke teenstrydighede?

Alhoewel daar ook geldige opmerkings in die verslag is, is die negatiewe en neerhalende tendens ten opsigte van die Bybel duidelik. Dit staan in

skrille kontras met die siening wat Christus sélf oor die Woord van God gehandhaaf het. Hy het verklaar "dat die Skrif nie gebreek kan word nie" (Joh. 10:35). Hyself haal die Ou Testament 180 keer aan as betroubare Woord van God!

Die opmerkings oor die Bybel wat hierbo aangedui is, kom in wese daarop neer dat ons die Bybel nie meer kan vertrou nie. As ons dan die Skrif nie ten opsigte van "gewone feite" kan vertrou nie, hoe kan ons dit dan vertrou ten opsigte van hoe God is? Kan ons dan nog glo in die verlossingsboodskap van die Bybel?

Die bostaande opmerkings uit die verslag is duidelik ook in teenstelling met wat Paulus se oortuigings oor die Bybel was. Hy het geskryf:

**2 Tim. 3:16 :** Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid.

In Hand. 24:14 sê Paulus aan goewerneur Felix dat hy "alles glo wat in die wet en die profete geskrywe is".

Ook wat Petrus oor die Bybel geskryf het, staan in kontras met die verslag naamlik:

**2 Pet. 1:21 :** ... deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek.

En Jesus het self gesê:

**Joh. 3:12 :** "Ek het julle van die aardse dinge vertel en julle glo dit nie, hoe sal julle glo as Ek vir julle van die hemelse vertel?"
**Joh. 5:46-47 :** "As julle Moses geglo het, sou julle in My geglo het, want hy het van My geskrywe. Maar as julle sy geskrifte nie glo nie, hoe sal julle my woorde glo?"
**Luk. 24:27 :** Daarna het Hy by Moses en al die profete begin en al die Skrif-uitsprake wat op Hom betrekking het, vir hulle uitgelê.

**Luk. 24:44 :** Daarna sê Hy vir hulle: "Dit is die betekenis van die woorde wat Ek vir julle gesê het toe Ek nog by julle was, naamlik dat alles vervul moet word wat in die wet van Moses en in die profete en psalms oor My geskrywe is."

Laastens is die strekking van die verslag ook in teenstelling met dit wat die profete van die Ou Testament self ten opsigte van die boodskap wat hulle van God ontvang het, geskryf het. Die skrywers verwys honderde kere in hul geskrifte na woorde wat hulle van God ontvang het.[33] Sou die woorde wat hulle uiteindelik neergeskryf het, slegs "mensewoorde oor God" wees, of was dit "God se Woorde"? As dit slegs mensewoorde oor God was, het die profete van die Ou Testament honderde kere gelieg! Dan het ons 'n boek vol leuens en bedrog! Deur die eeue heen het die kerk by monde van die belydenisskrifte bely dat die Bybel God se Woord is. Dit is wat Jesus, Paulus en Petrus ook bely het. Moet ons nou die sogenaamde meerdere lig van sekere hedendaagse geleerdes aanvaar?

Hoe sal ons ooit die vals apostels van 2 Kor. 11 herken as ons nie die Bybel as meetinstrument gebruik en glo nie?

**2 Kor. 11:13-15 :** Sulke mense is valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Christus. En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig. Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie. Maar hulle einde sal wees volgens hulle werke.

(Dit moet hier gesê word dat daar baie sinodegangers was wat téén die verslag gestem het. Dit is slegs met 'n meerderheid van stemme aanvaar – nie naastenby eenparig nie.)

---

33 Dit kan bepaal word deur onder andere die woorde "so spreek die Here" of "so sê die Here" op "e-Sword"-sagteware se AOV-weergawe te gaan soek.

Dit val 'n mens verder op dat die verslag geen poging aanwend om die vermeende foute, skynbare verskille in historiese verslaggewing, en sogenaamde nie-korrekte wetenskaplike inligting, in perspektief te stel of te verduidelik nie. Daar word byvoorbeeld geen gewag gemaak van die feit dat verskillende persone heeltemal verskillende verslae kan lewer oor een en dieselfde gebeurtenis nie. Elkeen lig die gebeurtenis toe vanuit sy eie verwysingsraamwerk. Een persoon bring feite na vore wat nie deur iemand anders waargeneem is nie. Daar is eenvoudig meer as een manier om 'n gebeurtenis te beskryf, sonder dat enige beskrywing as sulks noodwendig verkeerd is.[34]

Te midde van die verskeidenheid van persone en maniere van segging, het God egter soewerein oorheers en gesorg dat Sy Woord aanvanklik onfeilbaar neergeskryf is. In een van sy jongste boeke, *Die Bybel in die Weegskaal*, behandel dr. Willie Marais die sogenaamde "inkorrekthede en teenstrydighede" in die Bybel. Hy verduidelik dat die probleme in die Bybel gewoonlik vertaalprobleme, afskryfprobleme of verstaan-probleme is.

Alhoewel die bogemelde verslag oor Skrifgesag nie openlik wou kant kies vir die liberalisme nie, is daar tog 'n diep gebrek aan ootmoed en eerbied vir die Bybel as God se onfeilbare Woord. Deur die manier waarop oor die Bybel in die 2002-verslag geskryf word, word die soewereine leiding deur die Heilige Gees nie eerbiedig nie. Die verslag gebruik glad nie dieselfde taal as byvoorbeeld Artikel 3 van die Nederlandse Geloofsbelydenis nie, wat van die Bybel praat as die "Goddelike Skrif"!

Onder mooi klinkende teologiese beredenering word dít wat eintlik in die verslag gebeur, verberg. Dit is naamlik dat die mens op die troon

34 Vir sogenaamde foute en teenstrydighede in die Bybel, kyk voetnota 22 op bl. 18.

gaan sit en uiteindelik besluit oor wat waar is en wat nie waar is nie! Die menslike verstand word dus die hoogste gesag of eintlik vergoddelik! Dit is in lyn met wat in die teologie as die Skrifkritiese benadering bekend staan.

Hierdie nuwe siening van die Bybel as 'n kultuurbepaalde boek vol foute, het 'n groot rol gespeel in die feit dat die Algemene Sinode by sy laaste sitting in 2007 nie 'n sterk en finale standpunt wou inneem ten opsigte van homoseksualiteit nie (kyk "HOOFSTUK 4: Homoseksualiteit – 'n voorbeeld van die heersende manier van Skrifuitleg" hieroor). Die Kerk is gewoon besig om die agenda van die wêreld te volg. Laat die wêreld en die moderne menswetenskappe net lank genoeg iets sê, dan sê die moderne kerk dit agterna – of dit nou die Antropologie, die Sosiologie, die Sielkunde of die Opvoedkunde is! Dit ten spyte daarvan dat God nooit verander nie (Heb. 1:12 : "... Maar U, U bly dieselfde, en u jare het geen einde nie").

Onwillekeurig dring die vrae hulself na vore wanneer die NG Kerk sal besluit dat die maagdelike geboorte van Christus, Sy liggaamlike opstanding en die algemene opstanding van die dode, nie meer geglo hoef te word nie – ook nie die versoeningsleer en die wederkoms van Christus nie! Die leser is waarskynlik bewus daarvan dat gemelde loëning van basiese geloofswaarhede lank reeds wêreldwyd in sekere kringe in die teologie aan die gang is. Voortspruitend hieruit sal sommige teoloë ook vir ons sê dat ons nie meer hoef te glo in Hom nie, wat "vóór al die eeue uit die Vader gebore is; wat God uit God is, lig uit lig, ware God uit ware God, een in wese met die Vader, deur Wie alles tot stand gekom het" (kyk die Geloofsbelydenis van Nicea). Klanke

word nou reeds gehoor dat Christus net ’n mens was – ’n baie besondere mens ja, maar nogtans net ’n mens![35]

Intussen moet ons onsself afvra: Wat maak ons met die Skrifopdrag dat ons hulle wat die leer van die Woord loën, moet “vermy” (Rom. 16:17)? Hou ons nog “die belydenis” vas, soos Heb. 4:14 sê? Is ons besig om soos gestel in Judas vers 3: “kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is”? Die ironie is dat vermyding nie eers ter sprake is nie – selfs teregwysing deur en in die kerk word dikwels afgewys.

NG Kerk-lidmate wat die Bybel as die Woord van God eerbiedig, kom toenemend in reaksie. Baie kry koers na kerkgenootskappe wat bely dat hulle die Skrif as betroubare Woord van God glo. Heel onlangs het 60 lidmate in die Limpopo-provinsie en 40 in Kwazulu-Natal afskeid geneem van die NG Kerk.

---

35 Dit is baie belangrik om daarop te let dat hierdie glad nie ’n verdedigbare siening is nie. C.S. Lewis som dit baie mooi op:
“Ek probeer hier verhoed dat iemand die waarlike dom ding sê wat mense dikwels oor Jesus sê: ‘Ek is bereid om Jesus as ’n groot morele leraar te aanvaar, maar ek kan sy aanspraak dat Hy God is, nie aanvaar nie.’ Dis een ding wat ons nie moet sê nie. Iemand wat bloot ’n man was en die soort dinge sê wat Jesus gesê het, sou geen morele leermeester wees nie. Hy sou ’n waansinnige wees... of anders sou hy die Duiwel uit die Hel wees. Jy moet kies. Hierdie man was, en is, die Seun van God, of anders ’n malmens of iets ergers. Jy kan Hom as ’n dwaas opsluit, of op Hom spoeg en Hom as ’n duiwel doodmaak; of anders kan jy aan sy voete val en Hom Heer en God noem. Laat ons egter nie met patroniserende onsin vorendag kom dat Hy ’n groot menslike leermeester was nie. Dít het Hy nie vir ons oop gelaat nie. Dit was nooit sy bedoeling nie.”
(“Quotes by C.S. Lewis” – http://www.goodreads.com/author/quotes/1069006.C_S_Lewis)
Jesus erken dat Hy die seun van God is (of ontken dit nie): Matt. 4:3-7; 8:29-30; 11; 14:33; 16:13-20; 26:63-64; Mark. 3:11-12; 8:27-30; Mark. 14:61-62; Luk. 4:16-21,41; 5:20-24; 22:70; Joh. 1:49-51; 4:25-26; 10:36-42; 11:25-27; 14:6-31; 19:7.
Daarteenoor ontken ander dat hulle iets besonders is: Matt. 3:11 (Johannes die Doper); Hand. 10:25-26 (Petrus); Hand. 14:15 (Barnabas en Paulus).

Veral jongmense verlaat die NG Kerk in groot getalle en dit lei tot ’n kerk wat in verhouding baie minder jong volwassenes en kinders as ouer mense het. Volgens ’n verslag van ds. Kobus Schoeman het die totale getal NG-lidmate van 1.4 miljoen in 1981 afgeneem na minder as 1.2 miljoen in 2006 – dus ongeveer 14%.[36] Maar die getal dooplidmate het in dieselfde tydperk afgeneem van ongeveer 480 000 na 270 000 – dus ’n afname van ongeveer 44%. Die NG Kerk is dus besig om te verouder en sal mettertyd al vinniger krimp soos die ouer mense afsterf, tensy iets daadwerkliks verander.

Een van die redes vir die opsegging van lidmaatskap van die NG Kerk is ongetwyfeld die prysgawe van die geloof in die Bybel as die Woord van God soos wat oor die afgelope aantal jare by verskeie teoloë van die Kerk plaasgevind het. Maar heelwat onder die NG Kerk se invloedrykes redeneer presies andersom – hulle probeer die Kerk red deur al meer akkommoderend en liberaal te wees! ’n Kerk met groot getalle, al is dit moontlik ’n valse kerk, is vir hulle skynbaar die belangrikste.

NG Kerk-lidmate se bydraes word indirek aangewend om hierdie dwaalleraars te betaal. Alhoewel gemeentes se sinodale bydraes nie regtig direk gebruik word om die teologiese fakulteite te befonds nie, hou lidmate se tiendes die NG Kerk in stand. Gemeentes lewer studente wat by dié teologiese fakulteite studeer. (’n Groot rede vir die dwaling by die teologiese fakulteite is moontlik juis die feit dat dit nie befonds word deur die Kerk self nie, maar deur die Staat. Dit veroorsaak dat die fakulteite aan sogenaamde wetenskaplike vereistes moet voldoen en die wetenskap het gewoonlik ’n ongelowige uitkyk.

36 “NG Kerk-lidmate: verbruikers wat kies?” – http://www.bmedia.co.za/dienste/images/stories/mosdl/NGkerk-lidmate.pdf.

Dit is ook heel moontlik die rede hoekom Apologetiek nie op universiteit behandel word nie.)

Dit is duidelik dat die Algemene Sinode in 2002 eerder die woorde van die Nederlandse Geloofbelydenis oor die Skrif by lidmate moes tuisgebring het. Dit is naamlik: "Ons glo sonder twyfel alles wat daarin vervat is" (Art. 5) en "dat die leer daarvan heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is" (Art. 7).

In 'n bylaag tot sy brief aan die Algemene Sinode in verband met die verslag van 2002, behandel dr. Willie Marais die ongeveer 20 sogenaamde "foute" waarna die verslag verwys. Hy gee afdoende antwoorde daarop. Hy sluit af deur te sê: "Alles hang af van ons benadering tot die Skrif." Hy voeg by: "Die maklikste benadering is om af te breek en te sloop; die moeiliker een is om op te bou en te plant. Ons het 'n keuse."

Geagte leser, die oproep van die Skrif is in hierdie laat uur van ons NG Kerk se geskiedenis vir ons meer ter sake as ooit: "Maar jy, bly jy by wat jy geleer het en wat jy vas glo. Jy weet tog wie jou leermeesters was en jy ken van kleins af die Heilige Skrif." (2 Tim. 3:14-15).

('n Afskrif van " 'n Getuienis oor die Gesag van die Skrif" van die Reformator Konferensie wat by die NG gemeente Witfield op 16 en 17 September 2003 gehou is, is beskikbaar. Hierdie getuienis gee aan die gereformeerde belydenisstandpunt van die Nederlandse Geloofs-belydenis 'n baie suiwerder gestalte as dié van die verslag van die Algemene Sinode van 2002).[37]

---

37 Kyk voetnota 15 op bl. 8.

## Invloed van liberale Skrifbeskouing

Waartoe lei hierdie vreemde Skrifbeskouings by teologiese studente? Onderstaande is twee voorbeelde van die moontlike gevolge.

Leopold Scholtz het op 5 Februarie 2010 in 'n artikel "Ateïs mag predikant bly en sê God bestaan nie" in *Beeld* berig dat 'n predikant van die Protestantse Kerk in Nederland van sy preekstoel af verkondig dat God nie bestaan nie. "God is vir my geen wese nie, maar 'n woord vir wat tussen mense kan gebeur", het hy glo gesê. Lidmate in sy gemeente was baie ontsteld, maar sy kerkraad en die klassis van Zierikzee in die "oorweldigend konserwatief-Protestantse" provinsie Zeeland het bevind dat sy ateïsme nie die fondamente van die Kerk aantas nie, en hulle het die prosedure teen hom afgesluit.[38]

Willem Bakkes is 'n NG-proponent wat met ds. Klaas Hendrikse van Nederland saamstem dat God nie bestaan nie. In *Beeld* van 9 Februarie 2010 skryf hy (ons onderstreping): [39]

> Ek is 'n groot bewonderaar van Klaas Hendriks en is so bly dat hy selfs Beeld gehaal het. Sy punt is immers dat God nie bestaan nie, maar gebeur.
> My punt is ook dat God gebeur, ek voer die konklusie net een stap verder: God gebeur in ons koppe. Dis net soos 'n kind wat in 'n stadium bang raak vir spoke, iets gebeur in die kop. Later jare kan iets anders weer in die kind se kop gebeur wat hom dalk laat afsien van angs vir spoke.
> ...

---

38 "Ateïs mag predikant bly en sê God bestaan nie", 2010-02-05 – http://www.beeld.com/Wereld/Nuus/Ateis-mag-predikant-bly-en-se-God-bestaan-nie-20100205

39 Kyk "God bestaat niet, maar gebeurt ...", 2007-11-11 – http://www.ikonrtv.nl/daw/uitzending.asp?lIntItem=1&lIntEntityId=96 en ook Willem Bakkes se brief "Ek glo ook dat God in ons koppe 'gebeur'", 2010-05-09 – http://www.beeld.com/Content/MyBeeld/Briewe/1976/3a383b482bba42a3ba0b7b74978ca7b2/08-02-2010-09-22/Ek_glo_ook_dat_God_in_ons_koppe_'gebeur'

Ek kan mense tog nie prontuit laat verstaan dat hulle geen begrip het van die histories-wetenskaplike lees van tekste nie.

Tog moet mens soms die stoute skoene aantrek en mense laat verstaan dat jy glad geensins soos "almal" dink nie. Dus stem ek saam met Klaas dat God nie bestaan nie. As die laaste mens op aarde sterf, is God ook daarmee heen, want dan kan niemand God meer in 'n menslike lyf konstrueer nie.

My vriende kla dikwels dat ek goed veels te ingewikkeld probeer verduidelik, maar ek hoop ek het die saak eenvoudig genoeg gestel. Ek stem nie saam met alle kontoere van Klaas se denke nie, maar oor die kern is ek dit met hom eens.

(Einde van aanhaling)

In respons op prof. Jurie le Roux se afskeidswoord op 18 November 2009, skryf dieselfde Willem Bakkes:[40]

Ek wil graag dank betuig op die manier waarop ek geslyp is in die vak Ou Testament. Dit het my lewe omgekeer ten goede. Daarin het Professor Jurie Le Roux 'n groot aandeel gehad. Sy entoesiasme het my altyd aangespoor om nog meer te lees, en een woord sal ek altyd onthou: "Die een wat die meeste weet van die akademie (OT) beoefen dit die beste."

Hoe tragies – Willem Bakkes is dankbaar dat hy deur prof. Le Roux geslyp en sy lewe "ten goede" omgekeer is, maar hy glo nie meer aan God se bestaan nie! Hopelik was dít nie prof. Le Roux se doel nie, maar sy opleiding het duidelik nie die teologiese student op die pad van die ware geloof gehelp nie. Het prof. Le Roux se bevraagtekening van die historisiteit van Abraham en sy ontwykende uitsprake oor Jesus Christus se opstanding uit die dood, ook 'n rol gespeel in Bakkes se ongeloof? [41]

---

40 Kyk " 'n Afskeidswoord" op
http://teo.co.za/artikel/articles/263/1/n-Afskeidswoord/Bladsy1.html
41 Kyk op bl. 18 vir prof. Le Roux se siening oor Abraham. Kyk sy verwysings na Jesus se opstanding op http://www.teo.co.za/wmprint.php?ArtID=594.

Le Roux se positiewe kommentaar oor prof. Andries van Aarde, ’n afgetrede teologiese dosent van UP, se boek *Fatherless in Galilee*, wat sonder twyfel die Goddelike aard van Jesus Christus ontken, is eenvoudig skreiend. Alhoewel mens kan probeer argumenteer dat hy maar net Van Aarde se onchristelike spekulasie weergee, is dit na ons mening ’n skande dat hy geensins probeer om Van Aarde se God-onterende beskouing van Christus te weerspreek nie. Dit sluit stellings in soos (ons onderstreping): [42]

Dat Jesus God is, dat hy tegelyk God en mens is – soos die vierde-eeuse belydenisskrifte dit verwoord – is latere interpretasies en kan nie as primêre bronne vir die Jesustyd aanvaar word nie.
...
Jesus was ‟n “nobody”. So is hy gebore, so het hy geleef en so het hy gesterf: “Jesus of Nazareth died as he was born: a nobody among nobodies”.
...
Wie sy ma presies was, is onbekend. Van Aarde sê nie reguit dat sy ongetroud was toe sy Jesus verwag het nie. Dit kan ook wees dat haar man (soos dikwels voorgekom het) haar tydens swangerskap verlaat het. So ’n vrou is dan ’n “hoer” genoem en haar kind as die sondige gevolg van ’n owerspelige verhouding beskou. Klaarblyklik was Jesus so ’n kind. Hy sou altyd die smet van die gemeenskap dra.
...
Aanvanklik kon Jesus ’n kleinboer gewees het. Waarskynlik was hy nie ’n maklike persoon nie en was iets van sy latere rewolusionêre gedrag dalk vroeg reeds sigbaar.
...
Hy het ’n kinderlike vertroue op God gehad. As vaderlose wend hy hom tot God; beleef hy God as vader tot wie hy onbelemmerde toegang kon hê. Kortom: in Jesus se stryd met die gevolge van sy vaderloosheid het God sy vader geword.
...
Waarom het Jesus hom laat doop? Waarskynlik was hy ook soos Johannes van sonde, berou, vergifnis en bekering oortuig. Wat was egter die aard van Jesus

42 Kyk http://www.hts.org.za/index.php/HTS/article/view/548/447.

se sondebewussyn? Hy het swaar onder "sinful sickness" gebuk gegaan. Van sy neerdrukkende stigma as 'n vaderlose wou hy ontslae raak. Hy is deur die samelewing tot sonde gemaak en daarom die behoefte aan sondevergifnis.

...

Hy het 'n bepaalde ervaring met God gehad. Van Aarde verwys daarna as 'n "altered state of consciousness" en "his foundational experience of God". Wat dit presies was, is onseker, maar miskien het dit Jesus se religieuse oortuiging versterk dat God sy vader was, dat hy God se kind was en God se koninkryk inklusief was.

...

Waarin lê dan die rewolusionêre, die anderse van Jesus se bediening? In die feit dat hy die destydse samelewingsideologie en die -waardes trompop geloop het.

...

Waarskynlik het sy konfrontasie met die owerhede sy lewe gekos: "The kind of life Jesus lived led to his death". Op 'n dag het dinge te ver gegaan en na 'n woede-uitbarsting by die tempel het die Romeine Jesus gegryp en hom gekruisig. Hy is onder onbekende omstandighede dood en sy liggaam is nie in 'n familiegraf neergelê nie. Jesus het as 'n "nobody" gesterf en is waarskynlik saam met ander "nobodies" begrawe.

...

Alles sou verby gewees het as Jesus se navolgers nie oor hom begin praat het nie. In hulle vertellinge het hy opgestaan: "Jesus arose in the kerygma". Anders gestel: "Jesus lived on through the retelling of his cause". As gevolg hiervan het Jesusbewegings ontstaan waarin mense oor hulle "opstandings-ervaringe" vertel het. Vir hulle was dit asof hulle die opgestane Jesus "in an altered state of consciousness" ervaar het. Mettergaan het die kerk ontstaan. So iets was egter nie eers in Jesus se verste gedagtes nie.

(Einde van aanhalings)

Hoeveel hiervan het neerslag gevind by prof. Jurie le Roux se oud-studente, soos onder andere Willem Bakkes?

Geagte leser, as bogenoemde aanhalings jou ook geskok het, soos vir ons, gaan maar net terug na die Bybel en hou vas aan die talle en talle gedeeltes wat bogenoemde spekulasies tot onsin maak. Soos by-voorbeeld Jesus se woorde in Mat. 28:18 : "Aan My is gegee alle mag in

die hemel en op die aarde." Maar dit is natuurlik net waardevolle raad as jy die eerste leuen wat die misleier van die begin af gebruik het, naamlik dat die Bybel nie God se woorde is nie, nie glo nie.

In *Kerkbode* van 15 April 2010 skryf 'n derdejaar teologiese student van UP in "Waar is kerk se 'wiggle-room'?" die volgende:[43]

My gunstelingskrywer is John Shelby Spong.[44] Hy vertel van 'n "wiggle-room". Dit is die spasie in die kerk waar uiteenlopende beskouings en opinies geakkommodeer kan word.

Waar is dit in ons kerk? Is ek net 'n goeie en aanvaarbare Christen wanneer ek net glo en stilbly, en ophou vrae vra? Ek het dit lank probeer, maar dit werk nie meer vir my nie. Waarmee sukkel ek?

Ek stem byvoorbeeld nie saam met al Angus Buchan se leerstellings nie. Ek bevraagteken en kritiseer dit. Maar ek gun diegene wat dit aanhang die geleentheid en ruimte om dit te doen. Ek kon nie die "Draai terug na God"-veldtog steun nie, want ek vind so 'n veldtog onsensitief teenoor ander gods-dienste.

Ek wil nie meer behoort aan 'n kerk wat homoseksuele mense tot sondaars veroordeel nie. Die moderne wetenskap werp veel meer lig op homo-seksualiteit as die antieke Bybel. Ek wil homoseksuele mense integreer en deel maak van die kerk sonder om hulle te probeer verander.

Ek wil nie meer vermaan word omdat ek anders dink oor die Bybel én die manier waarop die Bybel gelees en verstaan moet word nie.

(Einde van aanhaling)

---

43 "Waar is kerk se 'wiggle-room'?", 2010-04-15 – http://www.kerkbode.co.za/GedrukteBrieweLees.asp?type=1&ID=855&Start=0&Offset=15&number=12

44 Kyk bl. 146 vir meer oor Spong.

’n Medeskrywer van hierdie boek het in 2010 met drie teologiese studente telefonies gepraat (een derdejaar- en twee finalejaar-studente). Hier volg ’n paar kommentare van elkeen van hulle.

### *Derdejaarstudent* [45]

Volgens hom is baie studente geskok oor wat hulle by die Teologiese Fakulteit leer.

Reeds baie vroeg in hul studies word hulle gekonfronteer met geloofs-vrae waarop geen antwoorde gegee word nie. Inteendeel, hulle word geleer om nog meer geloofsvrae te vra.

Dosente het ’n baie wetenskaplike benadering.[46] Dit gaan glad nie noodwendig oor die bevordering van die Christelike geloof nie. Baie dinge word afgemaak as onbelangrik, soos byvoorbeeld of Maria wel ’n maagd was toe sy swanger met Jesus was.

Hy stem nie met alles saam wat aan hulle geleer word nie.

### *Finalejaarstudent 1*

Hy beveel Karen Armstrong se boek *The Case for God* aan.[47]

Sy siening oor homoseksualiteit het verander van voor sy studies tot nou en hy glo nie meer dat dit sonde is nie.

Sy siening is dat ons nie met baie sekerheid kan sê dat Christene reg is nie. Hy glo egter nog dat sendingwerk belangrik is.

---

45 Kyk op bl. 185 vir ‘n vollediger weergawe van sy opinies.
46 Kyk ook voetnota 11 op bl. 5.
47 Kyk bl. 144.

Sy siening oor belydenisskrifte is dat dit ’n interpretasie van die Bybel in daardie tyd is. Ons kan vandag ons eie belydenisskrifte opstel.

### *Finalejaarstudent 2*

Hy het ’n baie positiewe ervaring op universiteit. Hy geniet dit om elke dag klas toe te gaan.

Hy stem nie met alles saam wat aan hulle geleer word nie. Daar is ook baie frustrerende dinge.

Die dosente se benadering is dat hulle ’n wetenskap beoefen (hy het hierdie ’n paar keer gesê). Geestelike groei is nie die Teologiese Fakulteit se verantwoordelikheid nie – hulle kyk slegs objektief na dinge. Die Fakulteit poog glad nie om studente se geloof te versterk nie – jy moet dit elders gaan soek. Die Teologiese Fakulteit is nie ’n seminarium nie.

Hy glo dat homoseksualiteit sonde is, maar dit is soms moeilik om dit openlik te bely omdat ’n mens gesien word as veroordelend oor ander.

Hy glo dat Genesis in ballingskap geskryf kon wees van mondelinge oordrag, maar die ballinge het nie Genesis uitgedink nie.

Ons het lank gepraat oor prof. Jurie le Roux se siening dat Abraham (en Adam) nie histories was nie (kyk bl. 18) en wanneer Judaïsme ontstaan het. Sy gevoel was dat Judaïsme vir die eerste keer by Abraham ontstaan het en dat Abraham moontlik sommige dinge by die gelowe van daardie tyd geleen het. Na ’n lang gesprek het hy begin besef dat die volgende siening ook geldig is: God het van die begin ’n verhouding met Adam en ander mense gehad. Mense het afvallig begin word en God het almal uitgewis behalwe Noag en sy gesin. Ná Noag het die mense weer begin afvallig raak en ander gelowe het ontstaan wat

oorspronklik gebaseer was op die ware geloof in die ware God en nie andersom soos op universiteit geleer word nie.

### *Ander lande*

In die artikel “Preachers Who Are Not Believers” van Daniel Dennett [48] word voorbeelde genoem van predikante in ander lande wat in effek maar ateïste is en wat so geword het as gevolg van ’n liberale siening oor die Bybel. Hier volg ’n paar aanhalings wat die verhaal van ene Wes (’n skuilnaam) skets. Hy is een van vier voorbeelde in hierdie artikel en is nog steeds ’n predikant by ’n gemeente (ons onderstreping):

Wes, age 42, has been the pastor of a liberal Methodist church in the Northwest for 10 years ... was raised Baptist in the South and attended a liberal Christian college and seminary before moving west. Although he rejected his family’s conservative views as a young adult, he was positively involved in the life of the church in his youth.

[Wes said:]

I went to college thinking Adam and Eve were real people. And I can remember really wrestling with that when my Old Testament professor was pointing out the obvious myths and how they came to be. And I kind of joked at the time that I prayed my way all the way to atheism. Because in the early days, it was wrestling with God; praying to God.

The difference between me and an atheist is basically this: <u>it’s not about the existence of God</u>. It’s: do we believe that there is room for the use of the word “God” in some context? And a thoroughly consistent atheist would say, “No”.

---

48 “Preachers Who Are Not Believers” –
http://www.epjournal.net/filestore/EP08122150.pdf
Daniel C Dennett is ’n ateïs en filosoof by Tuft Universiteit. Vir meer oor hom en Tuft Universiteit, kyk byvoorbeeld http://en.wikipedia.org/wiki/Daniel_Dennett , http://www.ted.com/talks/dan_dennett_s_response_to_rick_warren.html en http://ase.tufts.edu/cogstud/. Kyk ook http://www.glodiebybel.co.za/component/content/article/84-tuft-university.html.

Our goals are to help people become freer than they were before, and to be transformed. So if becoming a Christian transforms a person's life for the better, I have no problem with them becoming a Christian. But I also have no problem with it if it means betraying Christianity, if that's what helps them. And I think many of my colleagues, if they were in this kind of environment [confidential interview], would admit to that. They wouldn't, though, in front of their bishops.

They are very liberal. They have been de-mythologized, I'll say that. They don't believe Jesus rose from the dead literally. They don't believe Jesus was born of a virgin. They don't believe all those things that would cause a big stir in their churches. But that's not uncommon in mainline denominations, or even in the Catholic Church. I mean, you have a professional class of people, basically, who are working with an organization of non-professionals.

[One of my church members who became a close friend once asked me:] "Do you think there is a being out there somewhere?" And at that point, I knew him well enough, so I said "Oh, no." He absolutely died laughing! And he said, "You know, I've really been wrestling with that myself, but I've never met anybody who just said, "Oh, of course not!"

I'm interested in community, relationships. And I believe the argument could be made that that's what Jesus was interested in anyway ... And I'm also there for people who are recovering Christians. There are a lot of people out there who have been damaged by Christianity. And they feel guilty that they're not a Christian – or that they're not practicing or whatever. I'm their ideal pastor, because they can come to me and be told that they don't need to feel guilty.

(Einde van aanhaling)

Daar is na ons mening geen twyfel oor die destruktiewe invloed van liberalisme nie – nie hier of elders nie. Wat, indien enigiets, gaan die NG Kerk daaraan probeer doen? Sal die Kerk byvoorbeeld oorweeg om haar eie kweekskole, onafhanklik van enige staatsbeheer, tot stand te bring? Uiteraard sal die Kerk dan teologiedosente kan aanstel wat nog staan by gereformeerde Bybelse beginsels.

Dit is opmerklik hoeveel keer homoseksualiteit in die genoemde aanhalings ter sprake gekom het. Ons kyk in die volgende hoofstuk in meer besonderhede daarna.

# HOOFSTUK 4: Homoseksualiteit – ’n voorbeeld van die heersende manier van Skrifuitleg

## Inleiding

Ter inleiding sal gekyk word na wat die oorsprong van homoseksualiteit is en wat die Bybel daaroor te sê het. Ons glo dat die kerk, soos met enige ander sonde, die mense wat daaronder lei, in alle deernis na God se verlossing behoort te begelei. Op bl. 68 word voorstelle hieroor gegee.

Verskeie wetenskaplike studies is al gedoen om die oorsaak te probeer plaas op breinverskille, genetiese oorerwing of selfs op verskille in die gene self. Geen werklik bruikbare verwantskap is al gevind nie.[49] Selfs al sou so ’n verwantskap in die toekoms bepaal word, kan morele waardes nie beïnvloed word deur biologiese afwykings nie. As ’n persoon byvoorbeeld gebore word met ’n geen wat veroorsaak dat hy ’n kleptomaniak is, kan ’n mens nie daarom diefstal wettig omdat die persoon so gebore is nie.[50] Niks sal die Bybelse verklaring vir homo-seksualiteit, en ander sondes, se oorsprong kan wegneem nie, naamlik dat die oorsprong in die sondige aard van die mens se hart lê. Let daarop dat dit in die eerste plek oor die sondige toestand van die mensdom sedert die sondeval gaan:

49 http://creation.com/focus-214 en *Science*, 23 April 1999, bl. 571, 665–667
50 Kyk “Hermaphrodites and homosexuality” – http://creation.com/hermaphrodites-and-homosexuality.

**Mark. 7:21-23 :** Want van binne, uit die hart van die mense, kom die slegte gedagtes, egbreuk, hoerery, moord, diewery, hebsug, boosheid, bedrog, losbandigheid, afguns, lastering, hoogmoed, dwaasheid. Al hierdie booshede kom van binne uit en maak die mens onrein.

**Rom. 1:26-32 :** Daarom het God hulle oorgegee aan skandelike hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang. En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkentenis te hou nie, het God hulle oorgegee aan 'n slegte gesindheid, om te doen wat nie betaam nie: Hulle is vervul met allerhande ongeregtigheid, hoerery, boosheid, hebsug, ondeug; vol nydigheid, moord, twis, bedrog, kwaadaardigheid; nuusdraers, kwaadsprekers, haters van God, geweldenaars, trotsaards, grootpraters, uitvinders van slegte dinge, ongehoorsaam aan die ouers; onverstandig, ontrou, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, onbarmhartig, mense wat – al ken hulle die verordening van God goed, dat die wat sulke dinge doen die dood verdien – dié dinge nie alleen self doen nie, maar ook hulle goedkeuring skenk aan die wat dit doen.

Psigologiese verwantskappe is wel al tot 'n mate bepaal, soos byvoorbeeld:

- Homoseksuele persone het gewoonlik 'n swak verhouding gehad, of het steeds, met hul ouers van dieselfde geslag.
- Homoseksuele persone was dikwels as kinders homoseksueel gemolesteer of verkrag deur ouer persone.

'n Siening van die ontwikkeling van homoseksualiteit, wat klop met die Bybelse gegewens, is die volgende:

- Die primêre oorsaak is die mens se sondige hart, wat die gevolg is van die sondeval.

- Sekondêre invloede is dinge soos die optrede van homoseksuele vriende en familie, eksperimentering, swak familieverhoudings, seksuele aanranding deur ouer persone ensovoorts.
- Uiteindelik kan dit lei tot homoseksuele dade en neigings.

Hier volg ’n kort opsomming van die standpunte oor homoseksualiteit in die NG Kerk oor die afgelope dekades.

## Standpunt van die NG Kerk in 1986

’n Klein kykie terug sal vir ons meer lig oor die saak gee: In 1986, dit wil sê 16 jaar vóór die koersverandering in 2002, het die Algemene Sinode vir die eerste keer amptelik standpunt ingeneem oor die saak van homoseksualiteit. Die besluit het soos volg gelui:

1. Homoseksualiteit is in die lig van die Skrif ’n afwykende vorm van seksualiteit.
2. Homoseksuele praktyke en homoseksuele verhoudings moet afgewys word as in stryd met die wil van God soos in die Heilige Skrif geopenbaar.
3. Die homoseksuele lidmaat mag nie op grond van sy afwykende gerigtheid as sodanig, die belewing van gemeenskap van die heiliges en die geleentheid tot diens in belang van die koninkryk van God ontsê word nie.

Punt 3 laat ongelukkig niks blyk van die berading wat homoseksueelgerigte persone behoort te ontvang nie, en waarin die kerk alle steun behoort te gee. Maar tenminste is die besluite duidelik gedefinieer.

## Groot omkeer in standpunt in 2002

In 2002 doen die Algemene Sinode ’n groot omkeer ten opsigte van homoseksualiteit! Die eerste punt van die Besluiteregister 2002 oor homoseksualiteit lui dat die Sinode hom nie meer langer sonder meer

kan vereenselwig met die besluit van 1986 nie en dat die saak oop is in afwagting op die besluit van die volgende sinodesitting. Hier volg die besluit van die Algemene Sinode oor homoseksualiteit van 2004 (ons kommentaar hierop is in vierkantige hakies ingevoeg):

**Besluit van die Algemene Sinode oor homoseksualiteit in 2004**

Dit is die roeping van die Kerk om die Evangelie van Jesus Christus in alle omstandighede en aan alle mense te bring. Daarom is dit die Kerk se taak om die lig van God se Woord ook op die terrein van menslike seksualiteit te laat val, sodat die boodskap van hoop en bevryding in Jesus Christus – ook met betrekking tot hierdie aspek van die lewe – tuisgebring kan word.

[Hou in gedagte dat seksuele uitlewing binne die huwelik tussen man en vrou deur God aan die mens geskenk is, en dus nie oor dieselfde kam geskeer kan word as die bevryding wat nodig is van ander seksuele uitlewings nie. Kyk onder andere na 1 Tess. 4:4 waar spesifiek gesê word dat elkeen sy eie vrou moet kry.]

Dit is ook die roeping van die Kerk om sonder vooroordeel, bewus van ons eie gebrokenheid, ons lidmate op te roep en te begelei om in waarheid, en met liefde en deernis voor God, met mekaar om te gaan.

[Dit moet baie duidelik gestel word dat die kerk nie aan “vooroordeel” skuldig is as sy haar lidmate aanspreek oor duidelike sondes volgens die Bybel nie.]

In die lig hiervan vra die Algemene Sinode verskoning aan alle homoseksueles en hulle families, binne en buite die Kerk, vir elke geval waar die Kerk sulke mense in die verlede, onder andere as gevolg van ’n gebrek aan leiding, seergemaak en veronreg het en waar God se liefde nie in die Kerk se optrede raakgesien kan word nie.

[Die kerk behoort om verskoning te vra as haar lidmate nie homoseksueles in liefde gewys het op die nodigheid van bekering van hierdie

spesifieke sonde nie, en hulle nie probeer help het om hiervan verlos te word nie.]

Die Algemene Sinode is diep geraak deur die pyn en lyding, verwerping en eensaamheid van persone wat op een of ander wyse met die werklikheid van homoseksualiteit gekonfronteer is. Daarom onderneem ons om met mekaar saam op weg te gaan, deur:

- In liefde mense te ondersteun op persoonlike vlak en die nodige ondersteuningsisteme daar te stel op alle vlakke.
- Met die middele tot ons beskikking die nodige pastorale begeleiding te verskaf, as daar ’n behoefte is.

[Pastorale hulp en begeleiding behoort in die grootste liefde te geskied maar kan uiteindelik tug ook insluit wat kan lei tot uitsetting uit die kerk volgens die Bybel. Uitsetting sal hopelik nooit die uiteindelike resultaat wees nie – dit is ons diepste wens dat verandering sal plaasvind. “... as daar ’n behoefte is” mag nie beteken dat die homoseksuele persoon maar mag voortgaan met sy lewenswyse nie.]

- Saam te besin oor wat ’n Bybels-gefundeerde pastorale model is om homoseksuele persone te versorg.

[“en te bevry” behoort hier bygevoeg te word.]

Die Algemene Sinode erken dat daar in die Kerk verskillende vertolkings is van die beskikbare Skrifgegewens oor homoseksualiteit.

[Die kerk behoort te aanvaar dat daar net een ware vertolking van die Skrif is oor homoseksualiteit, naamlik dat die uitlewing daarvan sonde voor God is. Die redenasie van verskillende moontlike vertolkings is onaanvaarbaar want, gemeet dááraan kan die Kerk ook nie byvoorbeeld verklaar dat Jesus ware God is nie, gegewe die uitsprake van baie moderne hoogsgeleerde teoloë wat Jesus se Godheid verwerp.]

Ons onderneem om die gesprek en studie oor hierdie saak met groot erns voort te sit met die oog daarop om die Kerk en ons lidmate op die mees verantwoordelike manier te dien.

[Ons glo dat die Bybel baie duidelik oor hierdie saak is alhoewel die presiese wyse van hulpverlening en berading, in alle afhanklikheid van die Here, sekerlik kan verbeter.]

Volgens ons verstaan van die Skrif kan slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou word. (Handelinge, Algemene Sinode 2002: bladsy 624, 12: 11, punt 2.)

[Laat ons vertrou dat die Algemene Sinode nie die Skrif in die toekoms anders gaan verstaan oor hierdie saak nie. Laasgenoemde punt kort die bykomende verklaring dat seksuele uitlewing slegs toelaatbaar binne die huwelik is. Dit is nodig om dit so te stel want alleen dán is dit duidelik dat homoseksuele uitlewing ontoelaatbaar is.]

In aansluiting by die Algemene Sinode van 2002 bevestig die Algemene Sinode 2004 dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuïteit ten sterkste veroordeel word.

[Enige homoseksuele uitlewing – nie net promiskuïteit nie – is sonde voor God en moet dus veroordeel word. Kyk na die Skrifgedeeltes in Levitikus 18:22 en 20:13. Daar is wel goeie Bybelse redes om die doodstraf nie meer in die Nuwe-Testamentiese tyd daarvoor toe te pas nie, maar sekerlik verander dit nie die sondigheid van homoseksuele uitlewing voor God nie.]

Die Algemene Sinode is daarvan oortuig dat alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, ingesluit is in God se liefde en dat hulle op grond van hulle doop as volwaardige lidmate van die Kerk aanvaar behoort te word.

[Geen mens wat volhard in die sondes wat pertinent in die Bybel uitgespel word, sonder die voorneme om daarmee te breek, behoort

uiteindelik, nadat die pad van tug in liefde deurloop is, ’n lidmaat van die kerk te bly nie.]

Dit is ons oortuiging dat ons alle mense se getuienis oor hulle geloof en toewyding, sowel as hulle seksuele oriëntasie, ernstig moet opneem en hulle integriteit moet aanvaar.

[Enige mens wie se getuienis oor hulle geloof en toewyding strydig is met hulle optrede soos gemeet aan die Skrif, se integriteit kan nie aanvaar word nie.]

## Oktober 2006: NG Kerk se parlementêre verteen-woordigers

In Oktober 2006 het die NG Kerk se parlementêre verteenwoordigers, drs. Ben du Toit en Kobus Gerber, die Suid-Afrikaanse Regering aanbeveel om voort te gaan om homoseksuele huwelike te wettig.[51] In die betrokke dokument (wat ’n samevoeging is van ’n begeleidende brief aan alle kerke van die gereformeerde tradisie en die voorlegging aan die Parlement self) word daar onder andere die volgende gesê (ons onderstreping):

Met ’n voorlegging aan die parlement is ons basis-dokument die Grondwet – en moet ons die staat help om dit konsekwent te interpreteer tot die beskerming van die regte van alle mense.

...

51 Kyk “Begeleidende Brief met Voorlegging oor Huwelikswet (spesifiek die Wetsontwerp op Burgerlike Verbintenisse)” – http://www.ngkok.co.za/Homoseksualiteit/Begeleidende_Brief_met_Voorlegging_oor_Huwelikswet.pdf. En ook “NG Kerk staan by sy siening van die huwelik”, 2006-10-14 – http://www.news24.com/Rapport/Nuus/0,,752-795_2013725,00.html. Vir meer artikels, gaan gaan kyk by http://www.glodiebybel.co.za/geloofskwessies-m/56-ngk-homoseksualiteit-kat.html of soek op www.beeld.com se argiewe tussen byvoorbeeld 2006-10-01 en 2006-10-31.

Dit is daarom tog jammer dat sommige Christelike groepe, partye en kerke vir hulleself die morele hoëgrond opeis deur hulleself daarop te beroem om “die Bybelse standpunt” voor te staan (en dit hoër te ag as ’n sekulêre Grondwet).
...
Die Wetsontwerp op Burgerlike Verbintenisse moes dus (soos alle ander wetgewing) in die lig hiervan, asook in die breëre konteks van die bestaande Huwelikswet (wat tans nie voldoen aan die beginsels van die Grondwet nie – sien die voorlegging) beoordeel word. Hoe het ons in hierdie opsig te werk gegaan?

Eerstens, deur ons instemming met die basiese beginsels van die Grondwet duidelik uit te spel. Dit is belangrik sodat ons in die konteks van die staatsstrukture daarop kan aanspraak maak dat ons ernstig opgeneem sal word.
...
Die MA [Marriage Alliance] sien die toekomstige wetgewing, wat homoseksuele verbintenisse op dieselfde vlak in terme van regte en status met die heteroseksuele huwelik stel, as ’n bedreiging vir die Christelike huwelik. Ons meen dat hierdie vrees ongegrond is, aangesien niks verander rondom die bepalinge van die Christelike huwelik nie. Buitendien is die kerk die beskermer van die huwelik: hoe ons die huwelik wil verstaan en beskerm is ons verantwoordelikheid.
...
Ons as Christene van Gereformeerde tradisie het ook nie almal presies dieselfde beskouing oor homoseksualiteit nie. Soos in die meeste kerke is daar diep verskille oor die saak of mense van dieselfde geslag in ’n verhouding van liefde en trou legitiem verbind mag word.
...
Vir baie Christene in die kerk is weerhouding van seksuele aktiwiteite deur homoseksueles ’n voorwaarde vir aanvaarding, aangesien die uitleef van homoseksualiteit as sonde gesien word. Vir ander is sulke voorwaardelike aanvaarding van gays ’n ernstige probleem in die lig daarvan dat hulle seksualiteit verstaan word as ’n gawe van God wat die potensiaal het om enige verhouding te verryk, as deel van die mees basiese behoefte van alle mense aan sorg en intimiteit.

Dat hierdie verskille berus op verskillende interpretasies van die Bybel as Woord van God, is egter nie relevant vir die doeleindes van die herskrywing van die huwelikswet nie, maar word slegs hier genoem om daarmee aan te dui dat ons hier met ‘n baie sterk en diep emosionele saak te doen het, wat op

hierdie oomblik in die geskiedenis van die kerk wêreldwyd groot uitdagings stel aan die leierskap van die Christelike geloof. Vir hierdie emosie oor die saak behoort daar by almal van ons begrip te wees. Vir sommige sal dit uitermate problematies wees om te dink aan 'n "huwelik" in terme van mense van dieselfde geslag. Vir ander sal niks minder nie as juis dit, 'n aanduiding wees van die aanvaarding van die gelykwaardigheid van alle mense voor die reg.

...

<u>Ons is dus ten gunste van een oorkoepelende wet</u>, wat moontlik die benaming van Burgerlike Verbintenisse (Civil Unions Act) kan dra, maar waarin daar dan aan al die moontlike kategorieë van huwelike (en verbintenisse) dieselfde waarde toegeken sal word. Daarin sal nie alleen die Christelike huwelik erken word nie, maar ook ander soortgelyke verbintenisse van ander godsdienste en kulture, soos die Jode, Moslem, Hindu's, Budiste, Afrika-godsdienste, <u>asook dieselfdegeslag-verhoudinge</u>.

...

In die lig van die totale beredenering hierbo, <u>moedig ons die Nasionale Parlement aan om spoedig op te tree</u> om die huidige huwelikswetgewing met Art 9 van die grondwet te versoen deur die daarstelling van 'n nuwe wet wat die gelykwaardigheid van alle mense sal erken. Ons vertrou dat die parlement sodoende homself daarvan sal weerhou om enige maatreëls daar te stel wat geloofsgemeenskappe sal verhinder om die seën van gesonde huweliks- en gesinsstrukture te beleef in ooreenstemming met die oortuiging van daardie geloofsgemeenskap.

(Einde van aanhaling)

Iemand wat daar was, getuig dat een van die parlementêre kommissielede vir drs. Ben du Toit en Kobus Gerber gevra het of hulle hul Kerk verteenwoordig, waarop hulle geantwoord het dat hulle redelik seker is dat dit hulle Kerk se standpunt was. Op daardie stadium was die NG Kerk egter nog besig om te besin oor die derde verklaring oor homoseksualiteit en het eers in Junie 2007 hulle amptelike verklaring uitgereik (kyk later)!

Daar is Christene wat beweer dat die NG Kerk se parlementêre verteenwoordigers wetlik nie 'n keuse gehad het nie, maar die woorde: "... <u>moedig</u> ons die Nasionale Parlement aan om <u>spoedig</u> op te tree om

die huidige huwelikswetgewing met Art 9 van die grondwet te versoen deur die daarstelling van 'n nuwe wet wat die gelykwaardigheid van alle mense sal erken" skep glad nie die idee dat dit met 'n swaar hart gedoen is omdat hulle nie 'n keuse gehad het nie. Verder was dit 'n tyd van onderhandelinge – 'n tyd waar elkeen 'n kans gegun is om hulle opinies op die tafel te sit. Ons parlementêre verteenwoordigers het 'n gulde geleentheid verby laat gaan om die Bybelse standpunt oor te dra. Hulle het inteendeel eerder onbybelse standpunte probeer bevorder.

Selfs die laaste sin in die aangehaalde gedeelte: "Ons vertrou dat die parlement sodoende homself daarvan sal weerhou om enige maatreëls daar te stel wat geloofsgemeenskappe sal verhinder om die seën van gesonde huweliks- en gesinsstrukture te beleef in ooreenstemming met die oortuiging van daardie geloofsgemeenskap", wat met 'n eerste lees lyk of dit normale huwelike se behoud bepleit, vra eintlik vir die daarstel van homoseksuele huwelike en gesinstrukture óók. Gemeet aan die parlementêre verteenwoordigers se voorafgaande betoog, is dit die enigste logiese gevolgtrekking wat mens kan maak.

Drs. Ben du Toit en Kobus Gerber se verklaarde doel daarmee was om die normale huwelik tussen een man en een vrou 'n beter kans te gee om steeds deur die Regering aanvaar te word, deurdat die NG Kerk (hulle het eintlik 'n voorlegging namens alle gereformeerde kerke probeer maak) vra dat al bogenoemde Bybelse en onbybelse verbintenisse wetlik erken word. Ons ondersteun die verandering van die huwelikswet om ook die huwelike tussen nie-Christene wettig te maak, maar nie tussen mense van dieselfde geslag nie. Die NG Kerk moes dít duidelik uitgespel het.

Hierdie soort kompromieë is definitief nie deel van God se voorskrifte aan Sy kerk nie. Daar is vandag Christene wat ly en selfs sterf vir hulle geloof. Selfs kompromieë soos: "Ek sal ontken dat ek in God glo as jy

my nie sal doodmaak nie” bestaan nie vir hulle nie. Dit moenie gaan oor die beskerming van die NG Kerk se regte nie, maar dat die Kerk moet doen wat vir God reg is, maak nie saak wat die koste sou wees nie. God sal wel die NG Kerk bewaar as die Kerk aan Hom gehoorsaam bly. En as die Kerk wel vervolg word oor haar siening, moet haar lidmate daarmee tevrede wees. Die Bybel sê “ ’n Leerling is nie hoër as sy leermeester nie ...” (Matt. 10:24) en daarom moet ons vervolging verwag (kyk Matt. 10:16-38; Joh. 15:18-20; 2 Kor. 11:23-33; Hand. 7:52 en nog baie meer). Die Bybel sê ook dat ons nie gelyk moet word aan hierdie wêreld nie (Rom. 12:2; 2 Kor. 3:19; 2 Kor. 7:31).

Daar is nog argumente wat gebruik kon word teen homoseksuele huwelike. Sommige daarvan is:

- Homoseksualiteit is nie ’n natuurlike of gesonde leefstyl nie.[52]
- Daar is baie lande in die wêreld waar homoseksuele huwelike nie geld nie (niks keer homoseksuele mense egter om te “trou” nie, maar die kwessie is of die staat so ’n huwelik erken en of dieselfde voordele geld as vir ’n normale huwelik). Byvoorbeeld volgens ’n episode van *The Oprah Winfrey Show* in 2009 of 2010 word homoseksuele huwelike in die staat Kalifornië in Amerika nie deur die staat erken nie. (Oprah het nie geskroom om haar misnoë met hierdie besluit uit te spreek nie.)
- Alhoewel die getal wedergebore Christene in Suid-Afrika ongelukkig seker redelik min is, is die amptelike statistiek dat 80% van alle Suid-Afrikaners Christene is.[53] Verder is die Suid-Afrikaanse volkslied se woorde “God seën Afrika” en is geskryf deur ’n Christen – dus het hy nie ’n ander god as die enigste ware God bedoel in die lied nie. Christelike waardes behoort dus hoog geag te word in ons land.

52 Kyk “Homosexuality Facts and Fiction” – http://www.equip.org/articles/homosexuality-facts-and-fiction.
53 Volgens die 2001-sensus (kyk www.statssa.gov.za of www.gov.za.)

Anesca Smith skryf op 18 Oktober 2006 in *Volksblad* in die artikel "NGK verras met voorstel oor gay-huwelike" onder andere die volgende: [54]

> Vorster [prof. Koos Vorster van die teologiese skool in Potchefstroom] het gesê wetgewing, ook die Grondwet, is nie neutraal nie, maar het gegroei uit 'n bepaalde waardestelsel.
> "Die wetsontwerp beredeneer die saak van wetlike homoseksuele verbintenisse uit 'n Europese sekulêre humanistiese lewens- en wêreld-beskouing. Daarom is daar so baie verset daarteen; ook by ander godsdiens-gemeenskappe in Suid-Afrika."
> "Regte is nooit absoluut nie. Regte kan en moet in belang van gemeenskappe soms beperk word."

Ons moenie té polities korrek probeer wees en beginsels steun wat deur mense uitgedink is en in die proses ons rug op God se beginsels draai nie. Menseregte is gebaseer op mense se feilbare sieninge en dit is die kerk se plig om die regering leiding te gee om die regte (Bybelse) dinge te doen. Ons moet sover ons kan verseker dat die regering besluite neem wat in lyn is met die Bybel, want dit is ook tot voordeel van almal – wie anders as God weet wat goed is vir die mens?

As die NG Kerk bereid was om voor te stel dat homoseksuele huwelike wettig moet word, wat teenstrydig is met die Bybel, wat van ander kwessies wat ook met die Bybel teenstrydig is? Wat van kwessies soos pornografie, aborsie, prostitusie en dwelmgebruik? (In Nederland is dwelmgebruik en prostitusie nie teen die wet nie – dink maar aan die bekende "De Walletjes" in Amsterdam.) Moet die kerk ook die wettiging van hierdie kwessies in die toekoms goedkeur om mense toe te laat om hulle regte uit te oefen? En saamwoon: Moet die NG Kerk voorstel om vir saamwoon dieselfde status te gee as die huwelik?

---

54 "NGK verras met voorstel oor gay-huwelike", 2006-10-18, *Volksblad* – http://152.111.11.6/argief/berigte/volksblad/2006/10/19/VB/4/polgaywet.html

Ongelukkig is hierdie nie maar net teoretiese vrae nie, soos later aangetoon word in "HOOFSTUK 7: Die huwelik in die spervuur".

Heelwat mense propageer 'n alternatiewe maatstaf vir 'n Bybelse maatstaf, naamlik dat iets eers verkeerd of onwettig is slegs indien dit iemand anders benadeel. Dit behoort 'n redelik goeie maatstaf te wees, maar selfs dít word nie deur die humaniste konsekwent toegepas nie, want aborsies is wettig in baie lande – ook in Suid-Afrika – en dit is vanselfsprekend baie nadelig vir die ongebore baba. Miljoene sou daarvan getuig – as hulle maar net kon.

## Kerk se besluit oor "gay"-wees

Op 8 Junie 2007 reik die NG Kerk sy nuutste verklaring oor homoseksualiteit uit:[55]

**Die Algemene Sinode besluit soos volg:**

1. Die Bybel is ons uitgangspunt en in ons nadenke oor homoseksualiteit soek ons eerlik na maniere om die Bybelse waardes betekenisvol binne die konteks te interpreteer.
2. Ons aanvaar die liefde van Christus as die enigste geldige grondhouding waarop verhoudinge binne die geloofsgemeenskap gebaseer word. Alle mense is geskep na die beeld van God; die verlossing in Christus is vir alle mense en die Gees is uitgestort op alle gelowiges. Daarom aanvaar ons die menswaardigheid van alle mense.
3. Alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, is ingesluit in God se liefde en hulle word op grond van hulle doop en geloof as lidmate van die kerk van Christus aanvaar. Onder lidmaatskap word verstaan toegang tot die sakramente, toegang tot die ampte en onderworpenheid aan die kerklike tug.

---

55 "NG Sinode: Verslag oor homoseksualiteit", 2007-06-08 – http://www.glodiebybel.co.za/geloofskwessies-m/56-ngk-homoseksualiteit-kat.html

4. Die Algemene Sinode herbevestig die besluit van 2004 dat, volgens ons verstaan van die Bybel, slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as ’n huwelik beskou kan word.
5. Die Algemene Sinode bevestig ook die besluit van 2004 dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuïteit ten sterkste veroordeel word.
6. Die Algemene Sinode besluit dat, in die lig wat ons tans het, homoseksuele verbintenisse/huwelike nie as ’n alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie.
7. Die verlening van predikantsbevoegdheid is ’n funksie van die Algemene Sinode. Die sinode besluit dat homoseksuele gelegitimeerdes wat ’n selibate lewenstyl beoefen tot die predikantsamp toegelaat word.
8. Die AS erken die diskresie van kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes in die gees van Christelike liefde te hanteer.

Die Algemene Sinode verklaar dat die besluit van 8 punte oor homoseksualiteit as ’n eenheid aan die Sinode gestel is en dat hierdie besluit as ’n eenheid gelees en verstaan moet word.

(Einde van aanhaling)

Dit is ’n verwarrende verklaring: As homoseksualiteit veroordeel word, dan is dit nie nodig om te sê dat homoseksuele promiskuïteit veroordeel word as sonde nie (punt 5). Party kan dit vertolk dat dit beteken dat homoseksualiteit nie verkeerd is nie, maar wel homoseksuele promiskuïteit, want nêrens in die verklaring word gesê dat homoseksualiteit as sonde veroordeel word nie. Punt 6 doen dit nie – dit verklaar slegs dat dit nie ’n alternatief vir die huwelik is nie. En wat beteken punt 6 prakties? In die lig daarvan dat die NG Kerk se parlementêre verteenwoordigers vroeër aan die Suid-Afrikaanse Regering voorgestel het dat homoseksuele huwelike gewettig word, wat moet die Kerk met sulke huwelike doen as dit nie ’n alternatief vir ’n huwelik tussen ’n man en vrou is nie? Veronderstel twee ongelowige mense wat in ’n homoseksuele huwelik is kom tot bekering, hoe moet

die Kerk dít hanteer? Gaan daar van hulle verwag word om te skei? Dit sou baie eenvoudiger gewees het indien die Kerk duidelik verklaar het dat hulle homoseksuele verbintenisse nie erken nie.

Die ironie is dat drs. Ben du Toit en Kobus Gerber steeds die NG Kerk op die hoogste vlak, as lede van die moderamen, verteenwoordig.

## Teoloë bevraagteken homoseksualiteit as sonde

### *Di. Johann Symington en Laurie Gaum*

In 2005 stel dr. Peet Botha sy boek *Die Sinode en Homoseks* vry. Botha se siening is dat homosekstoleransie, dit wil sê die beskouing dat homoseks ’n normale variant van seksualiteit is, ’n volskaalse aanslag op die kernwaarhede van die Skrif is.

Ds. Johann Symington, toe redakteur van die *Kerkbode*, weier eers om ’n betaalde advertensie van Botha se boek in die *Kerkbode* te plaas, maar op die ou einde laat hy dit tog toe.[56] Dit sê moontlik iets oor ds. Symington se sentiment rondom die saak.

Ná die nuutste verklaring oor homoseksualiteit in 2007, in ’n onderhoud met ds. Johann Symington op Freek Robinson se TV program, “Fokus”, op Sondagaand, 10 Junie 2007, praat Symington asof die nuwe beleid (van 8 Junie 2007) nie noodwendig teen homoseksuele verhoudings of homoseksuele huwelike gekant is nie. Volgens ds. Laurie Gaum, ds. Frits Gaum se seun en praktiserende homoseksuele predikant, is hy teleurgesteld, maar dit is nie die einde nie. Hierdie soort gesprekke wek argwaan en frustrasie by lidmate, omdat die Sinode hom nie duidelik

56 “NG Kerk 'ontsondig' homoseks, sê dominee”, 2005-08-07 – http://152.111.1.87/argief/berigte/rapport/2005/08/07/R1/10/05.html

teen onder andere homoseksuele verhoudings uitgespreek het nie, en die NG Kerk op vele terreine onbeholpe uitgebeeld word.

### *Prof. Julian Müller*

Op 12 Maart 2007 voeg prof. Julian Müller sy steun by homoseksuele verhoudings in die artikel “Die Bybel as ’n slaanstok”. Hy sê onder andere die volgende (ons onderstreping):[57]

Die dilemma moenie en kan nie opgelos word deur ’n óf-óf-benadering nie. Dit is nie óf die Bybel óf die getuienis van gay Christene nie, maar albei.

Dit is juis die stemme van mense wat met integriteit getuig van ’n situasie waarin hulle hulself bevind, wat ons help om met nuwe oë na die Bybel te kyk.

Wanneer ’n mens hierdie en talle ander vrae oorweeg, <u>kom ’n mens tot die gevolgtrekking dat die Bybel nie op ’n oorvereenvoudigde en letterlike basis gelees kan word as jy tot ’n verantwoordelike standpunt oor gay verhoudings wil kom nie.</u>

Daar kan nie maar net op die voetspoor van ’n paar tekste wat oënskynlik homoseksualiteit veroordeel, maklike en veralgemeende uitsprake gemaak word nie.

(Einde van aanhaling)

### *Ander*

Op 30 Mei 2007 pleit verskeie bekendes in ’n ope brief aan die Algemene Sinode van die NG Kerk dat die Kerk openlike “gay” predikante op die kansel moet toelaat. Dit sluit die volgende teoloë in: ds. Frits Gaum, dr. Alphonso Groenewald, prof. Julian Müller, prof. Wentzel van Huyssteen, ds. Willem Nicol, prof. Denise Ackerman, dr.

57 “Die Bybel as ’n slaanstok”, 2007-03-12 – http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/2007/03/14/B1/15/juliankerk.html

Sorita Baard, dr. Allan Boesak, dr. Gerrit Brand, prof. Johan Cilliers, prof Etienne De Villiers, prof. Yolanda Dreyer, ds. Liena Hoffman, prof. Louis Jonker, prof. Christo Lombard, ds. Llewellyn MacMaster, prof. Elna Mouton, prof. Jeremy Punt, prof. Gert Steyn en dr. Robert Vosloo.[58]

Wie die verskillende besluite oor homoseksualiteit vanaf 1986 tot 2007 noukeurig lees, merk dadelik op dat die Algemene Sinode nie net sy standpunt oor homoseksualiteit verander het nie, maar dat hy ook ’n eierdans uitgevoer het! Dit het nie gebeur omdat die Bybel onduidelik is oor homoseksualiteit nie. Inteendeel, die Bybel is selfs duideliker hieroor as oor seks vóór die huwelik (kyk Bybelverwysings hieronder). Dit is omdat die Sinode sy nuwe Skrifbenadering waaroor hy in 2002 besluit het, toegepas het! Hierdie benadering is dat ons die “breë boodskap” van die Bybel in ons Skrifverklaring moet toepas. Hierdie metode word ook die “skopusbenadering” genoem. Die breë, of die skopusboodskap van die Bybel is in hierdie geval dan kwansuis “die liefde”. Wanneer twee manne of twee vroue mekaar dus “liefhet”, is hierdie homoseksuele of lesbiese verhoudings in orde – ongeag wat die Bybel op verskillende plekke sê! Die mees basiese reël van gereformeerde Skrifverklaring is dat ons Skrif met Skrif moet vergelyk. Hierdie reël is egter nie toegepas nie.

Vir lidmate wat glo dat die Bybel die Woord van God is, is een ding moeilik verstaanbaar: Hoe kan teoloë en predikante wat sê dat hulle in die Bybel as die Woord van God glo, standpunte inneem wat direk in stryd is met dit wat swart op wit in die Bybel staan? Weereens kan geen duideliker voorbeeld genoem word as dié oor homoseksualiteit

---

58 “Brief aan NG Kerk: 'Laat gay leraars toe'”, 2007-05-30 en “Ope Brief Aan Die Algemene Sinode Van Die NG Kerk”, Junie 2007 – http://www.glodiebybel.co.za/component/content/article/125-2007-06-01-ope-brief-aan-die-algemene-sinode-van-die-ng-kerk.html

nie. Skrifgedeeltes wat duidelik leer dat homoseksualiteit ’n gruwelike sonde is, is goed bekend (kyk vir voorbeelde op die volgende bladsy). Ten spyte van hierdie uitsprake sê die gemelde teoloë dat homoseksualiteit “binne die konteks van ware liefde” as “alternatiewe seksualiteit” aanvaar moet word. Selfs ’n huwelik vir so ’n paartjie is op dié manier in orde! Natuurlik is daar geen tekste wat ter ondersteuning van hierdie standpunt aangehaal kan word nie, maar om tekste aan te haal, is in elk geval volgens sommige liberales se Skrifbeskouing “fundamentalisties”!

’n Volgende vraag wat hom aan lidmate opdring, is waarom ánder dominees en teoloë wat dieselfde Bybel lees, presies die teenoorgestelde gevolgtrekking maak as eersgenoemdes. Die antwoord op die bostaande vraag is weereens eenvoudig: Dit is omdat hierdie twee groepe dominees en teoloë heeltemal verskillende sienings oor die Bybel en die gesag daarvan het. Daarom het hulle ook verskillende maniere waarop hulle met die Bybel omgaan en die boodskappe daarin vertolk.

Vir die een groep predikante en teoloë is die Bybel ’n baie ou boek wat in ooreenstemming met die kultuur en wêreldbeskouing van dáárdie tyd geskryf is. Die kultuur en die wêreldbeskouing het dus bepaal wat in die Bybel geskryf is (let op: nie die Heilige Gees nie). Elke nuwe geslag teoloë moet nou vir sy eie geslag die betekenis van dit wat in dáárdie tyd geskryf was, “opnuut vertolk” (kyk weer na die 2002-verslag waarna op bl. 29 verwys word). Só, verseker hierdie geleerdes ons, kom ons dan by die nuwe “geldende waarheid”. Hierdie benadering kan ook genoem word die “kontekstuele hermeneutiek”. Volgens hierdie verklaringsbeginsel kom ’n mens dan uiteindelik by die logiese gevolgtrekking dat die Bybel, soos prof. Ferdinand Deist geskryf het, “nie God se Woord is nie, maar mensewoorde oor God”. Prof. Deist was professor by Unisa, later by Pretoria en nog later by Stellenbosch.

Sy, en ander se siening oor die Bybel, kon nie anders nie as om teologiese studente met dieselfde soort teologie “toe te rus”. Is ons verras daaroor dat sinodes besluite geneem het soos wat hulle oor die afgelope twee dekades gedoen het? Moet ons enigsins verbaas wees oor die “klanke” wat ons van sekere preekstoele af hoor – of wat ons in sekere dominees se geskrifte lees? Die kerk gaan mos maar in dié rigting waarin sy teologiese skole gaan!

Die ander groep predikante en teoloë glo die Bybel soos dit geskryf is. Die Bybel veroordeel homoseksuele dade as sonde voor God: Lev. 18:22, Lev. 20:13 en Rom. 1:24-27. 1 Kor. 6:9-10 noem mense wat homoseksualiteit beoefen in dieselfde sin as onsedelikes, afgodsdienaars, egbrekers, diewe, geldgieriges, dronkaards, kwaadpraters en bedrieërs en 1 Tim. 1:9-10 in dieselfde sin as goddeloses, sondaars, mense sonder eerbied vir wat heilig en gewyd is, dié wat vader of moeder doodmaak, moordenaars, ontugtiges, ontvoerders, leuenaars en dié wat meineed pleeg. Die Bybel veroordeel homoseksuele begeertes as sonde (kyk na die beginsel van Matt. 5:27-30). Die Bybel verklaar dat gedagtes weerstaan kan word voor dit in begeertes en dade verander (Jak. 1:12-15). Hoewel ons sondige gedagtes nie kan keer om by ons op te kom nie, laat dit ons nie magteloos nie. Sodra dit in ons gedagtes opkom, stel dit ons voor ’n keuse: Deur ’n wilsbesluit en God se genade kan ons die gedagte verwerp en uit ons denke verban; of ons kan die teendeel besluit en die begeerte toelaat om in ons denke te bly en nes te maak.

Die kontekstuele hermeneutiek wat ten opsigte van die Bybel deur die eerste groep toegepas word, sê ook dat die kultuur van destyds, en dit wat in die Bybel staan, bymekaar gepas het, daarom was die boodskap van die Bybel vir die mense van daardie tyd toepaslik, goed en reg. Vir óns, die mense van óns dag, is dit egter “agtergehaald”, dit wil sê: outyds! Toe Paulus byvoorbeeld in Rom. 1 geskryf het oor homo-

seksualiteit, het hy aan die Romeine geskryf, nie noodwendig aan die mense van vandag nie. Onwillekeurig laat hierdie benadering ten opsigte van die Bybel ’n mens dink aan Satan se bevraagtekening (Gen. 3:31 : “Het God [regtig] gesê … ?”) van dit wat God vir Adam en Eva gesê het. Wat God vir alle tye gesê het, word onder verdenking geplaas. Satan saai – soos destyds – twyfel in mense se harte oor die woorde van God. Dit het gelei tot die oersonde wat die mensdom in hartseer en pyn gedompel het!

## Benadering van die homoseksuele persoon

In die debat oor homoseksualiteit is daar ’n roesemoes van standpunte. Dít maak dit baie moeilik om perspektief te behou. Daar is sommige heteroseksueles wat (op grond van Bybelse uitsprake) die homoseksuele summier uit die hoogte veroordeel sonder enige poging om hulle seksuele oriëntering en situasie te begryp. Diesulkes kan hulself gewoonlik nie indink in die wêreld van die homoseksueel nie, juis omdat hulle heteroseksueel georiënteer is en die blote gedagte van seksuele omgang met dieselfde geslag vir hulle afstootlik is. Hulle het natuurlik ’n dubbele argument vir hulle standpunt, naamlik hulle eie oriëntasie én die uitsprake in die Bybel.

Ander het simpatie met die homoseksuele en vra begrip vir hulle seksuele orëntasie en hulle gevoelens. Nog ander is neutraal en verklaar eenvoudig dat die homoseksuele toegelaat moet word om hul eie keuses te maak. En tussen hierdie standpunte is daar natuurlik ook verskillende vlakke van beoordeling.

Net so handhaaf die homoseksueles ook verskillende standpunte. Sommige sê eenvoudig: “Los ons uit! Ek is bly ek is gay.” Ander wroeg daaroor en probeer verander, klop om hulp aan by sielkundiges, probeer om ’n verhouding met die teenoorgestelde geslag aan te

knoop, selfs in die huwelik te tree, ensovoorts. Ander vra ’n simpatieke oor vir sy belewenis van sy oriëntasie. So het ene Wayne in *Rapport* geskryf dat hy in ’n goeie, liefdevolle gesin grootgeword het, dat hy van kleins af verlief geraak het op sy seunsmaatjies, en verder: “Ek's gay en as ek een wens kon kry, dan sal dit wees om “straight” te wees. Ek sou so graag ’n vrou en kinders wou hê. Ek kon nog nooit aanvaar ek’s gay nie … So baie gebid dat die Here my moet verander … Ek leef baie na aan die Here en ek weet, ek weet, Hy het my lief … So, hoekom is ek gay. Dis maar my kruis wat ek moet dra.” [59]

Die heteroseksuele Christen wat werklik met die liefde van Jesus in sy hart lewe, kan nie so iemand summier veroordeel en sê dat Hy hom nie kan liefhê nie. Die feit is immers dat God die wêreld (geen uitsondering gemaak nie!) so liefgehad het dat Hy Sy enigste Seun gegee het sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe kan hê (Joh. 3:16). Daarteenoor leer die Bybel ook dat God die sonde haat. Dit is by hierdie punt dat baie die fout begaan om NIE ’n onderskeid te sien tussen die sonde en die sondaar nie. Dit is immers menslik om die kwaaddoener te haat, saam met die kwaad wat gedoen word.

Mag ons as heteroseksuele Christene dan iemand wat iets doen wat God duidelik en onomwonde verbied, veroordeel? Sekerlik nie! (Matt. 7:1-5). Wanneer ons teen sonde waarsku, is dit nie per se om die een wat gewaarsku word, te veroordeel of te verdoem nie. Dit is presies wat die “gay” persoon ervaar in die debat rondom homoseks. Hy ervaar dat hy dikwels summier veroordeel word.

---

59 “Forum: Seksuele voorkeur – is dit veranderlik?”, 2010-05-20 – http://www.rapport.co.za/MyRapport/JouStorie/Forum-Seksuele-voorkeur-is-dit-veranderlik-20100520

Soos alreeds in hierdie hoofstuk gesê is, veroordeel God in Sy Woord homoseks/sodomie as ’n gruwelike sonde en noem dit in dieselfde sin as die dade van onsedelikes, afgodsdienaars, egbrekers, diewe, geldgieriges, dronkaards, kwaadpraters, bedrieërs, goddeloses, sondaars, mense sonder eerbied vir wat heilig en gewyd is, moordenaars, ontugtiges, ontvoerders, leuenaars ensovoorts. Geen twyfel word dus gelaat oor hoe God self oordeel oor homoseks nie.

Wat doen ons dan met ons simpatie/empatie vir die “gay” persoon?

Dit is juis waar die onderskeiding tussen die sonde en die sondaar geld. God het Sy liefde vir die sondaar verklaar en bevestig in Jesus Christus (Joh. 3:16 en ander). Terselfdertyd het Hy ook, in die wrede kruisdood van Jesus, Sy afkeer vir die sonde gedemonstreer. Die gelowige wat hierdie vaandel wil dra, sal dan ook sy liefde vir sy medemens uitleef, terwyl hy ook terselfdertyd teen daardie medemens se sonde getuig en dit bestry. In Lev. 19:17 gee God die opdrag: “Jy moet jou naaste vrymoedig berispe, sodat jy om sy ontwil geen sonde op jou laai nie.”

Hierby kom dan ook die probleem van die hermafrodiet/tweeslagtige persoon. (Mens sou ook kon vra waarom sommige mense skisofrene, kleptomane ensovoorts is). As God dan die Albeskikker is, waarom is hy/sy dan so gebore? (Dit sluit ook die homoseksuele mense in wat daarop aanspraak maak dat hulle so gebore is). Dr. Don Batten skryf in hierdie verband:[60]

> In the broadest sense, hermaphroditism is due to sin, though not the particular sin of the person or the parents, etc., but the general fallen nature of mankind since the Rebellion. So God has withdrawn some of His sustaining power from the creation and things are falling apart. Consequently we see mutations, cancer and developmental abnormalities.

---

60 Kyk voetnota 50 op bl. 49.

Dr. Batten skryf ook: “Morality cannot be decided by biological abnormalities.” Dit beteken óók dat homoseksuele aangetrokkenheid/ betrokkenheid in gehoorsaamheid aan God bestry moet word. Daarom is die aangewese weg vir gelowiges om die “gay” persoon wat getuig dat hy in God (en Sy Woord) glo, in liefde en deernis te begelei. Ons moet hom help om in te sien dat sy oriëntasie die gevolg van sonde is – die mens se sondige en vervalle bestaan as gevolg van die sondeval – maar dat daar verlossing, vryspraak en lewe is deur Jesus Christus (Rom. 5:12-21 en 7:21-24). Ons moet ernstig vir hulle bid en saam met hulle bid – sonder ’n gesindheid van “ek is beter as jy”.

In so ’n benadering dra ons die liefde van God, die liefde vír God en die liefde vir ons medemens uit na die homoseksuele persoon. Om egter te redeneer dat die liefdesgebod wat Jesus ons gegee het (Luk. 10:27), beteken dat ons die sondaar saam met sy sonde moet akkommodeer, is ’n dwaling. Inteendeel, om dít te doen is liefdeloos en sou toon dat ons geen probleem het met die tragiese weg waarop die sondaar hom- of haarself bevind nie. Daar bestaan eenvoudig geen hermeneutiese of eksegetiese weg waarlangs ons iets waaraan God ’n afkeer het en ’n gruwelike sonde noem, kan regverdig nie.

Daarom is enige huwelik of verbintenis tussen persone van dieselfde geslag van meet af onversoenbaar met die Woord van God. Hy het onweerlegbaar man én vrou, mét hulle aangetrokkenheid tot die teenoorgestelde geslag, verskillend geskep met die doel dat hulle binne die huwelik (1 Kor. 7:8,9 en 36) sou voortplant: “Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde” (Gen. 1:27,28 en 9:1). Vir hierdie doel het Hy ook die huwelik tussen een man en een vrou ingestel. Jesus self het dit bevestig toe Hy gesê het: “Het julle nie gelees dat Hy wat hulle gemaak het, hulle van die begin af man en vrou gemaak het en gesê het: Om hierdie rede sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy *vrou* aankleef, en *hulle twee* sal een vlees wees” (Matt. 19:4-5).

Om dieselfde redes verbied God ook seks buite die huwelik – en dít geld vir alle mense – van watter seksuele oriëntasie hy of sy ookal mag wees. Seks buite die huwelik is promiskuïteit. Daarom is dit skokkend dat die NG Kerk toelaat dat sy moderamenlede by die Regering aanbeveel dat “gay” huwelike gewettig word, in plaas van om onomwonde te getuig: “So sê die Here ...”

Die Kerk se leierskap moet besef dat lidmate na hulle opsien vir leiding. Daarom moet hulle óók besef dat “die wagters op die mure wat die vyand sien aankom en die stadpoorte vir hulle gaan oopmaak”, ’n dure prys sal betaal:

**Eseg. 33:6-8 :** As daarenteen die wag die swaard sien kom en met die basuin nie blaas nie, sodat die mense nie gewaarsku is nie, en die swaard kom en neem ’n siel uit hulle weg—dan is hy deur sy ongeregtigheid weggeneem, maar sy bloed sal Ek van die hand van die wag eis. En jy, o mensekind, Ek het jou as wag oor die huis van Israel aangestel; en as jy ’n woord uit my mond hoor, moet jy hulle van my kant waarsku. As Ek aan die goddelose sê: o Goddelose, jy sal sekerlik sterwe, en jy spreek nie om die goddelose vir sy weg te waarsku nie, dan sal hy, die goddelose, deur sy ongeregtigheid sterwe; maar sy bloed sal Ek van jou hand eis.

Die skrywers van hierdie boek wil dus ’n beroep op u, die leser, doen om met deernis, liefde en verantwoordelikheid met homoseksuele mense om te gaan, maar terselfdertyd daaraan vas te hou dat ons daartoe verbind is om God se Woord “reg te sny”, soos Paulus ook geskryf het:

**2 Tim. 4:2-4 :** ... verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering; want daar sal ’n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle ’n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels.

Die kerk moet ook besef dat bekering noodsaaklik, maar net die begin van die pad van berading vir homoseksuele mense is. Dit is ongelukkig dikwels 'n eensame en lang pad. Homoseksuele mense moet baie vinnig kontak met hul homoseksuele vriende verbreek. Veral in die geval van mans, sal hulle onwaarskynlik ander mansvriende hê, want laasgenoemde assosieer nie graag met hulle nie. Maar hulle gaan juis op die pad van herstel gewone Christenmansvriende nodig hê. En dít is waar die kerk 'n geweldig belangrike rol kan en behoort te speel.

## Ander bronne oor homoseksualiteit

Vir meer oor hierdie onderwerp, kyk:

- "Morality and Ethics Questions and Answers" – http://creation.com/morality-and-ethics-questions-and-answers
- "Homosexuality Facts and Fiction" – http://www.equip.org/articles/homosexuality-facts-and-fiction
- "Homosexual animals" – http://creation.com/homosexual-animals
- "Creationism and the problem of homosexual behaviour" – http://creation.com/creationism-and-the-problem-of-homosexual-behaviour
- "Hermaphrodites and homosexuality" – http://creation.com/hermaphrodites-and-homosexuality
- "'Is your baby gay?' – setting the record straight" – http://www.bpnews.net/BPFirstPerson.asp?ID=25194 (R. Albert Mohler Jr.)
- "Hoax 'testimony' and Hoax endorsement" – http://creation.com/hoax-testimony-hoax-endorsement
- "Die Bybel oor homoseksualiteit" – http://www.glodiebybel.co.za/component/content/article/85-die-bybel-oor-homoseksualiteit.html

- “Die NG Kerk en homoseksualiteit” – http://www.glodiebybel.co.za/geloofskwessies-m/56-ngk-homoseksualiteit-kat.html –

# HOOFSTUK 5: Aanslag op die Woord vanuit postmodernistiese denkwyses

Wat gaan aan in die NG Kerk? Hierdie is ’n vraag wat in die laaste tyd al meer en meer gevra word. Daar is groeiende ontevredenheid onder teoloë en lidmate van die NG Kerk oor die dwaalleer wat volgens alle aanduidings deur sommige teoloë en dosente in dié Kerk verkondig word.

Aan die ontvangkant van die ontevredenheid staan onder andere die sogenaamde “Nuwe Hervormers” en die “Jesus Seminaar”-teoloë, wie se betreklik vertroulike gesprekke in redelik geslote kringe op die lappe gebring is deur ’n DVD getiteld “Nuwe Strominge in die Teologie: Word die hart van die Evangelie uitgeruk?”. In dié produksie bring die samesteller daarvan, Sarel van der Merwe, aan die lig wat dié teoloë sélf sê en dít is juis wat lidmate en ander teoloë uiters verontrus.

In wese is die postmoderne teoloë se verstaan van die Skrif van so ’n aard dat daar nie juis veel van die evangelie oorbly nie. Die maagdelike geboorte van Christus én sy liggaamlike opstanding word verwerp. Die kruisdood word deur sommige geleerdes as ’n wrede daad van die Vader uitgebeeld. ’n Vader wat Sy Seun doodmaak vir die sondes van ander, moet gehaat word. Dit is een van John Dominic Crossan se uitlatings[61] en nogtans word dikwels waarderend na hom verwys deur sommige Suid-Afrikaanse teoloë. Die Bybel word nie meer gesien as die ware, geïnspireerde en onfeilbare Woord van God nie, maar as ’n versameling werke wat niks méér sê nie as bloot wat mense in die

61 Toespraak by ’n konferensie “Jesus in Context: Who Was He?” by die Duke Universiteit, 19-21 Februarie 1998

verlede oor God geglo het. Ons kan dus nie meer oor die Bybel as die Woord van God praat nie en 80% van wat die Bybel oor Jesus sê, is glo nie die waarheid nie. Jesus is ’n figuur oor wie skrywers hulle eie konstruksies gemaak het en elkeen van ons kan dan ook maar sy eie konstruksie maak. In die lig van ons moderne wêreldbeskouing, moet ons kwansuis vandag die Bybel herinterpreteer.

Baie lidmate is bekommerd oor die invloed van sulke leerstellings in die Kerk. Vandag se studente is immers môre se predikante. Die geskiedenis het geleer wat leermeesters slegs as moontlikheid aan hulle studente oordra, later deur dié studente as evangelie verkondig mag word. Vandag se katederteologie (dosente se teologie) is môre se kanselteologie (predikante se teologie). (Kyk weer “Invloed van liberale Skrifbeskouing”, bl. 39.)

Volgens dr. Jan Grey in die *Juig!*-artikel “Wat Gaan Aan in die N.G. Kerk” in Mei 2008, “is daar beslis ernstige ongereformeerde (en dalk selfs Godlasterlike) dinge gesê en geskryf deur die betrokke teoloë”. Dit is na sy mening só erg dat “sou die NG Kerk nie met die nodige kerk- en leertug teen sodaniges optree nie, sal dit beteken dat die Kerk, kragtens die Kerkorde en belydenisskrifte, ’n vals kerk geword het”. Hy wys daarop dat die legitimasie-eed wat predikante afgelê het onder andere sê: “Ek verwerp alle dwalings wat teen hierdie [gereformeerde] leer stry en beloof om dit te weerlê, teë te spreek en alles in my vermoë te doen om dit uit die Kerk te weer.” [62] (Daar moet onthou word dat ’n kerklike tugondersoek slegs plaasvind nadat ’n formele klag via die regte kanale gelê word. Elke lidmaat en predikant wat van sulke dinge bewus is, het gelyke verantwoordelikheid om klagtes aanhangig te maak [kyk weer

---

62 *Juig!*-artikel – http://www.juig.co.za/article.php?id=20

Eseg. 3:17-21]. Die probleem is egter dikwels hoe so ’n klagte in die praktyk hanteer word.)

Sedert die vrystelling van die dokumentêre DVD “Nuwe Strominge in die Teologie: Word die Hart van die Evangelie Uitgeruk?”*,* het daar heelwat ander strome besoedelde water in die groot teologiese en kerklike see gevloei. Terwyl talle “wagters op die mure” steeds besig is om te waarsku en te stry teen vorige dwaalstrominge, het die mees resente stroom van geestelike misleiding byna ongemerk die Christelike kerk wêreldwyd oorspoel. Hierdie uiters subtiele postmoderne “her-verwoording” van die evangelie[63] staan bekend as die *Ontluikende Kerk* (Emerging Church), en is besig om in ’n toenemende mate ’n allesomvattende paradigmaverskuiwing in elke faset van die Christendom teweeg te bring. Die Ontluikende Kerk-beweging met sy gepaardgaande teologiese rigting van postmodernisme, is bo alles ’n aanslag op die Bybel. Dit het min of meer sedert 2004 sterk na vore gekom en dit wil voorkom asof die rigting veral aanklank onder die jonger geslag vind.

## Wat is die Ontluikende Kerk?

Die Ontluikende Kerk is ’n beweging of ’n stroming eerder as ’n gestruktureerde organisasie of kerkverband. Een van die filosofiese uitgangspunte van dié beweging is dat dit ’n deug is om onseker te wees of twyfel te hê oor geloofsake! Ons kan dit ook beskryf as ’n verheerliking van onsekerheid. Die vertrekpunt van die beweging is dus

63 Kyk ook die volgende artikels wat oor postmodernisme handel: “Christian Apologetics Questions and Answers – http://creation.com/christian-apologetics-questions-and-answers, Onder die opskrif “How can we defend absolute truth and morality against post-modernism and moral relativism?” en “‘That’s nice for you, but it’s not for me’” – http://creation.com/thats-nice-for-you-but-its-not-for-me

dat dit algeheel onmoontlik is om presies te verstaan wat die Bybel regtig leer en bedoel. Die twyfel en onsekerheid oor die Woord word gesien as beskeidenheid en geestelike volwassenheid. ’n Vers in die Bybel wat hulle graag aanhaal is Spr. 25:2 : “Die eer van God lê in wat Hy verborge hou; konings se eer lê in wat hulle aan die lig bring.” Hierdie gebrek aan sekerheid is wat Jesus, volgens hulle, sou noem om “arm van gees” te wees (Matt. 5:3 : “Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.”). Andersom gestel: Dit sou fundamentalisties en voorbarig wees om te beweer dat ons kan weet wat die Bybel beteken en wat waarheid is.

Die Christelike geloof is vir die postmodernisme ’n vae misterie eerder as helder omlynde waarhede wat ook kindertjies kan verstaan. Alles kom uiteindelik neer op die ontkenning van die duidelikheid van die Bybel. Ten diepste is dit egter ’n weiering om te aanvaar en te gehoorsaam wat die Bybel duidelik sê. Dit is op sý beurt niks anders as ’n vorm van liberalisme nie. Onder voorwendsel dat ek nie kan verstaan wat die Bybel sê nie, weier ek om te gehoorsaam wat God van my vra. Brian McLaren, een van die ontluikendes, glo byvoorbeeld nie meer aan Christus as persoonlike Verlosser van sonde nie, maar as “Hervormer” van die wêreld – dus tipiese bevrydingsteologie. Hy ontken ook Christus se wederkoms en God se toekomstige oordeel van die wêreld.

## Kultuur van die dag

Die kernrede waarom postmodernisme dit wat die Bybel sê nie wil verstaan nie, is geleë in Joh. 7:17. Hier praat Jesus oor gewilligheid om God se wil te doen. Hy sê: “As iemand gewillig is om Sy wil te doen, sal hy aangaande die leer weet of dit uit God is ...” Mense het die duisternis liewer gehad as die lig van God se openbaring, “want hulle werke was boos”. Só het Jesus dit in Joh. 3:18 en 19 opgesom.

Die Ontluikende Kerk sluit aan by en eerbiedig die kultuur van die dag. As die "mens van ons tyd" bereik moet word, moet jy "soos hulle wees". Dit is natuurlik in teenstelling met wat Paulus in Rom. 12:2 sê naamlik dat ons "nie aan hierdie wêreld gelykvormig moet word nie ..." Die Bybel konfronteer van die begin af die kultuur van die wêreld in sy goddelose lewenstyl.

Opsommend kan gesê word dat die postmodernisme 'n reaksie is teen die noukeurig gedefinieerde waarheid van die Bybel. Die laasgemelde feit word onder andere duidelik uit die artikel " 'n Tussen-in- en duskantteologie" [64] van prof. Julian Müller. Wie Müller se artikel behoorlik lees, verstaan gou dat sy skrywe 'n pleidooi is vir die Ontluikende Kerk met sy postmoderne teologie. Müller begin deur te sê dat dit "tyd is vir 'n nuwe Afrikaanse tussen-in- en duskantteologie". Hy noem dit " 'n gepaste teologie vir vandag". Müller skryf dat ons "te lank gely" het aan " 'n teologie op die lyntjie en in die middel". Müller verduidelik self wat hy bedoel. Hy skryf dat hierdie die teologie was wat presies geweet het "waar die lyntjie langs loop en waar die middel is".

'n Mens wonder of Müller dalk verwys na die baie noukeurig gedefinieerde punt vir punt teologie van ons gereformeerde belydenisse, asook die goed verantwoorde waarhede van die belydenisskrifte.

Müller skryf verder dat die behoefte van die kerk in Suid-Afrika "aan 'n skoene-uitskop-teologie" is. Dit, sê hy, is " 'n teologie verby die fundamentele muur duskant die relativistiese, duskant die reglynigheid van ortodoksie en tussen sekerheid en angs; duskant reg en verkeerd; kontekstueel; by mense". Die vraag kom by mens op of hy met die "op-

---

64 " 'n Tussen-in- en duskantteologie" – http://www.teo.co.za/wmprint.php?ArtID=673
Kyk ook "Duskant die middel van nêrens verby", 2008-01-21 – http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/2008/01/21/BJ/5/beeld19julian.html

die-lyntjie-teologie" dalk van die helder omlynde teologie van Paulus praat wat ons vind in die briewe aan byvoorbeeld die Romeine en die Galasiërs.

Om op te som: Dit is duidelik dat die gereformeerde teologie vir Müller te "nou" is. Ons moet "akkommoderend" en "tolerant" wees. Dit is dus maar die klanke waaraan ons oor die afgelope jare al gewoond geraak het en waaroor ons mekaar nooit gaan vind nie – tensy almal natuurlik weer sou besluit om die Bybel as Godgegewe openbaring te eerbiedig. Hier lê die kern van die probleem – ons Skrifbeskouings verskil radikaal.

## Postmodernisme leen by die Nuwe Era en Oosterse Mistisisme

In sy teologie leen die postmodernisme vryelik by die Nuwe Era en die Oosterse Mistisisme. Wierook word gebrand, koraalgesange ("chants") gesing, seremonies bedryf en verskillende kleure togas aangetrek. Gevoel, emosie en belewenis is wat saak maak. Lering en prediking uit die Woord is nie eintlik in aanvraag nie want sien, jóú waarheid, wat jy sélf skep, is net so goed soos enigiemand anders se waarheid! Daarom sal ons hoogstens in ons byeenkomste besprekings hou. Enigiemand wat absolute waarheid met gesag verdedig en verkondig, is mos "fundamentalisties" of "arrogant".

In hierdie verband moet daar ook net kortliks verwys word na die probleem met die sogenaamde asemhalingsgebede soos sommige dit aanbied. Dit is dikwels 'n metode waarvolgens gelowiges aangemoedig word om woorde en frases oor en oor in mantrastyl te herhaal. Dié metode is basies dieselfde as dié van die Hindoe-joga en Zen-Boeddhisme. Die eindpunt van hierdie pad mag wees dat die verskillende wêreldgodsdienste geïntegreer word in die Christendom en

andersom! Godsdienstige pluralisme met sy gepaardgaande relativisme verdring op subtiele wyses al meer die Skriftuurlike weg dat daar "geen ander Naam is waardeur ons gered moet word as die Naam van Christus Jesus nie" (Hand. 4:12).

Prof. Peter Jones, in sy uitstekende boek *Capturing the Pagan Mind*, kom tot die gevolgtrekking dat, oor die wêreld heen, die teologiese relativisme van die postmoderne kerk die teologie van hoofstroomkerke geïnfiltreer het. Die Christelike geloof word "ge-herkonstrueer". Die Bybelse beeld van die Persoonlike God (Teïstiese Godsbegrip) maak plek vir 'n onpersoonlike (panenteïstiese) godsbegrip. Die eindvisie van hierdie wêreldgodsdiens is 'n verenigde mensheid wat in een Toring-van-Babel-godsdiens met mekaar "vrede" sal hê. Hier lê volgens voorstanders van dié godsdiens, die hoop van ons planeet! In terme van wat die Bybel leer, sal dit eerder 'n mensdom wees wat totaal afvallig van God geword het – 'n mensdom wat onder leiding van die Antichris, homself bo God verhef en voorgee dat hy self God is (2 Tess. 2:3-12).

In hulle soeke na "nuwe maniere van kerkwees" in 'n postmoderne tyd, het verskeie leiers van die Ontluikende Kerk gaan kers opsteek by van die voorste Nuwe Era-denkers en intergeloofsmistici in die wêreld. In sy boek *Quantum Spirituality: A Postmodern Apologetic* beskryf die bekende Ontluikende Kerk-leier, Leonard Sweet, Nuwe Era-leiers soos Matthew Fox, M. Scott Peck, Ken Wilber en David Spangler as "New Light Leaders". Hy sê dat hulle sy persoonlike rolmodelle en vernaamste leermeesters is. Rob Bell, 'n ander baie prominente Ontluikende Kerk-leier, begelei sy gemeentelede in die doen van joga-oefeninge tydens sy "eredienste". Die Hindoe-jogameesters, beweer hy, kan ons leer hoe om waarlik volgelinge van Jesus te wees. In sy boek *Velvet Elvis*, propageer hy die boek van Nuwe Era-aanhanger Ken Wilber oor "Integrale Spiritualiteit". Soos 'n ware postmodernis sê Wilber op sy

webtuiste dat "Integrale Spiritualiteit" die hoogste vlak van spiritualiteit is waar mens ontdek dat jy uitgestyg het bo uitgediende idees dat een godsdiens waar en 'n ander onwaar is. Rob Bell was ook verder 'n aktiewe deelnemer aan die groot "Seeds of Compassion"-inter-geloofskonferensie van die Dalai Lama, Boeddhistiese leier van Tibet. Die Ontluikende Kerk-leier Brian McLaren, verkondig op sy beurt dat Boeddhiste, Hindoes en Jode "volgelinge van Jesus" kan word sonder om hulle oorspronklike geloof te verlaat en Christene te word.

Talle sogenaamde behoudende Suid-Afrikaanse teoloë en kerkleiers wat nie deur vorige dwaalstrome soos die Jesus Seminaar en Nuwe Hervorming meegesleur was nie, het nou blykbaar met groot ywer ingekoop op die Ontluikende Kerk. In 'n poging om die kerk "relevant" te maak vir die postmoderne mens, het hierdie teoloë die deure van die kerk in Suid-Afrika wyd oopgegooi vir ontluikendes soos Leonard Sweet, Rob Bell, Brian McLaren, Tony Jones en Erwin McManus.

In sy boek *Nuwe Drome vir Nuwe Werklikhede: Geloofsgemeenskappe in pas met 'n Postmoderne Wêreld*, propageer prof. Nelus Niemandt van Tukkies bogenoemde ontluikendes se idees en die postmoderne paradigma sonder enige voorbehoude. Prof. Christina Landman skryf in haar boekresensie: "In hierdie boek ontsluit Niemandt die "wenresepte" van die ontluikende kerke vir (onder andere) NG Kerk-gemeentes." [65] Onder die opskrif: "My kop is geswaai", skryf die bekende prof. Stephan Joubert in sy voorwoord tot dié boek: "Nelus Niemandt is een van die invloedrykste denkers … Sy insigte is asemrowend …" Die *Nuwe Drome*-boek sê hy, is 'n "absolute juweel … kop-oopmaak materiaal … horison-verskuiwend … sonder twyfel die

---

65 Boekbesprekings – http://www.unisa.ac.za/contents/faculties/theology/chssa/docs/Websitebookreviews2007XXXIII_2_.pdf

belangrikste boek op die Suid-Afrikaanse kerklike toneel …" Joubert skryf verder: "Nelus het goed daarin geslaag om die insigte van die mees invloedryke eietydse denkers oor kerkwees in homself te internaliseer en op vars maniere te verwoord!"

Dit is 'n tragiese dag vir die Kerk wanneer "behoudende" teoloë na wie baie opsien vir leiding, die lof besing van "wolwe in skaapsklere" en die deur van die skaapkraal opgooi vir hierdie sogenaamde "mees invloedryke eietydse denkers oor kerkwees". Of hierdie teoloë dit uit onkunde doen en of hulle presies weet wat hulle doen, kan 'n mens maar net wonder. Hoe dit ook al sy, die dodelike effek op niksvermoedende lidmate van die Kerk bly egter dieselfde – en dit is nie net die skape nie, maar ook die toekomstige herders wat ter slagting gelei word! Nelus Niemandt se *Nuwe Drome* is nou 'n voorgeskrewe boek vir teologiese studente.

Op die webwerf van een van die jong predikante, afkomstig van Tukkies, ds. Cobus van Wyngaard, kan die vernietigende uitwerking van die Ontluikende Kerk en vorige teologiese dwaalstrome op die geloof en denke van studente duidelik gesien word. Hy skryf byvoorbeeld (ons onderstreping):[66]

> I've heard it countless times, how Christians talk about how bad the suffereing of Christ was. About the extreme pain, how the extreme pain Jesus experienced was something that no one could even imagine. Add to that the fact that he was innocent, which supposedly makes the pain even worse!

---

66 Vir Cobus se blog, kyk http://mycontemplations.wordpress.com/. Kyk ook "Cobus van Wyngaard – Avatar Portrays Wonderful World of Perfect Pantheism" – http://www.discerningtheworld.com/2009/12/23/cobus-van-wyngaard-avatar-portrays-wonderful-world-of-perfect-pantheism/ en "How unique was the suffering of Jesus? Not unique at all!" – http://www.discerningtheworld.com/2009/05/07/how-unique-was-the-suffering-of-jesus-not-unique-at-all/.

But the more I think about it, the more this sound like utter nonsense. I mean, many others was crucified, many of them similarly innocent (understand the Roman government of the time and the role of crucifixions in keeping people in line to understand my comment). Thousands over the ages have been tortured and killed innocently, and I believe the human specie only got better at torture as time goes by.

It's as if Christians have this extreme fear of finding out that Jesus was just another human like me and you.

In teenstelling hiermee verklaar Jesus in die Bybel dat alle mag in die hemel en op aarde aan Hom gegee is. (Matt. 28:18) Ds. Cobus van Wyngaardt is ongelukkig nie maar net een van die minder invloedryke dwalendes nie – hy en prof. Niemandt bied sekere teologiese modules by UP gesamentlik aan.[67] In persoonlike e-posse van een van die skrywers met Cobus het hy geweier om te verklaar dat Jesus die enigste Weg tot saligheid is, want hy weier "om sy geloof so in 'n blik te laat druk".

Na wat verneem word, is sowat negentig persent van die teologiese studente by Tukkies by hul finale jaar tot 'n mindere of meerdere mate deur hierdie dwalinge meegesleur. Leonard Sweet het ook reeds lankal by Tukkies opgetree en heelwat predikante in Suid-Afrika opgelei volgens die nuwe paradigma.

Die misleiding van die Ontluikende Kerk word tans op 'n groot skaal deur die kerklike media in die Suid-Afrikaanse Christelike gemeenskap ingedra. Tydens 'n reeks programme op Radiokansel het prof. Stephan Joubert, dr. Gustav Claasen en ander predikante, die insigte van ontluikendes soos onder andere Leonard Sweet en Rob Bell, voorgehou as die antwoord vir die kerk van vandag. Op prof. Jan van der Watt se

67 Kyk byvoorbeeld http://gsw820group1.wordpress.com/2009/10/31/the-emergence-of-a-post-modern-paradigm-an-overview/

Bybelprogramme op beide RSG en Radiokansel, het prof. Pieter de Villiers, professor in Spiritualiteit by die Universiteit van die Vrystaat, die boeke en kontemplatiewe spiritualiteit van onder andere Thomas Merton, ongekwalifiseerd gepropageer. Merton was ’n intergeloofs-mistikus wat gelyktydig ’n Rooms Katolieke monnik en ’n Boeddhis was. Merton het gesê: “I see no contradiction between Buddhism and Christianity …. I intend to become as good a Buddhist as I can.” Die reeks Nooma-DVD’s [68] van Rob Bell het die sentrale tema gevorm van ’n nuwe reeks Christelike TV-programme op SABC 2 getiteld “Ware Noord”. Van die mees prominente Christenleiers en teoloë in Suid-Afrika is op “Ware Noord” gebruik om insette te lewer en positief aan te sluit by Rob Bell se boodskappe.

In die winkels van CUM Boeke het die rande ingerol, danksy die blitsverkoperboek, *The Shack*, waarin ’n tipiese Ontluikende Kerk/Nuwe Era-verdraaiing van die Drie-eenheid verkondig word. “God die Vader” is ’n swart vrou wat as “Pappa” bekend staan. Dit herinner sterk aan die Black Madonna en die Vader/Moedergodin van die Paganisme en Shamanisme. Die “Heilige Gees” is ’n Oosterse vrou genaamd “Sarayu”. Sarayu is ’n mitologiese stroom heilige water wat uit die geboortestad van die Hindoe-god, Rama, vloei. Die “Jesus” in *The Shack* is ’n intergeloofs- en panteïstiese “Jesus” wat ontken dat Hy die enigste Weg tot die Vader is. Wêreldwyd was die “Christendom” in vervoering oor die boek – ook hier in Suid-Afrika. Dit word vir kinders aanbeveel in sommige katkisasieklasse. Op talle radio- en TV-programme is die boek deur vooraanstaande Christenleiers en teoloë aanbeveel. Dit het soos ’n veldbrand deur die land geloop. Daar is heelwat Christene en ook

---

68 Daar is voorbeelde van hierdie Nooma’s op die internet. Lesers kan dit gaan soek – Google die woorde “Nooma” en/of “Rob Bell”. Weens die dikwels subtiele aard van hoe dit aangebied word, is dit nie altyd maklik om aanvanklik die misleiding raak te sien nie.

relatief konserwatiewe Christene wat die boek glo waardevol gevind het vir hulle lewe, maar dit is belangrik om bogenoemde feite te weet en versigtig te wees vir subtiele indoktrinasie in sulke boeke.[69]

Van regoor die land is gerugte van gemeentes waar die dominee die gemeentelede inlei in verskillende vorme van meditasie, kontemplasie, sentreringsgebede, Rooms Katolieke rituele, die loop van labarinte, ensovoorts. Rob Bell se Nooma-DVD's word in talle NG Kerke vertoon. Die volgende stelling van Rob Bell is op die internet te vinde: "Sex before marriage is still a perfectly valid way of expressing the deep love which two people share … "[70] Heelwat ernstige gelowiges verlaat die NG Kerk as gevolg van die "nuwe postmoderne manier van kerkwees". Gemeentelede wat hierdie dwalinge uitwys en klagtes daaroor lê, kom meestal agter dat húlle in die beskuldigde bank opeindig en die skuldiges vrygespreek word.

Die mees ontstellende aspek van die ontluikende infiltrasie is dat hulle veral die kerklike jeug van die wêreld in hulle visier het. "Youth Specialties" is 'n multi-biljoen dollar Ontluikende Kerk-jeugorganisasie wat internasionaal opereer. In hul gratis kursusmateriaal, wat wêreld-wyd deur jeugleiers en -predikante van hul massiewe webtuiste afgelaai word, propageer hulle onder andere mistieke Oosterse meditasie-praktyke, homoseksualiteit en seks voor die huwelik.

---

69 Daar is baie kommentare oor die boek, byvoorbeeld "Should You Read The Shack?" – http://www.crosswalk.com/11577902/ en "The Shack – commentary by Lucille May" – http://student.sun.ac.za/shophar/texts/The_Shack_Commentary.pdf.
70 http://www.helium.com/items/234897-overcoming-negativity-to-discover-self-love

## Aftakeling van die Waarheid

Volgens prof. Stephan Joubert moet gelowiges gaan lees en luister na wat Boeddhiste te sê het. Volgens hom is waarheid nie net in die Christendom nie – 'n mens kan waarheid ook vind in Judaïsme, by ateïsme, by wie ook al. Oor ander spiritualiteite sê prof. Stephan Joubert:[71]

> Ons moet luister as die grootste groeiende spiritualiteite in die wêreld tans nie die Christendom is nie. Dan moet ons vra hoekom nie. Hoekom groei die Boeddhiste die vinnigste? Wat het hulle wat ons nie het nie?

Die skrywers van hierdie boek ontken nie dat 'n mens lewenswaarhede by nie-Christene kan leer nie – 'n mens kry byvoorbeeld baie e-posse wat aangestuur word met baie wyse woorde van die Dalai Lama en uitsprake van wyle Ghandi. Maar prominente Christelike leiers, veral in die tye waarin ons vandag leef, moet uiters versigtig wees om enige ding van 'n ander geloof aan te haal juis om te verhoed dat mense die idee kry dat ander gelowe ook maar reg kan wees – dat die Christelike geloof nie die enigste volle waarheid is nie. Ná 'n stelling soos dié van Joubert, behoort hy dus pertinent baie duidelik uit te lig dat Christus die enigste Weg tot saligheid is, en dat hierdie ander manne, ongeag watter wonderlike dinge hulle soms mag kwytraak, tot bekering behoort te kom (indien hulle nog lewe). Ongelukkig sien baie ontluikendes egter nie meer die Christelike geloof as die enigste ware geloof nie.

Selektiewe gebruik van die Skrif met ongereformeerde vertolking daarvan, vind dikwels plaas. Aftakeling van dít wat die Skrifgetroue en belydenisgebonde kerk leer, blyk talle kere ontluikendes se verskuilde

---

71 Aanhaling uit 'n transkripsie deur Sarel van der Merwe van prof. Stephan Joubert se reaksie op 'n WTL-seminaar se reklamemateriaal (NG Gemeente Kemptonkruin 1 Maart 2009)

fokus te wees. Die bekende woord wat hierdie aftakeling beskryf, is dekonstruksie. In geheel gesien, is die aanslag teen letterlik elkeen van die groot geloofswaarhede soos die vleeswording van Christus, Sy opstanding, Sy uniekheid as God-mens en Sy wederkoms. Satan is letterlik losgelaat in die teologie oor die wêreld heen (Op. 20:7-8 verwys moontlik hierna). Solank hierdie aanslag bly voortduur, moet ons kragtig bly stry vir "die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is" (Judas vers 3). Ons moet, soos Paulus aan die jong Timoteus geskryf het, onwrikbaar bly staan "... by dit wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het" (2 Tim. 3:14-15).

Dr. Fanie Cronjé, een van die groot ondersteuners van die Diversiteitsforum (kyk bl. 193), gee onder andere die volgende perspektiewe oor die Ontluikende Kerk in 'n artikel op www.teo.co.za (ons onderstreping):[72]

Die christelike geloof is in sy wese 'n manier van lewe, 'n weg waarop 'n mens gaan, 'n pad wat die gelowige bewandel. Ons sien dit in die Ou Testament, by Jesus self, maar ook in die res van die Nuwe Testament. Dit is duidelik dat die vroegste Christene ook hul geloof as 'n wandel in die voetspore van Jesus verstaan het en dus 'n lewe in die weg van die Here. Om die waarheid te sê, die eerste naam wat aan Jesus se volgelinge gegee is, was "mense van die Weg" – aldus Handelinge.

…

Homoseksualiteit:
Die vroeër/heersende wyse van Christen wees beskou dit as onbybels en verkeerd. Die opkomende/ontluikende wyse van Christen wees meen dat die Bybel nie oor homoseksualiteit, soos ons dit vandag ken, praat nie.

Christelike eksklusiwiteit:
Die vroeër/heersende wyse van Christen wees meen dat net Christene die ewige lewe beërwe. Die opkomende/ontluikende wyse van Christen wees

72 Kyk "Die Bybel, God se woord en skrifgesag – enkele perspektiewe" – http://www.teo.co.za/wmview.php?ArtID=561.

meen die christelike geloof kan nie daarop aanspraak maak dit die enigste ware geloof is nie.

In wese is hierdie konflikte op die oppervlak eintlik maar net simptome van 'n meer fundamentele konflik, naamlik hoe ons oor die Bybel, sy gesag, maar veral sy interpretasie dink. Die vroeër/heersende wyse van Christen wees beskou die Bybel as God se geopenbaarde wil, geldig vir tyd en ewigheid. God is onfeilbaar, absoluut en ewig en daarom die Bybel ook. Die opkomende/ ontluikende wyse van Christen wees praat meer genuanseerd en versigtig oor God se woord, wil en die gesag van die Bybel. Hier word daar gewaarsku om nie dit wat oor God bely word, sonder meer net so op die Bybel oor te dra nie.

(Einde van aanhaling)

Let op hoe subtiel die evangelie verdraai word – Christus as enigste Weg gaan nie meer oor geloof in Hom as enigste Verlosser aan die kruis vir ons sondes nie, maar as die poging om sy lewenswyse na te volg. Maar dan weer verklaar Fanie Cronjé sommer prontuit dat die Christelike geloof nie daarop aanspraak kan maak dat dit die enigste ware geloof is nie. As mens so min waarde aan die Bybelse openbarings heg, is dit ook te verstane dat mens jouself gaan glo dat die Bybel niks oor hedendaagse homoseksualiteit sê nie.

## Brian McLaren

Brian McLaren se boek *Everything Must Change* is 'n belangrike bron om te sien waarheen sekere Ontluikende Kerk-aanhangers op pad is.

McLaren stel homself bekend as 'n "committed follower of Jesus". Hy word ook as 'n "evangelical" gereken. *Time* noem hom een van die 25 mees invloedryke "evangelicals" in die wêreld. Hy is bevriend met Bill Hybels van Willow Creek en Hybels het sover gegaan om die boek *Everything must Change* vir al sy ouderlinge voor te skryf. (Hybels het skynbaar heelwat kritiek oor sy vriendskap met McLaren gekry, maar

Hybels se verweer is dat hy voortdurend mense na sy kerk toe nooi, met wie hy nie noodwendig oor alles saamstem nie. Gemeet aan onderstaande is dit onverstaanbaar dat Hybels sy boek aan enigiemand kan voorskryf, tensy hy tog maar in wese met hom saamstem.) McLaren is ook bevriend met Leonard Sweet en hulle deel hul entoesiasme vir die Ontluikende Kerk-gedagte.

### *’n Nuwe Jesus en ’n nuwe verstaan van God*

McLaren gaan uit van die gedagte dat die Christendom Jesus verkeerd verstaan. Hy maak ’n groot saak uit vir wat hy noem die “reframing” (hervertolking) van Jesus. Hy wil wegbeweeg van Jesus as ’n persoonlike Verlosser, na Jesus as ’n Hervormer van die samelewing. Dit is dus ’n tipe bevrydingsteologie. Hy noem die wêreld ’n selfmoordmasjien (’n uitdrukking wat Leonard Sweet aan hom voorgestel het). Hy roep ons op om nie meer te glo in die ou sienswyses (“framing stories”) oor Jesus nie, en om te glo in ’n nuwe verhaal van ’n liefdevolle God, wat mense oproep tot ’n nuwe lewenswyse van die liefde. In die proses, is dit duidelik dat hy belangrike pilare van die Christelike geloofsbelydenis uit die pad stoot:

> And we have raised the possibility that Jesus' message might be seen as an alternative framing story that, if believed, could save the system from suicide. To test this possibility, we will need to consider the possibility that “Jesus” as we have understood him has himself been domesticated and made part of the dominant framing story. For Jesus to save the system, we must first, in a sense, save Jesus by reframing him outside the confines of our dominant and largely unquestioned assumptions. (bl. 73)

Brian McLaren toon baie begrip vir ateïste se kritiek op die God van die Bybel. Hy haal Thomas Paine (1795) soos volg aan (ons onderstreping):

> Whenever we read ... the cruel and tortuous executions, the unrelenting vindictiveness with which more than half the Bible is filled, <u>it would be more consistent that we call it the word of a demon than the word of God</u>. It is a

history of wickedness that has served to corrupt and brutalize humankind. And, for my own part, I sincerely detest it, as I detest everything that is cruel. (bl. 153)[73]

Hy haal ook vir Sam Harris, 'n leidende Amerikaanse ateïs, soos volg aan (ons onderstreping):

There's no document that I know of that is more despicable in its morality than the first few books of the Hebrew Bible. Books like Exodus and Deuteronomy and Leviticus, these are diabolical books. The killing never stops. The reasons to kill your neighbor for theological crimes are explicit and preposterous. You have to kill people for worshipping foreign gods, for working on the Sabbath, for wizardry, for adultery. You kill your children for talking back to you. It's there and it's not a matter of metaphors. It is exactly what God expects us to do to rein in the free thought of our neighbors. (bl. 153)

McLaren vervolg:

But Harris doesn't easily let Christians off the hook by using a meek and mild Jesus as an exemption from biblical violence. Yes, "in half his moods" Jesus speaks about peace and compassion, Harris says, but "there's another Jesus in there. There's a Jesus who's just paradoxical and difficult to interpret, a Jesus who tells people to hate their parents ... coming back amid a host of angels, destined to deal out justice to the sinners of the world ..." (bl. 153)

Harris can't be blamed for seeing a "moody" Jesus, peaceful one minute and vindictive the next, because the religion that bears his name has shown precisely this bipolarity through history: for every courageous and peaceful saint willing to live and die in the spirit of Saint Francis, there have been any number of bishops and theologians willing to justify the killing and torture of heretics, to bless unjustifiable wars, and to incite mistrust and prejudice toward unbelievers. For every Martin Luther King and Desmond Tutu pro-

73 Kyk egter "Is the Bible 'evil'?" – http://creation.com/evil-bible-fallacies en "Countering the Critics Questions and Answers" – http://creation.com/countering-the-critics-questions-and-answers onder "How can the bloodshed inflicted upon the Israelites' enemies in the OT be reconciled with an all-good God? What about slavery? Or atrocities committed by professing Christians?"

claiming the Jesus who rode on a donkey and spoke of peace, there have been plenty who proclaim a different Jesus, well armed and dangerous. (bl. 154)

Let daarop dat hy in onderstaande nie meer ander aanhaal en dan moontlik net gedeeltelik met hulle saamstem nie, maar dat hy nou sy eie opinies direk weergee:

... More and more of us are discovering a fresh vision of a Jesus who seems less moody, irrational, and bipolar, and more consistent, focused, courageous, subversive, and brilliant. (bl. 155)

Dit wil lyk of Brian McLaren sy oplossing vir die wrede God/god van die Ou Testament soek in die persoon van Jesus, maar dan ’n Jesus wat ons moet hervertolk. Hoe verder mens hieronder lees, hoe duideliker word dit dat hy ’n “ander Jesus” verkondig.

To be a follower of Jesus in this light is a far different affair than many of us were taught: it means to join Jesus' peace insurgency, to see through every regime that promises peace through violence, peace through domination, peace through genocide, peace through exclusion and intimidation. Following Jesus instead means forming communities that seek peace through justice, generosity, and mutual concern, and a willingness to suffer persecution but a refusal to inflict it on others. To follow Jesus is to become an atheist in regard to all bloodthirsty, tribal warrior gods, and to become a believer in the living God of grace and peace who, in Christ, sheds God's own blood in a manifestation of amnesty and reconciliation. (bl. 159)

### *Die verlossing deur Jesus*

Die verlossingswerk van Jesus sentreer vir ons in die eerste plek rondom Sy kruisdood ter wille van ons sondes. Jesus self noem dit ’n losprys (Matt. 20:28). McLaren noem nie eers die moontlikheid dat Jesus ons gered het van die gevolge van ons eie sondes nie en praat smalend van dié soort verlossing. Hy stel nuwe dinge voor wat ons moet ontdek waarvan Jesus ons glo verlos het (ons onderstreping):

In searching for a better framing story than we currently proclaim, Christians like myself can discover a fresh vision of our religion's founder and his message, a potentially revolutionary vision that could change everything for us and for the world we inhabit. We can rediscover what it means to call Jesus Savior and Lord when we raise the question of what exactly he intended to save us from. (His angry Father? The logical consequences of our actions? Our tendency to act in ways that produce undesirable logical consequences? Global self-destruction?) The popular and domesticated Jesus who has become little more than a chrome-plated hood ornament on the guzzling Hummer of Western civilization, can thus be replaced with a more radical, saving, and, I believe, real Jesus. (bl. 6)

### *Die wederkoms van Jesus en die ewige oordeel*

McLaren ontken die werklike wederkoms en die ewige oordeel van God. Sy idee van Jesus se wederkoms is dat die mensdom sodanig sal ontwikkel dat die goeie die bose, en liefde straf, sal oorwin – daarom kan daar nie toekomstig 'n ewige oordeel wees nie (ons onderstreping):

... many of us have been increasingly critical in recent years of popular American eschatology in general, and conventional views of hell in particular. Simply put, if we believe that God will ultimately enforce his will by forceful domination, and will eternally torture all who resist that domination, then torture and domination become not only permissible but in some way godly. The implications for, say, military policy (not to mention church politics) are not hard to imagine.

The phrase "the Second Coming of Christ" never actually appears in the Bible. Whether or not the doctrine to which the phrase refers deserves rethinking, a popular abuse of it certainly needs to be named and rejected. If we believe that Jesus came in peace the first time, but that wasn't his "real" and decisive coming – it was just a kind of warm-up for the real thing – then we leave the door open to envisioning a second coming that will be characterized by violence, killing, domination, and eternal torture ...

If we remain charmed by this kind of eschatology, we will be forced to see the nonviolence of the Jesus of the Gospels as a kind of strategic fake-out, like a feigned retreat in war, to be followed up by a crushing blow of so-called

redemptive violence in the end. The gentle Jesus of the first coming becomes a kind of trick Jesus, a fakeme-out Messiah, to be replaced by the true jihadist Jesus of a violent second coming. (bl. 144)

... The Jesus of one reading of the Apocalypse brings us to a grim resignation: the world will get worse and worse, and finally this jihadist Jesus will return to use force, domination, violence, and even torture – the ultimate imperial tools – to vanquish evil and bring peace. But exactly what kind of victory and peace are we left with when domination, violence, and torture have won the day? This version of Jesus brings us to a kind of fatalism that sees the future predetermined and our actions incapable of altering the divinely preset outcome. And it sees domination, violence, and torture as, the eternal legacy of God's creative project.

The Jesus of the emerging reading we have considered in the preceding chapters tells us the opposite: that good will prevail by peace, love, truth, faithfulness, and courageous endurance of suffering, and that domination, violence, and torture are among the things that will be overcome. (bl. 146)

### *Die koninkryk van God – net op aarde*

Brian McLaren het ’n visie vir ’n eutopia (’n goeie plek), of ’n nuwe plek op aarde. Hy beskryf dit soos volg (ons onderstreping):

Many believe the apocalyptic vision of the New Testament is not intended to give us this kind of hope within history. They might point to the vision of the new Jerusalem (Revelation 21), which, they say, is intended to give us a vision of the destruction of our dynamic space-time universe and its replacement, beyond history, with a timeless, static state called “eternity” or “heaven” where everything is absolutely perfect. Increasing numbers of us disagree with this assessment.

As we discussed in chapter 18, more and more of us see this eschatology of abandonment and despair to be an example of the biblical story being rewritten to aid and abet the dominant system. We believe the vision of the new Jerusalem, like all prophetic visions, seeks to inspire our imaginations with hope about what our world can actually become through the good news of the kingdom of God.

In this emerging view, the "new heaven and new earth" (Revelation 21: 1) means, not a different space-time universe, but a new way of living that is possible within this universe, a new societal system that is coming as surely as God is just and faithful ...

The new Jerusalem represents, then, a new spirituality, a new way of living in which the sacred presence of God is integrated with all of life and not confined to temples (v. 22) – a vision which Jesus saw as real in his day (John 4:21-24). We haven't evacuated the dark earth for the light of heaven or eternity; no, the light of heaven has come down, come down to us, down to earth.

The extravagant language doesn't describe a utopia (meaning a no-place) but a eu-topia, meaning a good place, a new-topia, meaning a renewed place. The message of the apocalypse is that the empire of Caesar, including the religious apparatus that sustains his system, will not last for ever, but that the empire or kingdom of this world (earth's integrated political and economic and social systems, its principalities and powers, its societal machinery) will ultimately be transformed so it becomes "the kingdom of our Lord and of his Messiah, and he will reign for ever and ever" (Revelation 11:15). This is the coming of a new generation of humanity that Jesus embodied, demonstrated, proclaimed, and invited us to believe.

Yes, this is the end of the world – but not end in the sense of the discontinuation of our story; rather, it is the end in the sense of the goal toward which we move. Yes, it is the end of the world as we know it – a world dominated by suicidal machinery driven by a suicidal framing story. But it is the beginning of the world as God desires it, a new story, a new chapter, a new way. (bl. 297)[74]

---

74 Volgens die 2de wet van termodinamika brand alles uit – oor miljoene jare sal die son en ander sterre geen energie uitstraal nie en dan sal dit definitief die einde van enige lewe op aarde wees, tensy 'n bonatuurlike ingryping plaasvind (kyk " Waar kom al die nuttige energie vandaan?" – http://www.glodiebybel.co.za/component/content/article/47-2009-12-03-waar-kom-al-die-nuttige-energie-vandaan.html). Dus wonder 'n mens wat McLaren glo gaan dan gebeur? En natuurlik mense wat doodgaan – waarheen gaan hulle?

### *Hervertolking van Jesus*

McLaren sê dat Jesus 'n politieke figuur was. Die titels Verlosser, Seun van God, Seun van die mens en Here, is almal titels waarmee Jesus die gesag van die keiser en die Romeinse Ryk uitgedaag het. Mclaren sien selfs die uitdrywing van demone deur Jesus as profetiese dade van Israel se bevryding van die Romeinse Ryk (bl. 98-99). Jesus het Homself dus in al sy optrede ten diepste teenoor die Romeinse Ryk opgestel. Die VSA funksioneer vandag as 'n ryk met dieselfde karaktertrekke as die van die Romeinse Ryk. Hy bespreek kapitalisme, die soeke na politieke mag, wapenmag en sekuriteit by die Westerse moondhede. Die volgelinge van Jesus (God se "beloved community"), se taak is om hierdie kragte aan te spreek:

This emerging view of Jesus – framed against the backdrop of empire and its narratives and counternarratives – makes possible a valid (I would even say a better) way to understand him, his life, his message.

From this viewpoint, when Jesus proclaimed his central message of the kingdom of God, he was proclaiming not an esoteric religious concept but an alternative to empire: "Don't let your lives be framed by the narratives and counternarratives of the Roman empire," he was saying, "but situate yourselves in another story ... the good news that God is king, and we can live in relation to God and God's love rather than Caesar and Caesar's power" (bl. 90).

### *Ons opdrag*

Brian McLaren stel die mensdom se opdrag soos volg. Let daarop dat die bestaande evangelie en Jesus se wederkoms (bestaande "framing stories" van Jesus), deel is van wat McLaren wil hê ons nie meer moet glo nie (ons onderstreping):

... the Bible instead is the story of the partnership between God and humanity to save and transform all of human society and avert global self-destruction (bl. 94).

There is one great step we can take to dismantle the suicide machine and the framing stories that legitimize it: to stop believing in it, and to believe, in its place, a different story, the story of the kingdom of God.

The way to dismantle the suicide machine is to deny it the fuel on which it runs: confidence – confidence in its framing story. The way to create a generous, generative, and humane alternative society in place of the suicide machine is to believe the good news of the kingdom of God. (bl. 275)

Dit is baie duidelik dat McLaren vir hom 'n eie god skep wat inpas in sý wêreldbeeld. Dit is niks anders as oortreding van die tweede gebod nie: Eks. 20:4 : "Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie."

In die laaste hoofstuk: "Moving Mountains", gee Mclaren 'n skematiese voorstelling van sy visie vir die toekomstige wêreld. Dit is die nuwe Jerusalem – die einde, waar sy idee van die Messias se koninkryk vir ewig en altyd sal bestaan (volgens sy vertolking van Op. 11:15). Geen wese wat ooreenstem met Jesus Christus van die Nuwe Testament sal oor daardie koninkryk regeer nie. Sommige van die goeie idees en beginsels van die Nuwe Testament, en vele meer wat intussen ontwikkel het en nog sal ontwikkel, sal egter wel dan bestaan.

Vir nog 'n resensie van *Everything Must Change*, kyk die artikel "Christianity and McLarenism – Ten Questions and Ten Problems".[75]

Die probleem is dat baie van McLaren se idees, alhoewel dikwels in sagter formaat, deurskemer in baie van die ontluikende leiers se preke

---

75 "Christianity and McLarenism – Ten Questions and Ten Problems", Kevin DeYoung, http://thegospelcoalition.org/blogs/kevindeyoung/files/2010/02/Christianity-and-McLarenism.pdf

en uitlatings. Ons hoop is dat hierdie bespreking van McLaren se boek, meer predikers en lidmate se oë sal oopmaak om dit raak te sien.

## Leer van die Nuwe Hervorming – ’n radikale breuk met die Christelike geloof [76]

Die Nuwe Hervorming wil doelbewus en radikaal breek met die kerk- en teologiegeskiedenis van die verlede. Die ekumeniese en reformatoriese belydenisskrifte en die kerklike dogmas, soos dit deur die eeue ontwikkel het, word verwerp. Waar die Ontluikende Kerk dikwels met ’n subtiele verdraaiing (en daarom is dit dalk juis ’n geweldige gevaar vir die Christelike geloof) van die Bybel kom, kom die Nuwe Hervorming met ’n blatante en openlike verwerping van die Bybelse waarhede.

In die lig van die postmoderne wêreldbeeld moet ons, volgens die Nuwe Hervorming, God nie meer as ’n Persoon voorstel nie en behoort die teïstiese Godsbeeld met ’n panenteïstiese beeld vervang te word, dit wil sê: “God is in alles en alles is in God”, soos deur prof. Julian Müller gedefinieer. Die teïstiese persoonlike Godsbeeld is uitgedien. Om aan God te dink as ’n goddelike persoon (teïsme) is nie meer aanvaarbaar nie (kyk voetnota 25 op bl. 21). Ter illustrasie: Hierdie nuwe Godsbeeld word ten opsigte van Psalm 23 soos volg uitgewerk: In plaas van “Die Here is my herder”, word dit nou: “Die aarde versorg my as ’n herder”, met as slot: “Ek weet, solank ek lewe, sal die aarde vir my sorg. Daarom is ek tuis in die heelal, nou en vir altyd.” Die teologie van God se voorsienigheid word vervang met ’n teologie van menslike verantwoordelikheid. Die gereformeerde teologie het nog altyd uitgegaan van die Goddelike soewereiniteit en, as *uitvloeisel* daarvan, die menslike

---

76 Uit “SH Salomons – KERK EN WOORD”, April 2004, bl. 18-20 – http://www.kerkpad.co.za/argief/Julie2004/art5.html

verantwoordelikheid. Maar die nuwe hervormde teologie maak die menslike verantwoordelikheid die hoof- en enigste saak.

Daar is binne die nuwe godsleer van die Nuwe Hervorming geen ruimte meer vir tradisionele gebed nie. Die doel van gebed is nie meer om met God ’n verhouding te hê en met Hom te kommunikeer nie, maar is dalk net ’n goeie gewoonte. Praat met ‘n Goddelike Wese moet vervang word met in jouself gekeerde meditasie.

Feitlik elke aspek van die Bybelse verlossingsleer word deur die nuwe hervormers hervertolk – die ontvangenis en geboorte van Christus, die wonders, Sy kruisdood as soenoffer en die opstanding. Die uitdaging, volgens die Nuwe Hervorming, is om hierdie verhale as mites te verstaan en nuut oor die betekenis daarvan te praat “want die wyse waarop die evangelie die goeie boodskap aangaande Jesus verstaan en aanbied, is onversoenbaar met die moderne wêreldbeeld en Bybel-wetenskap”.

Nuwe Hervormers verklaar byvoorbeeld: “Ons weet dat maagdelike geboorte nie biologies moontlik is nie. Mense kan nie op water loop, uit die dood opgewek word of op die wolke opvaar hemel toe nie. Dalk moet hierdie verhale oor Jesus dan nie verstaan word as historiese feite nie, maar as kultuurgebonde interpretasies van sy lewe en visie.“ [77] Die “dogmatiese Jesus“ (van die belydenisskrifte van die kerk) kan nie gelykgestel word aan die “historiese Jesus“ nie.

Die gedagte aan versoening deur voldoening – die soendood van Jesus – rus op ’n antieke offersisteem wat “problematies, primitief en uitge-

77 Nog iemand met hierdie siening is Izak du Plessis (Zak de Priester). Kyk byvoorbeeld sy afskeidspreek by “Izak du Plessis se blog en Henk/Hennie” – http://www.glodiebybel.co.za/component/content/article/169-izak-du-plessis-se-blog-en-henk-hennie.html

diend is". Die opstanding van Jesus is 'n mite: Hy kon nie liggaamlik opgestaan het nie omdat so iets wetenskaplik onmoontlik is. Die opstanding moet metafories verstaan word en kan slegs as "simbool van vernuwing en vooruitgang funksioneer".

Die Nuwe Hervorming reik nie na verlossing eendag nie, maar streef om "hemel op aarde te bewerkstellig" (kyk op bl. 89 wat sê Brian McLaren in sy boek *Everything Must Change* – daar is uiteraard ook baie oorvleueling tussen die idees van die ontluikendes en die nuwe hervormers). Hiervolgens is verlossing in die mens self geleë, dit word deur en deur 'n menslike saak en rus nie meer op die genade van God in Christus wat in geloof omhels moet word nie.

Die kerk word gesien as 'n oop gemeenskap sonder enige diskriminasie hoegenaamd. Die nuwe visie op die Nagmaal is duidelik. Soos wat koring- en druiwekorrels voedsame brood en wyn word, so kan gelowiges die lewe se beproewings en teenslae op 'n positiewe manier hanteer. Aangesien, volgens die Nuwe Hervorming, Christus nie liggaamlik opgestaan het nie, kan daar dus nie daarvan sprake wees om tydens die Nagmaalviering die harte na die hemel, na die lewende Christus, op te hef nie; die Nagmaal word gereduseer tot 'n blote herinneringsmaal aan die dood van 'n voortreflike mens (kyk weer voetnota 35 bl. 36).

Wat die eskatologie betref (die leer van die voleinding van die wêreld, die wederkoms van Christus, die opstanding van die dode en die gerig van God), beweer die Nuwe Hervorming: "Nuwe navorsing toon ook dat wanneer die Bybel oor die hiernamaals praat, dit maar eintlik 'n ander manier is om oor die hiernoumaals te praat."

Dit is duidelik dat, as die liggaamlike opstanding van Jesus Christus ontken word, die persoonlike toekomsverwagting moet verdwyn. Die

Christelike belydenis, ooreenkomstig die Bybel, aangaande die opstanding van ons liggame word verwerp.

Die Nuwe Hervorming is natuurlik van mening dat die klassieke Skrifgeloof – die Bybel is die Woord van God – verouderd en uitgedien is. ’n Postmoderne siening van die Bybel is daarom meer aanvaarbaar. Dit sien nie die Bybel as die geopenbaarde Woord van God nie, maar slegs as getuienis of gedagtes van ons voorgangers in die Joods-Christelike tradisie.

Die rol van die moderne wêreldbeeld en moderne teologies wetenskaplike navorsing speel ’n deurslaggewende rol in die Skrifbeskouing en Skrifverstaan van die Nuwe Hervorming. (Hierdie wetenskap val natuurlik onder historiese wetenskap – nie operasionele wetenskap nie – kyk bl. 113.) Moderne navorsing kan glo ’n omvattender begrip van die gebeure ontwikkel as wat die betrokkenes (die Bybelskrywers) gehad het. Daar word beweer dat moderne navorsers ’n meer betroubare beeld oor die persoon en werk van Jesus kan rekonstrueer as wat tydgenootlike oor- en ooggetuies dit kon doen. Die Nuwe Hervorming probeer ’n “kultuursensitiewe benadering” van die Jesus-gebeure bevorder.

Hulle maak die Skrifverstaan afhanklik van die teologiese wetenskap en die moderne navorsing deur vakteoloë. Hulle verklaar verder: “Deur wetenskaplik te werk te gaan, besef ons nou dat gister se dogma ’n valse prentjie van Jesus teken.” Anders as die naïewe en ortodokse omgang met die Bybel, gaan die Jesus-navorsing “op histories verantwoordbare en wetenskaplik-kontroleerbare wyse met hierdie bronne om ... Dis inderdaad net die ingeligtes wat die Bybel kan verstaan. Die kerk kan nie die Bybel vir die mense gee sonder om hulle toe te rus om dit te verstaan nie.” Hierdie benadering herinner sterk aan die Middeleeue toe slegs die kerkleiers, wat Latyn kon verstaan,

toegang tot die Bybel gehad het. Nou het omtrent almal toegang tot die Bybel, maar net sekere geleerdes glo hulle is in staat om dit reg te verstaan.

Die gedagte van God se selfbekendmaking, Sy openbaring in die Bybel (wat met Goddelike gesag tot ons kom) en die volkomenheid van die Heilige Skrif, word volledig verwerp. As God nie meer as 'n Persoon erken en bely word nie, is die konsekwensie onvermydelik: Dan kan Hy ook nie meer met ons praat nie. Maar hoe sal ons dan ooit weet dat Jesus Christus die Here is, as dit nie aan ons geopenbaar en deur die Heilige Gees ingegee is nie?

## Reaksie van die Evangeliese Inisiatief

Daar is alreeds melding gemaak van die DVD "Nuwe Strominge in die Teologie" wat deur WTL Multimedia Produksies geloods is. Hierna het die Evangeliese Inisiatief (EI) ontstaan en sommige mense het beweer dat dit 'n poging was om die "verwarring" wat by lidmate ontstaan het, te help opklaar. Die vraag is egter of dit gaan oor "verwarring" by die lidmate of oor "afwyking" by sommige in die leierskap van die Kerk. Dit is sekerlik so dat baie ingeligte lidmate lankal reeds agtergekom het dat daar by die kerkleiding 'n radikale afwyking gekom het in hul teologiese beskouings!

Dit het vir heelwat lidmate duidelik geword dat daar 'n heeltemal nuwe benadering gekom het tot die Bybel as die Woord van God. Ons as skrywers het waardering vir die Skrifgetroue prediking by die by-eenkoms van 13 Oktober 2007 wat onder leiding van die Evangeliese Inisiatief by Moreletapark gereël is. Ons het ook waardering vir die getuienis wat dit uitgedra het ten opsigte van die waarheid wat vir ons erns is. Of die Algemene Sinode en/of die teologiese fakulteite egter hulle teologie rondom die Skrif en die hantering daarvan gaan omkeer,

bly ’n ope vraag. Predikante is vanaf 2008 nog steeds deur dieselfde dosente opgelei wat ons in die afgelope dekades leer ken het. Geoordeel aan die EI se optredes sedert hulle ontstaan, is die vraag egter of hulle genoeg doen om ’n daadwerklike effek te hê.

Een ding is baie seker: Die Algemene Sinode het gepraat en sy standpunt oor die Skrifgesag gestel by sy vergadering van 2002. Dit was immers kragtens die Sinode se nuwe Skrifbenadering dat die saak van homoseksualiteit hanteer kon word soos dit wel gehanteer is! Sal die Kerk dan omdraai op sy pad? Dit skyn baie onwaarskynlik te wees.

## Reaksie van afgetrede teologiese UP-dosente

Buiten die Evangeliese Inisiatief, het ’n tweede groep – emeriti van die Universiteit van Pretoria – ook gereageer op die onthullings oor die NG Kerk. Onderstaande is hul reaksie in “ ‘n Geloofstandpunt”.[78] Deur hul standpunte te vergelyk met dié van heelwat van die hedendaagse teologiedosente, word die verandering in die teologie oor die afgelope paar jaar weereens beklemtoon (ons onderstreping):

> Ons, die ondergetekende emeriti en dosente wat klas gegee het aan die Teologiese Fakulteit [Ned. Geref. Kerk] van die Universiteit van Pretoria, het kennis geneem van videos, persberigte, radio uitsendings en verklarings oor teologiese strominge binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Aangesien die Teologiese Fakulteit van tyd tot tyd daarby betrek word deur direkte of indirekte verwysings en omdat baie lidmate verwar word deur standpunte wat nie in ooreenstemming is met die Kerk se leer nie, wil ons die volgende stel as ons eie geloofstandpunt wat ons ook gehandhaaf het gedurende baie jare wat ons die Fakulteit en die Kerk gedien het op vele terreine.

---

78 “ ‘n Geloofstandpunt”, Januarie 2007 – http://www.teo.co.za/wmview.php?ArtID=617

Ons het ook kennis geneem van die verklaring van tans dienende dosente wat soos volg lui: "Ons aanvaar die gesag van die Bybel. Die lewende God praat deur mense met mense. Hy oorreed mense deur sy Woord tot geloof en ’n lewe uit geloof. Geloof beteken onder andere om God met ons hele hart en lewe te vertrou en opreg voor Hom en mekaar te leef. Ons glo in die drie-enige God. God is Skepper, Verlosser en Heelmaker. Jesus Christus het mens geword, vir ons sonde gesterf en uit die dood opgestaan."

Ons het ons geroepe gevoel om in aansluiting daarby en in ooreenstemming met ons legitimasiebeloftes en die Gereformeerde belydenisskrifte wat die Ned. Geref. Kerk onderskryf, die volgende geloofstandpunt te stel:

a. Ons aanvaar in die geloof dat die Bybel die Woord van God is wat die weg van saligheid volkome aan mense verduidelik. Dit is geskryf deur mense wat geroep, toegerus en geïnspireer is deur die Heilige Gees. Hulle skryf weliswaar in ’n bepaalde historiese situasie en binne hul eie taal- en kulturele milieu. Dit neem nie weg dat hulle ’n besondere boodskap van God oordra aan die mense van hulle tyd en uiteindelik ook aan die mense van alle tye nie. Aangesien geloof en wetenskap nie teenoor mekaar staan nie, aanvaar ons ook dat die wetenskaplike bestudering van die Skrif, indien die eie aard van geloof en wetenskap gerespekteer word, nie die kernoortuigings van ons geloof bedreig nie, maar ons Skrifverstaan eerder verryk en verdiep.

Ons distansieer ons van die uitgangspunt dat die Bybel woorde van mense oor God is wat voortspruit uit ’n soeke na waarheid en sin. Dit sou die Bybel gelykstel met sakrale boeke van ander religieë en selfs met filosofiese denke van begaafde mense. Hierdie standpunt verander die teologie in filosofie en is niks meer as menslike bespiegelinge nie. So ’n beskouing van die Bybel bring mee dat elkeen kan besluit watter dele aanvaarbaar is en watter nie. So word verval in subjektivisme en humanisme.

b. Ons verklaar dat God drie-enig as Persoon die Skepper, Verlosser en Onderhouer is en dat Hy buite die skepping staan maar dit deurgaans bestuur en beheers. Ons distansieer ons van die beskouing van pan-en-teïsme wat God tot alle geskape dinge beperk en Hom gelykstel met die natuurwette of ’n soort kode wat alles volgens ’n bepaalde formule laat ontwikkel.

c. Ons aanvaar ’n transendente werklikheid wat die bestaansdimensie van God is en in die Bybel as die hemel aangedui word. Dit moet duidelik onderskei word van die onmeetlike ruimtes van die heelal wat deel uitmaak

van God se skepping. Ons distansieer ons van die standpunt dat die heelal met sy materie [atome], tyd en ruimte die enigste werklikheid is en dat God daar binne gesoek moet word. Daar is 'n onsigbare en onbeskryfbare dimensie waar materie, tyd en ruimte nie die bepalende faktore is nie.

d. Ons aanvaar dat bose magte van buite 'n invloed het op die geskiedenis, op ideologieë en op die denke en dade van indiwidue. Die Bybel praat duidelik van die werking van die Duiwel as vyand van God. Die bose moet bestry word op alle terreine maar kan gelukkig as 'n oorwonne vyand beskou word danksy die kruisdood en opstanding van Christus. Ons distansieer ons van die standpunt wat die kwaad beperk tot iets in die samestelling van die mens alleen en wat die transendente bestaan van die Bose ontken. Die Duiwel as persoonlike vyand van God kan nie logies verklaar word nie, maar kan in die lig van die getuienis van die Skrif en van ons daaglikse ervaring ook nie ontken word nie.

e. Ons aanvaar dat God 'n spesifieke verlossingsplan vir die mensdom het wat doelbewus aan alle mense verkondig moet word volgens Christus se opdrag. Dit word duidelik uit God se verlossende handelinge met Israel, uit die boodskap van die profete en uiteindelik deur die woorde en dade van Jesus Christus as Seun van God en Verlosser van die wêreld. Sentraal tot God se verlossingsplan is die Godheid van Jesus [maagdelike geboorte], sy lyding en kruisdood, sy liggaamlike opstanding en die hemelvaart. Dit alles is bevestig deur die uitstorting van die Heilige Gees en deur die getuienis van die apostels.

Ons distansieer ons van die standpunt dat verlossing en vernuwing losgemaak kan word van bogenoemde heilsdade van God in Christus. Dan word Christus slegs 'n profeet wat aan ons 'n voorbeeld stel en sy dood, opstanding en hemelvaart word slegs simbole van geestelike waarhede wat elkeen kan interpreteer soos hy goeddink.

f. Ons aanvaar dat God in beheer is van die skepping en die geskiedenis en dat Hy dit laat afstuur op die voleinding met die wederkoms van Christus. Die hoop van die gelowige is gevestig op die ewige lewe wat God beloof vir elkeen wat in Christus glo. Ons hoop in 'n gebroke wêreld is ook gevestig op die wederkoms van Christus en op die nuwe hemel en aarde wat God sal skep as woonplek vir dié wat in Christus geheilig is.

Ons distansieer ons van die standpunt dat die geskiedenis slegs 'n maaksel is van mense en dat dit sonder sin of bestemming is. Ons verwerp die

gedagtegang wat alle hoop op die ewige lewe vernietig en God nie as almagtig genoeg sien om 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde te skep nie.

g. Ons aanvaar dat die Christelike kerk deur die eeue heen sy geloof in belydenisskrifte geformuleer het. Ten spyte van kleiner verskille in belydenis-uitdrukking, is die Apostolicum die universele samevatting van wat Christene glo. Ons onderskryf die artikels van die Apostoliese Geloofsbelydenis op die wyse waarop die Kerk dit deur eeue heen verstaan en verklaar het.

Ons distansieer ons van afwykings en herinterpretasies van enige artikel van die Apostolicum aangesien dit die wese van die Christelike geloof verander en iets anders skep as wat die universele kerk oor al die eeue heen as die kern van sy geloof bely het en nog steeds bely.

Die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria het in die verlede gefunksioneer op die basis van belydenisgetrouheid en toegewyde en verantwoordelike wetenskaplikheid in die bestudering van die Bybel en die teologie. Ons glo en vertrou dat dit ook vorentoe die geval sal wees.

Prof. Attie Barnard
Prof. Carel Boshoff
Prof. Dionne Crafford
Prof. Andrie du Toit
Prof. Hoffie Hofmeyr
Dr. Cas Jackson
Prof. Dons Kritzinger
Prof. Albertus Smuts
Prof. Flip van der Watt
Prof. Wil Vosloo

(Einde van aanhaling)

## Samevatting

Wat behoort ons antwoord te wees ten opsigte van die post-modernistiese aanslag op die duidelikheid van die Woord? Dit kan niks anders wees nie as dat ons doelgerig en volhardend die Woord sal bly handhaaf en suiwer sal verkondig. God neem deur Sy Gees die verant-

woordelikheid om deur die waarheid van Sy Woord, te doen wat Hom behaag. Só bring Hy Sy Goddelike plan soewerein tot uitvoer (Jes. 55:10-11). Vir ons as Christene bly daar, in aansluiting by wat ons vroeër gesê het, net een weg oor – om kragtig te bly stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is (Judas vers 3).

Ons moet eindig waar ons begin het. Postmodernisme is bo alles ’n aanslag op die Woord van God. Presies hier het die Satan in die Paradys begin. Hy het naamlik onsekerheid geskep oor wat God duidelik gesê het. Met hierdie strategie kon hy Adam en Eva mislei en hulle die erfenis wat vir hulle beskore was, laat verloor! Ons moet terugkeer na, en vashou aan wat God duidelik gesê het. As ons dit nie doen nie, is God se oordeel onafwendbaar. Dít was die essensie van die gebeure met Sodom en Gomorra (Gen. 18 en 19).

Dit het laat geword vir die NG Kerk in hierdie land – later as wat baie dalk dink! Wees verseker – die tekens van die groot geestelike afval waarna ons hierbo verwys het, verteenwoordig maar net die punt van ’n veel groter ysberg van antichristelike infiltrasie wat reeds ons ganse samelewing en die Kerk deurtrek het. Onthou die waarskuwende woorde van die Here Jesus aan Sy gemeente in Sardis (Op. 3:3): “As jy nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos ’n dief in die nag.” Ons kan nie langer bekostig om ons te bekommer oor “die goeie naam” van ons Kerk en sy leiers terwyl ons die Naam van die Here van die Kerk deur die modder sleep nie! Ons kan nie langer ons eie naaktheid met vyeblare probeer verberg en voortgaan om gruwelike antichristelike dwaalleer toe te smeer en as “nuwe teologie” te herinterpreteer nie. Die Skrif sê: “… moenie meedoen aan die vrugtelose praktyke van die duisternis nie, maar stel dit eerder aan die kaak.” (Ef. 5:11)

Ons en ons kinders kan nie langer bekostig om soos blinde volgelinge van blinde leiers na ’n geestelike afgrond voort te strompel nie. Jesaja

het tereg gesê: “Dié wat oor my volk moet waak, is almal blind, hulle weet niks nie (Ou Vertaling: ... hulle merk niks op nie). Hulle is almal stom honde, hulle kan nie blaf nie … Hulle is herders sonder insig ...” Oor die tragiese geskiedenis van die geestelike verval van die kerk van Christus, kan ons maar net die woorde van Hosea 4:6 in groot rooi letters skryf: “My volk gaan ten gronde weens ’n gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal ek jou verwerp …”

Gelowiges wat hier lees: Moenie langer onkundig bly nie! Bid vir wysheid en insig! Vergewis uself van die Bybelse leringe. Bestry die aftakeling van God se Woord! Laat julle stemme hoor!

# HOOFSTUK 6: Evolusie en evolusionisme – die vrot appel in die kis!

## Inleiding

Die jaar 2009 het wêreldwyd as Darwinjaar bekend gestaan. Die geboorte van Darwin (die sogenaamde vader van evolusie) 200 jaar gelede, asook die publikasie van sy boek *On the Origin of Species*, 150 jaar gelede, is gevier. Die boodskap van evolusionisme is in daardie jaar aggressief deur die openbare media bemark. Mens kan selfs sê dat dit deurlopend deur die radio, televisie en koerante gepropageer is. By universiteite is lesings oor evolusie aangebied en konferensies gehou. Hierdie dryf om evolusie te propageer kan nie anders beskryf word nie as ’n reuse aanslag op die waarheid van die Bybel en die eer van God. Dit is egter nie net strydig met Bybelse gegewens nie, maar ook met goeie wetenskap.

Christene moet kennis neem dat evolusionisme wêreldwyd geweldig suksesvol is in sy aanslag om die waarheid van die Bybel onder verdenking te plaas. Die probleem hiermee is dat dit baie mense die geleentheid ontneem om tot geloof in God en Sy enigste Seun Jesus Christus as Verlosser te kom. Waarom sou enigeen die geestelike waarhede in die Bybel glo as die sogenaamde wetenskap die geskiedenis in die Bybel verkeerd bewys het?

## Skeppingsleer (kreasionisme) teenoor die evolusieleer

Hier aan die begin van dié hoofstuk gee ons ’n baie kort samevatting van die groter geheel van die skeppingsleer en evolusieleer – die onderwerp is natuurlik baie groter as wat hier weergegee kan word. Die leser word aangemoedig om meer oor hierdie onderwerp te lees op

die webblaaie wat genoem word onder die aanbevole bronne aan die einde van die boek.

### *Wat verkondig die skeppingsleer?*

Die gelowiges wat die skeppingsleer aanvaar, glo dat die Bybel se getuienis oor God se skepping van hemel en aarde soos dit in Genesis opgeteken is, waar en betroubaar is. Alles wat Genesis ons oor die skepping leer, het werklik letterlik so gebeur. Ons verwerp die siening dat dit slegs simbolies of mitologies verstaan moet word. God het alles met Goddelike, bonatuurlik krag tydens die Skeppingsweek geskep, soos verklaar word in die Bybel.

Soorte kon slegs binne hul soorte voortplant. Met ander woorde: Een soort kon nooit ’n ander soort voortbring nie. Hierdie stelling sluit nie natuurlike spesie-ontwikkeling binne ’n soort uit nie. Baie genetiese variëteit is in die eerste een of twee van elke soort geskep sodat taamlike groot variëteit later binne elke soort kon ontwikkel. Baie beerspesies, honde-spesies en katspesies, en mensegroepe met heelwat verskillende voorkomste is voorbeelde van die groot variëteit binne elke soort. Die genetiese variëteit binne elke soort is egter begrens, en kan nie die grens van ’n soort oorsteek nie. Dis byvoorbeeld deur gemanipuleerde seleksie, soos hondeteling, oor eeue gedemonstreer. Geen soort het byvoorbeeld ooit iets anders as sy eie soort voortgebring nie, byvoorbeeld ’n hond se kleintjie was altyd weer ’n hond, al het mense ’n spesifieke eienskap so ver moontlik probeer versterk. (Heelwat werk moet egter nog gedoen word om te probeer bepaal presies wat die oorspronklike Bybelse soorte was – dié veld word Baraminologie genoem. Dit is byvoorbeeld moontlik dat die hond en die wolf oorspronklik een Bybelse soort was, asook die leeu en die tier.) Die mens en geen aapsoort (bestaande of uitgestorwe) was ooit

een soort nie – so ook nie dinosourusse en voëls nie, om maar na enkele omstrede sake te verwys.[79]

God het tydens die Genesisvloed, wat onomwonde deur die Bybel gestel word om wêreldwyd te gewees het, alle mense en landdiere, buiten dié wat op Noag se reuse ark gegaan en oorleef het, uitgewis.[80] Die grootste deel van die geologiese kolom is tydens die vloedjaar gevorm en tallose diere en ander organismes het toe vergaan, waarvan baie oombliklik deur modder bedek is, en later in die sedimentêre gesteentes gefossileer het. Die meeste steenkool is byvoorbeeld die oorblyfsels van opeengehoopte plantmateriaal wat tydens die vloed onder tonne modder begrawe is. Die basiese dieptevolgorde van fossiele in die geologiese kolom het nie te make met tydsvolgorde oor miljoene jare waarin hulle bestaan het nie, maar bloot met die volgorde waarin hulle bedek is deur allerlei vloedmateriaal tydens die vloed. So byvoorbeeld het intelligente, groter diere langer oorleef en is hoër op gevind as visse, amfibieë en insekte wat laer geleef of probeer skuil het.

God het agt mense, en alle diersoorte (nie alle spesies nie) op die ark bewaar, sodat hulle ná die vloed weer binne hul soorte kon voortplant

---

79 Kyk "Speciation questions and answers" – http://creation.com/speciation-questions-and-answers, "Mutations Questions and Answers" – http://creation.com/mutations-questions-and-answers, "Natural Selection Questions and Answers" – http://creation.com/natural-selection-questions-and-answers en "Genetics Questions and Answers" – http://creation.com/genetics-questions-and-answers.
Kyk ook "Hoe evolusie werk en hoekom dit nie werk nie" – http://www.glodiebybel.co.za/daniel-se-e-posse/46-2009-08-30-hoe-evolusie-werk-en-hoekom-dit-nie-werk-nie.html wat ook terme soos "soorte", "mutasies" en "natuurlike seleksie" verduidelik.

80 Kyk "Noah's Ark Questions and Answers" – http://creation.com/noahs-ark-questions-and-answers en "Baie vinnige erosie" – http://www.glodiebybel.co.za/daniel-se-e-posse/51-2010-06-04-baie-vinnige-erosie.html

(insluitend nuwe spesie-ontwikkeling wat daarná plaasgevind het) en versprei oor die aarde.

### *Wat glo die evolusieleer?*

Deur natuurlike prosesse alleen, het verandering oor miljarde jare plaasgevind van:

- dooie materie na
- die eerste lewende sel na
- eensellige organismes wat kan voortplant na
- eenvoudige meersellige organismes na
- komplekse meersellige organismes (soos byvoorbeeld die mens en die aap se gemeenskaplike voorganger) na
- uiteindelik geweldig komplekse organismes, waarvan die mens tans die toppunt is.

Genetiese inligting moes dus deur natuurlike prosesse alleen vermeerder het, want die mens byvoorbeeld, bevat baie meer genetiese inligting as die eenvoudigste enkelsellige organisme. Natuurlike prosesse wat evolusioniste voorstel is mutasies en natuurlike seleksie. Mutasies verskaf variasies en natuurlike seleksie laat die beter variëteite oorleef eerder as die swakkeres – daarom hoe langer die tyd, hoe groter en slimmer word organismes.

Die geologiese kolom se basiese volgorde van kleiner en dommer onder tot groter, sterker en slimmer bo – so glo evolusioniste – dui op die natuurlike evolusieproses oor miljarde jare.

## Oorsprong- en historiese wetenskappe

Verskille tussen die skeppingsleer en evolusieleer gaan oor oorsprong- en historiese wetenskappe – nie oor operasionele wetenskappe nie. Operasionele wetenskappe werk met dít wat nou en hier herhaaldelik beproef kan word.[81]

Dieselfde data, soos byvoorbeeld die geologiese kolom met sy fossiele, is vir skeppingsleerders én evolusioniste beskikbaar, maar die vertolking daarvan verskil hemelsbreed.[82] Die basiese inligting van byvoorbeeld fossiele in terme van wie hulle ontdek het, waar hulle ontdek is en wat gevind is, word nie oor verskil nie, maar die vertolking in terme van ouderdomme en waar hulle sou inpas in die verlede, is glad nie dieselfde nie.

Evolusioniste wat spottenderwys beweer dat skeppingsleerders byvoorbeeld nie van moderne mediese tegnieke gebruik behoort te maak nie, omdat hulle kwansuis nie aan wetenskap glo nie, demonstreer eintlik maar net hul eie onkunde betreffende die onderskeid tussen oorsprong- en operasionele wetenskappe.

---

81 Vir meer hieroor, kyk “Science Questions and Answers” – http://creation.com/science-questions-and-answers, onder “What is the difference between ‘operational’ (or ‘normal’) science and ‘origins’ science?”, “It’s not science” – http://creation.com/its-not-science, “Who’s really pushing ‘bad science’?” – http://creation.com/whos-really-pushing-bad-science-rebuttal-to-lawrence-s-lerner en “The rules of the game” – http://creation.com/the-rules-of-the-game.

82 Kyk “Fossils Questions and Answers” – http://creation.com/fossils-questions-and-answers

## Die Bybel weerspreek die evolusieleer [83]

God is die direkte Skepper van alles, insluitende alle vorme van lewe. Niks het ontstaan deur een of ander toevallige proses soos deur die evolusieleer gepostuleer word nie.

God het ná elke dag van die Skeppingsweek verklaar dat Hy alles goed geskep het. Die skeppingsproses het dus nie die uitwissing van die swakkere om die sterkere tot stand te bring, ingesluit nie.

Die eerste twee mense is geskep nog voordat daar enige dood van selfs diere was. Dood het eers ná die sondeval in die wêreld gekom.[84] Die hele geologiese kolom met sy duisende fossiele van diere, dui dus op diere wat ná Adam en Eva se sondeval omgekom het.

In die Bybel word by herhaling verklaar dat soorte volgens hulle soorte sou voortplant. Daar is dus nie sprake daarvan dat een soort in ’n ander soort kan verander nie.

Alle soorte organismes (nie alle spesies nie), tot die mees komplekse, was daar van die eerste week van die skepping af – dit het nie geleidelik oor baie lang tydperke ontwikkel nie.

## Ateïstiese basis

Alle evolusioniste is nie ongelowig nie, maar die basis van die evolusieleer is ateïsties, want dit is strydig met die Bybel en ontken ’n Skepper. Dit is ook belangrik om te weet dat Darwin se doel met

---

83 Vir meer oor of evolusie en die Bybel versoenbaar is, kyk “Het God evolusie gebruik om te skep?” – http://www.glodiebybel.co.za/component/content/article/69-het-god-evolusie-gebruik-om-te-skep.html
84 Kyk “Death and suffering questions and answers” – http://creation.com/death-and-suffering-questions-and-answers.

evolusie was om alles te verklaar sonder God.[85] Hierdie aanname word "naturalisme" genoem. Heelwat bekende evolusioniste se eie uitsprake spel hul ongeloof, en selfs hul ateïsme uit. Hulle het geen plek vir God nie.

Hier volg sommige voorbeelde:[86]

* George Gaylord Simpson:

Man is the result of a natural process that did not have him in mind.[87]

* Jacques Monod:

... man has to understand that he is a mere accident.[88]

* Richard Lewontin:

... moreover, that materialism is an absolute, for we cannot allow a Divine Foot in the door.[89]

* Richard Bozarth:

Destroy Adam and Eve and the original sin, and in the rubble you will find the sorry remains of the son of god. Take away the meaning of his death. If Jesus

---

85 Kyk "Charles Darwin Questions and Answers" – http://creation.com/charles-darwin-questions-and-answers en "The Darwin Anniversary" – http://creation.com/the-darwin-anniversary.
86 Vir meer aanhalings, kyk die boek *Skepping & Evolusie – onversoenbaar!*, "Hoofstuk 10.1 Aanhalings", bl. 421. Dit kan afgelaai word by http://www.glodiebybel.co.za/component/content/article/120-skepping-en-evolusie-onversoenbaar.html. Nog aanhalings is te vinde by "Aanhalings" – http://www.glodiebybel.co.za/skepping-vs-evolusie-m/59-aanhalings-kat.html.
87 Uit *The Meaning of Evolution*, bl. 132 en 345, 1949
88 Uit *The Eighth Day of Creation*, bl. 217, 1979
89 Uit *New York Review*, bl. 31, Januarie 1997

is not the redeemer that died for our sins, and this is what evolution means, then Christianity is nothing.[90]

* Richard Dawkins verklaar onomwonde dat evolusie hom van enige godsdiens laat afsien het, en dat Darwinisme hom toelaat om 'n intellektueel vervulde ateïs te wees.[91]

## Wetenskaplike probleme met die evolusieleer

Geen behoorlike wetenskaplike verklaring bestaan vir die natuurlike ontstaan van die eerste lewe uit dooie materie nie.[92]

Geen bewese natuurlike meganisme bestaan om genetiese inligting te vermeerder nie.

Daar is geen bewys dat een soort in 'n ander soort kan verander nie – die sogenaamde "verlore skakels" tussen alle soorte is nog nooit gevind nie – ook nie tussen die mens en die aap nie. Die evolusionis dr. Colin Patterson het dit soos volg erken:

I fully agree with your comments on the lack of direct illustration of evolutionary transitions in my book. If I knew of any, fossil or living, I would certainly have included them ... As a paleontologist myself, I am much occupied with the philosophical problems of identifying ancestral forms in the fossil record. You say that I should at least "show a photo of the fossil from which each type of organism was derived". I will lay it on the line – there is not one such fossil for which one could make a watertight argument.[93]

---

90 Uit http://creation.com/the-atheists-know-why-christianity-has-to-fight-evolution
91 DVD: 'The God Delusion Debate', A Fixed Point Foundation Film
92 Kyk "Origin of Life Questions and Answers" – http://creation.com/origin-of-life-questions-and-answers.
93 Persoonlike brief deur dr. Colin Patterson, 10 April 1979, Senior Paleontoloog by die Britse Natuurhistoriese Museum, Londen, aan Luther D. Sunderland; in Darwin's Enigma, deur Luther D. Sunderland, Master Books, San Diego, VSA, bl. 89, 1984]. Kyk ook "Those fossils are a problem" – http://creation.com/those-fossils-are-a-problem,

(Let wel: Spesie-ontwikkeling binne ’n soort is moontlik, maar dit gaan gepaard met verlies aan genetiese inligting ten opsigte van die oorspronklike soort en demonstreer daarom nie evolusie nie.)

Volgens die evolusieleer het die mens en die aap se gemeenskaplike voorganger 5 tot 10 miljoen jaar gelede bestaan. Van alle moderne ape is die sjimpansee se genetiese inligting die naaste aan die mens s’n – dit is na bewering omtrent 96% dieselfde. Volgens Haldane se dilemma (Haldane was ’n evolusionis) is 10 miljoen jaar ver te kort om ooreenkomstig die beste bepaling van voordelige mutasietempo’s in sy tyd, die verskil in genetiese inligting tussen mense en die mens-aap-voorganger te verklaar. 4% genetiese verskil tussen mens en sjimpansee klink min, maar in terme van benodigde mutasies is dit enorm, en onmoontlik om te bereik selfs in die 4 tot 6 miljard jaar wat die evolusionis glo die aarde oud is. Omtrent 300 miljard jaar was nodig volgens Haldane se berekeninge.[94]

In werklikheid is die probleem nog baie groter, want mutasies lei nie tot verbetering nie. Inteendeel, mutasies lei oorweldigend tot verswakking en uitwissing van organismes, en kan geensins gebruik word om evolusie te verduidelik of te verdedig nie.

Die naaste wat ooit aan voordelige mutasies gekom word, is enkele mutasies wat in spesifieke omstandighede vir ’n organisme voordelig is, maar in normale omstandighede tot uitwissing sou lei (byvoorbeeld besies wat hul vlerke verloor op winderige eilande, word moeiliker in die see gewaai en het dus daar tot vlerklose besies gelei).

---

“That quote!—about the missing transitional fossils” – http://creation.com/that-quoteabout-the-missing-transitional-fossils.

94 “Haldane’s Dilemma has not been solved” – http://creation.com/haldanes-dilemma-has-not-been-solved en http://www.glodiebybel.co.za/daniel-se-e-posse/106-2009-09-09-haldane-se-dilemma.html.

Onlangse bevindings wys dat mutasies die voortplantingsvermoë van die mens binnekort sodanig sal begin benadeel dat die mensdom kort daarna sal uitsterf, as alles bloot natuurlik verloop.[95]

Die nuutste ontdekkings toon dat die genetiese kode nog veel meer kompleks is as wat enigiemand ooit kon dink. Dit bewys net weer dat die mens nog heeltemal te min weet om persentasies toe te ken aan DNS-ooreenkomste tussen verskillende organismes soos byvoorbeeld die mens en die sjimpansee. Die DNS-kode word nie slegs lineêr, in een rigting en opeenvolgend gelees, soos die letters en woorde in 'n boek nie. Dit word oorvleuelend gelees met verskillende begin- en eindpunte, en sommige kodes word van voor na agter én van agter na voor gelees! Evolusioniste het op 'n stadium gedink dat die 97% van die menslike genoom (al die genetiese inligting) wat nie instruksies vir proteïenvervaardiging bevat nie, nutteloos is en dus die oortollige oorblyfsels van evolusie is. Later is ontdek dat dit geheel en al verkeerd is, en dat meeste genetiese inligting meta-inligting is – met ander woorde inligting oor DNS-inligting, dus inligting oor hoe om die inligting te gebruik. Daarom kan dieselfde kode waarskynlik in verskillende organismes verskillende ledemate tot stand laat kom.[96]

Kan enigiemand regtig met eerlikheid glo dat sulke multi-dimensionele kodes bloot deur natuurlike prosesse te voorskyn gekom het? Is dit nie duidelik dat wetenskaplikes wat nie eens intelligente ontwerp wil aanvaar nie, ondanks glashelder voorbeelde soos hierdie, dit doen om hul eie geloofsredes? Maar hulle sal die geloofsaspek waarskynlik

95 Kyk "Mutations: evolution's engine becomes evolution's end!" – http://creation.com/mutations-are-evolutions-end
96 Kyk "'Vestigial' Organs" – http://creation.com/vestigial-organs-questions-and-answers

hewig ontken.[97] (Vir 'n meer volledige bespreking oor die genetika, kyk "BYLAAG A: George Claassen hoofspreker by UP se Teologiese Fakulteit".)

Die sogenaamde Kambriese ontploffing wys dat feitlik alle stamme van die diereryk skielik in die geologiese kolom verskyn het, met feitlik niks in die Pre-Kambriese lae net onder dit nie.[98] Volgens die geologiese rekord beteken dit dat die eerste diere *van die begin af* baie verskil het, want diere word slegs in verskillende biologiese stamme geplaas as hulle in baie groot mate verskil.

Heelwat nuwe fossiele en veral die sogenaamde hominiedefossiele wat ontdek word, lei dikwels tot die gevolgtrekking dat die evolusie-stambome herdink moet word. Die inligting vir die hominiede-stamboom het só verwarrend geword dat min evolusioniste nog bereid is om een op te trek, want daar bestaan geen eenstemmigheid daaroor nie en die nuutste fossiele, met hul sogenaamde ouderdomme, maak 'n sinvolle stamboom net al moeiliker.[99] Hier is 'n paar bekende evolusioniste se uitsprake waarin dit erken word:

- Mary Leakey:

... in the present state of our knowledge, I do not believe it is possible to fit the known hominid fossils into a reliable pattern.[100]

---

97 Kyk "Astonishing DNA complexity demolishes neo-Darwinism" in *Journal of Creation* 21(3), bl. 111-117, 2007 (http://creation.com/images/pdfs/tj/j21_3/j21_3_111-117.pdf).
98 Kyk "The fossil record" - http://creation.com/the-fossil-record, "Exploding evolution" – http://creation.com/exploding-evolution
99 Kyk "Is the evolutionary tree turning into a creationist orchard?" – http://creation.com/is-the-evolutionary-tree-changing-into-a-creationist-orchard
100 Uit Disclosing the Past, bl. 214, 1986

- Robert Martin:

So one is forced to conclude that there is no clearcut scientific picture of human evolution.[101]

- David Pilbeam:

The fossil record has been elastic enough, the expectations sufficiently robust, to accommodate almost any story.[102]

## Wetenskaplike ondersteuning vir die skeppingsleer

Baie hedendaagse skeppingsleerders is goeie en selfs uitstaande wetenskaplikes. Die basis van die moderne wetenskap is deur mense gelê wat in 'n sesdagskepping geglo het, byvoorbeeld:[103]

- Kepler (Hemelmeganika),
- Pascal (Hidrostatika),
- Boyle (Chemie),
- Steno (Stratigrafie),
- Newton (Dinamika),
- Leibnitz (Wiskunde),
- Linneaus (Sistematiese Biologie),

---

101 (Senior Research Fellow, Zoological Society of London), 'Man is not an onion'. *New Scientist*, 4 August 1977, bl. 283 en 285
102 Uit *Ancestors: The Hard Evidence*, bl. 53, 1985
103 Kyk ook: "Scientists alive today who accept the biblical account of creation" – http://creation.com/scientists-alive-today-who-accept-the-biblical-account-of-creation, "Creation scientists and other specialists of interest" – http://creation.com/creation-scientists, "In Six Days" – http://creation.com/in-six-days (Hierdie is 'n boek wat gratis afgelaai kan word waar 50 wetenskaplikes getuig hoekom hulle aan 'n sesdagskepping glo.)

- Faraday (Elektromagnetika),
- Joule (Termodinamika),
- Virchow (Patologie),
- Mendel (Genetika),
- Pasteur (Bakteriologie),
- Maxwell (Elektrodinamika) en
- Fleming (Elektronika).

Die geologiese kolom klop met die Genesisvloed en wys dat alle soorte nog altyd daar was. Die Kambriese ontploffing byvoorbeeld bevestig dit.

90% van alle oppervlakrots op aarde is sedimentêr en bevestig daarom die Genesisvloed.

Selfs sekulêre geoloë en wetenskaplikes begin meer en meer geologiese strukture toe te skryf aan katastrofiese vloede – soveel so dat gepraat word van Neo-katastrofisme. Die ontslape geoloog dr. Derek Ager is ’n goeie voorbeeld alhoewel hulle vir *verskeie* omvangryke katastrofes in die wêreldgeskiedenis argumenteer.[104]

Soorte plant nog steeds net volgens hul soorte voort.

Afname in genetiese inligting klop 100% met die Bybelse inligting dat God in die begin alle soorte organismes goed en volledig geskep het, en dat mutasies mettertyd die genetiese inligting laat afneem het.

---

104 “The origin of old-earth geology and its ramifications for life in the 21st century” – http://creation.com/the-origin-of-old-earth-geology-and-its-ramifications-for-life-in-the-21st-century, *TJ* 18(1), bl. 22-26, 2004 [The Nature of the Stratigraphical Record, 1983] [The New Catastrophism, 1993] en “Up with Catastrophism!” – http://www.icr.org/article/up-with-catastrophism/

Alle sogenaamde hominiedefossiele wat ontdek word, is óf deel van die een menslike ras wat nog altyd bestaan het, óf is deel van aapsoorte waarvan heelwat al uitgesterf het. Dat die mens se evolusiestamboom nie met vertroue deur evolusioniste opgetrek kan word nie, bevestig hierdie Bybelse gegewe, want die mens het nooit uit enigiets anders ontwikkel nie, en is reg in die begin van die skepping as mens geskep.

Skeppingsleerders beweer beslis nie dat hulle al die antwoorde het nie, maar omdat hulle die enigste Een wat van altyd af daar was, se woorde – die Bybel – glo, het hulle 'n baie groot voorsprong in terme daarvan om oorspronge korrek te verklaar:

**Gen. 1:1-3 :** In die begin het God die hemel en die aarde geskape. En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters. En God het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig.

**Joh. 1:1-5 :** In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie.

## Stemme oor die invloed van evolusie op die Christelike denke in ander wêrelddele

### *Verenigde State van Amerika*

Dr. John MacArthur, in sy boek, *The Battle for the Beginning*, maak die volgende stellings oor evolusie:

Thanks to the theory of evolution, naturalism is now the dominant religion of modern society.
...

Naturalism has now replaced Christianity as the main religion of the Western world, and evolution has become naturalism's principal doctrine.

Naturalisme is dié siening dat alles wat bestaan, die gevolg is van "natuurlike oorsake" – nie die resultaat van God se skepping nie!

Luther Sunderland, in sy boek, *Darwin's Enigma*, skryf die volgende, wat elke Christen se ernstige aandag verdien:

Darwin has had a more significant impact on every facet of society throughout the world than any other person in the last several hundred years. To some degree, the theory of evolution has influenced the fields of philosophy, economics, education, science, politics, and to a minor degree, all major organized religious denominations, which now teach it exclusively in their seminaries, either implicitly or explicitly.

### *Die Verenigde Koninkryk*

Professor John Rendle-Short is die seun van professor Arthur Rendle Short (sonder koppelteken). Sy vader was bekend vir sy skrywes oor "teïstiese" evolusie. Hieroor het John gesê dat daar onthou moet word dat in die eerste dekades van die twintigste eeuse Engeland, Darwin getriomfeer het. Geen regdenkende mens het toe ernstig gedink aan 'n sesdagskepping of dat die Genesisvloed werklik meer as die toebekende wêreld oorspoel het nie. Hyself was 'n "teïstiese evolusionis" vir meer as veertig jaar. Hy sê verder dat hy simpatie het met Christene van 'n vorige geslag wat voortdurend gedwing was om opgewasse te wees teen evolusie. Hulle het basies geen ander keuse gehad as om aan evolusie te glo nie want "alles dui op evolusie", is aan hulle vertel.

Jare later het John uitgevind dat sy vader as Christen nie volkome vrede kon maak met evolusie nie. Na baie jare in die woestyn van evolusie het John self tot besinning gekom en die "Creation Science Foundation" in die Verenigde Koninkryk gestig.

As Christen is John Rendle-Short deeglik bewus van die skade wat evolusionistiese kompromieë aangerig het. Die dringende besef dat Christene bewus gemaak moet word van die krag van die skeppingsboodskap, het die professor genoop om boeke te skryf soos *Man: Ape or Image?* en *Reasonable Christianity*. Sy mees onlangse werk, *Green Eye of the Storm*, is in 1998 gepubliseer deur die Banner of Truth Trust, 'n evangelies christelike uitgewersmaatskappy.

Dit is die professor se innige begeerte dat deur die lees van sy boeke, baie mense wat in die versoeking gestel kon wees, sal terugkeer na die gesag van die Bybel en die ware weergawe wat dit bevat oor die geskiedenis van die wêreld.[105]

## Voorbeelde van die invloed van evolusie op die Christelike denke in Suid-Afrika

### *Staatskole*

In die staatskole in ons land, selfs in die laerskole, word evolusie tans as wetenskaplike waarheid verkondig.

Een van die Graad 12-handboeke vir Lewenswetenskappe met die titel "X-Kit", sê die volgende oor evolusie op bladsy 122:

> Evolusie is die proses waardeur nuwe soorte organismes uit ander bestaande soorte organismes ontwikkel. Amfibieë het byvoorbeeld uit visse ontwikkel; reptiele het uit amfibieë ontwikkel; en voëls en soogdiere het afsonderlik uit reptiele ontwikkel. As gevolg van evolusie is daar vandag baie organismes rondom ons, wat verskil van dié wat in die verlede bestaan het!

---

105 "From (theistic) evolution to creation" – http://creation.com/from-theistic-evolution-to-creation

In die lig van meer objektiewe wetenskap, soos onder andere in die boek van dr. Hennie Mouton, *Skepping en Evolusie – Onversoenbaar!* [106] weergegee word, kan 'n mens as Christen net die hande saamslaan oor bogemelde aanhaling uit die skoolhandboek. Die feit is dat die lering oor evolusie tans aan ons kinders gegee word, terwyl hulle bitter min, of geen blootstelling aan skeppingsleer kry nie.

Mouton se boek *Verken lewenskappe verder – 'n kritiese evaluering van evolusie* het in 2009 verskyn. Daarmee neem hy die huidige Graad 12-skoolhandboek *Verken Lewenswetenskappe* stuksgewys onder die loep. Hy wys dat elke sogenaamde bewys wat daar vir evolusie voorgehou word, hoogs bevraagtekenbaar of eenvoudig ongeldig is. Hierdie boek word ook vir ouers van jonger kinders aanbeveel omdat die ouers met die Graad 12-inligting en weerleggings daarvan sekerlik ook die jonger grade se leerstof sal kan hanteer en reggestel aan hul kinders oordra.

Die opinie van die skrywers van hierdie boek is dat evolusie wel aan kinders op skool geleer moet word, maar dan nie net die argumente vir evolusie nie, maar ook die magdom bewyse daartéén.[107]

### Teoloë van die NG Kerk

In Augustus 2005 het prof. Wentzel van Huyssteen van Princeton Theological Seminary 'n lesing oor evolusie en teologie aangebied – "Created to the image of God? Theology, Evolution and the search for human uniqueness". Dit is gereël deur die Universiteit van Pretoria se Praktiese Teologie departement. Daar is vooraf gehoop dat die twee

---

106 *Skepping & Evolusie – onversoenbaar!* kan gratis afgelaai word vanaf www.glodiebybel.co.za.

107 "Education Questions and Answers" – http://creation.com/education-questions-and-answers onder "What is CMI's position on teaching creation in public schools?"

alternatiewe – skepping of evolusie – darem tenminste nog voorgehou sou word, maar dit het gou geblyk dat skepping in die Bybelse sin glad nie in hierdie departement aangebied word nie.

Agterna is 'n paar vrae per e-pos aan prof. Julian Müller, toe departementshoof van Praktiese Teologie, gestuur. Müller het onderneem om dit aan prof. Van Huyssteen aan te stuur. Geen verdere antwoord is van prof. Müller ontvang nie. Dit is dus onseker of prof. Van Huyssteen ooit die vrae gekry en probeer antwoord het. Onderstaande is die vrae wat gestuur is, met verduidelikende kommentare in blokhakies:

- Waar pas Adam en Eva in in prof. Van Huyssteen se siening? [Hy het darem so effens na hulle verwys – so hy moet een of ander opinie oor hulle hê].
- Waarom het prof. Van Huyssteen nooit verwys na rotstekeninge van dinosourusse nie? [Dis waarskynlik omdat mense en dinosourusse nie veronderstel was om volgens die evolusiehipotese saam te geleef het nie – wat strydig met die Bybelse gegewens is. Daarom ignoreer evolusioniste eenvoudig sulke inligting. Dit is ook strydig met ander wetenskaplike gegewens waar rooibloedselle van *T. Rex* nog bestaan het – wat onmoontlik miljoene jare oud kan wees.[108]]
- Prof. Van Huyssteen se bewering dat Neanderdallers net in vlak grafte gevind is, is verkeerd. Hulle is dikwels in grotte begrawe, soos wat selfs vanaf Abraham tot Christus nog die gebruik was.[109]
- Hoe versoen prof. Van Huyssteen die Bybelse gegewe dat God Homself reg in die begin aan die mens geopenbaar het, met sy leer

---

108 Kyk "Dinosaur Questions and Answers" – http://creation.com/dinosaur-questions-and-answers.
109 Kyk "Neandertal Man-the changing picture" – http://creation.com/neandertal-manthe-changing-picture.

dat godsdiens stadigaan en geleidelik oor miljoene jare uit die mistieke ontwikkel het?

- Wat beteken "geen dood voor die sondeval" vir hulle (proff. Van Huyssteen en Müller)?
- Hoe rym hulle 'n wrede evolusieproses waardeur dinge oorspronklik tot stand sou gebring gewees het, met God se herhaaldelike verklaring in Genesis dat Hy alles "goed" geskep het?
- Wat maak hulle met die Bybelse gegewe dat soorte geskep is om te kon voortplant volgens hulle soorte – met ander woorde een soort kan nie ontwikkel in 'n ander soort nie?
- Hoe goed ken hulle die skeppingsmodel wat wetenskaplik verantwoordbare antwoorde kan gee op al bogemelde en meeste ander soortgelyke vrae in alle velde van die wetenskap, én wat klop met die Bybel?
- Hoe belangrik is dit vir hulle dat bevindings moet klop met die Bybel?
- Wanneer gaan hulle ook begin kyk na skeppingsleerwetenskaplikes se afleidings in plaas van net na evolusionistiese wetenskaplikes s'n? Sou hulle bereid wees om 'n skeppingsleerpraatjie aan te lê vir hul teologiese studente?[110]
- Die Templeton-toekennings – wat prof. Van Huyssteen verskeie kere gekry het – laat die vraesteller dink aan die tragiese verhaal van Charles Templeton wat ook verbonde was aan die Princeton Theological Seminary. Hy is aanvanklik beskou as 'n kragtiger evangelis as Billy Graham, maar het later die werklikheid van

110 Klaarblyklik nie. Op bl. 229 word genoem dat prof. George Claassen, 'n ateïs welkom was om by die UP Teologiese Fakulteit 'n toespraak te maak, maar dr. Mark Harwoord, 'n skeppingsleerder, nie.

Genesis verwerp wat uiteindelik gelei het tot sy boek *Farewell to God – my reasons for rejecting the Christian faith*.[111]

- Hoeveel dink hulle is ’n mensgemaakte, humanistiese, wêreldse godsdiens werd? Die God van die Bybel vir Wie Christene dien, is ver groter as ’n god wat deur die mens of sy sogenaamde voorgangers uitgedink is.

Ons verwys vervolgens na prof. Julian Müller se artikel “ ’n Nuwe verstaan van God vir ’n nuwe tyd?” [112] wat nie net op UP se teologiese webwerf www.teo.co.za maar ook in die *Beeld* van 12 Oktober 2007 verskyn het. Alhoewel enige Bybelgelowige heelwat probleme in sy sieninge kan uitwys, gaan ons net op enkele sake kommentaar lewer. Omdat ons sy hele redenasie bietjie onduidelik gevind het, het ons sekere verduidelikende voorstelle van hoekom ons dink hy redeneer soos hy redeneer, bygevoeg.

Prof. Müller skryf:

> Die wetenskaplikes het byvoorbeeld allerhande teorieë oor evolusie, maar Sondae word die “waarheid” van Genesis 1 en 2 gepreek en daar is geen ernstige poging om die uiteenlopende gevolgtrekkings te integreer nie.

Let daarop dat prof. Müller self die “waarheid” in aanhalingstekens gesit het, wat sekerlik beteken dat hy die waarheid van Genesis 1 en 2 tenminste op ’n manier bevraagteken.

Verder skryf hy dat daar vir die soekende Christen net twee opsies oorbly (in die lig van die postmoderne kennis):

---

111 Kyk “Slippery slide to unbelieve” – http://creation.com/the-slippery-slide-to-unbelief-a-famous-evangelist-goes-from-hope-to-hopelessness.
112 “PANENTEÏSME: ‘n nuwe verstaan van God vir ‘n nuwe tyd?”, 2007-10-12 – http://www.teo.co.za/wmprint.php?ArtID=618 en http://www.julianmuller.co.za/panenteisme-n-nuwe-verstaan-van-god-vir-n-nuwe-tyd.html

- Val terug (volgens hom) op die letterlike en eenvoudige verklaring van die Bybel, met konsepte soos God wat van bo moet ingryp in ons aardse werklikheid; of
- Neem die kerk en teologie nie meer ernstig op nie.

Maar dan kom prof. Müller met sy alternatiewe (derde) opsie – sy integrale wêreldbeeld – panenteïsme – "God is in alles en alles is in God". Hy stel dit voor omdat hy, lyk dit vir ons, nie plek kan vind vir God as 'n Wese binne die heelal nie (Is dit omdat die sekulêre wetenskap reken niks bestaan buiten dit wat waargeneem kan word nie?) en ook nie buite die heelal nie (Is dit omdat die oerknalmodel niks toelaat buite die heelal nie – nie eers ruimte nie?). Maar tog glo panenteïste volgens prof. Müller dat God méér is as die heelal, maar hy verduidelik nie wat hierdie "meer" beteken nie. Ten slotte erken hy dat hierdie konsep, soos alles, voorlopig is – waarskynlik 'n tipiese postmoderne stelling (verskoning?).

Prof. Müller probeer met sy konsep sekerlik om sekulêre en evolusionistiese wetenskaplikes en hul dissipels se belangstelling in die teologie te wen of te behou. Maar sy stelling dat God méér is as die heelal, of in alles is, gaan al klaar weer vir hulle onaanvaarbaar wees, of dink hy die mistisisme gaan sulke sienings soos panenteïsme vir evolusionistiese wetenskaplikes "geloofwaardig" maak?

Prof. Müller se dilemma van waar God is word na ons mening deur die Bybel verklaar deur die begrip dat Hy buite Sy skepping is, maar tog ook alomteenwoordig is, met ander woorde orals binne Sy skepping ook is. 'n Mens kan dit probeer verklaar deur te sê dat Hy moontlik in 'n dimensie bestaan waar ons nie kan waarneem nie, maar die belangrike is om die Bybel ook ten opsigte hiervan te glo, of ons nou 'n verklaring kan uitdink of nie. Hoekom glo prof. Müller die Bybel nie maar net nie, maar soek hy verklarings op allerlei buite-Bybelse plekke? Wat dink hy

van die verskyning van engele aan mense? Was dit ook maar net die foutiewe gedagtes van pre-moderne mense?

So watter opsie is daar vir die soekende Christen? Na ons mening is dit om terug te gaan (nie "terugval" soos prof. Müller dit stel nie) na die letterlike en eenvoudige verklaring van byvoorbeeld Genesis 1 en 2. En ja – neem wetenskaplike bevindings ernstig op, maar gebruik die verskille tussen sommige wetenskaplike vertolkings en die Bybel om te bepaal wat die regte vertolking van oorsprongdata kan wees (daar is altyd meer as een vertolking moontlik – dit sou heeltemal naïef wees om te dink dat die sekulêre wetenskap 'n eenduidige vertolking vas bepaal het). Skeppingsleer is 'n baie ernstige poging om die oorsprong-wetenskap en die Bybel te integreer. Die verskil is net dat die fout by die feilbare menslike sekulêre wetenskaplike vertolkings gesoek word, nie by die Bybel, soos prof. Müller doen nie. Hoekom is baie teoloë, soos prof. Müller, so blind dat hulle skeppingsleer, wat nie net 'n geloof is nie, maar ook ernstige oorsprongwetenskap is, nie eers oorweeg in hul soeke na oplossings nie? Hoekom tel hul dikwels ongelowige wetenskaplike mede-akademici se opinies meer in hul oë as die Bybel? Wat gaan hulle eendag aan die Een nie-panenteïstiese Goddelike Wese antwoord as Hy hulle vra hoekom hulle Sy woorde nie geglo het nie, en hoekom hulle leuens oor Hom verkondig en aan ander geleer het?

Prof. Julian Müller beweer onder andere in sy skrywe "Godsdienstige verdonkering" [113] dat evolusie nie in kontras met die skeppingsverhale van Genesis staan nie, want Genesis is maar net "preke" wat miljoene jare na die ontstaan van alles in Israel se ballingskapstydperk tot stand

113 "Godsdienstige verdonkering", 2008-08-13 – http://teo.co.za/artikel/articles/76/1/Godsdienstige-verdonkering/Bladsy1.html

gekom het.[114] En weens sy verligte verstand kan die gelowige nou dankbaar opgewonde wees oor argeologiese ontdekkings wat nuwe lig werp op miljoene jare van evolusionêre onwikkeling want Genesis is nie ooggetuieverslae van hoe die skepping gebeur het nie.[115]

Daarom kan mens nou volgens prof. Müller met reg bekommerd wees oor aansprake oor genesings en bonatuurlike verskynsels wat toeneem in ons hedendaagse tyd van intellektuele verligting, want dit getuig van godsdienstige agteruitgang of verdonkering.

Ons wonder waar die Skepper en die Inspireerder van die Woord in prof. Müller se "verligte" siening is.

Sy siening is nie vreemd aan die moderne liberale teologie nie, maar is heeltemal teenstrydig met baie gegewens in die Bybel, soos byvoorbeeld Eks. 20:11 waar God self verklaar dat Hy alles in ses dae geskep het, en dus daar weer bevestig dat Genesis nie maar net 'n "preek" los van die werklikheid is nie. Hierdie bevestig ook dat Genesis vóór Eksodus geskryf is en nie tydens die ballingskap ongeveer 600 v.C. nie. Die Pentateug (die eerste vyf boeke van die Bybel) word deur baie konserwatiewe gelowiges as 'n eenheid beskou. Moses was tenminste die samesteller van Genesis en die skrywer van die ander vier boeke. In laasgenoemde vier boeke word direk verklaar dat Moses baie daarvan persoonlik geskryf het. Jesus self verwys na Moses as die verantwoor-

---

114 Kyk "Genesis Questions and Answers" – http://creation.com/genesis-questions-and-answers onder "Who really wrote Genesis?" en "The Tablet Theory of Genesis Authorship" - http://www.trueorigin.org/tablet.asp, "Who Wrote Genesis? Are the Toledoth Colophons?" – http://creation.com/who-wrote-genesis-are-the-toledoth-colophons en "Did Moses really write Genesis?" – http://creation.com/did-moses-really-write-genesis-creation-magazine.

115 Die argeologie weerspreek egter nie die Bybel nie. Kyk "Archaeology Questions and Answers" – http://creation.com/archaeology-questions-and-answers.

delike persoon betreffende die Pentateug – so byvoorbeeld in Joh. 5:46-47 sê Hy:

> As julle Moses geglo het, sou julle My geglo het, want hy het van My geskryf. Maar noudat julle nie glo wat hy geskryf het nie, hoe sal julle My glo?

Hoekom sou enige gelowige dankbaar opgewonde wees oor iets soos evolusie wat slegs geglo kan word as die Bybel se gesag afgetakel word?

Hoekom sou ’n gelowige nie eerder opgewonde raak oor die korrekte vertolking van die oorsprongwetenskaplike data wat die Bybelse gegewens bevestig nie, soos byvoorbeeld die hersiene Egiptiese kronologie wat Eksodus bevestig,[116] die vinnige ontstaan van tale enkele duisende jare gelede volgens selfs sekulêre wetenskaplikes,[117] die ontdekking dat selfs die Sjinese se vroegste voorouers van die sondeval en Noag se vloed geweet het,[118] ensovoorts?

Hoekom probeer prof. Müller ’n skadu plaas oor moderne Goddelike genesings? In sy skrywe verwys hy na epilepsie in Jesus se tyd wat aan duiwelbesetting gekoppel was, maar wat volgens hedendaagse wetenskap ’n mediese oorsaak het. Wat van al die ander wonderbaarlike genesings deur Jesus – blindes wat kan sien, kreupeles wat opstaan en

116 Kyk www.creation.com: ”The pyramids of ancient Egypt”, “Egyptian history and the biblical record: a perfect match?” en “Archaeologist confirms creation and the Bible”.
117 Kyk “Linguistics Questions and Answers” – http://creation.com/linguistics-questions-and-answers, onder die opskrif “Were all of today’s thousands of languages separately created? And if not, have languages evolved?”.
118 Kyk “Linguistics Questions and Answers” – http://creation.com/linguistics-questions-and-answers, onder die opskrif “Are ancient Chinese characters related to Genesis?” en “The Evidence of Genesis in the Chinese Language” – www.jdaniellowe.com/china.html

loop, ensovoorts?[119] Verdra prof. Müller maar net die hedendaagse "verdonkerdes" wat dit nog glo en glo hy dit eintlik glad nie – nie vir nou of selfs in Jesus se tyd nie?

Het die Bybel nog enigsins Goddelike gesag in sulke teoloë se "verligte" oë? Lê geestelike verval nie veral daarin om God en Sy woorde nie meer te glo nie?

Onderstaande gedeelte "Ons groot troos is om te glo soos kinders"[120] was 'n skrywe in *Volksblad*, 13 Augustus 2008, deur prof. Johan Janse van Rensburg, in antwoord op bogenoemde skrywe van prof. Julian Müller. Prof. Johan Janse van Rensburg is hoof van die Universiteit van die Vrystaat se departement praktiese teologie:

Daar is niks ongewoons in die meningsverskil tussen teoloë nie. Dink aan die stryd tussen die formidabele Karl Barth en die natuur-teoloog Emile Brunner. Brunner se voorstel dat God ook ewe goed sonder die besondere openbaring, in die natuur geken kan word, is deur Barth met 'n antwoord in boekvorm begroet. Die titel van die boek was eenvoudig "Nee!"

Ek besef terdeë dat ek geen Barth is (of wil wees) nie. Maar my antwoord op Julian Müller se "godsdienstige verdonkering" (By, *Volksblad*, 02/08/08) moet ongelukkig ook "Nee!" wees. Dis nie dat ek die moontlikheid ontken dat sekere godsdienstige praktyke eerder 'n verdonkering in mense se lewens kan veroorsaak nie (dink maar aan die ywerige godsdienstigheid van die Fariseërs in Jesus se tyd). Dis eerder die wyse waarop Julian die geykte argumente gebruik om by sy gevolgtrekking uit te kom, wat hinder.

Laat ek probeer verduidelik.

---

119 In die boek *'n Saak vir Christus* (of in Engels *A Case for Christ*) van Lee Strobel, weerlê hy hierdie tipe argumente volledig op bl. 110 en 138-144. Kyk ook "Jesus Christ Questions and Answers" – http://creation.com/jesus-christ-questions-and-answers
120 "Ons groot troos is om te glo soos kinders", 2008-08-13 – http://152.111.11.6/argief/berigte/volksblad/2008/08/13/VB/9/artikeljohan.html

Die vraag waarmee hy sy artikel begin, formuleer hy só: "Wat bring duisende mense in saamtrekke bymekaar, en watter soort spiritualiteit is dit wat so gewild geword het?" Klaarblyklik is dit 'n verwysing na Angus Buchan se geseënde massabyeenkomste. Hier loop ons weë reeds uiteen, want ek het om bepaalde redes opregte waardering vir Buchan se boodskap. Inderdaad. Watter spiritualiteit is dit? 'n Spiritualiteit van verootmoediging! 'n Spiritualiteit van afhanklikheid (net God kan hierdie land red)! 'n Spiritualiteit van liefde en welwillendheid (volgens alle getuies merkwaardig en iets om te beleef)!

Is dit nie juis die soort spiritualiteit wat die wêreld en Suid-Afrika nodig het nie? Is dit nie juis Buchan (en die Woord) se oproep dat ons ons moet bekeer (van al die geweld en immoraliteit en misdaad), wat ons land en sy mense moet hoor nie? Maar vir Julian en ander is dit 'n bedenklike spiritualiteit.

Die teenvraag moet dan noodwendig wees: As dit nie hierdie soort spiritualiteit is nie, wat stel Julian vir Suid-Afrika voor?

Teenoor die verdonkering wat deur 'n naïewe geloof in die Bybel veroorsaak word (volgens Müller) stel hy die wetenskaplike klaarheid van die Verligting. Die eeu van die positivisme moet weer aanbreek. Niks behalwe wetenskaplike feite mag as waarheid aanvaar word nie en iets wat nie bewys kan word nie, is blote fiksie. Hy is dus bekommerd oor die onderdrukking van die verstand in die godsdiens en die bevordering van 'n naïewe, kinderlike geloof. Dus is duiwels en besetenheid (soos Jesus en die Skrif daaroor praat) blote verdigsels. Die wetenskap help ons om te weet dat al hierdie gevalle van besetenheid vandag as epilepsie gediagnoseer sal word, beweer Müller.

So eenvoudig is dit egter nie. Daar is immers sielkundiges en psigiaters wat nie kans sien om vermeende okkulties-gekweldes te behandel nie, omdat dit "nie op die terrein van die sielkunde" geleë is nie.

In my kwalitatiewe navorsing oor 'n bediening van bevryding het ek op sulke gevalle afgekom. 'n Gerespekteerde psigiater soos Scott Peck was byvoorbeeld betrokke by twee mense wat bevryding ontvang het en hy is oortuig daarvan dat hierdie mense gedemoniseer was. Oor sy ondervindings met hierdie mense en meer, het hy twee boeke geskryf. Meer nog. Hoe op aarde kry iemand dit reg om "met gesonde empiriese navorsing" te bewys dat die gevalle van besetenheid in die Bybel blote psigopatologie is? Julian moes hom

weerspreek het, want jy kan tog net empiriese (kwalitatiewe of kwantitatiewe?) navorsing doen met mense wat nog leef.

Maar verder: As Legio (Lukas 8) net epilepsie gehad het, het die varke (waarin die demone op Jesus se bevel gevaar het), dan die epilepsie oorgeneem? Indien wél, waarom het hulle dan aan die hardloop geraak en oor die kranse na hulle dood geval en nie stuiptrekkings gekry soos die tipiese simptoom van epilepsie is nie? Behalwe natuurlik as die hele episode (en ook ander verhale in die Bybel oor duiwelbesetenheid) net ’n storie was en nooit plaasgevind het nie!

Wat natuurlik veral hinder, is dat Julian (’n self-erkende post-modernis) so skaamteloos aanhaak by die modernisme om sy argumente te staaf. Natuurlik is ek daarvan bewus dat modernisme en post-modernisme meelopers is. Maar daar is tog teenstrydige uitgangspunte wat dit onmoontlik maak om so ligtelik van die een na die ander te spring. As Julian vir die modernisme kies, wat word dan van die post-moderne “veelheid van narratiewe” en die veelbesproke “nie of-of nie maar en-en” (inklusiewe denke)?

Is dit moontlik om oor enige ander saak ’n veelheid van standpunte te aanvaar behalwe as dit oor geloof en Bybel gaan? Dan is daar net een waarheid, dié van die modernisme. Sulke epistemologiese teenstrydighede en skaamtelose eklektisisme is vir my wetenskaplik onaanvaarbaar.

Maar is dit billik om die Christelike geloof voor te hou as ’n naïewe en onwetenskaplike geploeter wat mense en die wêreld verdonker? Die voorbeelde van naïewe geloof waarna Julian verwys, kan kwalik dien om die hele Skrif onder verdenking te plaas. Daar is talle (en gesaghebbende wetenskaplikes) wat met sy voorbeelde akkoord sal gaan en tog in die Skrif glo op ’n manier wat hy as “kinderlik naïef” bestempel. Teenoor die naïewe geloof stel Müller dan die wetenskaplike eksegese wat ’n betroubare en noukeurige verklaring van die Skrif gee. Natuurlik! Maar is dit dan nie juis post-moderniste wat “absolute waarheid” verwerp en een verklaring van die teks as onaanvaarbaar bestempel nie? Is die outeur nie volgens die post-modernisme “dood” nie en is die leser nie die enigste interpreteerder van die teks (taalfilosofie) nie? Dit dwing my om te vra: Is prof. Julian ’n eerlike post-modernis of ’n gefrustreerde modernis?

Nog nie klaar met ons “naïewe” gelowiges nie, gaan Julian verder: “Sodoende ontwikkel ’n teologie van genade vir dié wat met oortuiging en geloof kan bid en glo ...” Hoe kry ’n gereformeerde teoloog dit reg om so sarkasties oor die genade te skryf terwyl dit so ’n inherente boodskap van die Skrif is? Of het ons hier een van die talle aanduidings dat Julian dit nie meer met sy Kerk eens is oor Skrif en geloof nie?

Dan spring hy egter sommer van die genade na die voorspoedgodsdiens as hy sy argument voltooi: “Die gevolg is ’n suksesgodsdiens wat in meetbare kategorieë uitgedruk word.” Die gevolg van ’n genade-teologie is dus ’n voorspoedgodsdiens! Sommer so. Daarmee lê Müller ’n verband tussen twee teologieë wat lynreg teenoor mekaar staan en trek hy ’n streep deur sy eie teologiese tradisie van genade en die belydenisskrifte van die Kerk waarvan hy ’n lidmaat is. En wat beteken die woorde “dié wat met oortuiging en geloof kan bid en glo”? Beteken dit in die konteks van die artikel dat hy homself nie meer onder hierdie kategorie bevind nie?

So word meer as een Skrifbeginsel waarop ons algemene Christelike geloof gebaseer is, onder verdenking gebring. Geloof wat mense in ekonomiese druk en bekommernis oor hul veiligheid dring om hul toevlug tot God te neem (hy noem dit ’n wonderwerk-geloof) is volgens hom nie ’n verstandige geloof nie. Sulke geloof veroorsaak juis die verduistering waarvan hy skryf. Tog is die Ou Testament vol voorbeelde van die Here wat sy volk straf oor hul sondes totdat hulle hul toevlug tot Hom neem en hul nood en afhanklikheid aan Hom bekend maak! God sê: “Roep My aan in die dag van benoudheid en Ek sal jou uitred. En jy moet my eer” (Psalm 50:15). Maar Julian noem dit ’n naïewe geloof en ’n verduistering. Müller sluit sy artikel af met ’n gevolgtrekking wat as crescendo aangewend word. Ons moet die moed van ons oortuiging hê om manipulasie en goedkoop godsdienstige propaganda te verwerp en mense daarteen te waarsku. Daarmee skeer hy sommer ’n hele klomp van sy teenstanders onder een kam – evangelisasiepredikers, naïewe gelowiges en gelowige teoloë. Ek verstaan nie hoe die byeenkomste van Buchan met “goedkoop propaganda” en “godsdienstige manipulasie” in verband gebring kan word nie. Ek het moeite om te verstaan hoe ’n post-modernis met soveel sekerheid ander (wat nie soos hy dink nie) kan afkam en met die grond kan gelykvee. Is dit dan nie juis post-moderniste wat daarop roem dat hulle “verkies om meer beskeie te wees” nie? Ware post-moderniste behoort immers die laaste te wees wat op absolute waarheid aanspraak maak!

Nee. Laat my (en miljoene ander) asseblief toe om "naïef te wees in ons geloof". Dit is 'n groot troos om te weet dat Jesus gesê het: "Voorwaar Ek sê vir julle, elkeen wat die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie (Mar 10:15)".

(Tot sover prof. Johan Janse van Rensburg)

Op 11 Maart 2010 op www.teo.co.za skryf prof. Gerda de Villiers van UP se Teologiese Fakulteit:[121]

Wat dan van Genesis 1-2:4a? Kan ons iets oor 'skepping en evolusie' uit die Bybelse skeppingsverhaal aflei?

Miskien moet ons begin deur te probeer vasstel watter vrae het in die gemoed van die skrywer geleef?

In 587 v.C. het die bestaan van die koninkryk van Juda brutaal tot 'n einde gekom. Nebukadneser II het Jerusalem eers beleër, toe verwoes, en daarmee saam die room van die samelewing na Babilon weggevoer: die koning, priesters en skrifgeleerdes. In 'n vreemde land, omring deur 'n volk met vreemde gebruike en vreemde gode, het 'n handjievol Judese geleerdes – veral die priesters – met baie vrae geworstel, vrae waaroor hulle nie duidelike antwoorde kon kry nie. Die belangrikste vraag was seker: Hoekom het hierdie ramp gebeur? Was die gode van die Babiloniese panteon onder leiding van Marduk sterker as die God van Juda/Israel? Het Marduk vir Jahwe soos vir Tiamat verslaan? Het die Here God saam met die volk die oorlog verloor?

Hierdie vraag het hulle nie histories-polities probeer antwoord nie, maar teologies: Dit is nie die Here wat swak was nie, maar die volk wat gesondig het, en die ballingskap was 'n straf – hul verdiende loon. Die ballingskap het die Judese priester-geleerdes egter ook direk in kontak gebring met die verhale van die 'vyand' – verhale oor hul helde en hul gode. Vandag noem ons dit mites. So moes die Judese priesters ook mites bedink, want sonder mites is 'n volk nie 'n volk nie.

---

121 "'Enuma elish …' – die Babiloniese 'skeppings'-verhaal, en Genesis 1:1-2:4a", 2010-03-11 – http://teo.co.za/artikel/articles/292/1/Enuma-elish---die-Babiloniese-skeppingsverhaal-en-Genesis-11-24a/Bladsy1.html

En hulle doen dit op ’n briljante manier. Hulle neem die mites van die Ou Nabye Ooste oor, maar her-interpreteer dit volgens ’n Judese teologie. Ou stories word op ’n nuwe manier oorvertel, eerstens as polemiek teenoor die oorspronklike Babiloniese verhale, maar veral om ook iets te sê oor die andersheid van die God van Israel.

So byvoorbeeld word Enuma elish [die Babiloniese skeppingsverhaal] op sy kop gekeer. Die hemel en die aarde (Gen 1:1) is nie die resultaat van Tiamat se gehalveerde liggaam nie, hulle word deur die Here God geskape. Vaagweg sien ’n mens dalk iets van Tiamat in vers 2 se beskrywing van die 'waters' [Ou Vertaling - 'watermassa'; Hebreeus - tehôm], maar vir die Genesis-skrywers is dit niks meer as die oerwaters van die voortyd nie. Verder is daar ook geen sprake van ’n stryd tussen verskillende gode nie; Genesis 1 ken net een Here God wat ’n grootse en indrukwekkende kosmos slegs deur sy woorde skilder.

(Tot sover prof. De Villiers)

Volgens prof. De Villiers is Genesis dus ’n mite op ’n mite. Ons kommentaar hierop is soos volg:

Gen. 1 en 2 is nie gebaseer op ’n “op die kop gekeerde” weergawe van *Enuma elish* nie, maar juis die teenoorgestelde – *Enuma elish* en ander skeppingsverhale is ’n verdraaiing van die oorspronklike Genesis-inligting.[122] Alle volke se voorouers het oorspronklik die Genesis-inligting gehad, sou mens die Bybel glo betreffende die mens se gemeenskaplike voorouers (nie een of ander verlore skakel nie, maar Adam en Eva, en later Noag en sy drie seuns en hul vier vrouens). Hieruit het al die verwronge skeppingsverhale, waaronder die *Enuma Elish*, ontwikkel. Die groot aantal weergawes onder baie verskillende volke bevestig juis die een oorspronklike en ware weergawe – die

122 Kyk ook “The serpent worshippers”, Robert Bowie Johnson, Jr – http://creation.com/images/pdfs/tj/j17_3/j17_3_66-69.pdf. Kyk ook “Athena and Eve”, Robert Bowie Johnson, Jr – http://aufiles.creation.com/images/pdfs/tj/j17_3/j17_3_85-92.pdf hoe die Griekse mitologie ook geleen is van Genesis 1-11.

Genesis-openbaring betreffende die Vloed en die afstamming van Noag en sy seuns. Ons aanvaar dat Moses die samesteller van Genesis was soos algemeen voor en in Jesus se tyd op aarde aanvaar is, en ook dat Moses gebruik gemaak het van inligting op kleitablette betreffende die eerste paar hoofstukke, soos onder andere deur prof. M. L. Lubenow nagevors is.[123] Hierdie siening wat met die Bybel klop is skynbaar maar moeilik om te glo indien mens nie aanvaar dat die Bybel van Goddelike oorsprong is nie. Wil die akademici soos prof. Gerda de Villiers dit nie maar net as moontlikheid oorweeg op tenminste logiese gronde nie?

Die ateïs en evolusionis, prof. George Claassen, is uitgenooi om as hoofspreker op 2 Februarie 2010 by die openingsdag van Universiteit Pretoria se Fakulteit Teologie te praat oor skepping en evolusie. (Kyk na ”BYLAAG A: George Claassen hoofspreker by UP se Teologiese Fakulteit” vir ’n weerlegging van Claassen se bewerings.) Dat ’n ateïs uitgenooi is om by so ’n geleentheid die hoofspreker te wees, laat al klaar ’n paar vrae, maar die probleem is vererger deur die twee amptelike replieke daarop, waar die twee teologieprofessors grotendeels nie van hom kon verskil nie.

“Ek kan nie van jou verskil nie”, het prof. Cornél du Toit gesê, alhoewel hy darem later gereken het Claassen laat hom te veel uit op die terrein van die teologie, waarvan hy te min weet. Volgens Du Toit is evolusie die oorsaak dat die mens oor 30 000 jaar waardes ontwikkel het. Daar was geen sprake by Du Toit van ’n erkenning dat Christelike waardes in die eerste plek weens Goddelike openbaring bestaan nie.[124]

---

123 Kyk voetnota 114, bl. 131.
124 Kyk prof. Cornél du Toit se kommentaar oor prof. George Claassen se aanbieding in “Skepping en ewolusie”, 2010-02-26 – http://teo.co.za/artikel/articles/287/1/Skepping-en-ewolusie/Bladsy1.html

“Genetika is volgens evolusioniste die doodskoot vir God”, het prof. Danie Veldsman gesê, en hyself aanvaar evolusie, maar hy glo darem die teologie kan argumenteer teen die nie-bestaan van God. (In “BYLAAG A: George Claassen hoofspreker by UP se Teologiese Fakulteit” word ook gewys waarom genetika allesbehalwe ’n doodskoot vir God is.)

Altwee hierdie professors was skynbaar meer bekommerd oor hul teologie wat in ’n slegte lig gestel is, as om God se eer en Sy Woord na behore te verdedig. Alhoewel hul optrede seker nie met skaamte beskryf kan word nie, laat dit mens tog dink aan Jesus se woorde in Mark. 8:38 : “Want elkeen wat hom vir My en my woorde skaam in hierdie owerspelige en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom in die heerlikheid van sy Vader met die heilige engele.”

Die tragiese is dat George Claassen nie net evolusie gepropageer het nie – hy het geloof in God en God self blatant aangeval. Hy het by implikasie beweer dat moderne wetenskaplikes, onder andere Charles Darwin, groter gesag as die Heilige Gees het. Sy redenasie was eenvoudig – die evolusionistiese wetenskap het die Bybel verkeerd bewys, Christene glo dat die Heilige Gees die Bybel geïnspireer het, en daarom weet moderne wetenskaplikes meer as die Heilige Gees en het dus hoër gesag. Dit is nou ingeval die Heilige Gees bestaan, wat Claassen in elk geval nie glo nie. Omdat beide teologieprofessors geen probleem het om evolusie as ’n feit te aanvaar nie, kon hulle hom nie hierop behoorlik antwoord nie.

Dit spel maar net weereens uit watter doodloopstraat Christelike teoloë hulself in mag bevind as hulle blind is vir die leuen van evolusie. Dan bly slegs die pad van die al meer liberale teologie vir hulle oor. Want daarvolgens kan mens maklik afstand doen van die Godgeïnspireerde

aard van die Bybel – dit is maar net ’n menslike boek met menslike gedagtes oor God. In kort word die antwoord eenvoudig dat die Bybel verkeerd is daar waar dit nie klop met die mens se huidige opinie nie.

Die teologiestudente (en predikante wat daar was) het sekerlik by bogenoemde geleentheid te wete gekom hoe die wêreld dink, maar hoe om Bybelgelowig daarop te antwoord, was bitter min sprake van. Was die effek van die geleentheid dus tot opbou of afbreek van die Christelike geloof? Hoe gaan die leuens wat daar verkondig is en die onvoldoende antwoorde daarop, se negatiewe impak reggestel en omgekeer word? Het George Claassen enige oproep tot bekering daar ontvang van enige van die teologieprofessors? Waar gaan die liberale teologie van sommige van die teoloë in ons kweekskole eindig?

Prof. Julian Müller erken self in sy artikel “Dít wat ons nié dink” [125] watter invloed die aanvaarding van evolusie as wetenskaplike feit op sy siening van die teologie en ook sy geloof gehad het:

> Met die ontwikkeling van die wetenskaplike wêreldbeeld waar daar nie meer ’n bo en onder in die heelal is nie en waar daar bewyse is van ’n evolusionistiese ontwikkeling oor miljoene jare, word dit vir die denkende mens toenemend moeilik om aan ’n teïstiese God te glo.

Dr. Abel Pienaar is ’n voorbeeld van ‘n oud-NG-predikant wat liederlik dwaal en wat ook evolusie aanvaar.[126] In *Die Burger* van 7 Mei 2010 skryf hy: “God is groter as geloof en daar is plek vir almal se gelowe –

---

125 Kyk “Dít wat ons nié dink”, voetnota 25 bl. 21.

126 “Ons almal se God”, 2010-05-08 – http://www.dieburger.com/By/Nuus/Ons-almal-se-God-20100507
“Genesis en Eksodus is belangrike mites”, Mei 2010 – http://www.kerkbode.co.za/NuusLees.asp?id=86,
“Van NG predikant tot Tai Chi meester”, 2008-05-25 – http://Kletskerk.co.za/articles.php?article_id=20&page=articlesearch

die Christene, Boeddhiste, Hindoes, ensovoorts. God is ons almal se God." Dit is ironies dat juis hy oor die NG Kerk sê: [127] "Hulle reduseer God totdat "hulle" verstaan." Maar dit is presies eerder wat hý doen. Bybelgelowiges baseer hulle verstaan op grond van die Bybel wat hulle glo deur God geïnspireer (2 Tim. 3:16) en akkurate geskiedenis is -- nie soos Abel wat sê: " 'n verstaan wat weer gebou is op eeue terug se interpretasie van die werklikheid".

Die skrywers van hierdie boek deel 'n diepe bekommernis oor die rigting waarin die huidige sogenaamde teologiese uitsprake stuur. Daarmee saam kom die vraag hoeveel NG Kerk-lidmate ("die man of vrou in die straat") weet wat besig is om te gebeur – gebeure waarvan hulle dringend kennis behoort te neem.

Die probleem is egter dat vele (deurslaggewende) uitsprake gemaak word op sulke bedekte maniere, en dwaallerings in sulke mooi klinkende bewoording toegedraai word, dat die niksvermoedende leser nie regtig die kern of bedoelings van sulke uitsprake begryp nie. Baie min teoloë sal eenvoudig sê: "Ek verwerp dít wat God se Woord leer, en ek glo tot so 'n mate in evolusie dat geen God ooit 'n rol gespeel het nie."

Bybelgelowiges kan nie die evolusiehipotese onderskryf nie aangesien dit lynreg teen die Woord van God ingaan. Die een maak van die ander 'n leuen. Die Bybel leer ons dat God op wonderbaarlike wyse, deur sy Goddelike almag, alles in ses dae geskep het. God het plante, diere (almal volgens hulle soorte waarbinne hulle sou voortplant) en die mens in hierdie ses dae geskep, en dood, pyn en lyding het in die wêreld

---

127 "NG Kerk bestaan skisofrenies weens dié denke oor evolusie", 2010-07-27 – http://www.beeld.com/MyBeeld/Briewe/NG-Kerk-bestaan-skisofrenies-weens-die-denke-oor-evolusie-20100727

gekom as gevolg van die mens se sonde. Daarteenoor glo evolusioniste dat die mens uit ’n eenvoudige organisme (wat uit dooie materie ontstaan het) ontwikkel het, dwarsdeur die verskillende soorte heen – ’n pad van dood, pyn en lyding – en ’n stamboom met ape deel. Daar was dus geen sondeval nie, dus was of is Jesus Christus as Verlosser nie nodig nie, en dus sal daar geen eindoordeel wees nie – want daar was of is nie sonde nie.

### *Kerkbode*

Die *Kerkbode*, amptelike blad van die NG Kerk, berig al lankal oorwegend ten gunste van evolusie in plaas van daarteen. Voorbeelde hiervan is die berigte in *Kerkbode* van 19 Februarie 2010 (ná die gemelde opening van die Fakulteit Teologie). In “Die Kerk het my trots gemaak” sê die redakteur van *Kerkbode* (met verwysing na prof. George Claassen) dat dit vir hom terapie was “om te hoor hoe die wetenskap [bedoelende evolusie!] sy [prof. Claassen se] lewe en gedagtes na ’n nuwe plek, ’n nuwe oortuiging, gebring het”. Die redakteur het geen “botsing tussen wetenskap [bedoelende evolusie] en geloof” ervaar nie. “Almal het met aandag geluister. Daar was openheid en ontvanklikheid.” [128] Maar George Claassen is ’n selferkende ateïs! Ons dringende vraag is: Hoeveel jong teologiese studente – sommige pas uit die skool – het daar “met aandag”, “openheid” en “ontvanklikheid” gesit en luister? Hoeveel van hulle het aanvaar dat hulle met vertroue kon aanneem wat via die Fakulteit aan hulle opgedis is? Hoeveel het vir George Claassen geglo? Maar die redakteur van *Kerkbode* skryf hieroor: “Die kerk het my trots gemaak”.

---

128 “Die Kerk het my trots gemaak” (Anton sê sy sê) – http://www.kerkbode.co.za/AntonSeSySeArgiefLees.asp?id=15

’n Meegaande berig in dieselfde *Kerkbode* is getitel: “Evolusie is God se kunswerk”. Hier word berig dat dr. Henk Gous van die NG Gemeente Quellerina sou gesê het: “Claassen het duidelik gewys evolusie is ’n standhoudende en geldige teorie. Christene moet dus nie daarmee probeer verskil nie. Dit sal jou verspot maak.” [129] Is dit nie eerder verspot dat ’n predikant op grond van ’n uurlange praatjie van ’n wetenskapsjoernalis, dink dat hy tot so ’n *wetenskaplike* gevolgtrekking kan kom soos dat evolusie ’n geldige teorie is nie? Hy sê verder (volgens dié berig) dat Christene “die onmoontlikheid [besef] om aan kreasionisme [skepping volgens die Bybel] vas te hou …” Het dr. Gouws enigsins kennis van die wetenskaplike weerleggings van Claassen se bewerings? Gaan hy ooit moeite doen om daaroor te lees of uit te vind? Hoe vreeslik ver het die hedendaagse teologie van God se openbaring weggedwaal, en dit op grond van ateïste se sogenaamde wetenskaplike uitsprake!

Wat hierdie aangeleentheid nog erger maak is dat daar gepoog is om te reël dat die wetenskaplike dr. Mark Harwood van CMI-Australië ná Claassen die UP Teologiese Fakulteit sou toespreek. Ten spyte daarvan dat dit kosteloos sou wees, is dit deur prof. Julian Müller geweier. Kyk ”BYLAAG A: George Claassen hoofspreker by UP se Teologiese Fakulteit” vir meer besonderhede hieroor. Gemeet in die lig van Müller se uitsprake hierbo, is dit egter heel verstaanbaar.

### *Teologiese studente*

Op bl. 44 is vertel van een van die finalejaarstudente wat Karen Armstrong se boek, *A Case for God*, aanbeveel het as goeie leesstof. Sy

---

129 “Evolusie is God se kunswerk”, 2010-02-19 – http://www.kerkbode.co.za/NuusLees.asp?id=63. Kyk ook “Evolusie – daar moet meer keuses wees”, 2010-08-21 – http://www.kerkbode.co.za/AktueelArgiefLees.asp?id=37.

was ’n non wat vanaf 1960 vir 13 jaar georganiseerde geloof verlaat het. Sy het ander gelowe begin navors en tot die gevolgtrekking gekom dat geloof maar slegs ’n praktiese dissipline is wat help dat ’n mens ’n sinvolle lewe lei.[130] Die doel met haar boek is om ateïste oor te wen na die geloof deur geloof op ’n meer basiese vlak voor te stel. Die vraag is egter of sy die basiese geloofswaarhede in haar voorstelling behou of prysgee. Ongelukkig is laasgenoemde die geval.

Die volgende word in boekresensies geskryf oor haar boek, waar dit duidelik word wat die invloed van evolusie op haar siening en geloof was (ons onderstreping):

Western Christians abandoned the apophatic, mythic approach to faith in favor of a pseudo scientific rigor — and then had nowhere to turn when Darwin’s theory of evolution arrived on the scene.

An Aquinas or an Augustine would have been unfazed by the idea of evolution. But their modern successors had convinced themselves that religious truth was a literal, all-or-nothing affair, in which doctrines were the equivalent of scientific precepts, and sacred texts needed to coincide exactly with the natural sciences. The resulting crisis produced the confusions of our own day, in which biblical literalists labor to reconcile the words of Genesis with the existence of the dinosaurs, while atheists ridicule Scripture for its failure to resemble a science textbook.

To escape this pointless debate, Armstrong counsels atheists to recognize that theism isn’t a rival scientific theory, and that it is “no use magisterially weighing up the teachings of religion to judge their truth or falsehood before embarking

130 Uit http://www.npr.org/templates/story/story.php?storyId=112968197. Meer resensies en kort besprekings oor haar en haar boek by http://www.glodiebybel.co.za/component/content/article/158-the-case-for-god-karen-armstrong.html

on a religious way of life. You will discover their truth — or lack of it — only if you translate these doctrines into ritual or ethical action." [131]

Sy skryf ook:

... religion is defended by advocating a metaphorical interpretation of scripture, and an aesthetic-mytho-poetic concept of God.

Wary of the power of science to overthrow religious worldviews, as demonstrated in the Copernican and Darwinian revolutions, the modern theist ushers God into an ontological safe-zone, where he cannot be subject to refutation by empirical means.[132]

Biskop John Shelby Spong (gunstelingskrywer van die derdejaar-teologiestudent wat op bl. 43 aangehaal is), wat homself steeds ’n Christen noem, verduidelik die oorsaak van sy nuutste geloof soos volg (ons onderstreping):

And Charles Darwin not only made us Christians face the fact that the literal creation story cannot be quite so literal, but he also destroyed the primary myth by which we had told the Jesus story for centuries. That myth suggested that there was a finished creation from which we human beings had fallen into sin, and therefore needed a rescuing divine presence to lift us back to what God had originally created us to be … And so the story of Jesus who comes to rescue us from the Fall becomes a nonsensical story. So how can we tell the Jesus story with integrity and with power, against the background of a humanity that is not fallen but is simply unfinished? [133]

Nog ’n voorbeeld van ’n Suid-Afrikaanse teologiestudent wat sy geloof weens die "wetenskap" versaak het, is Danie van der Lith. In *Kerkbode*

---

131 Uit http://www.nytimes.com/2009/10/04/books/review/Douthat-t.html?_r=1
132 Uit http://mccabism.blogspot.com/2009/07/karen-armstrong-and-case-for-god.html
133 Kyk "Spong is wrong" – http://creation.com/spong-is-wrong, "What's wrong with Bishop Spong" – http://creation.com/whats-wrong-with-bishop-spong en "The Virginal Conception of Christ" – http://creation.com/the-virginal-conception-of-christ.

van 5 Februarie 2010 verskyn sy brief "Wat maak predikante met die wetenskap?" (ons onderstreping):[134]

Ek was 'n BA-Admissiestudent so van 1976 af by Tukkies, maar het net twee jaar suksesvol voltooi.

Daarna het my "kop uitgehaak" en hoewel ek weer daarna 'n keer of wat probeer studeer het, het dit nie gewerk nie. My ongelooflike onverantwoordelikheid het die oorhand gekry.

…

Deur die jare vind ek steeds die Christelike geloof interessant, inderdaad alle vorme van geloof, en hou ek my redelik op datum op die terrein. Ek het egter jare gelede opgehou glo aan enige vorm van god of godsdiens. Al wat oorgebly het, is nuuskierigheid, maar dan is ek oor bykans enigiets nuuskierig, en deur die jare het ek nooit ophou "studeer" nie, veral in paleo-antropologie en verwante terreine.

Kom ons sê maar Dawkins, Coyne en Hitchens se boeke is van die belangrikste op die bedkassie, dan weet u waar ek staan.

…

Dit was nie die dood van my vrou of my 15-jarige seun wat my geloof vernietig het nie. God en godsdiens het in my lewe opgehou bestaan, behalwe as 'n kulturele verskynsel wat my bly interesseer, jare voor die motorongeluk, en dit was die wetenskap wat dit gedoen het.

Ek vermoed dat 'n groot persentasie predikante en dosente moeilikheid het met die wetenskap en die invloed daarvan op hulle geloof, maar nie die moed het om na vore te kom nie. Dit is moontlik iets waaroor predikante in die binnekringe praat, maar kan u my dalk van inligting voorsien of aandui waar ek kan begin soek vir betroubare studies?

(Ek weet nie van enige sodanige studie wat in Suid-Afrika gedoen is nie. – Red).

(Einde van aanhaling)

---

134 "Wat maak predikante met die wetenskap?", 2010-02-05 – http://www.kerkbode.co.za/GedrukteBrieweLees.asp?type=1&ID=632&Start=60&Offset=15&number=12

(Danie van der Lith het later aan een van die skrywers die inligting van Daniel Dennett se studie aangestuur (kyk bl. 46))

Let daarop dat *Kerkbode*-redaksie geen poging eers aangewend het om Danie van der Lith in sy geestelike nood te antwoord nie, of byvoorbeeld na skeppingsleerders te verwys wat juis op hierdie gebied baie kundigheid het. Laasgenoemde versuim is natuurlik nie vreemd nie want *Kerkbode*-redaksie het hul teenkanting teen skeppingsleer al dikwels gedemonstreer.

Die antwoord lê beslis nie daarin om die Bybel te hervertolk om by die onsekerhede van evolusie in te pas nie. Daar moet besef word dat evolusie maar een vertolking van wetenskaplike oorsprongdata is, en dat die Bybelgelowige skeppingswetenskaplike vertolking van dieselfde data, ernstig oorweeg moet word. Teologiese studente en predikante wat met die aansprake van die evolusionistiese wetenskap worstel, behoort basiese opleiding in skeppingsleer te kry (tans kry hulle nie eers basiese opleiding in Nuwe-Testamentiese Apologetiek nie). Geen wetenskap het Goddelike gesag soos ware gelowiges van die Bybel behoort te glo nie.

Vir meer voorbeelde van mense wie se geloof beïnvloed is deur evolusie kyk “Creation: Why It Matters” – http://creation.com/ creation-why-it-matters, of soek die volgende sleutelwoorde op www.creation.com: “Creation Compromises”, “testimonies”, “side issue”, “Sonia”, “Lita Cosner”, “Joel Gavin”, “Leaton Jay”, “Felix Konotey-Ahulu”, “Bart

Ehrman", "James Strange", "Lawrence Schiffman" en "William Dever".[135]

### *Die moderatuur*

Die moderatuur van die Algemene Sinode het op 23-24 Junie 2009 te Carmelite, Benoni, vergader, waar hulle op 'n teleurstellende wyse aan die Kerk probeer leiding gee het aangaande die evolusieleer. 'n *Kerkbode*-berig hieroor het nét daarna verskyn, met die titel, "Die onverkwiklike stryd tussen kerk en wetenskap is onnodig" (Augustus 2009). Uit hierdie berig blyk duidelik dat die evolusiehipotese deur die moderatuur as wetenskap beskou word. Verder maak die skrywer van die berig die afleiding dat die moderatuur geen probleem daarmee het dat evolusie op ons skole gedoseer word nie, en dat die moderatuur dit aan lidmate oorlaat om self te besluit of hulle evolusie wil ondersteun of nie. Is dít die "begeleiding" waarvan hieronder gewag gemaak word?

Die uitgereikte standpunt van die moderatuur lui as volg (ons onderstreping):[136]

> Die vraag oor die aard van die verhouding tussen kerk en wetenskap speel van tyd tot tyd onderliggend 'n bepalende rol in die lewens van ons lidmate, waar hulle hulself ook al bevind in die diverse sektore van ons samelewing. Dit is dan dat standpunte en argumente oor onderwerpe soos die evolusie (teorieë oor die ontstaan van die mens), die oerknal (teorieë oor die ontstaan van die skepping), en ander sake soos die invloed van gebed op (byvoorbeeld) reën, klimaatsverandering en dies meer, dikwels tot onverkwiklike gesprekke lei.

---

135 Kyk ook "Hoe evolusie mense se geloof beïnvloed" – http://www.glodiebybel.co.za/component/content/article/52-hoe-evolusie-mense-se-geloof-beinvloed.html.

136 *Kerk en Wetenskap*, "Standpunt van die Moderamen van die Algemene Sinode", Carmelite, 23-24 Junie 2009.
Persvrystelling: *Kerk en Wetenskap*, 2010-07-27 – http://www.ngkerk.org.za/wesensuidkaap/documents/Persvrystelling%20Kerk%20en%20Wetenskap%202010-07-27.pdf

Dit lê ten grondslag van die Gereformeerde tradisie dat onderrig en opvoeding, ook ten opsigte van die volle spektrum van die multidissiplinêre wetenskap, deel is van die kerk se roeping om sy lidmate te begelei tot verwondering oor die God van hierdie skepping/heelal, soos wat ons dan ook gereeld gelowig oor Hom bely.

Alhoewel dit anders is as God se openbaarmaking deur Jesus Christus, is sy skepping ook ’n bepaalde openbaarmaking van die misterie en wonder van God self. Die onvermoeide wyse waarop die Kerk dan ook in sy geskiedenis die inisiatief geneem het tot die oprigting van skole en ander opvoedkundige inrigtings, is prakties tekenend van hierdie wedersydse respek tussen geloof en kennis.

As sodanig ondersteun of onderskryf die Kerk nie noodwendig bepaalde wetenskaplike teorieë nie – is hy trouens nie bevoeg om daaroor enige gesaghebbende uitspraak te maak nie. Ons beskou dan ook nie die Bybel as ’n handboek wat vir ons allerlei wetenskaplike uitsprake maak wat buite hierdie bundel geskrifte se historiese konteks lê nie. Juis omdat ons respek het vir die teks van die Bybelse geskrifte, het ons respek vir die historiese konteks waarin hulle ontstaan het.

Wat die Kerk wel ondersteun en bely, is ’n bepaalde geloofsuitspraak, naamlik dat God die Skepper van hemel en aarde (heelal/veelal) is. Wat is, het nie maar toevallig en spontaan gebeur nie. Oor hoedat hierdie skepping egter tot stand gekom het, asook die komplekse aard van al die wetmatighede waarbinne hierdie proses van skepping plaasgevind het en nog steeds ontwikkel en funksioneer, kan ons as gelowiges ons net verwonder, veral namate die verskillende wetenskaplike dissiplines dit verder aan ons ontvou.

Dit is daarom jammer dat daar dikwels vanuit beide die kerklike, sowel as die wetenskaplike kontekste, uitsprake gemaak word wat dui op ’n onverkwiklike stryd tussen kerk en wetenskap, asof beide nie bepaalde uitdrukkings kan wees van God se onbeskryflike grootheid en mag nie.

Die NG Kerk sal graag vanuit hierdie perspektief wil deel wees van die gesprek tussen kerk en wetenskap – en ons daardeur laat begelei in die hantering en beoordeling van sake wat met hierdie verhouding verband hou.

(Einde van aanhaling)

Dit val dadelik op dat die eerste paar paragrawe gerusstellend is. Uitdrukkings soos "die Gereformeerde tradisie" en "die kerk se roeping om lidmate te begelei tot verwondering oor die God van hierdie skepping/heelal, soos wat ons dan ook gereeld gelowig oor Hom bely" boesem vertroue in. En natuurlik is dit 'n goeie idee dat die kerk en die multidissiplinêre wetenskappe met mekaar in gesprek bly; maar wanneer dit blyk dat met "wetenskap" eintlik evolusie bedoel word, verander die prentjie drasties: Dan word wetenskaplike data vanuit 'n evolusionistiese standpunt geïnterpreteer – en dít is nie noodwendig wetenskap nie, maar vertolking uit 'n bepaalde voorveronderstelling. [137] Geen wonder dan ook dat Bybelse geskiedenis as mites "her-interpreteer" word nie – op so 'n wyse dat ruimte geskep word vir die teorieë oor die proses van evolusie. Dan het God nie meer in ses dae geskep nie, maar "oor tydperke van miljoene jare".

Die moderatuur se geloof in God as Skepper blyk uit die mooi bewoorde stelling:

> Wat die Kerk wel ondersteun en bely, is 'n bepaalde geloofsuitspraak, naamlik dat God die Skepper van hemel en aarde (heelal/veelal) is. Wat is, het nie maar toevallig en spontaan gebeur nie.

Met so 'n stelling kan die gelowige min fout vind (behalwe dalk vir die verwysing na 'n sogenaamde veelal, wat geheel en al op ongelowige spekulasie berus) – totdat dit soos volg gekwalifiseer word:

> Oor hoedat hierdie skepping egter tot stand gekom het, asook die komplekse aard van al die wetmatighede waarbinne hierdie proses van skepping plaasgevind het en nog steeds ontwikkel en funksioneer ...

---

137 Kyk weer historiese versus operasionele wetenskap, voetnota 81 bl. 113.

Hier word die aap uit die mou gelaat. Ook die totstandkoming van God se skepping word toegeskryf aan die "ingewikkelde aard van wetmatighede" – dus die blote natuurlike verloop van sake. Hiervolgens is God nie meer die **bo**natuurlike, **wonder**baarlike Skepper (ook van wetmatighede) nie, maar word Sy skeppingsaksies beperk binne die grense van "wetmatighede" – natuurlike prosesse. Hoe God dán nog hoegenaamd die Skepper soos weergegee in die Bybel kan wees, gaan die verstand te bowe. En hieraan, sê die moderatuur, "kan ons as gelowiges ons net verwonder".

Mens kan verstaan dat uitgesproke ateïste die bestaan van God en Sy skeppingsmag summier verwerp. Maar om God se bestaan te erken en Hom dan net "op die kantlyn as toeskouer" van die verloop van al die wetmatighede te plaas, maak nie sin nie. Dit is eenvoudig maar geloof in evolusie. Dít is eenvoudig 'n verwerping van God se selfopenbaring in die Bybel, die geïnspireerde Woord van God self.

Oor hierdie standpunt is die moderatuur sedert 2009 per e-pos genader met verskillende vrae deur een van die skrywers van hierdie boek. Die enigste reaksie was dat dr. Kobus Gerber, Algemene Sekretaris van die moderatuur, hulle standpunt per e-pos aangestuur het, en op verdere vrae kennis gegee het dat dit op hulle vergadering van 21 Januarie 2010 ter tafel geneem sou word. Hierná het verdere navraag tot laat in 2010 niks opgelewer nie. Daar is blykbaar geen antwoorde beskikbaar nie.

Op 27 Julie 2010, het dr. Kobus Gerber 'n persvrystelling oor kerk en wetenskap gemaak. Daar is min twyfel dat dit 'n reaksie was op die Moderator, prof. Piet Strauss, se persoonlike geloofsverklaring wat in die tydskrif *Juig!* verskyn het, naamlik dat hy nie glo aan evolusie nie, maar in die waarheid van die Woord. Strauss se verklaring is deur Neels Jackson in 'n artikel opgeneem wat in *Beeld*, *Die Burger* en *Volksblad* verskyn het. Taamlike publieke reaksie het gevolg en heelwat NG-

teoloë het Strauss se verklaring sterk gekritiseer. Die persverklaring het dit weer gestel dat die NG Kerk nie noodwendig bepaalde wetenskaplike teorieë ondersteun of onderskryf nie, en dat die Bybel nie as ’n handboek beskou kan word vir allerlei wetenskaplike uitsprake wat buite dié bundel geskrifte se historiese konteks lê nie.

Dit was dus ’n vae verklaring wat die moontlikheid van evolusie nie uitsluit nie, al weerspreek die Bybel evolusie op talle plekke, soos hierbo op bl. 114 aangetoon is. Dit laat ook die moontlikheid dat skeppingsleerteorieë deur die Kerk verwerp kan word omdat dit sogenaamd buite die historiese konteks van die Bybel mag lê. Dit speel in die hand van die liberale teoloë wat verkondig dat Genesis in die tyd van die Babiloniese ballingskap geskryf is as teenvoeter vir die heidense skeppingsmites, en daarom eintlik niks oor die werklike oorspronge van alles te sê het nie.

Uitsprake van prof. Piet Strauss in ’n daaropvolgende berig in *Beeld* [138] laat ’n mens wonder wat die motiewe agter die kunsmatige “herrie” rondom sy uitsprake aangaande evolusie was. In hierdie berig sê hy dat die kritiek teen hom persoonlik en nydig is en dat sy argumente nêrens gepak word nie. Die feit dat hy sê hy oorweeg dit nie om te bedank nie, laat die indruk dat tenminste indirekte druk op hom geplaas is om dit wel te doen. Hy het vervolgens gesê dat dit die Algemene Sinode en moderamen is wat besluite oor sy loopbaan as Moderator neem, “en hulle ondersteun my standpunt”.

---

138 Kyk “Ek het nie die emosie verwag nie” – http://www.beeld.com/Suid-Afrika/Nuus/Evolusie-Ek-het-nie-die-emosie-verwag-20100801
Kyk ook “Kerkleier neem standpunt in teen evolusie!” – https://creationstoreuk.s3.amazonaws.com/infobytes/230_SA-Aug/230_SA-Afrikaans.html en “Piet Strauss se siening oor evolusie” – http://www.glodiebybel.co.za/component/content/article/68-piet-strauss-se-siening-oor-evolusie.html.

Gemeet aan bogenoemde verklarings van die NG Kerk rakende skepping en wetenskap, was dit na ons mening egter hoogs bevraagtekenbaar of die Algemene Sinode en die moderamen hom sou steun in sy verwerping van evolusie. In 'n verdere artikel van 3 Augustus 2010 in die *Beeld*, het prof. Nelus Niemandt, ondervoorsitter van die moderamen, ontken dat die moderamen vir prof. Piet Strauss ondersteun het betreffende sy anti-evolusieverklarings.[139] Niemandt het glo gesê dat hulle in die betrokke vergadering Strauss se siening nie regstreeks gesteun of verwerp het nie.[140]

Leopold Scholtz het op 5 Februarie 2010 'n artikel "Ateïs mag predikant bly en sê God bestaan nie" in die *Beeld* geplaas. Dit is boontoe bespreek op bl. 39.

Die krities belangrike vraag is of die teologie, en spesifiek die NG Kerk se teologie, nie op dieselfde pad is nie. Tenminste sal die Kerk dan "pragtig" met ateïste kan saamwerk, en die droom van sommige kan verwesenlik van een, groot, "gelukkige", humanistiese wêreldkerk. En vir sommige lidmate mag God bestaan, vir ander nie, vir ander mag hy die Moslemgod wees, of Hindoe-gode, maar solank iemand net nie verkondig dat daar net een ware God en geloof is nie, want dit sou "fundamentalisties" wees. Almal kan tog saamstem oor die goeie waardes wat onder baie gelowe en groepe bestaan. En niemand mag natuurlik geoordeel word nie, behalwe die "fundamentaliste". Mag God ons in Sy genade van so 'n Godlose kerk bewaar.

139 "Moderamen sê oor steun aan Strauss", 2010-08-03 – http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/2010/08/03/B1/6/tnjpiet.html
140 Kyk ook Anton Pienaar, redakteur van Kerkbode, se reaksie op hierdie kwessie: "Prof Piet Strauss en die onbegryplike Wese", 2010-08 – http://www.kerkbode.co.za/AntonSeSySeArgiefLees.asp?id=26.

Hier volg 'n brief van iemand aan Hennie Mouton (in Augustus 2009), skrywer van *Skepping en Evolusie – Onversoenbaar!* en medeskrywer van hierdie boek (ons onderstreping):

Hi Hennie

Ek is die afgelope 3 dae besig om jou boek oor evolusie te lees. Ek wil graag vir jou dankie sê vir hierdie boek. Die boek is vir my 'n baie sterk geloofs-versterking. Ek het groot waardering vir jou respek en omgang met die Bybel as die Woord van God. Iets wat my natuurlik ook opgeval het was jou kritiek op die kweekskole wat gou daarop is om enige nuwe teorie oor die Bybel te aanvaar byvoorbeeld dat die Bybel tydens die Babiloniese ballingskap ontstaan het. <u>Toe ek op kweekskool was is dit presies wat ek geleer is. Ons is nooit geleer om die professore se teorieë te bevraagteken nie</u>.

Toe ek my meesters in Kerkgeskiedenis gedoen het moes ek maar met skok ontdek dat ek nooit gereformeerd opgelei is om met die Woord van God om te gaan nie. Die historiese kritiek sowel as vorm kritiek (hierdie metodes kom van Bultmann wat die hele Bybel as 'n mite beskou het) is vir ons gegee as die metodes waarmee ons die Bybel moet benader. Tydens my lees van die Kerkgeskiedenis het ek op Abraham Kuyper afgekom wat hierdie metodes as Skrifaanranding beskryf het. Hy het ook gesê dat as hy die Bybel lees is dit nie Moses of Johannes wat tot hom spreek nie maar die Here self. Dit was sy antwoord aan die kritici wat die outeurskap van die Bybel bevraagteken.

<u>Die hartseer is dat ek by twee universiteite teologie gestudeer het en by albei is hierdie benaderings gevolg</u>. Ek het onlangs met 'n predikant wat in die 70's opgelei is gepraat en hy het vir my gesê dat dit gebeur het in 1980 toe die kweekskole besluit het om deel van die universiteite te word en so fakulteite geword het. So moes hulle begin om aan wetenskaplike navorsing te voldoen.[141] <u>Die gevolg is dat ons vandag sit met predikante wat vir 3 dekades opgelei is om nie gereformeerd met die Bybel om te gaan nie</u>. Die liberale standpunte wat nou uitkom is maar net 'n tydbom wat gewag het om te bars. Die kweekskole, die NG Kerk en gemeentes pluk nou die vrugte van die teologiese opleiding.

141 Kyk ook voetnota 11 op bl.5.

(Einde van aanhaling)

Die enigste ware antwoord is om na die Bybel en die God van die Bybel terug te keer. Die evolusiehipotese het nie die Bybel verkeerd bewys nie, want dit faal oorweldigend op talle wetenskaplike terreine. Maar hoe sal teoloë dit ooit te wete kan kom as hulle die leuen glo dat skeppingsleer pseudo-wetenskap is en daarom nooit eers bereid sal wees om enigsins objektief na skeppingsleerders te luister nie?

Gaan die NG Kerk daarin slaag om die effek van liberale, humanistiese doktrines te stuit en terug te keer na Bybelgebaseerde waarhede? Die kans lyk nie goed nie. Die geskiedenis het al meermale gewys dat, sou ’n kweekskool eers op ’n liberale glybaan beland, dit baie selde omkeer. En omdat kweekskole die toekomstige predikante oplei, vermenigvuldig die afdraande effek baie vinnig. Die oplossing is gewoonlik ’n nuwe groep wat van vooraf begin met Bybelse waardes – terug na die Bybel is immers waar die reformasie begin het. Gaan die NG Kerk die normale geskiedenis verkeerd bewys? Ons glo by God is alles moontlik.

## Vrae om oor te dink

As samevatting van hierdie hoofstuk gee ons ’n paar gedagtes weer betreffende die skadelike dwalinge van die evolusieleer.

Sodra daar bewuswording is van die dwaalleringe van evolusionisme, en die besef van ’n Intelligente Ontwerper, kom vrae na vore:

- Aangesien die mens in die Ontwerper se intelligensie deel, al is dit in ’n mate wat die mens in vergelyking nietig laat lyk, sou dit dan verbasend wees as Hy ook ander eienskappe met die mens deel – veral dáárdie waardes waarvan die mens in sy helderste oomblikke bewus is?

- Aangesien ons van Hom bewus geword het deur onder andere sy voltooide skeppinge waar te neem, watter ander afleiding kan ons maak as dat Hy ontsaglike wysheid en ook onmeetlike mag moet besit om Sy planne tot uitvoer te bring?
- As ons eers van Hom bewus geword het en begin besef wie Hy is, volg dit vanselfsprekend dat alle waardes deur Hom bepaal word. ’n Besoeker aan ’n diamantmyn mag getref word deur die tonne rots wat daaruit gehaal word; maar vir die kenner is alleenlik die klein hopie diamante belangrik. ’n Boer kyk na sy trop beeste, maar hulle is vir hom nietig in vergelyking met die klein seuntjie aan sy hand. Kan ons enigsins die waarde bepaal wat die Skepper aan die lewelose hemelliggame aan die een kant heg, en aan die mens aan die ander kant? [142] En kan ons vir Hom voorskryf dat Hy individuele mense moet waardeer volgens óns maatstawwe?
- Alhoewel dit natuurlik van Hom sou afhang of Hy evolusionistiese ontwikkeling wil gebruik, wat sou Hom verhinder om heeltemal daarsonder klaar te kom? Hoekom sou ons dit nie glo as Hy dit duidelik in die Bybel uitspel nie? As dit is hoe God dit gedoen het, hoe moes Hy dit anders in die Bybel gesê het?
- Kan óns besluit dat dit vir Hom enigsins makliker of geriefliker sou gewees het om groot gebeurtenisse oor lang tydperke te laat plaasvind as in ’n oomblik?
- Aangesien dit Hy moes gewees het wat oorspronklik die mees onverklaarbare verskynsel, naamlik die lewe, in Sy skepsels gegee het, sou dit vir Hom enigsins ’n probleem wees om die lewe te laat terugkeer na waar dit eenmaal was? Of om dit op ’n ander manier te laat ontstaan as deur die samevoeging van die manlike en die vroulike?

---

142 Om dit te illustreer: God hou ons teen Sy bors (Jes. 40:11), maar die heelal in die holte van Sy hand (v.12).

- Sou dit verbaas as die mens vir Hom van besondere betekenis en waarde sou wees?
- Sou dit verbaas as dit vir Hom baie belangrik is wat hierdie skepsel doen, wat hy wil doen, probeer doen en wat hy nalaat om te doen?
- Sou dit verbaas as Hy met die mens sou wou kommunikeer, en as Hy ook nog meer direkte middele sou aanwend as om Homself in Sy skepping te openbaar? Sou daar nie ’n wyse van kommunikasie wees wat ooreenstemminge toon met die mens se gesprek met ander mense nie? Sou Hy nie ook deur een mens met ’n ander kon praat nie?
- Sou dit verbasend wees as Hy wat die mens gemaak het, ook nog ander wesens gemaak het wat in ’n mate met hul Skepper ooreenkom – moontlik selfs in ’n groter mate as die mens? En is dit onmoontlik dat hulle, net soos hul Skepper, van so ’n aard kan wees dat die mens hulle nie gewoonweg met sy sintuie kan waarneem nie? Met ander woorde: Is die bestaan van onsigbare geestelike wesens iets waaroor die mens verbaas moet wees? En is dit onmoontlik dat, hoewel sommige getrou was aan hul Skepper, ander teen Hom gerebelleer het – soos dit wel met mense die geval is? Is die bestaan van engele en demone in stryd met wat ons van die werklikheid te wete kan kom?
- Sou dit verbasend wees as Hy soms sommige van die natuurwette ophef? Trouens, sommige materialiste aanvaar vandag selfs dat ander wette in die kwantumwêreld geld as in die alledaagse lewe, en dat iets oorspronklik uit niks voortgekom het – in stryd met die eerste wet van die termodinamika! En wanneer aanvaarding van ’n Skepper van die heelal eers onafwendbaar word, wat bly dan vir Hom onmoontlik? Watter wonderwerk wat ons onwillig is om te aanvaar, is groter as die skepping van die heelal en al die lewende wesens? En as sulke verstommende gebeurtenisse in die verre verlede kon gebeur het, is daar enige logiese rede waarom gebeurtenisse wat vir ons onmoontlik lyk en wat beskryf word as wonderwerke, nie vandag kan geskied nie?

- Wat verhinder Hom om dade wat vir ons natuurlik voorkom, af te wissel met optredes wat ons nie kan verklaar nie en wat ons as bonatuurlik beskryf? Wat is natuurlike seleksie en die ander meganismes anders as Sy gereedskap, en wie kan aan Hom voorskryf wanneer Hy watter een moet gebruik?
- Is dit onmoontlik dat Hy doelstellings mag hê wat ons nie kan verstaan nie, en dat baie van Sy dade en ook dít wat Hy nalaat om te doen, vir ons onverklaarbaar mag wees?

Een ding is seker: As ’n mens erns wil maak met die kennis van die werklikheid, sal daar ’n groot herwaardering van standpunte moet plaasvind. Ons ken die werklikheid nog steeds ten dele, kyk nog steeds deur ’n spieël in ’n raaisel en staan nog steeds voor ’n diepe misterie – voor ’n toe deur – tensy ’n Getuie van die ander kant kom en die deur vir ons oopmaak. Ons sál immers eendag “ten volle ken, net soos ek ten volle geken is” (1 Kor. 13:12).

Net soos een vrot appel ’n hele kis goeie appels kan aantas, het die omhelsing van evolusionisme verwoestende en verreikende gevolge op sake wat deel is van die gereformeerde belydenis. Mede-Christen, soos nog nooit tevore nie is dit nóú die tyd dat ons “kragtig moet stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is” (Judas vers 3).

# HOOFSTUK 7: Die huwelik in die spervuur

## Inleiding

Liberale sienings oor die huwelik kan net sulke verreikende gevolge hê as die onderwerpe wat in vorige hoofstukke bespreek is. Om hierdie rede is dit belangrik dat die onderwerp onder die loep kom.

Die huwelik was in verskeie opsigte in die nuus die afgelope tyd. Nie net het dit gegons oor saambly vóór die huwelik nie, maar President Jacob Zuma se veelwywery en buite-egtelike verhoudings het ewe veel aandag gekry.

Dr. Adrio König se opmerkings in ’n artikel hieroor wat by Kerkbode-aanlyn gelees kan word, is baie teleurstellend. Daarin sê König onder meer dat die Bybel nie meer so uitdruklik is oor saambly nie. Die sewende gebod (“jy mag nie egbreuk pleeg nie”) het glo net te doen met die verbreking van ’n huwelik, en het nie direk betrekking op ongetroude mense nie.[143]

Volgens König kan nie alle saamblyers oor dieselfde kam geskeer word nie. Hy onderskei verskillende groepe, soos onder andere rondslapers, geriefsoekers en proefkonyne. Hy maak ’n fyner onderskeiding by geriefsoekers – hulle kan in minstens drie groepe verdeel word: jonges wat op die punt staan om te trou, ouer mense wat graag wil trou, maar hulle kan nie bekostig dat die geskeide vrou haar onderhoud verloor nie en ook mense van oor die tagtig wat mag vra: “As sy en die ou oom wat elke môre by haar kom tee drink, nou saam see toe gaan, moet hulle regtig twee kamers huur?”

---

143 “Jy trou om te hou”, 2010-02-02 – http://kerkbode.co.za/AktueelArgiefLees.asp?id=21

König bespreek wel aspekte wat van belang is in die huwelik soos waardes, selfbeheersing, respek en sekuriteit en sluit af met die woorde: " 'n Mens soek 'n maat vir solank as jy lewe – jy trou om te hou."

Sedertdien het die Oostelike Sinode op 24 Mei 2010 in Pretoria 'n gesprek gehad met die onderwerp "Trou of Saamwoon" waartydens verskeie sprekers oor die onderwerp gepraat het. Dr. James Kirkpatrick, Voorsitter van die Algemene Taakgroep oor Leer en Aktuele Sake van die Algemene Sinode, was die eerste spreker wat sy aanbieding op die model soos deur Adrio König hierbo uiteengesit, geskoei het. Dit sal later in meer detail bespreek word.

## Navorsing

Mnr. Jan van der Merwe, 'n doktorale student in Antropologie aan die Vrystaatse Universiteit het in twee studies tot skokkende gevolgtrekkings gekom oor hoe jong Suid-Afrikaners se denke oor seks en vloek vanaf 1994 tot nou in 2010 verander het.[144] Die groep se kerklike verbintenis was soos volg: 'n derde was meelewende lidmate, nog 'n derde het ongereeld in die kerk gekom en die ander derde was kerklos. Byna almal beskou hulself egter nog as Christene. 'n Groot meerderheid respondente het uit die drie Afrikaanse susterskerke gekom, maar het baie kritiek op die kerke gehad.

Van die bevindinge is die volgende:

- Almal wou graag 'n vaste liefdesverhouding hê.

---

144 "Jong Afrikaners se denke oor seks, vloek verander", 2010-01-27 – http://www.beeld.com/Content/Suid-Afrika/Nuus/1928/433da021aee24f75bb209c7a662fa840/27-01-2010-01-54/Jong_Afrikaners_se_denke_oor_seks,_vloek_verander_

- Naaktheid, sekstonele en vloekwoorde in flieks, stories of liedjies is vir die groep aanvaarbaar, solank dit nie oordoen word nie en by die intrige of lirieke inpas.
- Die helfte van die respondente het in die vorige vyf jaar meer as een seksmaat gehad.
- Die enkele respondente wat nié voorhuwelikse seks beoefen het nie, het nie gedink dis noodwendig sonde om dit te doen nie.

Volgens Van der Merwe lyk dit asof persoonlike behoeftes en praktiese reëls hierdie jongmense se waardes ten opsigte van seks bepaal. Jongmense se persepsies en waarde-oordele oor Christenskap het volgens hom sedert 1994 ’n metamorfose ondergaan – hulle is besig om hul eng konserwatiewe Christelike waardes en norme te ontgroei – wat nie noodwendig beteken dat hulle minder Christelik georiënteerd in hul eie oë is nie.

In 1999 is in Amerika soortgelyke navorsing onder jongmense gedoen.[145] Daar is bevind dat die huwelik as eerste ondervinding van paartjies wat hul lewens saam wil deurbring, deur saambly vervang is. Meer as die helfte van die paartjies wat trou, het eers saamgewoon. Hulle reken dat pare wat saambly, onkostes kan deel en meer van mekaar leer en as dinge nie uitwerk nie, kan hulle makliker die verhouding verbreek as met ’n egskeiding. Volgens dié navorsing, het die meeste jongmense gedink dat dit ’n goeie ding is om saam te bly voordat mens trou.

In dieselfde studie is gekyk na negatiewe dinge wat voortvloei uit verhoudings waar paartjies saamwoon. Die volgende is bevind:

- Dit is hoogs onwaarskynlik dat paartjies wat saambly, wél sal trou.

---

145 “Smart Marriages” – http://www.smartmarriages.com/cohabit.html

- Die egskeidingskoers is hoër by dié pare wat eers saamgebly het.
- Daar is meer ongelukkige huwelike onder hulle wat vooraf saamgeleef het.
- Die moontlikheid vir buitehuwelikse verhoudinge onder dié groep is groter.
- Paartjies wat vooraf saambly het nie beter huwelike nie.
- Hierdie paartjies het selde langdurige verbintenisse of verantwoordelikheidsbesef.
- Hulle loop iets mis in die proses van groei tot volwassenheid.
- Deur saam te leef vermy hulle dikwels gesamentlike besluitneming.
- Sulke huwelike is dikwels huwelike van gerieflikheid, noodsaaklikheid of aanpasbaarheid, eerder as huwelike van toewyding.
- Deur voorhuwelikse seks mag ’n mens ingetrek word (gevang word) om te trou met iemand wat nie noodwendig ’n geskikte huweliksmaat is nie.
- Dié wat saamleef het swakker verhoudings.
- Hulle het ook meer probleem met konflikhantering.
- Daar is min of geen romanse in huwelike wat volg op ’n saamblyery nie.
- Daar word ’n fondament van wantroue en verlies aan respek gelê.
- Saamblyers het nie noodwendig die beste seks nie.
- Hulle bly dikwels saam sonder ouerlike goedkeuring.
- Wanneer mense wat voorheen getroud was, saam met iemand anders bly, veroorsaak dit hartseer by kinders.
- Mense wat saambly, het min of geen gesamentlike doelwitte nie.

Die Amerikaanse navorsers het bevind dat saamwoon vóór die huwelik, nie in die jongmense óf in die samelewing se belang is nie. Veral vrouens en kinders word baie negatief hierdeur geraak.

## Wat sê die Bybel oor die huwelik en saambly?

Aangesien die Bybel die Woord van God is waarin God nie net Homself aan ons openbaar nie maar ook aan ons Sy wense en verordeninge kommunikeer, is dit uiteraard noodsaaklik dat ons sal kyk wat die Bybel se siening oor die huwelik en saambly is.

In Matt. 19 antwoord Jesus die Fariseërs op hul vraag oor egskeiding en verwys Jesus hulle na twee tekste wat uit Genesis kom. Gen. 1:27 sê God het die mens geskep, "man en vrou het Hy hulle geskape" en in Gen. 2:24 sê Hy "Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees." Wat hiermee saam gelees moet word is ook Gen. 1:28 "Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: "Wees vrugbaar ...." In Gen. 2:18 sê God "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke."

Hierdie gedeeltes in die Bybel lê die hele grondslag vir die doktrine van die Christelike huwelik: Één man is bedoel vir één vrou, saamgevoeg in 'n verhouding as mekaar se helpers en absoluut gelyk aan mekaar in God se oë; 'n verhouding wat so sterk is dat God dit beskou as "een vlees" en beseël en bevestig is deur God in Sy Persoon. Hierdie instelling deur God staan buite die sondeval, met ander woorde dit is ingestel voor die sondeval, en gee vir ons die absolute wese van hoe die huwelik moet lyk.

Maar die sondige bedeling ná die sondeval het ook sy merk op die huwelik gelaat. Ons lees in Gen. 4:19 van een van Kain se nageslag, Lameg, wat die heel eerste persoon was wat vir homself twee vrouens

gevat het. En verderaan in die Bybel lees ons by herhaling waar hierdie gebruik redelik algemeen geword het – selfs die aartsvader Abraham en die konings van Israel. Maar hoewel die gebruik in die Bybel beskryf en weergegee word, word dit nêrens as die goeie model van die huwelik gesteun nie. Inteendeel, die Bybel is vol daarvan hoe diegene wat hulle daaraan skuldig gemaak het, God se seën verbeur het of selfs erge gevolge as gevolg daarvan moes verduur. [146]

Aangesien die huwelik 'n instelling van en deur God is, kan ons dit nie verander of misbruik soos ons maar verkies nie. Die instelling is in God se oë só belangrik dat Hy Sy verhouding met Sy kerk in dieselfde terme uitdruk en dit is dus duidelik dat God dit as 'n heilige instelling ag.

As God se verteenwoordiger in hierdie wêreld, moet die kerk 'n belangrike rol speel in die bevestiging van 'n Christelike huwelik. Daarom sou dit die aangewese weg wees dat die twee partye in die teenwoordigheid van God – met die gemeente as getuies – trou aan mekaar sal belowe.

Die kinders van God moet in die proses van heiligmaking in hulle lewe, sowel as hulle huweliksverhouding, God se oorspronklike bedoeling met die huwelik vergestalt – in 'n monogame huwelik. Daarom sê Paulus onder andere dat huweliksmaats uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig moet wees (Ef. 5:21).

Aangesien kinders aan hulle ouers gehoorsaam moet wees (Ef. 6:1 en Kol. 3:20) is dit wenslik dat die ouers van albei partye 'n rol moet speel wanneer die voornemende paar hul huwelik beplan, solank dit in liefde

146 Vir meer oor hierdie kwessie, kyk "Does the Bible clearly teach monogamy?" – http://creation.com/does-the-bible-clearly-teach-monogamy, "Family & Marriage Questions and Answers" – http://creation.com/family-marriage-questions-and-answers en "One man one woman" – Creation 31(4) Sept.-Nov. 2009, bl. 12.

en billikheid geskied. Dít geld veral onmondige kinders. Ook die ouer "kinders" sou normaalweg goed doen om hulle ouers se opinie in ag te neem.

As die huwelik tussen twee mense deur 'n verteenwoordiger van God bevestig word en die twee partye voor God en in Sy teenwoordigheid hul onafskeidbare toewyding aan mekaar beloof, is staatsregistrasie nie noodwendig nodig nie.

Dit is egter van groot belang dat die toepaslike wetlike voorskrifte wat saam met die normale registrasie van 'n huwelik gaan, in ag geneem moet word indien die kerk dit sou oorweeg om huwelike te bevestig ooreenkomstig die Bybelse model soos hierbo uiteengesit, sonder om sulke huwelike ook amptelik te registreer. Die posisie van die huweliksbevestiger moet ook in ag geneem word in die besluit. Ter wille van latere moontlike egskeiding, waarvan Christene ongelukkig ook nie gevrywaar is nie, behoort 'n wetlik afdwingbare kontrak tussen die man en die vrou steeds opgestel te word.

Vanuit 'n Bybelgelowige perspektief sou hierdie model wel aanvaarbaar wees en moet die moontlikheid daarvan ondersoek word, maar die kondonering van saamwoon mag geensins ondersteun of toegelaat word binne of deur die kerk nie.

## Oor die seksuele

Op 'n paar plekke in 'n boek wat pas verskyn het *Kan ons nie maar net saambly nie?* (dit sal later in hierdie hoofstuk kortliks bespreek word), word die klem daarop gelê dat dit in die saamblydebat glo nie soseer om die seksuele gaan nie. Maar daar is waarskynlik bitter min huwelike waar die seksuele géén rol hoegenaamd speel nie. Daarom is dit belangrik om na 'n paar dinge te kyk wat die Bybel oor die seksuele sê.

Die opdrag van 1 Kor. 6:18 is om te vlug vir hoerery. Al het die woord "hoerery" skynbaar uit die mode geraak om buitehuwelikse seks mee te beskryf, is dit tog 'n goeie vertaling van die Griekse woord *porneia*, wat verwys na enige vorm van seks buite die huwelik, of dit bestialiteit, homoseksualiteit, bloedskande of prostitusie is. Dit het te make met enige soort seksuele omgang wat deur die Bybel verbied word. Die woord hoerery word wel ook in metaforiese beskrywings van Israel se "prostitusie" met afgodery gebruik (byvoorbeeld Eseg. 23).

Die Bybelse boodskap aangaande die huwelik is dat die huweliks-verbond die regte plek is vir die seksuele en daarmee kan parallelle getrek word met die verhouding tussen God en Sy mense. Buitehuwelikse seks is verkeerd, want dit speel met die Bybelse geheimenis daarvan en maak inbreuk daarop. In 1 Tess. 4 staan onder meer dat ons ons moet weerhou van onsedelikheid. Dit is nog steeds 'n reguit antwoord aan Christene in 'n seksmal wêreld.

Indien die leser nie oortuig word deur die Bybelse en teologiese argumente wat hier aangevoer word nie, dink tenminste daaraan dat buitehuwelikse seks nog altyd deur die eeue deur Christene as verkeerd beskou is. Al is dit nie reg om iets te aanvaar net omdat dit "tradisie" is nie, moet iemand wat dit anders wil bewys, weet dat hulle te staan kom teen die konsensus van honderde jare! Die vraag is ook waar daardie konsensus vandaan kom. Ons glo dit kom van God af soos uitgeleef in Sy kerk van die vroegste tye af.

## Doornkloofverklaring

Die NG Kerk van Doornkloof het in 2009 'n verklaring uitgereik oor grense en saambly (kyk "BYLAAG B: Verklaring van Doornkloof NG Kerk oor "Grense en saambly" ") wat baie wye debat ontlok het – nie net in

die kuberruimte op webwerwe en in Kerkbode-aanlyn nie, maar ook in die sekulêre media.[147]

In die Doornkloofverklaring word bepaalde Skrifgedeeltes ondersoek om te sien wat God se wil vir sy kinders is oor grense en saambly. Daar word onder andere ook gekyk na pornografie, prostitusie en verkragting. Wat duidelik in die verklaring uitkom, is dat buitehuwelikse en voorhuwelikse seks, selfs tussen verloofdes, in die Bybel sterk veroordeel word – God stel in werklikheid heiligheid téénoor onsedelikheid.

## Verklarings van die kant van leiers in die NG Kerk

Verklarings van die kant van sekere leiers in die NG Kerk staan in skerp kontras met bogenoemde Doornkloofverklaring. Sommige van hierdie artikels het in Kerkbode-aanlyn verskyn.[148] Aan die begin van hierdie hoofstuk is daar alreeds melding gemaak van dr. König se uitsprake. Dr. Chris Jones, hoof van die Universiteit Stellenbosch se kantoor vir Moraliteit en Morele Leierskap, het die bal aan die rol gesit en aan Atlas (Algemene Sinode se taakgroep oor Leer en Aktuele Sake) geskryf om te vra dat die Kerk 'n nuwe, *minder veroordelende* beleid teenoor saamwoon formuleer. Jones het spesifiek melding gemaak van jong-mense wat saam woon en wat later wil trou en ouer mense wat dit om pensioenredes nie kan bekostig om te trou nie. (Soos reeds genoem op bl. 166 hoef laasgenoemde nie noodwendig 'n probleem te wees nie,

---

147 Die wat meer oor die debat wil weet, kyk http://www.rapport.co.za/Content/Suid-Afrika/Nuus/2315/297f6598ce674851afe53b1abb8437c2/05-12-2009-10-30/Storm_in_Kerk_oor_saambly en "Saamblyers voor stok gekry" – http://www.kerkbode.co.za/NuusLees.asp?id=49

148 "Saamwoon-verslag kry gestalte", 2010-01-22 – http://www.kerkbode.co.za/NuusLees.asp?id=56

maar daar is geen verskoning vir jongmense nie. Hulle kan opofferings maak deur te trou terwyl hulle byvoorbeeld nog studeer en dan moontlik aanvanklik baie eenvoudig en relatief swaar te moet lewe, of deur in onthouding te wag.)

Ook dr. James Kirkpatrick het sy mening oor die saak gelug: "Ek verstom my dat die onderwerp so taboe is dat ons nie eens daaroor mag nadink nie," het Kirkpatrick aan *Kerkbode* gesê. "Ons het nog nie 'n woord gesê daaroor nie, behalwe dat die 1970-besluit onsinnig is." (Volgens die 1970-besluit wou die Algemene Sinode gehad het dit moet as 'n misdaad beskou word as ongetroudes seksueel verkeer. Dit sou in 'n Christelike staat glad nie onsinnig gewees het nie, maar Suid-Afrika kwalifiseer waarskynlik lankal nie meer as 'n Christelike staat nie.)

Kirkpatrick se sentiment kan egter reeds in hierdie opmerkings van hom gesien word. Hierdie sienings van hom word verder gevoer in sy referaat by die "Trou of Saambly"-gesprek op 24 Mei 2010 by die Choose Life Church in Pretoria. By hierdie geleentheid verklaar hy dat hy deel was van die taakgroep wat in 2007 'n versoek gekry het om weer na saambly buite die huwelik te kyk. Die rede? Hulle het nie geweet wat om te doen nie as mense, pensioenarisse en ouer mense wat 'n tweede huwelik wil aangaan, vra of dit moontlik is dat hulle net 'n kerklike verbintenis kan hê; of vra of hulle net voor God kan trou sonder om die staatkundige of die juridiese elemente by hulle huwelik te betrek.

Al sê Kirkpatrick tydens hierdie byeenkoms "Die huwelik is beter as saamwoon", onderstreep die algemene strekking van sy betoog by hierdie geleentheid maar net dit wat ook in die reeds genoemde nuwe boek *Kan ons nie maar net saambly nie?* gesê word: dat daar gesoek moet word na iets minder veroordelends wat pas by die tyd waarin ons lewe.

Kirkpatrick bevestig die vrae oor sy siening met die volgende opmerking tydens sy aanbieding: Tydens sy gesprek met twee mense wat alreeds vir etlike jare saamgebly het en toe besluit het om in die huwelik te tree, het hy vir die paartjie gesê "... ek wonder of julle nie klaar getrou het nie. En wat ons nou gaan doen is eintlik die bevestiging van wat reeds waar is ..."

Uit hierdie stelling kan baie duidelike afleidings gemaak word oor die siening van James Kirkpatrick oor die huwelik self, sondebesef en sondehantering, en saamwoon as praktyk.

Eerstens getuig Kirkpatrick se uitlating daarvan dat hy nie die Bybelse instelling van die huwelik as die enigste gesaghebbende en legitieme instelling wat deur God self deur middel van die huweliksbevestiger bevestig word, beskou nie. Sy stelling dat "saambly en toegewyd getrou aan mekaar wees" dieselfde as 'n huwelik kan wees, is sekerlik nie in God se oë die geval nie. Alleen die bevestiging van daardie verhouding deur God maak dit 'n Christelike huwelik.

Tweedens is die Bybel baie duidelik oor hoe daar met sonde gehandel moet word. Daar moet 'n duidelike sondebesef wees. Hierdie sondebesef is nodig om tot sondeberou te kom wat weer tot belydenis van sonde aanleiding gee en wat uiteindelik dan deur God vergewe kan word. As Heb. 9:22 sê dat sondevergifnis nie sonder bloed plaasvind nie, is dit tog baie duidelik dat daar berou en belydenis moet wees en is God se vergifnis nie so goedkoop as wat sommige dit dikwels laat klink of dit wil maak nie.

Derdens is Kirkpatrick se siening skynbaar dat die feit dat die paartjie saamgebly het, nie sonde is of was nie. Hy het geensins, volgens sy weergee van die gebeure, 'n poging aangewend om die paartjie te oortuig om dit voor God te bely en God se vergifnis te vra nie.

Hier het ons dus 'n situasie waar Kirkpatrick eerder die siening aanhang dat God sonde sonder meer verskoon of oorsien; wat dus op kondonering neerkom, terwyl die Bybel 'n baie sterk boodskap dra dat God ALLE sonde HAAT omdat dit lynreg bots met God se Wese; en *vergifnis* van sonde is daarom die enigste wyse waarop ons van ons sonde ontslae kan raak.

Waarom is James Kirkpatrick se bydrae en siening so belangrik? Is ons nie besig om aan hom te veel gesag te verleen deur sy siening hoegenaamd enige publikasie te gee nie? Nee, uit die aard van sy posisie in die NG Kerk, is dit juis uiters bekommerenswaardig dat 'n kerkleier wat aan die hoof van Leer en Aktuele Sake in die Kerk staan, sienings en menings huldig wat in stryd is met die gereformeerde siening soos steeds amptelik deur die NG Kerk gehuldig word.

Hy bevind homself in 'n invloedryke posisie waar hy rigtinggewende veranderings in die Kerk kan bewerkstellig. Dit is daarom uiters noodsaaklik dat ons as lidmate daarop bedag sal wees en ons stemme sal moet laat hoor om enige rigtingverandering wat die waardes, beginsels en voorskrifte van die Woord van God wil rojeer, teen te staan.

## Kan ons nie maar net saambly nie?

In 'n berig "Riglyne vir saambly gesprek" deur Johannes de Villiers in die Rapport van Sondag 11 Julie 2010, word gesê dat die NG Kerk se debat oor saamwoon nou na die menigtes gaan en dat die amptelike gesprek oor dié kwessie in die volgende maande deur sinodale liggame en

kerkstrukture gevoer sal word.[149] Die berig is geskryf na aanleiding van ’n nuwe boek *Kan ons nie maar net saambly nie?* wat verskyn het onder redakteurskap van Chris Jones. Op die agterblad van die boek word onder andere gesê: “Lees en dink saam oor al die aspekte van saambly en besluit self wat vir julle die beste gaan werk.”

’n Hele aantal mense het meegewerk aan hierdie boekie. In sy voorwoord sê dr. Anton Pienaar (redakteur van die *Kerkbode* en predikant van die NG Gemeente Suidoos-Pretoria): “Dit is ’n poging om gehalte-huweliksverhoudings en, waar dit van toepassing is, waardige saambly-verhoudings te bevorder.”

Chris Jones (betrokke by die Kantoor vir Morele Leierskap, Universiteit van Stellenbosch) se slotbetoog verskil nie veel van Pienaar s’n nie: “Ons doel is immers nie om weg te tree van die huwelik af nie, maar om eerder te soek na ’n moontlike verbreding daarvan.” Op ’n ander plek in die boek sê Jones dat ons eerder almal moet help om in “gesonde verbintenisse” waardegedrewe te leef. Hy voeg (as trooswoord vir behoudende gelowiges) by dat die huwelik die mees ideale ruimte is om ’n permanente liefdesverhouding te laat tuiskom.

Adrio König kom ook aan die woord in ’n hoofstuk waar hy basies dieselfde uitsprake maak waaroor daar alreeds geskryf is in hierdie hoofstuk. Dit is teleurstellend en niksseggend want, anders as wat mens van ’n emiritusprofessor in Sistematiese Teologie sou verwag, word geen Bybelse riglyne gebied nie.

---

149 “Riglyne vir saambly gesprek”, 2010-07-10 – http://www.rapport.co.za/printArticle.aspx?iframe&aid=34b4d34f-a7ed-4eda-ace3-a3ddd303eed9&cid=2315

Ander medewerkers is Christina Landman (navorsingsdirekteur van die Navorsingsinstituut vir Teologie en Religie, Unisa); Louis Jonker (professor in Ou Testament, Fakulteit Teologie, Universiteit Stellenbosch); Jeremy Punt (professor in Nuwe Testament, Fakulteit Teologie, Universiteit Stellenbosch); Julie Claassens (professor in Ou Testament met die opdrag die bevordering van menswaardigheid, Fakulteit Teologie, Universiteit Stellenbosch); Antoon de Klerk (geoktrooieerde rekenmeester, Investec, Kaapstad) en Gerda de Villiers (redakteur van die webtuiste www.teo.co.za van die Universiteit van Pretoria). Laasgenoemde skryfster het selfs ’n voorbeeld van ’n moontlike kontrak vir saamblyers gegee (hierdie is ’n sekulêre kontrak en moet nie verwar word met die Bybelgebaseerde kontrak wat vroeër in die hoofstuk voorgestel is nie). Daar is ook die persoonlike verhale van ’n aantal saamblyers van verskillende ouderdomme in die boek.

Die diversiteit van die aantal skrywers, die verskeidenheid van standpunte en beperkte ruimte hier maak dit moeilik om behoorlik kritiek op die boek te lewer, maar baie kortliks kom die sentrale boodskap hierop neer: ’n Akkommoderende houding teenoor saamblyers, oftewel die kontekstualisering van die Woord om by die kultuur van die dag aan te pas, word aanbeveel. Is dit dalk ’n sagmaakproses vir ’n “minder veroordelende verklaring” oor die huwelik in 2011?

In ’n artikel in *JUIG!* spreek prof. Piet Strauss, die huidige NG-moderator, sy kommer uit oor die voorstel van ’n minder veroordelende verklaring. Hy het dit beklemtoon dat die Kerk ’n baie groot fout sou maak indien hierdie voorstel goedgekeur word. Die moontlike gevolge is ernstig en sommige mense is selfs van mening dat dit meer emosioneel kan wees as die hele debakel rakende homoseksualiteit.

Strauss is van mening dat besinning oor etiese kwessies altyd welkom is, maar dat die Kerk nie seks buite die huwelik kan kondoneer nie: [150]

> In ons debat oor homoseksualiteit het ons gesê seks hoort binne die huwelik. Saamwoon is nie vir die Kerk aanvaarbaar nie. Ek glo daar is genoeg Skrif-getuienis vir dié siening.

Ook betreffende hierdie saak is daar dus verskille onder leiers in die NG Kerk. Die skrywers van hierdie boek skaar hulle ten volle by prof. Piet Strauss se stellings hierbo.

Die saak is ook tydens ’n vergadering van die moderamen vroeg in 2010 bespreek. By hierdie geleentheid het prof. Piet Strauss, moderator en voorsitter van die ASM gesê dat die Kerk nie moet ophou praat daaroor nie. Die finale verslag sal heel waarskynlik eers tydens die Algemene Sinode van Oktober 2011 bespreek word. Die skrywers van hierdie boek hoop en bid dat die uitkoms baie meer God-erend en duideliker sal wees as die huidige vae besluit oor homoseksualiteit.

## Samevatting

Wat beoog word met ’n sogenaamde minder veroordelende verklaring, is om vir die soveelste keer te buig voor die druk om akkommoderend te wees – waarskynlik met die hoop om lidmaattalle te behou of op te stoot. Ons kan nie die Woord van God verander om by die kultuur van die dag, of by mense se sienings en filosofieë aan te pas nie. Douglas Kelly, ’n gereformeerde teoloog het die volgende gesê:

> I would simply suggest that to interpret ‘very good’ as including pre-Fall pain, death, etc. is simply inadmissible in terms of proper Hebrew exegesis. If one

150 “Bybelse Waarskuwing Aan Die Liberale Denkers!”, Januarie 2010 – http://www.juig.co.za/article.php?id=81

can turn a word (or two words — tobh me'od) upside down on its head to mean the exact opposite of what it clearly says, the authority of Scripture is a nose of wax to be shaped by the changing culture.[151]

Hierdie is wel hoofsaaklik van toepassing op 'n ander kwessie (kyk voetnota 84 bl. 114) maar is tog ook van toepassing op hierdie kwessie.

Christene moet onder geen omstandighede deur vals profete mislei word nie. Dit is vir Bybelse Christene wat die Woord van God hoog ag, 'n ontstellende gedagte. In Sy Woord is dit duidelik dat seks buite die huwelik deur God verbied word.

Iemand wat in hierdie stadium in 'n saamleefverhouding is, kan weet dat daar hoop is. God se genade is ook groter as hierdie sonde. Bid daaroor, hoor wat God se Gees vir jou in Sy Woord en in jou hart sê, en gaan bespreek dit met 'n werklik Christelike berader of predikant. Onderstaande Skrifgedeelte is nie net 'n waarskuwing nie – dis veral 'n aanbieding van God se genade:

**1 Kor. 6:10-11 :** Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie.
En dit was sommige van julle; maar julle het jul laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God.

Vir meer oor seks voor die huwelik, kyk:

- BYLAAG B: Verklaring van Doornkloof NG Kerk oor "Grense en saambly"

---

151 Uit "Ross–Hovind Debate, John Ankerberg Show, October 2000" – http://creation.com/rosshovind-debate-john-ankerberg-show-october-2000-analysis-by-jonathan-sarfati

- "Die Bybel oor seks voor die huwelik" – http://www.glodiebybel.co.za/component/content/article/56-die-bybel-oor-seks-voor-die-huwelik.html

# HOOFSTUK 8: Ongelyke speelveld?

## Inleiding

Debatte in die kerklike én sekulêre media het getoon dat daar ’n teologiese stryd woed. Dit word onder andere veroorsaak deur leiers in die openbare en kerklike lewe. Dit wil lyk asof daar georkestreerde pogings is om beheer uit te oefen op strategiese plekke en posisies. Hierdie pogings het ’n ongelyke speelveld tussen twee spanne, ’n behoudende (Bybelgelowige) groep aan die een kant en ’n liberale (humanistiese) groep aan die ander kant, tot gevolg.

## Die NG Kerk se ”Seisoen van Luister”

Hierdie ”seisoen” word onbeskaamd gebruik om vrye teuels te gee, nie net aan hoëprofielpersone met liberale sienings nie, maar selfs mense met openlik ateïstiese sienings soos die reeds genoemde geval waar George Claassen, ’n selferkende ateïs, tydens die jaarlikse opening van die Universiteit van Pretoria se Teologiese Fakulteit die hoofspreker was (kyk “BYLAAG A: George Claassen hoofspreker by UP se Teologiese Fakulteit”).

### *Kletskerk en Kerkbode*

’n Ander voorbeeld van die misbruik van hierdie ”seisoen” is die webwerf Kletskerk. Ateïste, Godloënaars en -lasteraars en mense van ander gelowe soos Boeddhiste en Moslems word toegelaat om hul sê te sê onder die dekmantel van vryheid van spraak. Die webmeester en moderator, Jean Oosthuizen, wat ook die nuusredakteur van *Kerkbode*

is, doen geen (behoorlike) moderering nie en gebruik vryheid van spraak[152] en ”almal se opinies moet gehoor word” as verskoning.

’n Mens sou dink dat *Kerkbode* die spreekbuis sou wees van veral lidmate van die NG Kerk en gelowiges. Dit is egter nie die geval nie. Die "oop seisoen" is blykbaar ook hier geldig (alhoewel selektief), want die briewekolom van Kerkbode-aanlyn word lustig deur andersdenkendes gebruik, sonder dat daar sover gesien kan word, veel moderering gedoen word. Selektiewe blokkasie van talle internetbriewe van meer Bybelgelowige skrywers lei egter tot groot wantroue in die integriteit en motiewe van *Kerkbode* se redaksie. Onderstaande is een van talle internetbriewe wat nooit geplaas, en nooit beantwoord is nie:

Kerkbode-aanlyn is sekerlik een van die mees subjektiewe kerklike webwerwe wat mens kan kry. Hulle probeer duidelik 'n liberale, humanistiese teologie of iets baie naby daaraan bevorder soos blyk uit hul selektiewe plasing van slegs sekere van die artikels wat in die gedrukte *Kerkbode* verskyn het. Prof. Johan van Rensburg se "Wat is God" (*Kerkbode*, 16 April 2010) wat nêrens op hierdie webwerf verskyn het nie, is ’n onlangse voorbeeld hiervan. Maar dit is maar een van talle.

Selfs Kerkbode-aanlyn se internetbriewe word selektief geblokkeer. Om by die blokkasies verby te kom, moes talle skrywers skuilname begin gebruik en dit werk ook nie altyd nie.

Wat mens wel dankbaar voor is, is dat die ateïste en Godslasteraars se briewe en skrywes darem ten opsigte van vloektaal "skoongemaak" word alvorens dit op die internetbriewe geplaas word. Maar selfs die motief om sulke briewe te plaas, is bevraagtekenbaar. Die verskoning is dat gelowiges die ander standpunte moet hoor en met hulle in gesprek tree. Maar die liberale skrywers

152 Vryheid van spraak mag dalk edel klink, maar mense het ’n verantwoordelikheid om die gevolge van hulle woorde in ag te neem. Vryheid van spraak gee byvoorbeeld niemand die reg om tussen ’n skare mense in te hardloop en “brand” of “bom” te skree as dit nie waar is nie. (Kyk ook “Any Absolutes? Absolutely!”, deur Norman L. Geisler, http://www.theapologiaproject.org/ANYABS~1.pdf)

(en die *Kerkbode*-redaksie) antwoord hulle nooit in terme van die evangelie nie, en die sogenaamde fundamentaliste wat dit wel probeer doen, se briewe word dikwels geblokkeer. My afleiding is dus dat selfs die (skoongemaakte) plasing van die ateïstiese en Godslasterlike briewe ten doel het om die liberale en humanistiese teologie te bevorder.

*Kerkbode*-redaksie, julle moet maar dringend besluit of julle vir of teen God is. Ek hoop en bid julle besluit op eersgenoemde, en begin daarvolgens optree.

(Einde van aanhaling)

Kerkbode-aanlyn het ondanks skreiende Godslasterlikhede op Kletskerk, vir jare lank ’n elektroniese skakel na Kletskerk bevat. Dit is eers in Januarie 2010 verwyder nadat NG-lidmate aanhalings uit Kletskerk geneem en ’n e-pos-aksie aan die gang gesit het om die NG-kerkleiding te laat optree.

Onderstaande is sommige van die aanhalings, maar nie eers die ergste nie, uit www.kletskerk.co.za. Let ook op Jean Oosthuizen se rol en eie skrywes in onderstaande. Ons het die vokale in die vloek- en Godslasterlike woorde met “*” vervang, maar op Kletskerk word die oorspronklike woorde sonder versagting gepubliseer. Een uitsondering in onderstaande is Jean Oosthuizen self wat darem “k@k” geskryf het. Ons kommmentare is tussenin in vierkantige hakies.

**Author: Jean [ Thu Aug 28, 2008 10:14 pm ]**
Post subject: Re: pa kyk pornografie

Die Swart wrote:

> *Ai - al my gemeentemaatjies van gister. Hi Kameraad, Boerseun, Godzilla, Jean, Ag-waddevok ookal en ander heiliges.*
> *Gestremde denke neuk goeie gesonde seks op.*
> *Hier is 'n link vir ons bekommerde dogter van die gemeente, Magdalize.*
> *Koop vir pappa die boek. Dan sit hy dit langs sy bedkassie en mamma voel baie spesiaal.*

> *http://www.undefiled.biz*
> *Sorry vir die spam maar dis aktueel. He he he.*
> *(Aangesien hierdie post 666 van my is, is die Duiwel finaal oorwin. Weg met die Satansbegrip)*

Hey tjomma. dis ook net 'n porn draad wat jou uit die dood sal laat herrys op KK. Lekka om te sien soldaat.

**Author: Jean**
Post subject: Re: JUIG! onder skoot oor blatante eensydigheid
Posted: Wed May 05, 2010 8:26 pm

Kameraad Eksteen wrote:

> *Waldemar wrote:*
>> *Dalk moet Kletskerk adverteer in Juig!...*
>> *Maar ernstig, klink vir my na 'n storm in 'n teekoppie.*
>
> *Maar Waldemar, dis jou identiteit waarmee hulle juig! Jy sien daai identiteit mes sny beide kante toe, jy kan nie net hier seergemaak voel terwyl hulle daarbuite namens jou behoorlik opdonner nie.*

*JUIG!* adverteer in *Kerkbode* maar k@k die NG Kerk uit. Dis hulle goeie reg. Dis dalk nie 'n sleg idee om KK in *JUIG!* te adverteer nie. Kom wys julle staal, wie gaan betaal?

[Enigeen wat glo dat daar uitreikende gesprekke met mense van ander gelowe op Kletskerk plaasvind, is heeltemal naïef. Die volgende draad, wat deur die webmeester Jean Oosthuizen self aan die gang gesit is, met die kommentare wat daarop gevolg het, demonstreer die punt. Ene "Saad Bekker" het die Moslemgeloof probeer verduidelik.]

Wat op die aarde glo Moslems nou eintlik regtig? Vra vrae:
Moderator: Jean

**Author: Stefan**
Post subject: Re: Wat op die aarde glo Moslems nou eintlik regtig? Vra vrae:
Posted: Wed Mar 24, 2010 4:38 pm

wil-weet wrote:

> *Saad ek vermoed dat indien ek alles van voor af moet lees ek dalk dit wat jy skryf nie sinvol sal vind nie.*

G*ts ja, ek stem saam.
Arme ou Saad se skrywes (hy't deesdae net tyd vir Kletskerk en p**phol omhoog staan byrie moskee) laat klink die res se reaksies al hoe sinvoller.

[Vantevore is ”Saad Bekker” alreeds soos volg beledig:]

**Author: Asclepios [ Mon Mar 08, 2010 8:21 pm ]**
Post subject: Re: Kat nooi vir Saad Bekker om saam met haar te drink in Potch

Kieterkat,
Sy naam is nie verniet SAAD Bekker nie. Vertaal ook as "Semen Bekker" Pasop, in die gees van poligamie is jy dalk jou huwelik kwyt en bevind jou in sy Harem.

[Hier is nog ’n draad wat deur Jean Oosthuizen self geïnisieer is:]

Kerkspeak
Moderator: Jean

**Author: evolvefish**
Post subject:
Posted: Fri May 04, 2007 4:36 pm

Nee moet net nie Homo sê nie, hulle is nie so nie!
Hulle is Hetero Sapiens, asseblief. Die anus is heilig...

**Author: Plaaswolfie**
Post subject:
Posted: Fri May 04, 2007 4:55 pm

evolvefish wrote:
> *Hulle is Hetero Sapiens, asseblief. Die anus is heilig...*

Is ”gemeenskap van die heiliges” dieselfde as ”gemeenskap deur die heilige Anus”?

**Author: Plaaswolfie**

Post subject:
Posted: Fri May 04, 2007 8:43 pm

Nou wat is die kerk se probleem? Hulle behoort dan anale seks aan te moedig. Ten minste sal die probleem met tienerswangerskappe dan iets van die verlede wees.

’n Internetsoektog op die Kletskerkdomein het vinnig gewys dat bogenoemde allesbehalwe ’n paar geïsoleerde gevalle is. Kyk na die aantal trefslae op Kletskerk vir die volgende woorde:[153]

“k*k” – omtrent 31 000, “f*k/f*ck” – omtrent 18 200, “p*nis” en verwante woorde – omtrent 2 600, “v*gina” en verwante woorde – omtrent 1 100, “anus” en verwante woorde – omtrent 6 700, en “g*ts” wat maar een van talle Godslasterlike terme is – omtrent 3 200.

Indien die woorde “Heilige Gees” op Kletskerk gesoek sou word, sal van die skreiendste Godslasterlikhede denkbaar gevind word. Ons is nie eens bereid om dit hier, selfs met versagting, te publiseer nie.

Prominente figure in die NG Kerk, soos ds. Danie Mouton (van die Oos-Kaapse NG-leierskap) en prof. Nelus Niemandt, het voordat die Kletskerkskakel vanaf Kerkbode-aanlyn verwyder is, hul hoop en verwagting dat die skakel sou bly, uitgespreek.[154] Hul skrywes aan ’n Kletskerkbewonderaar wat aan die Algemene Sinode geskryf het, is op Kletskerk geplaas. Hoe rym dit met die duidelike Bybelse opdrag dat God se eer van kardinale belang is? Sulke skreiende Godslasterlikhede

153 Dis bepaal deur met Google ’n *gevorderde* soektog op die domein www.kletskerk.co.za te doen. Sulke soektogte gee dikwels meer as een verwysing na dieselfde geval, maar die ordegrootte is selfs vir unieke trefslae waarskynlik in die kol.

154 http://www.kletskerk.co.za/viewtopic.php?f=1&t=10845&start=90&sid=0bd8bc623bbf35011ee4392ea35e1c3d&view=print

sou sekerlik pas by ’n “kerk” vir wie God nie meer ’n Wese (Goddelike Persoon) is nie, maar bloot gedagtes tussen mense is. Of by ’n kerk wat saamgaan met die ateïs prof. Stephen Hawking se siening dat God gedefinieer kan word as die “geheel van die natuurwette”.[155] Of by ’n kerk wat soos John Shelby Spong verkondig dat:

> Thus my definition of a non-theistic God is this: God is Being—the reality underlying everything that is ... If God is the Ground of Being, you worship this divine reality by having the courage to be all that you can be—your deepest, fullest self ... This God is not a supernatural entity who rides into time and space to rescue the distressed.[156]

Die argument is gebruik dat ons ander moet aanhoor ter wille daarvan om hulle beter te verstaan en so oor te wen na Christus, maar die vraag is of Kletskerk kan getuig van enige Christelike bekeerlinge. As dit werklik daaroor gegaan het om mense vir Christus te wen, sou webblaaie soos www.creation.com of www.answersingenesis.org eerder as skakels op *Kerkbode* geplaas word, maar tot vandag toe is dit nie gedoen nie, ten spyte daarvan dat sulke versoeke herhaaldelik aan *Kerkbode* gerig is. (Kyk op bl. 146 tot 148 hoe evolusie mense se geloof ondermyn en hoe www.creation.com en ander se materiaal soms help om mense by God uit te bring.) ’n Verdere skande is dat Jean Oosthuizen, wat die webmeester van Kletskerk is, steeds die nuusredakteur van *Kerkbode* is en sy uiters liberale en God-onterende invloed daar uitoefen – natuurlik net met baie mooier woorde en meer subtiel as op Kletskerk.

---

155 *Kerkbode*, 17 September 2010, bl. 5
156 Kyk bl. viii en 146.

## Kommerwekkende tendense

Die byna dekadelange onwilligheid van die kerkleiding om teen dosente en predikante met afwykende beskouings op te tree, het aan liberales ’n vrypas gegee om aan te gaan in hul ingeslane weg. Is daar ’n manier om dit om te keer?

Liberale dosente aan teologiese fakulteite het al lank ’n vrye hand in die leiding van studente, nie net in Suid-Afrika nie, maar ook in ander lande. In ’n artikel in die *Washington Post* in Maart 2010 word vertel van die invloed van liberale dosente aan teologiese fakulteite op toekomstige predikante.[157] Onderhoude wat met hierdie predikante gevoer is, toon dat hulle nie meer glo aan die maagdelike geboorte en opstanding nie, maar meer aanklank vind by Jesus “as somebody who was concerned about social justice”. Die vrae wat aan hulle gevra word by legitimasie is ook van so ’n aard dat hul liberale denke nie aangetoon word nie.

’n Onderhoud met ’n voormalige student aan Pretoria se Teologiese Fakulteit (hy het sy studies voltooi maar is tans in ’n ander beroep) het aangetoon dat dieselfde liberale tendense daar teenwoordig is.

Uit die onderhoud het die volgende geblyk:[158]

- Hy deel graag sy getuienis aangesien die liberale teologie een van die dinge in die NG Kerk is wat mense wegvat van ons Koning Jesus af.

---

157 “Preachers who are not Believers” – http://newsweek.washingtonpost.com/onfaith/Non-Believing-Clergy.pdf. Kyk ook weer na die bespreking daarvan op bl. 46.

158 Vir ‘n meer volledige weergawe, kyk by “Anonieme Getuienis” – http://www.glodiebybel.co.za/component/content/article/143-anonieme-getuienis.html

- Hy het sy eerste ontnugtering al in sy eerste jaar gehad, toe een van die dosente verduidelik het dat die Ou Testament niks met Jesus te doen gehad het nie.[159]
- Hy is bewus van talle briewe wat aan die kuratorium geskryf is om te kla oor die eensydige liberale teologie maar hy is nie bewus van een antwoord daarop nie.
- Hy het bevriend geraak met ander studente wat baie sterk teenoor die liberale teologie gestaan het. Hulle het verskeie oorde van hulp probeer. Een daarvan was om dominees van buite af te kry om iets te probeer doen maar dit het byna niks gehelp nie.
- Ook in die Fakulteit het dit gaandeweg vir hom begin voel of, indien hy iets oor sy geloof gesê het, dit as on-akademies en onintelligent afgemaak is. Dit was duidelik dat geloof en liberale teologie nie saamgaan nie.

Hier is wat ’n teologiese derdejaarstudent aan UP te sê het. Die onderhoudvoerder se kommentaar is in vierkantige hakies:

- ’n Hele aantal teologiese studente skop op. Die hoofrede hoekom hulle opskop is waarskynlik omdat hulle geskok word deur wat hulle hoor oor God en die Bybel en dan voel hulle dat dit nie vir hulle is nie.
- Daar is maar baie studente wat geskok word oor wat hulle hoor in die Teologiese Fakulteit. Hulle verloor egter darem nie almal hul geloof nie.
- Volgens hom maak die dosente ’n fout: Hulle begin die kursus met geloofsvrae en gee nie antwoorde op die vrae nie. Inteendeel, hulle rus die studente toe om net nog meer vrae te vra. Hulle moet

159 Ds. Danie Haasbroek se boek *Die Wonder van Jesus in die Ou testament*, weerspreek hierdie stelling van die dosent volledig.

hierdie eerder later in die kursus doen wanneer studente meer volwasse is of ’n beter grondslag het.

- Hulle benadering is uiters wetenskaplik (hy het dit ’n paar keer gesê) – dit gaan glad nie noodwendig oor die bevordering van die Christelike geloof nie. Hy sê dat ’n ateïs net sowel ook ‘n dosent by die Teologiese Fakulteit kan wees. [Dit was vir die onderhoud-voerder baie positief dat hy hierdie insig het en nie dink dat die dosente noodwendig nagevolg moet word nie.]
- Die dosente het geen opinie nie of dwing geen opinie af nie, maar leer studente die opinie van verskillende mense. Die studente moet dus self hulle pad vind deur al die inligting heen.
- Dosente vra ook dikwels die vraag of dinge regtig belangrik is, soos byvoorbeeld of dit belangrik is dat Maria ’n maagd was. Volgens die oorspronklike Grieks gebruik hulle ’n woord wat “jong meisie” beteken en wat ook in ander kontekste gebruik word. [Dit is sekerlik billik om af te lei dat die dosent onsekerheid oor Maria se maagdelike swangerskap by studente wil kweek. Hy glo dus eenvoudig nie die ander gegewens in die Bybel oor die onderwerp nie (Matt. 1:18-25).]
- Hy kry die idee dat die dosente almal se sieninge wil akkommodeer, byvoorbeeld mense wat nie in ’n letterlike opstanding van Jesus wil glo nie. Hulle sal dit dan afmaak as onbelangrik. Vir die student self is die letterlike opstanding egter baie belangrik.
- Hy het by Jurie le Roux klas gehad en het baie respek vir hom. Hy sê dat Jurie elke klas open met gebed en dat sy gebede baie opreg is.
- Oor die algemeen het hy respek vir die dosente, en daarom sou dit vir hom nogal moeilik wees om hulle in die openbaar in ’n negatiewe lig te stel.
- Hulle het geen apologetiek op universiteit gedoen nie en natuurlik niks oor skepping versus evolusie geleer nie.

- Hyself glo egter die Bybel soos dit geskryf is. Volgens hom glo ongeveer 95% van die studente dit ook so. Hyself glo ook in 'n sesdagskepping en geen evolusie nie. [Hy is nie gevra wat die ander studente daaroor dink nie].
- Hulle as studente gesels nogal dikwels oor die dinge wat hulle hoor in die klas.

Al meer en meer van hierdie studente word predikante in gemeentes waar hulle die vreemde idees wat hulle geleer het, kan verkondig. Weereens kan gevra word: Hoe kan dit omgekeer word?

Daar word van lidmate verwag om die etos van die NG Kerk na binne en na buite uit te dra. Dit kan dan sekerlik van die NG Kerk se predikante ook verwag word? En wat van ander mense wat in diens van die Kerk is, soos Jean Oosthuizen? As die moderator van Kletskerk, gebruik hy die "seisoen van luister" om Godslasterlikhede op Kletskerk toe te laat en saam te spot, en dit terwyl hy ook 'n joernalis vir verskeie publikasies van Bybel Media is asook moderator van briewe wat op Kerkbode-aanlyn verskyn.

## Die media

Tereg sê die spreekwoord dat die pen magtiger as die swaard is. Aanbieders van radio- en TV-programme, moderators, joernaliste en redakteurs is invloedryke figure en kan tydskrifte, koerante en webwerwe in bepaalde rigtings stuur soos hulle wil. Húlle maak die uiteindelike keuses en bepaal wat gesê of geskryf gaan word – ook in die sekulêre media.

Voorbeelde hiervan is wanneer moderators van webwerwe en kolomme vir kommentare op artikels, nie werklik onpartydig is nie en aan sekere mense se briewe en artikels prominensie gee. Nie net

prominensie gee nie, maar op allerlei maniere die proses manipuleer – soos wanneer redakteurs van koerante slegs artikels plaas wat by hulle eie sienings, of dit wat hulle wil bevorder, pas.

### *Kerkbode*

*Kerkbode* se redakteur, dr. Anton Pienaar, en die nuusredakteur, Jean Oosthuizen, probeer na ons mening om die NG Kerk in 'n liberale en humanistiese rigting te stuur met hul eie artikels en selektiewe briefplasings. 'n Voorbeeld hiervan is die manipulasie van 'n spesifieke meningspeiling op www.kerkbode.co.za.

Op Kerkbode-aanlyn (www.kerkbode.co.za) word elke paar maande 'n nuwe meningsopname oor allerlei sake gemaak. Meestal stem maar net sowat 100 mense daar, wat waarskynlik 'n goeie aanduiding is van hoe swak NG-lidmate die webwerf besoek. In Mei 2010 het die volgende meningsopname verskyn, kort ná 'n artikel in *Kerkbode* wat beweer het dat Genesis en Eksodus mites was:[160]

Genesis en Eksodus verteenwoordig volgens prof Willie Esterhuyse nie historiese geskiedenis nie maar is singewende mites.
1. Ek stem saam dat dit nie historiese verhale is nie
2. Ek beskou dit as historiese gebeure wat werklik plaasgevind het
3. Ek weet nie meer wat in die Bybel is waar en wat nie

Soos altyd het die stemme maar drupsgewyse gegroei tot 'n totale hoeveelheid stemme van ongeveer 70 op 21 Mei, waarvan omtrent 60% ten gunste van opsie 2 was. Maar op 21 Mei het dit dramaties verander. Binne drie dae het die stemtotaal van ongeveer 70 na meer as 25 000 toegeneem, met amper 100% ten gunste van opsie 1.

160 Kyk by http://www.kerkbode.co.za/StemArgief.asp, "Genesis en Eksodus verteenwoordig volgens prof Willie Esterhuyse nie historiese geskiedenis nie maar is singewende mites." Kyk ook voetnota 126 bl. 141.

Verskeie klagtes oor die duidelike manipulasie van die peiling by *Kerkbode* se redaksie het tot niks gelei nie.

Verdere ondersoek op die internet het egter gewys wat gebeur het. Die bekende Amerikaanse evolusionis en ateïs prof. PZ Myers se blog het presies gewys hoe Kerkbode-aanlyn se meningsopname nutteloos gemaak is. PZ Myers het naamlik ’n uitnodiging om te stem na sy webwerflesers gerig onder die titel ”It's South Africa's turn for a little poll-crashing”.[161] Hulle is dus duidelik bedrewe in hierdie soort internetsabotasie. Op sy blog het die deelnemers gespog oor hoe die persentasie besig was om te swaai en dat die *Kerkbode*-webwerf selfs op stadiums gevou het weens hul stemmery. Boonop kon Kerkbode-aanlyn se poging om te verhoed dat daar meer as een maal van ’n rekenaar gestem word, maklik omseil word – inligting om hierdie dinge te doen is vrylik op die internet beskikbaar.

Al bogenoemde inligting is aan *Kerkbode* se redaksie gestuur en saam daarmee die versoek dat hierdie meningsopname verwyder moet word. Dit is duidelik niks werd nie, behalwe om te demonstreer dat evolusie-ondersteunende manipuleerders eerder opsie 1 ondersteun. *Kerkbode*-redaksie het dit nie verwyder nie – inteendeel, Jean Oosthuizen het dit selfs verder geadverteer onder Kerkbode-aanlyn se Nuus – en die finale ”uitslag” is nou nog steeds onder hul nuusargiewe te siene:[162]

1. Ek stem saam dat dit nie historiese verhale is nie 99% (25340)
2. Ek beskou dit as historiese gebeure wat werklik plaasgevind het 1% (166)
3. Ek weet nie meer wat in die Bybel is waar en wat nie 0% (103)

Totale hoeveelheid stemme: 25609

---

161 “It's South Africa's turn for a little poll-crashing” – http://scienceblogs.com/pharyngula/2010/05/its_south_africas_turn_for_a_l.php
162 http://www.kerkbode.co.za/StemArgiefLees.asp?id=15

*Kerkbode* se sentiment jeens liberale teologie en ongelowiges se standpunte wys dus nie net uit die plasing van die oorspronklike artikel nie, maar veral ook uit hul weiering om ’n definitief gemanipuleerde opname te verwyder of reg te stel.

Onderstaande “Luister fyn na hulle wat saggies wegloop”, is een van Anton Pienaar se artikels (“Anton sê sy sê”) in *Kerkbode* van Maart 2010, met enkele kommentare daarop. Hy het nooit op die kommentare of vrae geantwoord nie.[163] Hier volg die artikel met kommentare:

Die luisterseisoen het die afgelope ruk ’n paar stewige opstoppers gekry. Die houe het onder andere gekom van lidmate wat beswaard was omdat George Claassen by die opening van UP se Teologiese Fakulteit opgetree het. Hulle wil nie hoor wat ’n ateïs sê nie.

Ander is omgesukkel en wil nie hoor dat die Kerk oor saamwoon gaan praat nie. Nog ander is steeds kwaad omdat die Kerk oor gay-wees nie na hulle interpretasie van die Bybel wou luister nie. Die luisterseisoen moet rekening hou met ’n groot bondel onverdraagsaamheid binne die Kerk.

Vir my is hierdie soort onverdraagsaamheid iets wat ek nie met evangelie kan verdedig nie. ’n Mens word mos nie iets anders as jy net luister nie? Ek is oortuig daarvan dat Jesus nooit weggedraai het of hom beter gehou het as enigiemand anders nie. Waar kom ons daaraan om so eng en veroordelend te wees?

Ek hoop maar net dat daar min mense in die NG Kerk is wat hulle nog wil doof hou vir stemme waaraan hulle nie gewoond is nie. Dit kom uit ’n era toe ons almal dogmaties in afgesonderde beddings ingeplant en afgerig was. Ons is geleer dat alles wat nie soos ons is nie, óf kommunisties óf antichristelik is, en dat ons hoogste roeping is om dit wat ons nie kan bekeer nie, te beveg.

---

163 Kyk http://www.kerkbode.co.za/AntonSeSySeArgiefLees.asp?id=17 asook “Die Bybel oor Oordeel” – http://www.glodiebybel.co.za/component/content/article/180-die-bybel-oor-oordeel.html.

Maar veel swaarder as die harde houe, is om die sagte voetval te hoor van mense wat om ander redes weg van die Kerk af stap. Nie oor hulle minder in God glo of die boodskap van Jesus se liefde verwerp nie, maar omdat hulle die onverdraagsame en liefdelose geraas nie meer kan verduur nie.

Hulle het nog nie die Kerk formeel gelos nie, maar hulle vashou is veel sagter. Hulle het nie na ander kerke toe gaan nie; hulle het net huis toe gegaan. Hulle sien en hoor uitsprake van Christene wat in die openbaar gal braak, en hulle word baie ongemaklik daarmee. Baie van hulle se wêreld is volledig geïntegreer met die wetenskap en filosofie van die dag. Dit maak hulle nie ongelowig nie, maar hulle dink en sien dat die stemme in die Kerk vreemd vir hulle geword het. Die meeste van hierdie mense praat sag of sê niks. Hulle kom net nie meer nie. Want hulle het ander insigte oor evolusie, en hulle betrokkenheid by gays maak dat hulle nie meer veroordelend kan wees nie. Hulle is nugter en eerlik oor samelewingstendense soos saamwoon.

Ek is so bang ons luister na en fokus so op die onverdraagsame geraas, dat as ons die dag wakker skrik, ons vind hulle die enigstes is wat oorgebly het in die Kerk.

**Kommentaar**

Vrede, vrede roep jy
2010/03/19

Gaan en sondig nie meer nie, het Jesus vir die prostituut gesê. Wat is die nut van ’n kerk wat sy aanhangers nie tot bekering probeer lei nie, maar al paaiende oor die afgrond help. DIT Anton, is die punt wat jy aanhoudend omseil!
- Daniël Michau

Wat sou Jesus doen?
2010/03/19

Ek het geen probleem as die teologiese fakulteit vir George Claassen kry om te hoor wat sy standpunt is nie, maar ek het ’n probleem daarmee as teoloë dan sê: “Ek kan nie met jou verskil nie.” Ek het ook ’n reuse probleem daarmee dat daar ’n versoek aan UP Teologiese Fakulteit was dat dr. Mark Harwood, wat ’n

skeppingsleerder/kreasionis is, ook daar optree en dat dit van die hand gewys word.[164]

Ja, ’n mens moet versigtig wees vir oordeel, maar die Bybel is duidelik dat ons wel die sonde moet veroordeel.

Daar is ’n tyd om te luister en daar is ’n tyd om jou sê te sê oor sonde. Wanneer spreek jy jouself uit oor die sondes waarvan jy hierbo praat: homoseksualiteit, saambly, ens. Daar is baie mense wat die sondes baie driftig veroordeel, maar dit is omdat dit lyk of sommige in die NG Kerk nie meer dink dat dit verkeerd is nie.

Natuurlik loop ’n mens ’n pad saam met mense wat die Kerk verlaat het, maar as kerkleiers vol selfvertroue beweer dat sommige dinge nie meer sonde is nie, dan moet hulle baie duidelik hoor dat hulle besig is om te dwaal.

Jy probeer voorgee dat Jesus net sou luister en dat Hy maar almal se sonde sou aanvaar het. Jy weet baie goed dat dit nie waar is nie. Hy het juis die grootste prys kom betaal omdat Hy so ernstig oor sonde is.

Wat dink jy sou Jesus doen?
- Daniel

Verdraagsaamheid
2010/04/02

Ons moet onverdraagsaam wees teenoor die sonde. God haat die sonde. Verdraagsaamheid het grense.

Maar onverdraagsaamheid teen die behoudende Christen wat die belydenis-skrifte van ons Kerk en die Bybel steeds aanvaar as rigtinggewend loop baie sterk.

---

164 “UP Teologiese Fakulteit - Claassen in, Harwood uit” – http://www.glodiebybel.co.za/daniel-se-e-posse/96-2010-02-18-up-teologiese-fakulteit-claassen-in-harwood-uit.html

Die oomblik as jy in die rigting praat, vlieg die klippe van die onverdraagsames teen ’n ongelooflike spoed. Die beskuldigings is werklik skrikwekkend en uiters onverdraagsaam. (Dom, Fundamentalisties, agterlik, gebrek aan kritiese denke en logika. Agtergehaal deur die moderne mens se wetenskaplike kennis ens.)

Verdraagsaam teenoor alle vorms van sonde en sondaars maar totaal onverdraagsaam teenoor die wat God's woord as waar en reg aanvaar, is klaarblyklik die nuwe mode. Ongelukkig selfs vanuit die Kerk.
- Jan Buter

(Einde van aanhaling)

Ons ervaar dr. Anton Pienaar se skrywe as ’n subtiele maar doelbewuste verdraaiing van die waarheid. Om nie ’n ateïs as hoofspreker by ’n teologiese openingsdag te wil laat optree nie, is mos nie dieselfde as om nooit te wil hoor wat hy sê nie. Om sekere dinge as sonde uit te wys omdat God dit as sodanig in die Bybel beskryf, is mos nie dieselfde as om nie met mense te wil praat wat dit pleeg nie. Die kwessie wat Pienaar skynbaar doelbewus vermy is die verskil tussen met mense te praat om hul tot bekering te lei en, daarteenoor, die aanvaarding van hul optredes sonder enige uitwysing van God se wil. Hy probeer na ons mening duidelik om ’n alles-is-aanvaarbaar-teologie te bevorder.

## *Die Diversiteitsforum*

Die sogenaamde Diversiteitsforum het einde Mei 2010 sy verskyning gemaak op die NG Kerk se webwerf – www.ngkerk.org.za. Dié forum het kort daarna al meer en meer publisiteit op *Kerkbode* begin kry. ’n Aanhaling uit die forum se visie en missie wys hul doelwit, en ook hul reëls:

Die Taakspan vir Diversiteit het na raadpleging van streeksinodes ’n visie en missie vir die groter diversiteitsgroepering saamgestel. Die ideaal en basiese visie is om binne die NG Kerk positiewe diversiteit ter wille van Christelike naasteliefde te bevorder sodat die Kerk ’n model vir die gemeenskap kan wees. Die Taakspan wil as missie doelgerig bepaalde kernaspekte van diversiteit

bevorder, veral ten opsigte van geslag, ras, kerkverband, kultuur, seksuele oriëntasie, materiële verskille, gestremdheid en kommunikasie.

Hier is nie ruimte vir beledigende en rassistiese boodskappe nie. Bydraes moet in die praktyk toon hoe daar ten spyte van kritiek verdraagsaam en met respek met "die ander" gekommunikeer kan word. Slegs boodskappe oor diversiteit en dus nie oor ander irrelevante en geloofsake nie, moet hier geplaas word.

(Einde van aanhaling)

Die kommentare en bydraes het 'n rukkie na die afskop baie vinnig verdeel tussen Bybelgelowiges wat diversiteit aan die hand van die Bybel wou bespreek, en Bybelliberales wat óf die Bybel glad nie wou gebruik nie, óf wat dit net "geherinterpreteerd" wou gebruik. Die webbestuurder dr. Charles Malan het hom heel gou openlik aan die kant van laasgenoemdes geskaar, met sterk ondersteuning van die teoloë drs. Gerhard Bothma en Fanie Cronjé. Talle van die Bybel-gelowiges se skrywes is baie vinnig deur die webbestuurder verwyder, met die dikwels ongeregverdigde beskuldiging van belediging of ontoepaslikheid, terwyl talle Bybelliberales se bydraes behou en aangeprys is, ondanks selfs Godslasterlikhede. Die laaste sin in boge-noemde visie en missie is ook eers later bygevoeg omdat geloofsake uiteraard gedurig opgehaal is en die webbestuurder besprekings daaroor wou verhoed.

Een van die skrywes wat verwyder is, en vreemd genoeg eers ná vyf dae, al het die webbestuurder verskeie kere daagliks die forum besoek, is die volgende:

Hennie (Verwyder deur Webbestuurder, maar eers op 2010-07-11)
2010-07-06

Henry, sluit jou idee van die liefde van Christus vir alle mense die nood-saaklikheid dat hulle in Hom as enigste Verlosser moet glo, in of uit? As jou idee dit uitsluit, hoe maak jy vrede met Joh. 3:16, waarin God sy grootste

liefdesgawe beskryf? Maar as jy niks wil weet van sonde nie, sal jy heel moontlik nie die noodsaaklikheid van verlossing insien nie.

Fanie Cronjé skryf elders "Die opkomende/ontluikende wyse van Christen wees meen dat die Bybel nie oor homoseksualiteit, soos ons dit vandag ken, praat nie." As die "her" in sy herinterpretasie die teenoorgestelde begin sê as die oorspronklike, is dit sekerlik nie verdedigbaar nie.

Hy skryf ook "Die vroeër/heersende wyse van Christen wees meen dat net Christene die ewige lewe beërwe. Die opkomende/ontluikende wyse van Christen wees meen die christelike geloof kan nie daarop aanspraak maak dit die enigste ware geloof is nie." Ek meen dis moeilik om uit daardie artikel van hom af te lei dat hy nie met die ontluikendes saamstem nie. Sy skrywes hier bevestig dit. Hoekom Fanie dus nie maar net hier reguit erken dat hy nie glo dat Christus die enigste Verlosser is nie, is vir my tot ’n mate duister.

Gerhard Bothma, dankie vir jou weliswaar indrukwekkende skrywe, nes dié van Fanie. Jy skryf "Ons aanvaar die versoening" ["deur Christus – wat vir almal ... gesterf het"]. Die vraag is hoe ongelowiges (daarmee bedoel ek nie-Christene) dié versoening kan aanvaar as dit nie aan hulle vertel word nie. Of meer nog – hoekom sal ons dit aan enigeen vertel as dit nie nodig vir hulle is om te weet nie?

In die Bybel word ons plig om die evangelie uit te dra, en dus ’n instrument te wees in die geloof wat God bewerk, onder andere soos volg gestel: Rom. 10:14-15 : "Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie? Soos geskrywe is: Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig, van die wat die evangelie van die goeie verkondig!" Daar is geen rede om te dink dat hierdie evangelie oor enigiets anders as die evangelie van Christus kan gaan nie.

Gerhard, ek het nie ’n probleem om te verkondig dat Christus vir almal gesterf het nie, want ek glo dit is wat in die Bybel staan. Maar dit beteken nie dat almal outomaties gered is nie – dit beteken dat Christus gesterf het om aan almal die geleentheid te bied om Sy offer in geloof te aanvaar. Om dit te verkondig is ons taak – om enige ander weg (buiten Christus) te probeer goedpraat of verdedig, is ’n verloëning van Christus. Dit is eintlik waaroor my

gesprek met Fanie gaan. ’n Christen mag nooit maar net ontspan as Christus verloën word nie. "Het jy my waarlik lief?" het Jesus drie maal vir Petrus gevra.

Charles, ek verstaan dat jy die diversiteitsbesprekings hier net wil beperk tot sekere aspekte, en dat jy daarom Daniel se antwoorde oor slawerny[165] en sogenaamde foute in die Bybel verwyder het. Maar hoekom het jy dan nie terselfdertyd die vrae en stellings daaroor van die ander manne, wat eintlik daardeur die Bybel probeer diskrediteer, en waarop Daniel geantwoord het, verwyder nie? Hoe kan die antwoord verwyder word, maar die oorspronklike vrae en bewerings bly?”

(Einde van aanhaling)

Onderstaande is nie net deur die webbestuurder behou nie, maar hy het selfs later probeer verduidelik waarom dit glo nie Godslasterlik of beledigend is nie. Dit is geskryf deur dr. Gerhard Bothma.

Gerhard Bothma
2010-07-06
...
Wanneer ons "die versoening aanvaar" – as deel van ons reaksie daarop – doen ons dit nie om verlos te word nie. In die praktyk beteken dit dat mense kan ophou om hulle te verknies oor God se houding jeens hulle. Hulle hoef nie asof met ’n blommetjie te sit en blaartjies uittrek terwyl hulle sê "He loves me ... He loves me not ... He loves me ... He loves me not ..." nie. Hulle kan hulle energie aanwend om – soos Jesus die hongeres te voed, blindes en lammes by te staan en gevangenes te besoek. Daar is fricken baie werk wat gedoen moet word. Is die eksterne motivering wat die Kerk dikwels aan mense voorhou ("As jy nou mooi nice is teenoor God en sy geskenkie vat, gaan Hy nie sy moer strip, ’n tantrum gooi en jou hel toe stuur nie" – ek stel hier doelbewustelik ’n karikatuur om die absurditeit van dié verlossingsmodel te illustreer) nie een van die redes waarom mense nie volhoubaar "goeie werke" verrig nie? ’n Innerlike motivering – soos byvoorbeeld dankbaarheid vir die versoening/ verlossing/genade/liefde/gawes/... – behoort mense myns insiens baie verder

165 “Die Bybel oor slawe” – http://www.glodiebybel.co.za/component/content/article/55-die-bybel-oor-slawe.html

te bring. In die paradigma van hierdie perikoop is God se versoening met mense – en nie sonde, die hel of enigiets anders nie – die gelowiges se motiveringsbron.

(Einde van aanhaling)

Toe daar later by herhaling vir Gerhard Bothma gevra is of hy glo dat alle mense in elk geval gered is, het hy uiteindelik laat blyk dat hy dink dat *dit miskien so is*.

Daar is ook later met goeie motivering uitgewys dat een van die gereelde skrywers op dié forum, ene Jan Allemantig, die webbestuurder dr. Charles Malan self was. Al het die webbestuurder sekere gemaakte verskille tussen hom en Jan Allemantig probeer bluf. Jan Allemantig het regdeur ook vir die Bybelliberale kant geargumenteer. Ook dié beswaar en navraag van die Bybelgelowiges is blitsvinnig verwyder, maar daarna het geen nuwe bydraes van “Jan Allemantig” verskyn nie. Die afleiding was dus klaarblyklik in die kol. Die webbestuurder het dit waarskynlik gedoen om sy liberale sienings deur die skyn van groter ondersteuning as die werklike, te probeer bevorder.

Na ons mening is die grootste probleem met die Diversiteitsforum dat hulle allerlei onbybelse diversiteite in die Kerk probeer invoer. Hul reaksie op Bybelgelowige besware is dat ons nie met ongelowiges en ander gelowiges wil praat nie, maar toe hulle by herhaling daarop gewys is dat ons wel met hulle wil praat, maar met die uiteindelike doel van bekering, is enige gesprek oor bekering met alle mag belemmer. “Jan Allemantig”, die webbestuurder, Gerhard Bothma en Fanie Cronjé het soos in ’n koor begin beswaar aanteken teen enige gesprekke oor bekering. Die webbestuurder het selfs beweer dat Christene nie van Hindoes moet verwag om tot bekering te kom nie, want God verwag glo van niemand om sy geloofsankers prys te gee nie. Hy het dit soos volg gestel (ons onderstreping):

En as daar van geen bekering deur enigeen sprake was nie? Dan het ons niks in die gesprek verloor nie, maar baie gewen. Veral begrip, kennis en 'n besef van die wonder van geloof in God wat wêreldwyd is en nêrens vereis dat jy jou eie geloofsankers moet prysgee nie.

Die opvolgende skrywe waar aan die webbestuurder gevra is of hy hieroor reg verstaan is, naamlik dat God ook nie van die Hindoe verwag om sy geloofsankers prys te gee nie, het hy eenvoudig verwyder sonder enige antwoord.

Soos die Diversiteitsforum tot dusver bedryf is blyk dit om eenvoudig die doel na te streef om onbybelse liberale standpunte in die NG Kerk in te voer. Die kritiek wat gereeld op die gebruik van Bybelverse as gronde uitgespreek is, en die selektiewe toelating van slegs sekere Skrif-beskouings, het dit duidelik gedemonstreer. Dit is ook insiggewend dat dr. Ben du Toit een van die inisieerders van dié forum was – miskien sê dit amper alles, in die lig van sy uitsprake wat vantevore bespreek is (op bl. 12, 28 en 55).

Ten slotte kan mens aanvoer dat dit vir enige regdenkende mens duidelik behoort te wees dat hier mense in leiersposisies is wat probeer om die NG Kerk in 'n bepaalde liberale rigting te stuur. Die Diversiteits-forum is maar net nog 'n nuwe poging om die Ontluikende Kerk se postmodernistiese idees, wat dikwels met die Nuwe Hervorming se sienswyses ooreenkom, in die NG Kerk in te sleep.[166]

---

166 Vir die nuutste bydraes tot die nou eensydige Diversiteitsforum, kyk http://www.ngkerk.org.za/AS/diversiteitsforum.asp. Vir die aanvanklike debat met die verwyderde kommentare, kyk www.glodiebybel.co.za – die debat is opgebreek in 'n paar dele omdat dit so lank is. Soek gerus enige van bogenoemde aanhalings op laasgenoemde webblad. Alle kommentare wat deur die Diversiteitsforum se webbestuurder verwyder is, is in grys gemerk.

# HOOFSTUK 9: Vorentoe!

## Inleidend: ’n Voëlvlug oor die hoofstukke van die boek

Aan die begin van die boek is perspektiewe gegee oor teologiese veranderinge wat gedurende die afgelope vyftig jaar binne die NG Kerk plaasgevind het.

Melding is gemaak van die heersende roeringe en die gevolglik ingrypende implikasies vir die persoonlike geloof van lidmate, en die praktiese lewe van die Kerk in die algemeen.

Daar is gekyk na hoe die ommekeer in Skrifbeskouing ook met Skrifkritiek en liberale Skrifgebruik gepaard gegaan het. Dit het tot gevolg dat Bybelwaarhede soos die opstanding van Christus, Sy maagdelike geboorte, Sy Godheid en selfs Sy plaasvervangende sterwe verloën word. Daar kan selfs gevra word: Is die hart van die evangelie nie uitgeruk nie? Die liberale aanslag het verdoemende gevolge op vele terreine gehad. Homoseksualiteit is bespreek as ’n voorbeeld van hoe ’n foutiewe Skrifbeskouing kan lei tot verkeerde besluite.

Nuwe strominge soos die Ontluikende Kerk en die “Nuwe Hervorming” het onder die vergrootglas gekom. Ernstige kommer is uitgespreek oor die ongereformeerde rigting wat hierdie strominge ingaan. Die traagheid om met leertug teen teoloë op te tree wat volslae meelopers hiervan is, terwyl hulle steeds lidmate van die NG Kerk bly, is onverdedigbaar.

Enkele gedagtes is uitgespreek oor die Evangeliese Inisiatief (EI). Alhoewel daar waardering is vir die getuienis wat die EI uitdra ten opsigte van sekere aspekte van die waarheid, is die vraag: Doen die EI

genoeg om ’n omkeer terug na die waarhede van die Bybel te bewerkstellig?

Evolusie, wat gesien word as die vrot appel in die NG Kerk se kis, het uitgebreide aandag gekry, omdat die omhelsing van evolusionisme verwoestende en verreikende gevolge het op sake wat deel is van die gereformeerde belydenis.

Die hoofstuk oor die huwelik en saambly het aangetoon dat wat met ’n sogenaamde minder veroordelende verklaring ten opsigte van saambly beoog word, is om maar net op nóg ’n terrein so akkommoderend as moontlik te wees. Daarenteen glo ons dat die Christelike kerk nie die Woord van God mag verander om by die kultuur van die dag of by mense se sienings en filosofieë te pas nie. In Sy Woord is dit duidelik dat seks buite die huwelik deur God verbied word.

Die agste hoofstuk het aangetoon presies hóé ongelyk die speelveld tussen liberales en behoudendes al geword het. Die media werk op vele terreine aktief mee om postmodernistiese liberalisme in die kerk in te voer.

## Hoe kan hierdie stryd vorentoe gevat word?

Moses moes die Israeliete deur die woestyn lei. Die gedagte om die reis sonder God aan te durf, was vir hom vreesaanjaend. Ons pad in hierdie geestelike woestyn is ook onbekend. Soos Moses smeek ons God om op die weg vorentoe saam en voor te gaan. Soos vir Moses, sal Sy teenwoordigheid deur Sy Gees en genade, dáár wees om vir ons die weg aan te dui, ons te beskerm en te troos. Hý sal vir ons tot hulp wees. Wanneer ons alles in totale afhanklikheid van Hom doen, sal dit ook tot Sy eer wees (Eks. 33:15-17).

Hierdie stryd kan vorentoe gevat word deur eerstens biddend leiding van God te vra, soos byvoorbeeld in die volgende gebed:

Barmhartige Vader,

Ons dank U dat U die Christelike kerk, vir meer as 350 jaar aan die Suidpunt van Afrika, gebruik het om die koninkryk van Christus te bevorder. Ons dank U dat die NG Kerk vir ons ’n geestelike moeder was, waarin ons U kon leer ken en liefkry. Ons roep U aan om ons Kerk in hierdie tyd van die mag van die Bose te bewaar en vir ons Kerk ’n nuwe toekoms te gee. Gee asseblief:

- dat ons kerkleiers met U Gees vervul sal wees, sodat hulle met wysheid, krag, visie en gehoorsaamheid aan U, die leiding sal neem wat in hierdie tyd nodig is;
- dat die dosente by ons teologiese fakulteite, die voornemende leraars met wysheid sal onderrig in U waarheid, sodat hulle die boodskap van die kruis met entoesiasme sal verkondig en in staat sal wees om die gesonde leer te kan onderskei;
- dat U Jesus, die opgestane Christus, kragtig in elke gemeente teenwoordig sal wees en Uself by elke erediens sal openbaar;
- dat die leraars van ons Kerk, in die gestalte van Christus, U kerk en U koninkryk met ywer sal dien;
- dat daar ’n kragtige getuienis van diens en liefde wêreldwyd, van ons Kerk in die algemeen sal uitgaan en dat ons ons plek met wysheid tussen die ander kerke in ons land sal inneem;
- dat die Gees strukture van eenheid in U waarheid sal bewerk in die NG Kerk-familie, waardeur ons vir mekaar tot seën kan wees; en
- dat ons biddend selfondersoek sal doen en ons eie sondes (soos onder andere die sonde van versuim) sal bely.

Amen

Miskien is dit nodig om by onsself te begin en selfondersoek te doen. Was ons nie té goedgelowig en houtgerus nie? Het ons mense in leiersposisies te veel vertrou met belangrike besluite wat namens ons by kerkraadsvergaderings en sinodes geneem moes word? Was ons dalk te onbetrokke? Het ons genoeg gebid? Daarop sal elkeen wat hier lees, maar self moet antwoord.

Die Bybel is duidelik oor die kerk se verantwoordelikheid om die suiwer leer te bewaar (1 Tim. 3:15). Daar moet dus gewaak word oor God se Woord deur self in ooreenstemming daarmee op te tree:

- deur uit te reik na andersdenkendes en deur vriendskapsbediening hul tot ander insigte uit te daag;
- deur getuienisgeleenthede te skep en te luister na mense wat tot God-gerigte insigte gekom het;
- deur volhardend die goeie stryd te stry en elke sinvolle geleentheid te gebruik om die waarheid te laat hoor, op alle vlakke en oral, soos deur self artikels en/of briewe te skryf, deur kommentaar te lewer in koerante en tydskrifte, en deur deel te neem op webblaaie en ander internetstrukture;
- deur aktief betrokke te wees in ons gemeentes en leerkwessies in die kerkraad te opper en met die leraars te bespreek; en/of
- deur betrokke te raak in leierskapsposisies indien moontlik.

Alle predikante en dosente van die NG Kerk het ’n legitimasieverklaring onderteken wat lui:

Ek, die ondergetekende … verklaar hiermee voor die Here dat ek glo dat die leer soos vervat in die drie belydenisskrifte … ooreenkom met die Woord van God; dat ek hierdie leer getrou sal verkondig en uitleef; dat ek alle dwaling wat met hierdie leer in stryd is, sal weerlê en alles in my vermoë sal doen om dit uit die Kerk te weer … (kyk Gal. 1:8 en 2 Joh. vers 10).

Daar kan dus aangedring word op leertug waar sodanige persone teen hul legitimasie-eed optree.

Dit is ook noodsaaklik om ingelig en op hoogte te wees van hangende sinodebesluite soos die een rakende saambly. Christene moet onder geen omstandighede deur vals profete mislei word nie.

Kyk "BYLAAG D: Voorgestelde vrae wanneer 'n predikant beroep word", vir vrae wat gevra kan word as 'n predikant beroep word.

Die saak van opsig en tug, aan die hand van die beginsels in die Bybel, dus met die doel van bekering, moet sekerlik ook weer toegepas word. Hoe anders sal die bruid gereed wees vir die koms van die Bruidegom?

## Die doleansiepad?

Die woord doleansie kom van *doleo* in Latyn. Dit beteken letterlik om pyn te ervaar. In geestelike sin beteken dit om te treur of te kla.

Rondom die jare 1880 het heelwat kerkrade en lidmate in Nederland in doleansie gegaan omdat hulle in verset gekom het teen afwykende teologie en teoloë in die gereformeerde kerke daar. Dit het beteken dat hulle nie meer godsdienstige verrigtinge in hulle eie gemeentes sou bywoon wat deur afwykende predikante gelei is nie. Hulle het nie lidmaatskap by die gemeentes waar hulle behoort het, opgesê nie. Hul eerste doel was om die kerk tot sy belydenisgrondslag terug te lei. Dolerende lidmate het egter nie by 'n stille protes en treurlied oor die kerk gebly nie. Daadwerklike pogings is aangewend om die kerk te reformeer en terug te lei na sy belydenisgrondslag. Hierdie pogings is begin by die plaaslike gemeentes waarin gepoog is om die eie kerklike lewe volgens die Woord in te rig.

Sal hierdie die pad wees waarop ons uiteindelik moet loop?

## Onderskeiding en laaste oproep

Charles Spurgeon het gesê: "Discernment isn't about knowing RIGHT from WRONG, rather it's about knowing RIGHT from ALMOST RIGHT …"

En dít is die dilemma waarmee dikwels gesit word: Baie van hierdie dwalinge is naby aan die waarheid en word verkoop in pakkies wat baie Christelik lyk (soos byvoorbeeld 'n oorbeklemtoning van Jesus se liefde en die ignorering van Sy toekomstige oordeel). Dit verg veral wysheid om te onderskei tussen die dinge wat werklik reg is en wat baie naby aan reg is.

Maar die probleem van onderskeiding is in heelwat gevalle soos in hierdie boek uitgespel nie eens die probleem nie – sommige invloedryke figure in die NG Kerk se uitsprake en leringe is so ver van die evangelie van Christus verwyder dat 'n mens blind moet wees om dit nie raak te sien nie. Hul effek is besig om soos 'n kanker aan die geloof te vreet, maar ongelukkig herken almal nie die Trojaanse perd – selfs met sy reeds oopgemaakte valdeur – vir wat hy is nie.

Is dit vir die NG Kerk moontlik om (weer) ten volle deel te word van die bruid van Christus wat saam met die Heilige Gees die volgende oproep maak aan 'n verlore gaande wêreld?

**Op. 22:17 :** En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet.

Is dit vir die NG Kerk moontlik om ook (weer) nader te begin beweeg aan die lofverklaring tot God van 1 Tim. 1:17? Laat ons daarvoor bid, beginnende by onsself, ons gesinne, ons gemeentes, ons ringe en sinodes en uiteindeik die hele NG Kerk en haar familie. Mag die NG-familie die God-erende rol in Suider-Afrika begin speel waarsonder hierdie landstreek geen hoop het nie.

***1 Tim. 1:17 :***

*Aan die Koning van die eeue, die onverderflike, onsienlike, alleen-wyse God, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid.*

*Amen*

# BYLAAG A: George Claassen hoofspreker by UP se Teologiese Fakulteit

Prof. George Claassen, bekende ateïs en evolusionis in Suid-Afrika, is deur die Teologiese Fakulteit van Universiteit Pretoria genooi as hoofspreker by hul openingsdag op 2 Februarie 2010. Sy aanbieding het gegaan oor skepping en evolusie. Hy het reg in die begin verklaar dat sy subtitel "Die klippe roep dit uit ..." [167] 'n doelbewuste omdraai van Jesus se woorde is. Sy gedagte, soos later duidelik geblyk het, is dat die klippe en die natuur uitroep dat evolusie sonder enige twyfel waar is. Sy woord "omdraai" het hy sonder twyfel juis gekies om die aard van sy standpunt as teenstelling teenoor God die Skepper en Sy Seun Jesus Christus duidelik te maak.

Prof. Claassen se inleiding het 'n klomp indrukwekkend klinkende aansprake bevat, maar geen werklike getuienis vir evolusie nie. Hy praat van evolusie as feite en as "dié" wetenskaplike teorie aan die een kant teenoor skepping wat slegs 'n idee, en 'n skepper wat slegs 'n filosofie, volgens hom is. En as 'n mens nie in evolusie glo nie, is jy oningelig en onkundig.

In sy inleiding het hy die aanhoorders probeer oorrompel en intimideer met woorde soos "genoeg en oorweldigende bewyse", "basiese feit", "nie eens meer [daaroor] debatteer", "belangrikste wetenskaplike ontdekking", "oor en oor bewys" ensovoorts. Dit sou sekerlik billik gewees het om met so 'n groot geskal weg te spring as die res van sy

167 "Die klippe roep dit uit ...", 2010-02-12 – http://teo.co.za/artikel/articles/286/1/Skepping-en-Evolusie/Bladsy1.html

aanbieding die nodige getuienis vir sy bewerings bevat het, maar soos verder sal blyk, was dit geensins die geval nie.

Hy het ’n klompie meningspeilings gewys wat aantoon dat evolusie maar steeds nog wêreldwyd nie geglo word nie. Alhoewel prof. Claassen reken dis omdat mense oningelig is, moet hy dalk maar oorweeg dat heelwat mense (ook intelligentes) evolusie eenvoudig nie glo nie omdat die getuienis daarvoor net te swak is.

Die res van prof. Claassen se aanbieding het onder vier punte geval:

1. Evolusie is nie ’n geloof nie
2. Evolusie is nie net ’n teorie nie
3. Evolusie is nie immoreel nie
4. Evolusie (en wetenskap) soek nie die vingerafdrukke van God nie.

## A1. Evolusie is nie ’n geloof nie

Prof. Claassen het dit gestel dat evolusioniste dikwels van godloosheid beskuldig word, en dat daar beweer word evolusie is hul geloof. Hy het dit ten sterkste ontken deur te sê dat hulle nie evolusie aanbid nie. Hy wou ook weet waarom daar dan nie ook gepraat word van geloof in termodinamika, swaartekrag ensovoorts nie.

Ons antwoord soos volg:

Skeppingsleerders dink nie evolusie is ’n geloof omdat iemand dit aanbid nie. Dis wel ’n geloof vir baie omdat hul onbewese vertrekpunt is dat alles, vanaf die oorspronge, ’n natuurlike verklaring het, en geen ontwerper of goddelike wese ooit betrokke was of selfs bestaan nie. George Claassen verstaan die redes waarom evolusie ’n geloof genoem

word waarskynlik doelbewus verkeerd, sodat hy bostaande ontoepaslike weerspreking daarvan kan gee. Sy gedagte is dat die klippe die waarheid van evolusie uitroep, terwyl die beeld in die Bybel wat hy misbruik om hierdie stelling te maak, eintlik gaan oor die klippe wat uitroep en erken dat Jesus God is. In sy denke vervang hy dus vir Jesus Christus hier met evolusie.

Evolusioniste gee dikwels voor dat evolusie, anders as geloof, slegs op wetenskap gegrond is. Dit word soms direk en dikwels indirek deur evolusioniste self weerspreek. Die onderstreping in onderstaande is ons eie:

- L. Harrison Matthews:

  The fact of evolution is the backbone of biology, and biology is thus in the peculiar position of being a science founded on an unproved theory – is it then a science or faith? Belief in the theory of evolution is thus exactly parallel to belief in special creation – both are concepts which believers know to be true but neither, up to the present, has been capable of proof.[168]

- Dr. Richard C. Lewontin:

  Scientists, like others, sometimes tell deliberate lies, because they believe that small lies can serve big truths.[169]

- SC Todd:

  Even if all the data point to an intelligent designer, such a hypothesis is excluded from science because it is not naturalistic.[170]

- Milford H. Wolpoff:

  The phylogenetic outlook suggests that if there weren't a Homo habilis we would have to invent one.[171]

---

168 Inleiding vir Darwin se *On the Origin of Species*
169 Dr. Richard C. Lewontin, 'The Inferiority Complex' in *New York Review of Books*
170 SC Todd in sy korrespondensie aan *Nature* 401

- Michael Ruse:

> Evolution is promoted by its practitioners as more than mere science. Evolution is promulgated as an ideology, a secular religion – a full-fledged alternative to Christianity, with meaning and morality ... Evolution is a religion. This was true of evolution in the beginning, and it is true of evolution still today ... Evolution therefore came into being as a kind of secular ideology, an explicit substitute for Christianity.[172]

Prof. Claassen onderskei nie tussen operasionele wetenskap (swaartekrag, termodinamika, vloeidinamika ensovoorts) en historiese of oorsprongwetenskappe nie.[173] Eersgenoemde gaan oor eksperimente wat nou en hier herhaaldelik uitgevoer kan word, terwyl laasgenoemde hoofsaaklik gaan oor vertolking van oorsprongwetenskaplike data. Skeppingsleerders en evolusioniste verskil in wese oor die *vertolkings* betrokke by oorsprongwetenskappe – nie oor operasionele wetenskappe of selfs die data van oorsprongwetenskappe nie. Dit is dus ontoepaslik om voorbeelde uit operasionele wetenskappe te probeer gebruik om evolusie te verdedig want evolusie val in die kader van oorsprongwetenskappe.

Evolusie is nie net ’n geloof nie – dit is ’n gevaarlike valse geloof, wat mense weg van God af lei.

## A2. Evolusie is nie maar net ’n teorie nie

Prof. Claassen het vervolgens daarop gewys dat evolusie volgens hom nie maar net ’n teorie in die sin is wat die woord in die algemene omgangstaal beteken nie. In die algemene omgangstaal is dit maar net ’n voorstelling in mens se gedagte. Evolusie is volgens hom tenminste

---

171 *American Journal of Physical Anthropology* 89
172 *National Post*, 13 Mei 2000
173 Kyk “Oorsprong- en historiese wetenskappe”, bl. 113.

’n teorie in die wetenskaplike sin, wat beteken dit het al soveel ondersteuning in terme van wetenskaplike getuienis ontvang, dat omtrent alle rasionele mense dit as waar aanvaar.

Ons stem saam dat evolusie nie maar net ’n teorie genoem moet word nie, maar oor ander redes – die gevaar is dat wetenskaplikes dan mag dink ons glo dit het die status van ’n wetenskaplike teorie (soos die atoom- en elektrisiteitsteorieë) as ons dit so sou noem. Daarom is dit baie beter om evolusie slegs ’n hipotese te noem, want die getuienis of bewyse wat George Claassen glo oorvloedig is, is by verre onvoldoende om dit ’n wetenskaplike teorie te noem.[174]

As voorbeeld van feitlik onbetwisbare getuienis vir evolusie volgens evolusioniste, het George Claassen verwys na genetika.

As mens nie bereid is om verklarings buite die bloot natuurlike te oorweeg nie, sou ons tot ’n mate met George Claassen kon saamstem. Dan sou ’n gemeenskaplike voorganger waarskynlik die beste gevolgtrekking wees wat mens kan maak gegewe die gemeenskaplikheid van die genetiese kodes tussen verskillende organismes. Maar die probleem is dat, sou daar ’n Skepper wees, gaan mens met so ’n beperkte beskouing nooit die waarheid ontdek of glo nie. Mense wat hulself blind staar teen die beperkings van een dissipline, soos byvoorbeeld die natuurwetenskap, sal nooit in staat wees om enige waarheid wat buite hul dissipline lê, in te sien nie. Kan hulle nie maar hul arrogansie laat staan en net ruimte laat vir groter moontlikhede as hul eie beperkte kennis nie?

---

174 Kyk “Arguments we think creationists should NOT use” – http://creation.com/arguments-we-think-creationists-should-not-use, onder “Evolution is just a theory”.

Vir evolusioniste wat geen skepper wil aanvaar nie, dui die gemeenskaplikheid van die genetiese kode (alle kode gebruik dieselfde vier basiese letters) oorweldigend daarop dat alle lewende organismes een gemeenskaplike voorganger moes gehad het. Maar enigeen wat enigsins objektief is, en nie verblind is deur sy eie oogklappe soos hierbo genoem nie, sal erken dat dit net so goed kan wys op een Gemeenskaplike Ontwerper [175] – die gemeenskaplikheid van die kode is nie 'n eenduidige bewys van enigeen van hierdie twee moontlikhede nie! Vir die skeppingsgelowige is die genetika om hierdie, en nog vele meer redes, dus baie sterk getuienis vir die bestaan van 'n Skeppergod.

Verdere redes is die volgende: Genetiese kodes is geweldig ingewikkeld en moes boonop van die begin af gelyktydig 'n sender en ontvanger gehad het, want kode op hul eie is nutteloos.[176] Kode, en veral komplekse kode, het geen evolusionistiese rede om sonder 'n ontvanger te bly bestaan tot laasgenoemde eendag te voorskyn kom nie. Om te dink dat dit oorspronklik deur 'n toevallige proses soos evolusie tot stand gekom het, terwyl die statistiese kans onmoontlik klein is, bevestig ook maar dat evolusie 'n geloof is – spesifiek die geloof dat daar geen Skepper betrokke was nie.

Die nuutste ontdekkings wys dat die genetiese kode nog ver meer kompleks is as wat enigiemand ooit kon dink. Dit wys dat die mens nog heeltemal te min weet om persentasies toe te ken aan DNS-ooreenkomste tussen verskillende organismes soos byvoorbeeld die mens en

---

175 Kyk "Genetics Questions and Answers" – http://creation.com/genetics-questions-and-answers, onder "What about the similarities between monkey and human DNA? Does this support evolution?", "The Architect" – http://creation.com/human-ape-dna, en "If we resemble apes, does that mean we evolved from apes?" – http://creation.com/if-we-resemble-apes-does-that-mean-we-evolved-from-apes

176 Kyk "Information Theory Questions and Answers" – http://creation.com/information-theory-questions-and-answers.

die sjimpansee. Die DNS-kode word nie slegs lineêr, in een rigting en opeenvolgend gelees, soos die letters en woorde in ’n boek nie. Dit word oorvleuelend gelees met verskillende begin- en eindpunte, en sommige kode word van voor na agter én van agter na voor gelees! Evolusioniste het op ’n stadium gedink dat die 97% van die menslike genoom (genoom verwys na al die genetiese inligting) wat nie instruksies vir proteïenvervaardiging bevat nie, nutteloos is en dus die oortollige oorblyfsels van evolusie is. Intussen is ontdek dat dit geheel en al verkeerd is, en dat meeste genetiese inligting meta-inligting is – met ander woorde inligting oor inligting, dus inligting oor hoe om die inligting te gebruik.

Kan enigiemand regtig met eerlikheid glo dat sulke multi-dimensionele kode bloot deur natuurlike prosesse te voorskyn gekom het? Vir ons is dit duidelik dat wetenskaplikes wat nie eens intelligente ontwerp wil oorweeg nie, ondanks glashelder voorbeelde soos hierdie, dit doen om hul eie geloofsredes. Maar hulle sal die geloofsaspek waarskynlik hewig ontken – presies wat prof. George Claassen doen.

Daarna het George Claassen probeer aantoon dat skeppingsleer (kreasionisme) onsinnig is deur na kontinentale wegdrywing te verwys. Dit is die teorie dat al die kontinente vantevore aanmekaar vas was, en later van mekaar weggedryf het tot waar dit vandag is. Hy het gesê dat, sou die aarde so jonk soos 10 000 jaar wees, en die kontinente beweeg teen 5 tot 10 cm per jaar weg van mekaar soos tans die geval is, dan sou Europa en Amerika vandag net 1.6 km van mekaar gewees het.

Ons antwoord hierop soos volg:

Hierdie is ’n goeie voorbeeld van ’n strooipopargument, naamlik die stel van ’n argument soos jy dink of hoop jou opponent redeneer, terwyl hy of sy nie so redeneer nie, en dan word die gewaande argument

afgeskiet. Dit klink dalk indrukwekkend maar beteken eintlik niks meer as om jou onkunde te demonstreer nie. Die grootste skeppingsleer-organisasies aanvaar dat die kontinente in die verlede vas aan mekaar was. As prof. George Claassen se kennis van skeppingsleer meer as Kent Hovind en enkele ander se aanbiedings daaroor is, behoort hy dit te weet. Om die waarheid te sê, as mens nie na die rante van die kontinente kyk nie, maar na die rante van die vastelandbanke (daar waar die diepsee begin), pas die kontinente nog beter in mekaar.

Prof. Claassen maak egter die denkfout van gelykvormigheid-oor-miljarde-jare in sy argument. Gelykvormigheid gaan oor die aanvaarding dat, sou iets vandag teen ’n sekere tempo gebeur, dit nog altyd, gemiddeldgesproke, teen daardie selfde tempo gebeur het. Gelykvormigheid (oor miljarde jare) is dus ook ’n geloofsuitspraak want dit kan nie bewys word nie. En dis presies die probleem met sy aanname dat die kontinente wat vandag moontlik teen 5 tot 10 cm per jaar uitmekaar beweeg, reg deur al die gewaande miljarde jare teen dieselfde tempo beweeg het. Skeppingsleerders daarenteen, aanvaar dat die Bybelse gegewens rakende die wêreldwye Genesisvloed waar is. Daarom en op grond van die studies van ’n wetenskaplike soos dr. John Baumgardner, wie se platetektonikarekenaarmodel wêreldwyd deur wetenskaplikes as een van die bestes beskou word, het hulle ’n model ontwikkel wat ’n baie hoër tempo van uitmekaarbeweeg tydens die Genesisvloed aanvaar. Europa en Amerika is dus ver meer as die denkbeeldige 1.6 km uitmekaar – nie omrede miljarde jare en gelykvormigheid nie, maar omrede gelykvormigheid hoegenaamd nie tydens katastrofes gegeld het nie.[177]

177 Kyk “Plate Tectonics Questions and Answers” – http://creation.com/plate-tectonics-questions-and-answers.

Prof. Claassen het daarna drie wetenskaplikes aangehaal om die onbetwisbaarheid van evolusie te probeer bevestig. Al drie aanhalings is egter filosofiese verklarings wat maar verklarings van hul oortuigings is, en geen wetenskaplike getuienis as sulks bevat nie. Daarteenoor kan heelwat uitsprake van evolusioniste self gegee word wat wys dat hulle self besef dat evolusie nog glad nie op sulke vaste grond staan nie. Ons noem hier net een (die onderstreping is ons eie):

> Everybody knows that organisms ... get more complex as they evolve. The only trouble with what everyone knows, says McShea, an evolutionary biologist at the University of Michigan, is that there is no evidence it's true.[178]

Vervolgens het prof. Claassen dit goed gedink om teenoor die sogenaamde vaste sekerhede van die evolusionistiese wetenskap die foute van byvoorbeeld Johannes Calvyn uit te spel. Hy het Calvyn se vraag "Wie sal dit waag om die gesag van Copernicus bo dié van die Heilige Gees te stel?" aangehaal. Daarná het prof. Claassen die vraag hergeformuleer: "Wie sal dit waag om die gesag van Darwin, Penzias en Wilson, Mayr en die wetenskap bo dié van die Heilige Gees te stel?"

Die bedoeling van George Claassen op hierdie punt moet duidelik verstaan word. Sy bedoeling was om oor te dra dat Copernicus reg terwyl Calvyn en die Bybel en die Heilige Gees wat die Bybel geïnspireer het, verkeerd was betreffende die struktuur van ons sonnestelsel. Met sy tweede vraag het hy bloot sy bedoeling uitgebrei om te insinueer dat Darwin, moderne wetenskaplikes en die wetenskap ook op nog meer terreine ontdek het dat die Bybel verkeerd is, en dus groter gesag as die Heilige Gees het. George Claassen as ateïs glo natuurlik nie aan God of die Heilige Gees nie, maar wat hy hier probeer oordra is dat dié wat wel

---

178 L. Oliwenstein in 'Onward and Upward?', *Discover*-tydskrif, Junie 1993

nog aan of in God en die Heilige Gees glo, moet besef dat God minder as die aanhangers van die wetenskap weet.

Die skokkendste van die God-onterende gebruik deur George Claassen van hierdie twee vrae is dat nie een van proff. Cornél du Toit of Danie Veldsman (daar is vooraf met hulle gereël om amptelik replieke te lewer op sy aanbieding), of meeste van die vraestellers agterna wat wel kans gegun is (die tyd het uitgeloop), God se eer rondom hierdie saak en soortgelyke aanvalle probeer verdedig het nie. ’n Mens kan die vraestellers nog verskoon, want hulle het baie min tyd gehad en moes uit die vuis praat, maar hoekom die twee kundige repliekleweraars dit nie eens genoem het, wat nog te sê van uiters ernstig beswaar aangeteken en dit weerlê het nie, kan mens net oor wonder. Glo hierdie teoloë dat die Heilige Gees regtig bestaan, of dink hulle ook Hy is maar net ’n konstruk van menslike gedagtes soos die sogenaamde nuwe hervormers glo? Cornél du Toit het byvoorbeeld sy repliek begin deur te verklaar dat evolusie die oorsaak (“skuld”) is waarom godsdiens by die mens oor 30 000 jaar ontwikkel het.[179] Hy glo dus nie net aan evolusie nie, maar hy sien geen teken van die openbaringsaard van die ware godsdiens aan die mens soos vervat in die Bybel nie. Hy dink dus dat evolusie sy geloof tot stand gebring het, terwyl geloof van God af kom volgens die Bybel. In hierdie sin het evolusie dus vir God vervang in prof. Du Toit se denke – hy dink immers dat evolusie hom liggaamlik, en sy geloof, tot stand laat kom het. Ons dink dis billik om te sê dat evolusie as skepper – liggaamlik en selfs geestelik – vir prof. Cornél du Toit vir God as Skepper vervang het.

Die nie-simboliese beskrywings in die Bybel betreffende die heelal is in ieder geval beskrywings ten opsigte van ’n waarnemer op aarde.

179 Kyk weer voetnota 124, bl. 139.

Daarom is die latere wetenskaplike ontdekking dat die aarde om die son wentel nie strydig met die Bybel nie. In die moderne, wetenskaplike tyd, word daar nog steeds selfs deur wetenskaplikes van sonsopkoms en sonsondergang gepraat. Daarmee word geensins geïmpliseer dat die aarde nie roteer nie. Daar is geen rede om die soortgelyke beskrywings in die Bybel nie ook as relatiewe beskrywings te verstaan nie. Johannes Calvyn en ander kon en het menslike foute gemaak, maar die Heilige Gees maak nie foute nie en Hy is alwetend, want Hy is God.[180]

## A3. Evolusie is nie immoreel nie

George Claassen het ernstig beswaar aangeteken dat anti-evolusioniste gereeld beskuldigings maak dat evolusie en bose ateïsme hand aan hand gaan. Hulle gebruik dan as voorbeeld Hitler en Stalin wat hul moorddadige ideologieë gebou het op die superras- en supermens-idee wat tot die dood van miljoene gelei het. Vervolgens én hierteenoor het hy probeer oordra dat Adolf Hitler, wat homself ’n Christen genoem het, *omrede sy Christenskap* miljoene Jode vermoor het.

Ons antwoord hierop soos volg:

Hierdie is ’n goeie voorbeeld waar iemand verdediging in aanval probeer omsit. Hoekom bespreek prof. Claassen nie die duidelike koppeling tussen die superras-idee en evolusie nie? Enigeen kan tog duidelik sien dat Hitler teenstrydig met die Christelike geloof opgetree het. Om jouself ’n Christen te noem, maak jou nie ’n Christen nie! Daarenteen was sy optrede teen die Jode in lyn met sy geloof in evolusie. Hy het geglo dat God deur middel van evolusie geskep het –

---

180 Kyk “Calvin and the Astronomers” – http://conversationinfaith.wordpress.com/2008/06/05/calvin-and-the-astronomers/ en “Calvin And Geocentric Thinking” – http://jmm.aaa.net.au/articles/9384.htm.

soos baie kerke in sy tyd (en vandag steeds) verkondig. Dáárom het hy gedink dat dit reg was om die swakker nasies uit te roei. [181]

Die rassistiese implikasies van die evolusieleer blyk uit die volgende twee punte:

1. Indien menslike evolusie waar was, sou daar verwag word dat verskillende mensgroepe teen verskillende tempo's in verskillende afgeleë wêrelddele sou ontwikkel – almal sou vandag dus nog nie ewe ver geëvolueer het nie.

   Dit is presies wat Charles Darwin se opinie van die Indiane van Tierra del Fuego aan die suidelikste punt van Suid-Amerika was, toe hy hulle in 1832 gesien het. In die Voyage of the Beagle het hy geskryf:

   > I could not have believed how wide was the difference between savage and civilized man: it is greater than between a wild and domesticated animal, inasmuch as in man there is a greater power of improvement ... The language of these people, according to our notions, scarcely deserves to be called articulate ... Viewing such men, one can hardly make oneself believe that they are fellow-creatures, and inhabitants of the same world.

   Jared Diamond het in 'n *Discover*-artikel van Maart 1993 oor die uitwissing van die Tasmaniërs in die 1800's deur die Britte geskryf:

   > When British settlers poured into Tasmania in the 1820s ... racial conflict intensified. Settlers regarded Tasmanians as little more than animals and treated them accordingly. Tactics for hunting down Tasmanians included riding out on horseback to shoot them, setting out steel traps to catch them, and putting out poison flour where they might find and eat it ... In 1828 the governor of Tasmania declared martial law, permitting Europeans to shoot on sight any aborigine found in European-settled areas.

181 Kyk "Morality and Ethics Questions and Answers" – http://creation.com/morality-and-ethics-questions-and-answers en "Racism Questions and Answers" – http://creation.com/racism-questions-and-answers.

Teen 1842, ongeveer 40 jaar nadat die eerste setlaars daar geland het, was net 135 van die oorspronklike 5 000 Tasmaniërs nog lewend. Duisende liggame, skelette en skedels van Tasmaniërs is weggevoer na die Royal College of Surgeons in Engeland. Een van die eerstes daarvan is uitgegrawe deur Charles Darwin se oupa, Erasmus Darwin, wat die liggaam laat opstop en in hierdie kollege uitgestal het. Van die grootste name in die Britse wetenskap, soos Sir Richard Owen en Sir Arthur Keith, was by hierdie steel en skending van lyke betrokke.[182]

2. Adolf Hitler het geglo die Duitsers was geneties bo die Jode verhewe en daarom sou die Duitsers mettertyd verswak deur vermenging met hulle. Sy uitwissing van miljoene Jode in die gaskamers was heeltemal in ooreenstemming met sy geloof in evolusie. Volgens 'n transkripsie "Evolution, Theistic Evolution, or Creation?" van 'n lesing van A.E. Wilder-Smith in 1981 het Adolf Eichmann, wat as Hitler se laksman bekend was omdat hy direk of indirek vir oor die vyfmiljoen Jode se dood verantwoordelik was, die volgende uitlating teenoor 'n kapelaan gemaak wat hom besoek het net vóór hy gehang is. (Dit was sy antwoord aan die kapelaan toe laasgenoemde hom gevra het of hy enigiets sou wou bely.) Hy het gesê dat hy niks verkeerd gedoen het nie want, volgens 'n vertaling van sy woorde:

   > Beide die kerke in Duitsland, die Katolieke en Protestante, glo in teïstiese evolusie. Beide glo dat God se metode van skepping was om die gestremdes en die minder geskiktes uit te wis. En omdat die Jode minder geskik was as ons mense, het ek maar net vir God gehelp met sy metodes. Ek was maar net 'n katalisator vir God se manier van doen. En wanneer ek God ontmoet sal ek dit vir Hom sê.

Alhoewel al bogenoemde onmenslikhede seker nie volledig voor die deur van die evolusiehipotese gelê kan word nie, is die siening dat die

---

182 Dr. Jerry Bergman, 'Nineteenth Century Darwinism and the Tasmanian Genocide' in *Creation Research Society Quarterly* 32, Maart 1996

laer ontwikkelde mensgroepe maar deur die hoër ontwikkelde groepe onderdruk en selfs uitgewis kon word, sekerlik daardeur versterk en "filosofies/wetenskaplik" geregverdig. Charles Darwin het immers in sy boek *On the Extinction of Human Races by the Evolutionary Process of Natural Selection* die volgende geskryf:

When civilised nations come into contact with barbarians the struggle is short.

Prof. Claassen het vervolgens vir prof. Marc Hauser, professor in psigologie en biologiese antropologie, aangehaal:

What interests me is the assumption that morality and religion are synonymous. The evidence we have suggests that having a religious back-ground makes no difference to your moral judgment.

Hierop reageer ons soos volg:

Tensy daar tussen ware en valse godsdienste onderskei word, beteken hierdie aanhaling nie veel nie. Uiteraard kan valse godsdienste soos die Moslemgeloof, of selfs ernstige verdraaiings van die ware geloof soos Katolisisme veral tydens die Middeleeue, of sekere fanatiese sektes se godsdienste, selfs morele oordeel verlaag – wat nog te sê van verhoog. Die ware geloof het egter nog altyd deur al die millenia morele oordeel verhoog, en die wonderlike is dat mens dit vandag steeds sien by mense wat deur geloof in Christus tot bekering kom.

Waar prof. Claassen in bostaande probeer aantoon het dat godsdiens geen verskil in morele oordeel maak nie, het hy daarna probeer aantoon dat onder sjimpansees, ape en ander primate ook omgee vir mekaar ten koste van hulself, en selfs vergifnis vir hul mede-ape, voorkom. Evolusioniste se gevolgtrekking hieruit is dat hierdie morele eienskappe van die mens oorgeërf is oor 'n tydperk van omtrent 30

miljoen jaar, vanaf die sogenaamde gemeenskaplike voorganger van die mens en die aap.

Ons antwoord hierop die volgende:

Evolusie is gebaseer op die oorlewing van die sterkste en die slimste, en in dié proses sterf die minder geskiktes uit.  As mens kan glo dat dít tot altruïsme, omgee vir mekaar en vergifnis gelei het, eerder as die Christelike geloof (wat spesifiek daardie waardes verkondig), sal jy waarskynlik enigiets kan glo.  Weereens, dat daar ook goeie gedrag by diere bestaan, is net so min ’n bewys dat die mens en diere ’n gemeenskaplike voorganger het, as dat hulle ’n Gemeenskaplike Ontwerper het.  En ’n Intelligente Ontwerper sou sekerlik omgee vir mekaar onder sekere diere ook geskep het, om die kans op oorlewing te verbeter.  Die Skepper sou dit selfs as voorbeeld vir die mens kon laat dien.

## A4. Evolusie (en wetenskap) soek nie die vinger-afdrukke van God nie

Volgens prof. Claassen is dit die plig van gelowiges om vir weten-skaplikes in ’n rasionele wêreld bewyse voor te lê vir die bestaan van die gode waarin hulle glo.

Hierdie uitspel van gelowiges se plig deur ’n ateïs soos George Claassen, is eintlik snaaks gegewe die fanatiese ywer onder evolusioniste om Intelligente Ontwerp en kreasionisme af te breek en te belemmer.  Aan die een kant word hier deur evolusioniste gevra vir wetenskaplike bewyse vir die bestaan van God, maar dieselfde evolusioniste probeer om enige verwysing na God in die wetenskap te verwyder deur hul verklaarde definisie dat sulke verwysings onwetenskaplik sou wees.

Waarom gaan lees George Claassen en sy mede-evolusioniste nie die werk van kreasioniste ordentlik en objektief nie? Dan sal hy tenminste weet dat daar lankal reeds baie goeie getuienis vir die waarheid van die Bybel bestaan.

Die wonderlike daarvan is dat hoe meer die wetenskap ontdek (ek verwys hier na wetenskaplike data – nie noodwendig die sekulêre vertolkings daarvan nie), hoe meer ontsag kry Bybelgelowige wetenskaplikes vir die Skepper van alles – insluitende Sy wetenskap.

Is dit nie tyd dat evolusioniste hul oogklappe afhaal en begin insien hoe ver hulle al van wetenskaplike beginsels afgewyk het nie? Is dit nie tyd dat hulle begin besef en erken dat evolusie 'n hopelose hipotese is nie?

Nog 'n argument wat George Claassen aangeroer het, gaan oor die argument van ontwerp. Hy voer aan dat intelligente orde en skoonheid in die natuur geen bewys van 'n intelligente Ontwerper is nie, want daar is geweldig baie aaklighede in die natuur – babas sonder breine, verskriklike siektes, bose mense en natuurrampe. Sy probleem hier gaan eintlik oor die God van die Bybel, wat ons aflei uit die volgende:

- Hy skryf Ontwerper met 'n hoofletter wat mens laat dink hy verwys na God soos geopenbaar in die Bybel; en
- sy argument maak net sin as die Ontwerper na 'n God verwys wat goed en liefdevol behoort te wees, want anders is daar geen rede om te dink dat die intelligente ontwerper maar eenvoudig aaklighede doelbewus ook geskep het nie.

George Claassen het hier presies die probleem uitgespel van Christene wat nie die sondeval, soos beskryf in Genesis met die aaklige gevolge vir die hele skepping, glo nie. Gelowiges kan sekerlik die skoonheid in die skepping aan die Skepper toeskryf, maar hoekom daar ook baie aaklighede is, is deur God in Genesis geopenbaar – dit is die gevolg van

die mens se ongehoorsaamheid aan God. Gelowiges wat die probleem van 'n liefdevolle en almagtige God met wreedhede in die wêreld probeer versoen, sal maar altyd kleitrap as hulle Genesis nie letterlik opneem nie.[183]

Prof. Claassen het die stelling gemaak dat evolusie nie maar net deur predikante en gelowiges geïgnoreer kan word nie – hulle moet dit as werklikheid aanvaar. Ons stem saam dat dit nie net geïgnoreer kan word nie, maar om heel ander redes as wat hy glo. Omdat evolusie strydig is met die Bybel en mense se geloof in God as Skepper bedreig, behoort die Christelike kerk erns te maak om die aansprake van evolusioniste uit die Bybel en deur behoorlike wetenskap te weerlê. Die wetenskapsargumente mag vir predikante moeilik wees, maar die Christelike kerk beskik vir seker oor Bybelgelowige wetenskaplikes wat daardie area kan dek. Skeppingsleer is 'n groeiende wêreldwye wetenskaplike veld wat 'n baie belangrike rol in die behoud en uitbouing van die evangelie kan speel en dit deur God se genade reeds doen.

Volgens prof. Claassen het bewyse vir evolusie nou so oorweldigend geword dat selfs heelwat gelowiges dit aanvaar. Daarom, reken hy, het gelowiges die vae idee van 'n Intelligente Ontwerper voorgestel wat kwansuis evolusie ingespan het om die skepping te ontwikkel. George Claassen glo dat dié beweging se Intelligente Ontwerper die Christelike God is, want iemand van die Discovery Institute het volgens hom in 'n onbewaakte oomblik erken dat dit net die God van die Christelike godsdiens kan wees.

George Claassen is ook op hierdie punt verkeerd. Onder die voorstanders van Intelligente Ontwerp word nie net Christene gevind nie,

183 Kyk weer voetnotas 83 en 84, bl. 114.

maar mense van ander gelowe ook, en selfs agnostici. Die DVD *Expelled – no intelligence allowed* spel dit duidelik uit.[184] Prof. Claassen maak betreffende wie die Intelligente Ontwerper moet wees net so ’n onsinnige stelling soos om te beweer dat alle evolusioniste Christene moet wees, want enkeles het (per ongeluk) erken hulle is. Die groot gedagte van Intelligente Ontwerp is dat sekere aspekte in die natuur doodeenvoudig te ingewikkeld is om deur ’n natuurlike proses soos evolusie verklaar te word.[185] Daarom is ’n Intelligente Ontwerper (wat glad nie noodwendig die God van die Bybel volgens alle aanhangers van Intelligente Ontwerp is nie) die mees logiese antwoord. Dit lyk of George Claassen, soos met skeppingsleer, die redenasies van Intelligente Ontwerp ook nie eintlik ken nie, want hy verwar hul sienings met dié van teïstiese evolusioniste.

Die feit dat meeste evolusioniste nie eens wil toelaat dat die *moontlikheid* van ’n Intelligente Ontwerper ondersoek moet word nie, is ’n duidelike voorbeeld van hoe hul evolusiegeloof hul rasionele denke verblind. Die feit dat evolusioniste soos George Claassen se skynbare hoofverweer teen Intelligente Ontwerp is dat die Intelligente Ontwerper volgens hom die God van die Christelike geloof behoort te wees, wys waarskynlik dat hulle geen geldige wetenskaplike argumente teen Intelligente Ontwerp het nie.

George Claassen het ook gewys op die evolusionistiese bioloog prof. Jerry Coyne se verklaring dat die werklike oorlog tussen rasionaliteit en

---

184 Vir sommige van die probleme met Intelligente Ontwerp, kyk “CMI’s views on the Intelligent Design Movement” – http://creation.com/cmis-views-on-the-intelligent-design-movement.
185 Hierdie is onder andere die argument van onverminderbare kompleksiteit (“irreducible complexity”). Kyk byvoorbeeld “The mousetrap man: Interview with Mike Behe” – http://creation.com/the-mousetrap-man-mike-behe-interview.

bygeloof is. Volgens hom is wetenskap maar een vorm van rasionaliteit, terwyl godsdiens die algemeenste vorm van bygeloof is.

Ons antwoord hierop is die volgende:

Prof. Jerry Coyne kon skynbaar nooit tussen bygeloof en geloof onderskei nie. Die volgende is ’n aanduiding daarvan: Toe hy in 1998 van die gebreke in die klassieke pepermotstorie, wat lank as getuienis vir evolusie voorgehou is, gehoor het, het hy dit al vir baie jare as waarheid aan sy studente geleer. Coyne het gesê dat dié ontdekking vir hom soortgelyk was aan die ontnugtering wat hy beleef het toe hy op sesjarige ouderdom ontdek het dat sy pa – nie Kersvader nie – die presente altyd op Kersaand gebring het. Volgens hom moes hierdie vorige “wenperd in die evolusiestalle” uitgegooi word.[186] Kersvader is deel van bygeloof – nie ware geloof nie. Prof. Coyne wil die kind met die badwater uitgooi.

George Claassen het ook na die Britse fisikus William Bowen Bonner verwys wat verklaar het dat ’n wetenskaplike wat sy sout werd is en nie dadelik ’n verduideliking vir ’n probleem kan gee nie, altyd vas sal staan dat ’n rasionele verduideliking uiteindelik gevind sal word. Dit is glo die een stukkie dogmatisme wat die wetenskaplike homself kan gun – en daarsonder sal die wetenskap in gevaar verkeer om toe te gee aan bygeloof elke keer as ’n probleem vir ’n paar jaar nie opgelos kan word nie.

Hierop antwoord ons: Presies! Daarom is hierbo gesê dat evolusie ’n geloof is – ’n geloof dat ’n natuurlike (rasionele) verduideliking moet bestaan. William Bonner kan dit maar dogmatisme noem – die geloofs-

---

186 Kyk “Goodbye, peppered moths”, http://creation.com/goodbye-peppered-moths, [*Nature*, volume 396, bl. 35-36]

aspek daarvan behoort vir almal duidelik te wees. Soos reeds genoem is, verblind hierdie geloof in evolusie sy slagoffers tot só ’n mate dat dit hulle verhinder om enige waarheid groter as hul idee van die wetenskap te kan raaksien.

Paul Nelson, ’n biologiese filosoof wat glo dat daar ‘n Intelligente Ontwerper is, verduidelik die subjektiwiteit van evolusioniste soos volg:

Science ought to be a search for the truth about the world. Now we shouldn’t prejudge what might be true – we shouldn’t say: “I don’t like that explanation, so I am going to put it to one side.” Rather, when we come to a puzzle in nature, we ought to bring to that puzzle every possible cause that might explain it. One of the problems I have with evolutionary theory is that it artificially rules out the kind of cause, even before the evidence has a chance to speak. And the cause that is ruled out is intelligence.

En Stephen C. Meyer, ook ’n voorstander van Intelligente Ontwerp, sê:

Since the late 19th century, since the time of Darwin … scientists came to except a convention, a definition of science, that excluded the possibility of design as a scientific explanation (methodological naturalism) … if you are going to be scientific, you must limit yourself to explanations that invoke only natural causes. You cannot invoke intelligence as a cause. And yet curiously we make inferences to intelligence all the time. It is part of our ordinary reasoning to recognise the effect of intelligence. [187]

Prof. Claassen het ook die Nobelpryswenner Steve Weinberg aangehaal:

It’s a consequence of the experience of science. As you learn more and more about the universe, you find you can understand more and more without any reference to supernatural intervention, so you lose interest in that possibility. Most scientists I know don’t care enough about religion even to call themselves atheists. And that, I think, is one of the great things about science – that it has made it possible for people not to be religious.

---

187 Beide aanhalings van Paul Nelson en Stephen C. Meyer kom uit die DVD “Unlocking the Mystery of Life” – www.creation.com.

Volgens ons is hierdie ’n verstommende dwase en arrogante opvatting. As ’n wetenskaplike ’n natuurwet ontdek, het hy dalk maar net die formule wat die wet beskryf, geformuleer. In werklikheid bestaan die natuurwet al lankal. Dit behoort sy dunk van die Een wat die natuurwet gemaak het, te vergroot – by verre nie te verminder nie. Kan enigiemand dink dat om uiteindelik na dekades se navorsing, iets te formuleer of te verduidelik wat iemand anders ontwerp het, jou die reg gee om die bestaan van die een wat oorspronklik ontwerp het, te ontken? Hoeveel te meer geld hierdie redenasie nie ten opsigte van die een Ontwerper wat alles uit niks geskep het nie?

Hierteenoor groei die Bybelgelowige Christenwetenskaplike se bewondering vir God hoe meer die wetenskap navors en ontdek. Weereens verwys ons hier na wetenskaplike data – nie noodwendig na alle vertolkings daarvan nie. Die skepping verkondig inderdaad die almag en alwysheid van God. Gelukkig is daar baie hoogstaande wetenskaplikes wat dit besef en graag erken.

’n Verdere opmerking van George Claassen was dat ons vandag, danksy evolusie, sonder twyfel weet dat oor die eerste 80% van die geskiedenis van lewe op aarde, alle spesies uit sagte weefsel bestaan het, sonder skelette en harde doppe. Daarom is die fossielrekord glo so totaal onvolledig, met net ongeveer 0.1 tot 1 persent van alle spesies wat al op aarde gelewe het.

Hierdie is ’n baie swak wetenskaplike argument want die sogenaamde getuienis daarvoor is gebaseer op dinge wat *nie gevind is nie* (99 tot 99.9% volgens Claassen hierbo). Maar hoekom dink evolusioniste so ’n groot pesentasie is nie gevind nie? Omrede hul geloof dat evolusie waar is en die verlore skakels dus moes bestaan het. Sy stelling dat hulle danksy evolusie *weet*, impliseer ook duidelik dat wat ookal

evolusioniste glo hulle in so ’n geval weet, nie op getuienis gebaseer is nie, maar op ’n afleiding, sou evolusie waar wees.[188]

Die fossielrekord is ook glad nie so onvolledig soos evolusioniste verkondig nie. Daar is fossiele van ongeveer 79% van alle diere op aarde gevind (“alle diere” sluit diere wat moeilik fossileer in), maar daar is geen duidelike vermiste skakels gevind nie. Die fossiele wat wel gebruik word as vermiste skakels, is baie kontroversieel, en verval dikwels weer in onguns, soos *Archaeopteryx* en nou onlangs *Tiktaalik*. Laasgenoemde het Richard Dawkins in sy nuutste boek *The Greatest Show on Earth*, nog as die perfekte skakel beskryf, maar enkele maande later het evolusionste self die ontoepaslikheid daarvan beskryf.[189]

Prof. Claassen het ook gereken dat, danksy radiodatering met sy gesofistikeerde instrumente, ons weet dat die aarde en ons sonnestelsel ongeveer 4.57 miljard jaar oud is, en die oudste rotse, gevind in Kanada, ongeveer 4.3 miljard jaar oud is.

Ons antwoord hierop is die volgende:

Radiodatering het al soveel keer op bekende historiese gebeurtenisse gefaal, dat dit eintlik ondenkbaar is dat sommige wetenskaplikes steeds daarop vertrou vir onbekende gebeure in die verlede. Die gesofistikeerde instrumente kan die huidige verhouding tussen moeder- en dogter-elemente akkuraat bepaal, maar dit is nutteloos betreffende ouderdomsbepaling sou sekere aannames verkeerd wees. Hierdie aannames gaan oor die onbekende aanvanklike moeder-/dogter-

---

188 Kyk byvoorbeeld wat wetenskaplikes sê oor oorgangskakels: “Fossil record quotes” – http://creationwiki.org/Fossil_record_quotes.

189 Jonathan Sarfati in *Refuting Evolution*, bl. 52, Michael Denton in *Evolution, a theory in crisis*, bl. 190, Bryne, J., “Four-legged creature’s footprints force evolution rethink”, LiveScience.com, 6 January 2010

element-verhouding, asook die aanname dat geen verlies of byvoeging van die betrokke elemente oor die monster se bestaanstyd plaasgevind het nie.[190]

Nie net is radiodatering baie onbetroubaar nie, maar is daar baie ander metodes wat die aarde baie jonger skat.[191] Enige objektiewe persoon behoort te erken dat die wetenskap op sy eie nie ’n benul het hoe oud die aarde en heelal is nie.

’n Baie goeie weerlegging van George Claassen se stellings en aansprake by ’n ander geleentheid, is te vinde by “Crusading against Christianity” – http://creation.com/crusading-against-christianity. Sekere argumente het hy maar net weer, ondanks voorige weerleggings daarvan, by UP-teologie se openingsdag herhaal.

Die teks van George Claassen se aanbieding sluit af met:

> Kom ek draai Christus se woorde teenoor die Fariseërs om wat die skare se lofuitinge probeer stilmaak het: ‘As hulle stilbly, sal die klippe uitroep.’ Die klippe van evolusie en fisika se bevindings roep lankal uit en dis tyd dat leiers in die kerk en moskee nie langer hul lidmate hieroor mislei nie. Die uitroepe van die wetenskap en evolusie se bevindings word daagliks in die klippe gelees.

Ja, inderdaad moet mens Christus se woorde omdraai om by George Claassen se tragiese geloof uit te kom. Christus het gesê: “Ek het julle van die aardse dinge vertel en julle glo dit nie, hoe sal julle glo as Ek julle van die hemelse vertel?” Elders het Jesus die vraag gevra of Hy nog enige geloof op aarde sal vind as Hy weer kom (Luk. 18:8). Dit blyk al

---

190 “Radiometric dating questions and answers” – http://creation.com/radiometric-dating-questions-and-answers

191 “‘Young’ age of the Earth & Universe Q&A” – http://creation.com/young-age-of-the-earth-universe-qa, “101 evidences for a young age of the earth” – http://creation.com/age-of-the-earth, “Evidence for a Young World” – http://creation.com/evidence-for-a-young-world

reeds vandag ’n baie toepaslike vraag te wees, nie net as mens na ateïstiese evolusioniste kyk nie, maar ook as mens na sommige van ons teoloë se uiters liberale sienings en uitlatings kyk.

Na aanleiding van bogenoemde aanbieding van Claassen, het CMI gepoog om ’n wetenskaplike ’n aanbieding by UP te laat doen. Hulle is geweier en het soos volg daaroor berig in hul INFObytes van Maart 2010:[192]

Met dr. Mark Harwood in April op toer in Suid-Afrika, het CMI–SA die UP Fakulteit genader met die versoek dat dr. Harwood (ontwerp-ingenieur en redevoerder vir CMI–Australië) die geleentheid gegee word om die ander sy van die debat toe te lig. Volgens prof. Julian Müller (Hoof van Praktiese Teologie) was dit nie moontlik om aan die versoek te voldoen, want:

“Die Fakulteit Teologie aan UP staan nie op ’n kreasionistiese standpunt nie en kan ongelukkig nie aan [Dr Mark Harwood] ’n platform gee nie. Ons beskouing oor skepping is nie teenoor, en in teenstelling met, die evolusieteorie nie. Ons onderskryf die ‘seisoen van luister’, maar nie ten koste van gesonde, wetenskaplike ondersoeke nie.”

Prof. Müller se reaksie laat verskeie vrae ontstaan. Was dit sy eensydige besluit om dr. Harwood weg te wys? Is Müller gewoonweg onbewus van die Bybelse grondslag van die moderne wetenskap, of van heelparty Bybelgelowige wetenskaplikes wat aan die spits gestaan het van fundamentele ‘wetenskaplike ondersoeke’ lank voor evolusie en Darwin op die toneel verskyn het? Hoe opreg is die UP Fakulteit in hul ondersteuning van die ‘seisoen van luister’ as ’n godloënaar met ope arms verwelkom word, maar ’n belydende Christen weggewys word? Hoeveel van diegene wat die openingsgeleentheid bygewoon het, sou bereid wees om te luister na ’n goed-beredeneerde, Bybel-

---

192 “Seisoen van (eensydig) luister!” – https://creationstoreuk.s3.amazonaws.com/infobytes/SA-IB2010/188_keynotespeakerSA.html (Afrikaans) of https://creationstoreuk.s3.amazonaws.com/infobytes/SA-IB2010/188_keynotespeaker_englishSA.html (Engels). INFObytes word per e-pos versprei en kan gratis voor ingeskryf word by www.creation.com

getroue weergawe aan die 'keersy' van hierdie belangrike kwessie, aangebied deur 'n internasionaal-befaamde skeppingsleerder wat (anders as Claassen) ook 'n opgeleide wetenskaplike is wat getuig van bekering en geloof in Jesus Christus?

Vir te lank reeds word teoloë, bedienaars van die Woord en gelowiges in Suid-Afrika geïntimideer, selfs onder druk geplaas om die onwetenskaplike aansprake van evolusioniste te aanvaar. Dit het uiteindelik daartoe gelei dat die Bybel in sommige kringe gekompromitteer is, gevolg deur die toenemende ondermyning van die evangelie-boodskap in die tyd wat ons leef. Deur 'miljoene jare van dood, pyn en lyding' te stel as van voor die Sondeval van die mens te wees, het 'n regstreekse uitwerking op die versoeningswerk van Christus—die rede waarom Jesus 'n fisieke dood aan die kruis moes ly vir die sonde van die mensdom (Heb 2:9).

(Einde van aanhaling)

Hierdie hele aangeleentheid is nog 'n duidelike voorbeeld van UP se Teologiese Fakulteit se vooropgestelde liberale beskouings en oogmerke.

# BYLAAG B: Verklaring van Doornkloof NG Kerk oor “Grense en saambly”[193]

(Kyk ook “HOOFSTUK 7: Die huwelik in die spervuur”.)

Die kwessie van saambly is ongelukkig so ’n algemene verskynsel in die hedendaagse samelewing dat enige Christelike kerk haar daaroor duidelik behoort uit te spreek. Alhoewel die strawwe in die Ou Testament nie vandag toepaslik is nie, en strafoplegging (meer as kerklike tug) die bestaande landsregering se verantwoordelikheid is, kan ons vandag steeds uit onderstaande Skrifgedeeltes sien wat God se wil vir Sy kinders is. Moontlike besware teen die Ou Testamentiese strawwe kan dus nie gebruik word om God se riglyne vir ons gedrag te ignoreer nie.

Voorhuwelikse seks, selfs tussen verloofdes, word in die Bybel sterk veroordeel:

**Deut. 22:21b :** Sy moet sterf omdat sy ’n ongehoorde ding in Israel gedoen het deurdat sy met ’n man geslagsgemeenskap gehad het terwyl sy nog ongetroud was. So moet jy hierdie soort kwaad tussen julle uitroei.
**Hos. 5:7a,b :** Hulle was ontrou aan die Here, want hulle het buite-egtelike kinders verwek. Hy gaan hulle binnekort vernietig.
**1 Kor. 7:8-9 :** Vir die ongetroudes en die weduwees sê ek: Dit is vir hulle goed om ongetroud te bly soos ek. Maar as hulle nie in onthouding kan leef nie, moet hulle trou, want dit is beter om te trou as om deur hartstog verteer te word.
**1 Kor. 7:36 :** As iemand meen dat hy teenoor sy verloofde (Ou Vertaling: maagd) onbehoorlik handel deur nie te trou nie, en sy begeertes te sterk word en hy voel dat hulle behoort te trou, laat hom doen wat hy graag wil: laat hulle gerus trou. Dit is nie verkeerd nie.

193 http://www.ngdoornkloof.org.za/, onder Geloofsgroei/Doornkloof standpunte

Let wel, Paulus se oplossing, soos gelei deur God, is nie om maar saam te bly nie, maar wel om te trou.

'n Verwysing na Deut. 22:21 vind ons ook tydens die gebeure by Jesus se geboorte:

**Matt. 1:18-25 :** Die geboorte van Jesus Christus was dan só: Toe sy moeder Maria verloof was aan Josef, voordat hulle saamgekom het, is sy swanger bevind uit die Heilige Gees. En Josef, haar man, omdat hy regverdig was en onwillig om haar openbaar te maak, het hom voorgeneem om in die geheim van haar te skei. Maar terwyl hy dit in die gedagte gehad het, verskyn daar 'n engel van die Here in 'n droom aan hom en sê: Josef, seun van Dawid, wees nie bevrees om Maria, jou vrou, by jou te neem nie, want wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees; en sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos. En dit het alles gebeur, sodat die woord vervul sou word wat die Here deur die profeet gespreek het: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar, en hulle sal Hom Emmánuel noem, dit is, as dit vertaal word: God met ons. En toe Josef uit die slaap wakker word, het hy gedoen soos die engel van die Here hom beveel het en sy vrou by hom geneem; en hy het haar nie beken totdat sy haar eersgebore Seun gebaar het nie; en hy het Hom Jesus genoem.

Buitehuwelikse seks word sterk veroordeel:

**Deut. 22:22 :** Wanneer 'n man betrap word terwyl hy gemeenskap het met 'n ander man se vrou, moet die man en die vrou wat gemeenskap gehad het, altwee doodgemaak word. So moet jy hierdie soort kwaad tussen die Israeliete uitroei.

Die daad is natuurlik sonde ongeag of die oortreders uitgevang word of nie.

Verkragting word so sterk veroordeel dat dit met moord vergelyk word:

**Deut. 22:25-28 :** Maar as 'n man 'n verloofde meisie in die veld raakloop en haar oorweldig en met haar gemeenskap het, moet net die man sterf. Die meisie moet ongestraf bly. Sy het niks gedoen wat die dood verdien nie, want in haar geval is dit soos wanneer 'n man iemand gryp en vermoor. Die

verloofde meisie is in die veld raakgeloop, en sy het om hulp geroep, maar daar was niemand om haar te help nie. Wanneer ’n man ’n meisie wat nie verloof is nie, raakloop en haar gryp en met haar gemeenskap het, en hulle word betrap, moet die man wat met haar gemeenskap gehad het, vyf honderd en sewentig gram silwer aan haar pa gee en met haar trou. Hy het haar onteer en daarom mag hy nooit van haar skei nie.

In Gen. 34 word ’n spesifieke voorbeeld bespreek waar Sigem vir Dina verkrag het, maar uiteindelik saam met al die mans in die stad doodgemaak is al het Sigem vir Dina liefgehad. Dis nie noodwendig so dat Dina se broers in hierdie geval reg opgetree het nie, maar die verkeerdheid van Sigem se optrede is duidelik.

Prostitusie of deelname net vir die genot of vir ervaring, word so sterk afgekeur dat dit met die dood vergelyk word:

**Spr. 9:14-18 :** Sy sit by haar voordeur, haar stoel staan op op die hoogste plek in die stad, en sy roep na dié wat verbykom, elkeen besig om sy gang te gaan (Ou Vertaling: die wat op hulle paaie reguit wandel): “Draai af hiernatoe, almal wat nog onervare is!” Sy sê vir dié wat kennis kortkom: “Gesteelde water is soet, kos wat stilletjies geëet word, is lekker!” Dié wat na haar luister, besef nie dat die dood self daar wag nie, dat dié wat hulle deur haar laat nooi het, klaar diep in die doderyk is nie.
**1 Kor. 6:13b :** ’n Mens se liggaam is nie bedoel vir seksuele losbandigheid nie, maar is daar vir die Here, wat ook oor ons liggaam Here is.
**1 Kor. 6:18 :** Julle moet niks met seksuele losbandigheid te doen hê nie. Elke ander sonde wat ’n mens doen, vind buite sy liggaam plaas, maar iemand wat seksueel losbandig lewe, vergryp hom aan sy eie liggaam.

Pornografie is eweneens ’n vernietiger van mense se lewens – volgens die Bybel kan dit mens in die hel laat beland:

**Matt. 5:28-30 :** Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na ’n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het. As jou regteroog jou dan laat struikel, ruk dit uit en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie. En as jou regterhand jou laat struikel, kap dit af en gooi dit weg van jou af;

want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie.

Vrouens veral, het hier 'n besondere verantwoordelikheid in terme van hul kleredrag – uitlokkende kleredrag hoort eenvoudig nie by Christene in die openbaar nie.

Die Bybel gee selfs riglyne oor fisieke grense vir verhoudings voor die huwelik.

Onderstaande is weliswaar in terme van beeldspraak waar Samaria en Jerusalem vergelyk word met twee prostitute, maar onbehoorlike betasting buite die grense van die huwelik word duidelik deur God afgekeur:

**Eseg. 23:1-4 :** Die woord van die Here het tot my gekom: Mens, daar was twee dogters, dogters van dieselfde ma. Hulle was al onsedelik in Egipte, toe hulle jonk was. Dáár is hulle borste al betas, dáár, toe hulle nog jongmeisies (Ou Vertaling: maagde) was, is aan hulle borste gevat. Die oudste se naam was Ohola, en haar suster was Oholiba. Hulle het aan My behoort en hulle het seuns en dogters gehad. Ohola se naam was eintlik Samaria en Oholiba s'n was Jerusalem.

God stel heiligheid teenoor onsedelikheid:

**Gal. 5:19 :** Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid ...
**1 Tess. 4:1-8 :** En nou het ons nog iets anders om van julle te vra, broers. Julle het van ons geleer hoe God wil hê julle moet lewe. Julle doen dit ook, maar in die Naam van die Here Jesus versoek ons julle dringend: Lê julle nog meer daarop toe. Julle ken die voorskrifte wat ons op gesag van die Here Jesus aan julle oorgedra het. Dit is die wil van God dat julle heilig moet lewe. Weerhou julle van onsedelikheid. Elkeen van julle moet weet dat hy met sy vrou heilig en eerbaar moet saamlewe; julle moenie deur hartstog en begeerte gedrywe word soos die heidene wat vir God nie ken nie. Ook mag niemand hom in hierdie verband te buite gaan en sy broer bedrieg nie, want die Here straf al sulke dinge. So het ons julle trouens al vroeër gewaarsku; ons het julle

nadruklik hierop gewys. God het ons nie geroep om onsedelik te lewe nie, maar om heilig te lewe. Wie hierdie voorskrifte verwerp, verwerp dus nie maar net 'n mens nie, hy verwerp God wat ook sy Heilige Gees aan julle gegee het.

Natuurlik verbied God nie fisieke intimiteit nie – Hy het dit immers geskep – en nie net vir voortplanting nie, maar ook om te geniet. Die boek Hooglied spel dit besonder duidelik uit, maar dis bedoel vir een man en een vrou – binne die huwelik.

Die gemeente NG Doornkloof versoek enigeen wat vasgevang is in enige vorm van onsedelikheid, saamblyery ingesluit, om in berou daarmee na die Here te gaan, al was dit ook net 'n eenmalige gebeurtenis lank gelede. Enigeen wat in opregtheid na Hom gaan, met die bedoeling om sy sonde te laat staan, sal vergewe word:

**1 Kor. 6:10 en 11 :** Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie.
En dit was sommige van julle; maar julle het jul laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God.

Daar is ook predikante en opgeleide en ervare beraders (kyk onder Familiesorg/Oase/geestelike berading vir besonderhede) in die gemeente wat gekontak kan word om in die proses te help.

# BYLAAG C: Geloofsekerheid

**1 Joh. 5:13 :** Hierdie brief skrywe ek vir julle, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo.

Statistiek onder kerkmense is dat 70-80% van kerkmense in Suid-Afrika (mense wat lidmate van 'n kerk is) nie sekerheid van geloof het nie. Hulle is onseker of hulle gered is – of hulle op pad hemel toe of hel toe is. Dit is 'n absolute ramp en 'n geweldige krisis.

Die vraag is hoe dít kan wees in 'n sogenaamde Christelike land soos Suid-Afrika. Daar is seker baie redes, maar ons glo 'n belangrike rede is dat mense nie die evangelie ken nie. Hulle het die evangelie waarskynlik al baie gehoor maar dit nog nooit werklik verstaan nie. Hulle kon ook 'n verdraaide en goedkoop evangelie gehoor het.

Hulle het nooit 'n persoonlike ontmoeting met God gehad nie. Hulle is vals bekeer en bou op 'n valse fondament. Die Ontluikende Kerkgedagte, soos gestel deur dr. Fanie Cronjé (kyk bl. 88), dat die enigste weg beteken dat Jesus se lewenswyse nagevolg moet word, eerder as dat geloof in Hom as enigste Verlosser die Weg is, is moontlik 'n voorbeeld hiervan. Hulle neem toe in kennis sonder die Heilige Gees. Baie is slim en beklee hoë posisies in die kerk. Dit lei tot die groot getalle valse profete en dwaalleraars in die kerk vandag. Goedkoop lidmaatskap en die afwesigheid van opsig en tug dra ook daartoe by. Meeste mense in die kerk is óf totaal onbewus van die probleem óf ontken dat daar 'n probleem is. Meeste dink dit is 'n verkoue terwyl dit 'n kanker is. Baie mense in die kerk vandag is ongered en dus volgens die Bybel op pad hel toe. Dit klop ook met wat die gelykenis van die tien meisies leer in Matt. 25.

Omdat mense nie geloofsekerheid het nie (party is wel gered) is hulle nie vry nie (hulle is nie seker of hulle vrygespreek is nie). Daarom is hulle nie opgewonde en jubelend en juigend oor Christus nie. Hulle deel nie die evangelie met verlore mense nie, omdat hulle nie ’n passie en hart vir verlore siele het nie. Hulle ken nie werklik vir God nie, en daarom het hulle Hom nie lief nie en dien hulle Hom nie (voluit met hul hele lewe nie). Hulle het wel kennis oor en van God, Christus en die Bybel, maar verstaan en glo dit nie werklik nie. Sonder ’n ware wedergeboorte, waar jy ’n “nuwe” mens word en die Heilige Gees ontvang, kan jy nie geestelike dinge verstaan nie.

Die Christelike geloof gaan nie oor ’n saak nie, maar oor ’n Persoon – Jesus Christus – die Seun van God, die Gekruisigde, die Verlosser, ja Jesus Christus as die Verlosser en Here (Koning, Priester en Profeet). Dit gaan oor ’n verhouding, ’n intieme liefdesverhouding met Jesus Christus en nie primêr oor ’n klomp wette en reëls wat nagekom moet word nie.

Wat sê die evangelie dan – wat is die volle en ware evangelie?

Dit kan opgesom word met Joh. 3:16 : “Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy Sy enigste Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie (hel toe sal gaan nie) maar die ewige lewe sal hê.”

Die evangelie bestaan uit vyf dele:

1. Genade
2. Mens
3. God
4. Christus
5. Geloof

## C1. Genade

**Rom. 6:23 :** Die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus die Here.

Die ewige lewe (die hemel) is ’n gratis geskenk. Dit kan nie verdien of verwerf word nie. Jy kan niks doen om die ewige lewe te verdien nie (nie geld gee, kerk toe gaan, pannekoek bak vir die basaar nie – NIKS nie). Dit is verniet.

**Ef. 2:8-9 :** Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie, dit is ’n gawe van God. Dit kom nie uit julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie.

Genade is dus iets wat ons verniet kry sonder dat ons dit verdien. Dit is genade dat ons die geskenk van die ewige lewe aangebied word en dit is genade dat ons dit aanvaar. Die enigste ding wat ’n verlore sondaarmens en ’n Heilige God bymekaar kan bring is genade.

Hoekom kan ’n mens homself nie red nie? Ons sal dit beter verstaan as ons kyk wat die Bybel oor die mens sê.

## C2. Mens

Die mens is ’n sondaar, soos byvoorbeeld gestel in Rom. 3:23 : “Almal het gesondig en is ver van God af.”

Ons is in sonde ontvang en gebore. Sonde is enigiets wat teen die wil van God is. Dit is dade, gedagtes, woorde en versuim. Sonde is soos ’n terminale kanker. Deur een mens (Adam) het sonde in die wêreld gekom en daardeur die dood (Rom. 5:12). Sonde is nie soos ’n verkoue nie. Geen mens kan iets doen om daarvan ontslae te raak nie. Geen chemoterapie, radioterapie of chirurgie sal help nie.

**Jak. 2:10 :** As iemand die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, is hy skuldig ten opsigte van al die gebooie.

Ons kom dus in hierdie wêreld in as verlore sondaars en is op pad hel toe. Ons moet dit glo en erken en as ons ons sonde (nie sondes nie) bely voor God, en Jesus aanneem deur geloof as ons Here en Verlosser, sal ons vrygespreek word (gered word).

## C3. God

God sê: "Kom na My toe. Kom kry die lewende water verniet" (Op. 22:17). God is genade (1 Joh. 4:8) en is lief vir ons en wil ons nie straf nie (1 Tim. 2:3 en 4). Hy is egter ook regverdig – Hy haat sonde en moet die sonde straf.

**Hand. 17:31 :** ... want Hy het 'n dag bepaal waarop Hy regverdig oor die wêreld gaan oordeel deur 'n Man wat Hy uitgekies het. As bewys daarvan vir almal, het Hy Hom uit die dood laat opstaan.

Ons kan dus sien dat ons 'n groot probleem het wat ons nie self kan oplos nie. Ons het vergifnis van sonde (genesing van terminale kanker) nodig. Net God kan ons genees (red, vergewe). Hy doen dit deur Sy Seun Jesus Christus – dieselfde Jesus wat eendag almal gaan oordeel wat nie Sy oplossing wou aanvaar nie.

## C4. Jesus Christus

### *Wie is Hy?*

Tydens Sy aardse bediening was Hy beide God en mens.

**Joh. 1:1-3 en 14 :** In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. Hy was reeds in die begin by God. Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot

stand gekom nie ... Die Woord het mens geword (Jesus) en onder ons kom woon.

As God het Jesus dus van altyd af bestaan, die hele skepping het deur Hom tot stand gekom, maar Hy het die hemelse tydelik prysgegee om aarde toe te kom (Fil. 2:6 en 7, Heb. 2:9). Tog het Hy volmaak (sonder sonde) gebly (Joh. 8:46, Heb. 4:15).

### *Wat het Hy gedoen?*

Hy het aan die kruis gesterf om vir ons sonde te betaal en vir ons die ewige lewe te verkry. Hy het na drie dae opgestaan uit die dood. Hy het opgevaar na die hemel om vir ons plek voor te berei (Joh. 14:2). Hy het Sy plek in die hemel minder belangrik geag as ons uiteindelike plek.

**Jes. 53:6 :** Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop, maar die Here het ons almal se sonde op Hom laat afkom.

Met ander woorde, God het die sonde wat skeiding maak tussen ons en Hom, op Sy geliefde Seun laat neerkom. Hy het vir al ons sonde betaal aan die kruis – eens en vir altyd. Hy is die Verlosser en Versoener. Hy het die verhouding herstel tussen ons en God.

**Joh 14:6 :** Jesus het vir hom gesê: Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.

Daar is net een Naam onder die hemel gegee waardeur ons gered word en dit is Jesus Christus, Christus die Here (Hand. 4:12). Hy het opgestaan uit die dood. Hy het die dood oorwin en gee nou aan ons wat in Hom glo, die ewige lewe as geskenk. Ons het dus in Christus die dood oorwin. Die oomblik toe dit gebeur het, het ons oorgegaan van die ewige dood na die ewige lewe, en só in Christus oorwinning gekry oor sonde. Ons is nou vry en nie meer slawe van die sonde nie. Ons is genees van terminale kanker (sonde) en ons kry dit verniet as geskenk

die oomblik dat ons waarlik glo. Daarom kan ons nie anders as om te jubel en te juig en ’n dankbaarheidslewe te lei nie, om gehoorsaam aan God te lewe en Sy opdragte en veral Sy hoofopdrag uit te voer: om Sy getuies te wees. Ons ontvang hierdie geloof as geskenk, en daardeur die geskenk van die ewige lewe.

## C5. Geloof

Dit is die sleutel wat die hemel oopsluit – die sleutel na die ewige lewe.

Geloof is meer as bloot verstandelike instemming, om net in sekere historiese feite te glo. Die Bybel sê die duiwels (bose geeste) glo dit óók, maar hulle sidder van angs! (Jak. 2:19)

Geloof is meer as bloot tydelike geloof, om net in tydelike dinge op Christus te vertrou byvoorbeeld finansies, gesondheid ensovoorts.

Ware geloof (geloof wat red) is om in Jesus Christus alleen te vertrou vir jou verlossing. Om te vertrou op wat Hy reeds vir ons gedoen het (aan die kruis – ten volle vir al ons sonde betaal het in ons plek) in plaas van te vertrou op wat ons self probeer doen om die ewige lewe te verkry (ons kan niks doen om dit reg te kry nie).

Hand. 16:31 : “Glo in die Here Jesus en jy sal gered word.” Dit is soos die leë hand van ’n bedelaar wat ’n geskenk van die Koning ontvang. Ons verdien dit nie, maar ons ontvang die geskenk van die ewige lewe deur geloof.

Ons word nie gered omdat ons uit eie krag glo nie, nie omdat ons ’n sterk geloof het nie, nie net deur verstandelike instemming alleen nie, maar deur middel van geloof. Die oomblik wat ons glo, word ons gered. Geloof is ook ’n genadegawe wat ons van God ontvang.

**Joh. 1:12 :** Aan almal wat hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word.

Jy word Sy kind en Hy jou Vader sodra jy gered word – dit kan nooit ooit verander nie.

**Joh. 10:28 :** Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit My hand ruk nie.

**Rom. 8:35,38 en 39 :** Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard?
Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of bose magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.

Dit is die wonderlike goeie nuus – die evangelie. Hieroor kan en wil en mag ons nie stilbly nie, maar moet ons ander mense (verlore mense) gaan vertel van die goeie nuus: dat daar ook vir hulle redding is van hulle terminale siekte – die sonde. Uit dankbaarheid kan ons nie anders nie – ons word gedring om dit te doen.

## ’n Nuwe lewe

Die gevolge van ’n opregte geloof in Jesus Christus is groot.

Jy kom op die pad van heiligmaking, met ander woorde jy word meer soos Jesus, en volg in Sy voetspore. Jy is ’n nuwe mens, die oue is verby. Jy het nuwe denke, ’n nuwe hart, nuwe prioriteite en nuwe belangstellings. ’n Totaal teenoorgestelde lewe as voorheen. Dit beteken nie jy is volmaak en sonder sonde nie. Jy doen ongelukkig nog sonde, maar jy haat die sonde en vertrou op God om jou te help om heilig te lewe (afgesonder van sonde, afgesonder vir God). Jy is nog ín die wêreld, maar nie meer ván die wêreld nie.

Jy het Jesus Christus as Here en Koning in jou lewe ontvang. Hy is nou in volle beheer in jou lewe. Jou lewe is nou onder Sy heerskappy. Jy doen alles in jou vermoë onder die leiding van die Heilige Gees, wat as Persoon in jou kom woon sodra jy gered is, om aan God en Sy Woord, en aan al Sy opdragte gehoorsaam te lewe. Hy word nie net deel van jou lewe nie. Hy kom nie op jou prioriteitslys nie (al is dit eerste) – Hy word die sentrum van jou lewe; dit gaan nou oor Hom. Jy leef voluit vir Hom – totaal oorgegee. Alles gaan oor die eer van God se Naam. Jou tyd, geld en energie word gebruik om God se wil te doen en Sy koninkryk uit te bou – nie joune nie.

Ware bekering lei tot 2 Kor. 7:11:

Nou is daar by julle erns; meer nog daar is verantwoording, verontwaardiging, ontsag (vir God), verlange (na God), ywer (vir God en Sy koninkryk) en bestraffing van die kwaad.

Ware bekering lei tot dade – die vrug in ons lewe.

## Ons het vyf dinge nodig om geestelik te groei

### *1. Bybel*

Die Bybel is die Woord van God, deur die Heilige Gees geïnspireer. Dit is hoe God primêr met ons praat. Hy openbaar Homself in Sy Woord aan ons. Ons moet stil word en die Woord dag en nag oordink sodat ons dit kan verstaan (met ons verstand), en dit glo en vertrou (in ons harte) as die waarheid. Ons moet God toelaat om ons te transformeer met die inligting wat ons uit Sy Woord kry. Met ander woorde ons hoor en/of lees die Woord, dink daaroor, verstaan dit, glo en vertrou dit en dan gaan leef ons daarvolgens.

### *2. Gebed*

Gebed is ons in gesprek met God en Hy met ons. Ons moet dag en nag bid. Dit is om 'n verhouding te hê met God en heeltyd bewus te wees van Sy teenwoordigheid in ons lewe, en op Sy stem ingestel te wees (Rom. 8:14). Ons erken ook hierdeur ons totale afhanklikheid van God. Sonder Hom is ons niks en kan ons niks doen nie. Ons hoor Sy wil deur gebed. Ons loof en prys en dank Hom vir Sy goedheid, grootheid, liefde en genade. Sonder gebed is ons kragteloos. (Let wel, gebed opsigself is nie kragtig nie, maar dit het 'n kragtige uitwerking: dit beweeg God om kragtig in en deur ons te werk – Jak. 5:16.)

### *3. Aanbidding*

Aanbidding kan alleen gedoen word of saam met ander gelowiges. Deur gebed, sang en gesprek word God se eer besing.

### *4. Koinonia*

Die Bybel sê ons moet die samekomste van gelowiges nie verwaarloos nie (Heb. 10:25). Jy as Christen het ander Christene nodig om geestelik te groei – nie net tydens eredienste nie, maar ook in klein groepe. Jy kan net werklik ander mense ken en liefhê as jy saam met hulle in 'n klein groep is. (Lees gerus 1 Kor. 12:7, 12, 18, 21 en 27 en Ef. 4:16 en 25.)

### *5. Getuienis*

Vertel die goeie nuus van die evangelie waar jy kom. Dit is die <u>hoofopdrag</u> wat ons gekry het.

**Matt. 28:19 :** Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.
**Mark. 16:15 :** Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom.

**Joh. 20:21 :** Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.

Met ander woorde, ons is God se gestuurdes, verteenwoordigers, ambassadeurs en sendelinge. Ons moet doen wat Hy gedoen het – ons kan niks uit eie krag alleen vir God doen nie, maar ons moet beskikbaar en gehoorsaam wees en dan werk Hy in en deur ons.

**Hand. 1:8 :** En julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal My getuies wees in Jerusalem sowel as die hele Judea en Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.

Dit moet beide letterlik (hulle tyd) en figuurlik (ons tyd) verstaan word.

Ons kom met bogenoemde vyf dinge op die pad van heiligmaking. Ons moet dissipels wees en dissipels maak, nie net bekeerlinge nie.

’n Dissipel is ’n volwasse, dienende, lewende en vermenigvuldigende volgeling van Jesus Christus en aktiewe lidmaat van Sy liggaam, die kerk.

# BYLAAG D: Voorgestelde vrae wanneer ’n predikant beroep word

Ons stel hierdie vrae voor omdat die waarheid van die Bybel al meer deur predikante self bevraagteken word.

**Glo jy dat Genesis 1-11 letterlik waar is: dat God in ses 24 uur-dae geskep het, ongeveer 4000 v.C. en dat daar ’n wêreldwye vloed was wat almal op aarde uitgewis het behalwe die mense en diere op Noag se ark?**

As die antwoord hierop “ja” is, dan is die kans werklik baie goed dat so ’n persoon se gesindheid oor die res van die Bybel reg is.

As die vraag hierbo “nee” is, kan die volgende vrae oorweeg word om ’n begrip te kry van die persoon se benadering tot die Bybel:

- Het God enigsins geskep? Tot watter mate het alles vanself gebeur? Wat verstaan/weet jy van evolusie?
- Wie het Genesis 1-11 geskryf?
- Waar kom dood en swaarkry vandaan?
- Hoekom moes Jesus aan die kruis sterf?

**Waarvandaan kom ons geloof in God en waar kom ons Christelike godsdiens vandaan? Is ons Godsbegrip van enige heidense gelowe oorgeneem?**

In prof. Jurie le Roux se studienotas oor Abraham (kyk bl. 18) suggereer hy dat die Joodse geloof, en dus ook ons geloof, geleen is van ander

gelowe wat reeds bestaan het in Abraham se tyd. Dus is geloof mensgemaak volgens hom. In die artikel "Skepping en ewolusie" [194] is dit duidelik dat prof. Cornél du Toit dink dat geloof geskep is deur mense self. Prof. Wentzel van Huyssteen, vir wie prof. Julian Müller die wêreld se bewondering het, verkondig dieselfde gedagte (kyk op bl. 127).

**Was Abraham 'n werklike persoon?**

Hierdie vraag hou verband met die vraag hierbo. Volgens prof. Jurie le Roux is Abraham nie noodwendig histories nie, maar so 'n siening skep 'n groot probleem: Waar kom Judaïsme, en daarom ook ons godsdiens vandaan?

**Wat glo jy oor wonderwerke? Het God al ooit wonderwerke gedoen? Glo jy in wonderwerke soos die Rooisee wat oopgekloof is, Bileam se donkie wat gepraat het, dat 'n vis Jona ingesluk en na drie dae lewend uitgespoeg het, Jesus se maagdelike geboorte en al Jesus se wonderwerke op aarde? Glo jy dat Jesus letterlik, liggaamlik opgestaan het uit die dood?**

Dit is voor die hand liggend dat iemand wat nie aan wonderwerke glo nie, baie min van God se almag glo. En indien iemand twyfel aan sommige van God se wonderwerke (soos die Rooisee wat oopgekloof is) moet 'n mens jouself afvra wat hy glo van ander dinge soos Jesus se opstanding. Iemand soos prof. Cornél du Toit glo byvoorbeeld nie meer aan wonderwerke nie. Gewese dominee Izak du Plessis het die NG Kerk verlaat omdat hy ook nie meer aan wonderwerke glo nie.[195]

194 Kyk weer voetnota 124, bl. 139.
195 Kyk voetnota 77, bl. 99.

**Word slegs Christene gered? Is die God van die Bybel die enigste ware God? Wat is jou opinie oor ander godsdienste: Het hulle meriete of aanbid hulle lewelose afgode, soos die Israeliete toe hulle die goue kalf aanbid het? Of aanbid ons almal maar dieselfde God? Is Jesus Christus die enigste Weg tot ewige redding, en presies wat beteken dit?**

As ’n persoon nie glo dat slegs Christene gered word nie, dan haal dit die krag uit die evangelieverkondiging. Dit maak dit onnodig om moeite te doen om siele vir Jesus te wen en sendingwerk word in effek onnodig.[196]

**Is daar ’n hemel en ’n hel (hiernamaals)?**

Indien iemand nie aan die hiernamaals glo nie, glo hy eintlik nie aan God nie. Dit sal iemand se hele lewensuitkyk beïnvloed.

**Is God ’n Wese of is hy net goeie gedagtes tussen mense? Met ander woorde, bestaan God werklik?**

Soos hierbo aangetoon, staan sommige invloedryke NG-teoloë al meer simpatiek teenoor die dwaling dat God gesien kan word as slegs goeie gedagtes en optredes tussen mense.

**Kan jy ’n verhouding met God hê? Hoor God jou as jy bid en verhoor Hy gebede?**

Bogenoemde is reguit en eenvoudige vrae. Dit is egter ongelukkig nodig om te vra want Bybelgelowige antwoorde gaan nie noodwendig gekry word nie.

---

196 Kyk “Die Nuwe Testament oor Redding” – http://www.glodiebybel.co.za/component/content/article/54-die-nuwe-testament-oor-redding.html.

# Bronnelys

Die volgende bronne is gebruik tydens die skryf van hierdie boek:


- *Ancestors: The Hard Evidence*, Eric Delson
- *Capturing the Pagan Mind*, prof. Peter Jones
- *Creation*-tydskrif en webtuiste www.creation.com
- *Darwin's Enigma*, Luther Sunderland
- Die Bybel
- *Die Bybel in die Weegskaal*, dr. Willie Marais
- Die koerant *Beeld*
- Die koerant *Die Burger*
- Die koerant *Rapport*
- Die koerant *Volksblad*
- Die tydskrif *Juig!*
- *Die Wonder van Jesus in die Ou testament*, ds. Danie Haasbroek
- *Disclosing the Past*, M. Leakey
- DVD: "Nuwe Strominge in die Teologie: Word die Hart van die Evangelie Uitgeruk?", Sarel van der Merwe
- DVD: *The God Delusion Debate*, A Fixed Point Foundation Film
- E-Sword Bybelsagteware, Rick Meyers
- *Everything Must Change*, Brian McLaren
- *Farewell to God – My reasons for rejecting the Christian faith*, Charles Templeton
- *God? Geloof in 'n postmoderne tyd*, dr. Ben du Toit

- Heidelbergse kategismus
- http://www.equip.org/articles/homosexuality-facts-and-fiction
- Internettydskrif *Vox Viva*, Desember 2007
- *Kerkbode* en www.kerkbode.co.za
- Nederlandse geloofsbelydenis
- *New York Review*
- *NG Kerk: Reformeer of ... Disintegreer*, Pieter J Pelser
- *’n Saak vir Christus* (of in Engels, *A Case for Christ*), Lee Strobel
- *Nuwe Drome vir Nuwe Werklikhede: Geloofsgemeenskappe in pas met ’n Postmoderne Wêreld*, prof. Nelus Niemandt
- Prof. Jurie le Roux se studienotas oor Abraham: mdiv.sb.xx.2008.doc (xx = 01 tot 06) – http://www.glodiebybel.co.za/images/Leers/jurie_le_roux_studienotas_abraham.zip
- *Quantum Spirituality: A Postmodern Apologetic*, Leonard Sweet
- *Skepping en Evolusie – Onversoenbaar!*, dr. Hennie (H D) Mouton
- *The Battle for the Beginning*, dr. John MacArthur
- *The Eighth Day of Creation*, Horace Freeland Judson
- *The Meaning of Evolution*, George Gaylord Simpson
- *The Shack*, William P. Young
- *Verken Lewenskappe verder – ’n kritiese evaluering van evolusie*, dr. Hennie (H D) Mouton
- *Why Christianity must Change or Die*, John Shelby Spong
- www.glodiebybel.co.za
- www.kletskerk.co.za
- www.ngkok.co.za

- www.smartmarriages.com
- www.teo.co.za
- www.trueorigin.org
- www.wikipedia.org


# Aanbevole bronne

## Webwerwe

Die volgende webwerwe word sterk aanbeveel vir mense wat meer wil weet – gebruik die soekenjins op hierdie webwerwe om artikels te soek:

- www.answersingenesis.org – Apologetiek, skepping versus evolusie
- www.antwoord.org.za – Nuwe-Testamentiese Apologetiek (Ondersteun nie 'n sesdagskepping nie)
- www.creation.com[197] (Frequently Asked Questions – http://creation.com/answers) – Apologetiek, skepping versus evolusie (die skrywers stem met alles in hierdie webblad saam)
- www.creationwiki.org (Indien twyfel, vergelyk met www.creation.com)
- www.drdino.com (Kent Hovind se webwerf – ons stem nie met alles saam nie – sommige van sy argumente staan nie op goeie wetenskaplike gronde nie.)
- www.glodiebybel.co.za – Webblad van medeskrywers en nog mense met interessante artikels, inligting en kommentare

197 Alle verwysings in hierdie boek na artikels uit die tydskrif *Creation*, kan ook op www.creation.com gesoek word.

- www.icr.org – Skepping versus evolusie
- www.ngdoornkloof.org.za – NG Kerk Doornkloof se webblad waar heelwat inligting op hul Besprekingsforum te vinde is, asook hul amptelike standpunte oor homoseksualiteit en saambly, onder Geloofsgroei / Adviesspan – Doornkloofstandpunte
- www.sharingbiblicaltruth.co.za
- www.tektonics.org – Apologetiek
- www.trueorigin.org – Skepping versus evolusie
- www.truthexposed.co.za

LW: Daar is baie ander webwerwe wat evolusie en/of miljarde jare weerlê. Alhoewel baie inligting daarin ooreenstem met inligting in bogenoemde webwerwe, is daar ook inligting wat nie ooreenstem nie en waarmee die skrywers van hierdie boek nie noodwendig saamstem nie.

## Boeke en tydskrifte

- *Die Bybel in die Weegskaal*, dr. Willie Marais
- *Die Sinode en Homoseks*, dr. Peet (P H) Botha
- Die tydskrif *Juig!*
- *NG Kerk: Reformeer of ... Disintegreer*, Pieter J Pelser
- *Skepping & Evolusie – onversoenbaar!,* dr. Hennie (H D) Mouton (kan elektronies afgelaai word by www.glodiebybel.co.za)
- *Verken Lewenswetenskappe verder – 'n kritiese evaluering van evolusie*, dr. Hennie (H D) Mouton

### Gratis e-boeke

- *Creation Answers book* – http://creation.com/the-creation-answers-book-index
- *In six days* – http://creation.com/in-six-days ('n Boek waar 50 wetenskaplikes sê waarom hulle in 'n skepping sonder evolusie en 'n jong aarde glo.)
- *One blood* – http://creation.com/one-blood-the-biblical-answer-to-racism
- Online books – http://creation.com/books-online
- *Refuting Evolution 1* – http://creation.com/refuting-evolution-index
- *Refuting Evolution 2* – http://creation.com/refuting-evolution-2-index
- *Skepping & Evolusie – onversoenbaar!*, dr. Hennie (H D) Mouton – www.glodiebybel.co.za
- *The Evolution handbook*, The Evolution Cruncher, Science vs Evolution – http://www.evolution-facts.org/Downloads.htm